UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N SOSIOGRAFIESE STUDIE VAN ENKELE AFGESONDERDE GEMEENSKAPPE IN DIE DISTRIKTE MARICO EN WATERBERG.

deur

JOHANN FÖLSCHER POTGIETER.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

D. PHIL.

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,

Universiteit van Pretoria,

PRETORIA.

31 Januarie 1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# V O O R W O O R D.

Graag neem ek hierdie geleentheid te baat om my erkentlikheid te betuig aan almal wat as opvoeders en leermeesters meegewerk het, sowel tot my persoonlike opbouïng as tot my wetenskaplike vorming en ontwikkeling.

My hartlike dank rig ek eerstens aan my geagte promotor, prof. G. Cronjé, onder wie ek aan die Universiteit van Pretoria my studie in hierdie vak kon voortsit en verdiep. Sy deeglikheid, wetenskaplikheid en ervaring het my geïnspireer en sy vriendelike gesprekke en wenke het my verryk.

My opregte dank aan prof. B.J. Schlebusch vir die wyse waarop hy vir my bygestaan en met advies bedien het. Die wenke het my aandag op aspekte gevestig wat andersins ongemerk by my sou verby gegaan het.

Dit is ook met diepe erkentlikheid dat ek my opregte dank teenoor my broer, ds. J.E. Potgieter, uitspreek vir die uitgerekte ure en intensiewe aandag wat hy aan hierdie dissertasie gewy het.

My opregte dank aan die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing vir finansiële hulp in die vorm van 'n ad hoc toekenning wat 'n groot deel van die onkoste verbonde aan die ondersoek gedek het.

Aan die Departement van Volkswelsyn en die Transvaalse Onderwysdepartement wat sekere vertroulike verslae tot my beskikking gestel het, my opregte dank. Sonder hierdie hulp sou die hele onderneming nie so volledig en noukeurig kon verloop het nie.

Vir die belangstelling, finansiële ondersteuning en getroue voorbidding van my ouers, betuig ek langs hierdie weg my kinderlike dank en erkentlikheid.

My innige dank aan my vrou wat tydens die jare van hierdie studie-onderneming, altyd inspirerend en hulpvaardig was.

Aan alle onderwysers, personeel van biblioteke en vriende wat my in die ondersoek bygestaan het, betuig ek hiermee my dank vir hul vriendelike hulpvaardigheid.

Bo alles dank ek God wat my in hierdie moeilike en verantwoordelike werk daagliks krag gegee het. My begeerte is dat hierdie ondersoek iets tot die bevordering van die gesinne in die gemeenskappe mag bydra. Indien dit so mag wees, dan kom God alleen die eer en dank daarvoor toe.

J.F. POTGIETER,
P R E T O R I A,
Januarie 1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUD.

Bladsy.

HOOFSTUK I:

INLEIDING ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 1

1. Keuse van die vraagstuk .. ... ... ... ... ... 1
2. Doelstelling en begrensing van die studie ... 4
3. Die sosiografie en die aanwending van sy metodes ... ... ... ... ... ... ... ... ... 8
4. Literatuurstudie . ... ... ... ... ... ... ... 23
5. Tydperk van die ondersoek ... ... ... ... ... 26

HOOFSTUK II:

DIE AARDRYKSKUNDIGE KENMERKE VAN DIE GEBIEDE ... 29

1. Die ligging van die gemeenskappe ... ... ... 29
2. Die klimaat en reënval ... ... ... ... ... ... 41
3. Aard van die boerdery ... ... ... ... ... ... 50

HOOFSTUK III:

DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENSKAPPE EN DIE ONDERVERDELING VAN DIE PLASE . ... ... ... ... ... ... 60

1. Inleiding ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 60
2. Die jare tussen 1657 en 1830 . ... ... ... ... 61
3. Die jare tussen 1830 en 1860 . ... ... ... ... 64
4. Die jare tussen 1860 en 1890 . ... ... ... ... 67
5. Die aanlê van die verskillende plase van die gemeenskappe onder beskouing ... ... ... ... 69

HOOFSTUK IV:

DIE DEMOGRAFIESE GESTELDHEID VAN DIE GEMEENSKAPPE 88

1. Inleiding ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 88
2. Ouderdomsverdeling ... ... ... ... ... ... ... 88
3. Huwelikstaat ... ... ... ... ... ... ... ... ... 94
4. Kindertal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 101
5. Geboorteplek van die ouers ... ... ... ... ... 109

HOOFSTUK V:

EKONOMIESE TOESTANDE IN DIE GEMEENSKAPPE ... ... 114

1. Beroepsindeling .. ... ... ... ... ... ... ... ... 114
2. Grondeienaars, bywoners en huurders .. ... ... 118
3. Die ekonomiese posisie in die algemeen ... ... 124
4. Nadere ontledings van die ekonomiese posisie . 131
5. Die rol van staatstoelaes in die ekonomiese lewe van die gemeenskappe .. ... ... ... ... 138
6. Hoe word die inkomste deur die gemeenskapsbewoners beskou? ... ... ... ... ... ... ... 145
7. Ekonomiese opvattings en beplanning .. ... ... 149

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy.

HOOFSTUK VI:

BEHUISINGSTOESTANDE ... 156

1. Algemeen ... 156
2. Aard van die wonings in die gemeenskappe ... 163
3. Die vertrekke en die gebruikmaking daarvan ... 171
4. Slaapvertrekke ... 175
5. Noodsaaklike geriewe ... 181
6. Die versorging van die wonings ... 189
7. Die benutting van die werf ... 195

HOOFSTUK VII:

GESONDHEIDSTOESTANDE ... 199

1. Algemene voorkoms van die bewoners ... 199
2. Voedingstoestande ... 201
3. Siektes en mediese dienste ... 209
4. Gesondheidstoestand van die kinders ... 212

HOOFSTUK VIII:

DIE HUISGESIN EN ARMOEDE ... 221

1. Die gesinslewe ... 221
2. Die veroorsaking van armoede in die gemeenskappe ... 245.

HOOFSTUK IX:

ONDERWYSPEIL EN VERSTANDPRESTASIES ... 254

1. Die onderwyspeil ... 254
2. Die houding teenoor die onderwys ... 259
3. Die verstandspeil ... 265
4. Swak verstandsprestasie ... 273

HOOFSTUK X:

GODSDIENS ... 284

1. Algemeen ... 284
2. Die kerklike lewe in die gemeenskappe ... 287
3. Die kerk en die gesin ... 299

HOOFSTUK XI:

DIE STAD EN SY INVLOED OP DIE GEMEENSKAPPE ... 307

1. Die stadwaartse trek in die algemeen ... 307
2. Die stadwaartse trek in die gemeenskappe ... 312
3. Beroepe en woonplekke van kinders wat hul ouerhuis verlaat het ... 318

HOOFSTUK XII:

SAMEVATTENDE BEVINDINGS ... 324

1. Die aardrykskundige kenmerke van die gebiede ... 324
2. Die ontstaan van die gemeenskappe en die onderverdeling van die plase ... 326

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy.

HOOFSTUK XII: (vervolg)

3. Die demografiese gesteldheid van die gemeenskappe ... 327
4. Ekonomiese toestande in die gemeenskappe ... 329
5. Behuisingstoestande ... 331
6. Gesondheidstoestande ... 333
7. Die huisgesin en armoede ... 335
8. Onderwyspeil en verstandsprestasies ... 336
9. Godsdiens ... 338
10. Die stad en sy invloed op die gemeenskappe ... 340

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## LYS VAN TABELLE.


| Tabel No. | Opskrif. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 1 | Ontleding van reënval in gemeenskap A, 1946 tot 1952, met vermelding van getal reëndae .. ... ... ... ... ... | 42 |
| 2 | Ontleding van reënval in gemeenskap B, 1946 tot 1952, met vermelding van getal reëndae .. ... ... ... ... ... | 46 |
| 3 | Ontleding van reënval in gemeenskap C, 1946 tot 1952, met vermelding van getal reëndae .. ... ... ... ... ... | 48 |
| 4 | Ouderdomsverdeling van alle bewoners van gemeenskappe A, B en C .. ... ... | 89 |
| 5 | Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskap A .. ... ... ... | 95 |
| 6 | Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskap B .. ... ... ... | 97 |
| 7 | Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskap C .. ... ... ... | 99 |
| 8 | Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskappe A, B en C ... | 100 |
| 9 | Die ouderdomsverdeling van alle kinders tuis vir gemeenskappe A, B en C ... | 102 |
| 10 | Die totale kindertal ... ... ... ... | 105 |
| 11 | Die kindersterftesyfer . ... ... ... | 107 |
| 12 | Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskap A. ... ... ... ... ... ... ... | 110 |
| 13 | Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskap B ... ... ... ... ... ... ... | 111 |
| 14 | Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskap C ... ... ... ... ... ... ... | 111 |
| 15 | Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskappe A, B en C ... ... ... ... ... | 112 |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| Tabel No. | Opskrif. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 16 | Beroepe van die manlike hoofde in die drie gemeenskappe ... ... ... ... ... | 114 |
| 17 | Die grondeienaars, bywoners en huurders ... ... ... ... ... ... ... ... | 120 |
| 18 | Die gemiddelde maandelikse inkomste van die gesinne volgens die aantal inwonende lede per gesin .. ... ... ... | 128 |
| 19 | Maandelikse inkomste van gesinne volgens gesinsgrootte (inwonendes) van 70 bestudeerde grondeienaars ... ... | 131 |
| 20 | Maandelikse inkomste van gesinne volgens gesinsgrootte (inwonendes) van 42 bestudeerde bywoners ... ... ... . | 132 |
| 21 | Maandelikse inkomste van gesinne volgens gesinsgrootte (inwonendes) van 28 bestudeerde huurders ... ... ... . | 132 |
| 22 | Maandelikse inkomste van die verskillende groepe volgens gesinsgrootte in gemeenskap A ... ... ... ... ... . | 134 |
| 23 | Maandelikse inkomste van die verskillende groepe volgens gesinsgrootte in gemeenskap B ... ... ... ... ... . | 135 |
| 24 | Maandelikse inkomste van die verskillende groepe volgens gesinsgrootte in gemeenskap C (almal huurders) ... ... | 136 |
| 25 | Maandelikse inkomste van die drie gemeenskappe tesame volgens gesinsgrootte | 137 |
| 26 | Persone wat deur middel van staatstoelaes begunstig word ... ... ... ... | 141 |
| 27 | Gesinne wat deur middel van staatstoelaes begunstig word ... ... ... ... | 142 |
| 28 | Die gesinne se oordeel ten opsigte van hul inkomste ... ... ... ... ... ... . | 146 |
| 29 | Gesinne wat hoof- en/of inkomstebelasting betaal . ... ... ... ... ... . | 148 |
| 30 | Die jaarlikse inkomste van die tien persone wat belasting betaal ... ... . | 148 |
| 31 | Die saaibare gedeeltes van die grond van grondeienaars van A ... ... ... .. | 151 |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| Tabel No. | Opskrif. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 32 | Die saaibare gedeeltes van die grond van grondeienaars van B ... ... ... | 152 |
| 33 | Die saaibare gedeeltes van die grond van grondeienaars van gemeenskappe A en B ... ... ... ... ... ... ... ... | 153 |
| 34 | Materiaal waarvan die wonings met twee of meer vertrekke in die gemeenskappe gebou is ... ... ... ... ... ... ... | 167 |
| 35 | Ontleding van die vertrekke (slaap-vertrekke uitgesluit) ... ... .. ... | 171 |
| 36 | Aantal slaapvertrekke volgens aantal inwonende gesinslede ouer as een jaar (gemeenskap A) ... ... ... ... ... .. | 177 |
| 37 | Aantal slaapvertrekke volgens aantal inwonende gesinslede ouer as een jaar (gemeenskap B) ... ... ... ... ... .. | 178 |
| 38 | Aantal slaapvertrekke volgens aantal inwonende gesinslede ouer as een jaar (gemeenskap C) ... ... ... ... ... .. | 178 |
| 39 | Aantal slaapvertrekke volgens aantal inwonende gesinslede ouer as een jaar (gemeenskappe A, B en C) .. ... ... . | 179 |
| 40 | Watervoorsiening vir huisgebruik in die drie gemeenskappe ... ... ... ... | 181 |
| 41 | Ligvoorsiening in die wonings in die drie gemeenskappe ... ... ... ... ... | 186 |
| 42 | Sanitêre geriewe in die gemeenskappe. | 187 |
| 43 | Gehalte van die meubels in die wonings | 189 |
| 44 | Versorging of voorkoms van die wonings in die gemeenskappe ... ... ... ... ... | 192 |
| 45 | Die benutting van die werf in die drie gemeenskappe ... ... ... ... ... ... .. | 196 |
| 46 | Tye waarop die gesinne hul maaltye nuttig ... ... ... ... ... ... ... ... | 207 |
| 47 | Kindersterftesyfer van kinders onder drie jaar vir gemeenskappe A, B en C. | 213 |
| 48 | Die leeftyd van mans en vroue by hul eerste huwelik ... ... ... ... ... ... | 224 |
| 49 | Die huweliksleeftyd van mans en vroue van die gemeenskappe in vergelyking met dié van die bevolking as geheel .. | 228 |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| Tabel No. | Opskrif. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 50 | Die kindertal per getroude vrou volgens gesinsgrootte in die gemeenskappe ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 232 |
| 51 | 'n Ontleding van die aantal kinders per vrou vir vroue bo 45 jaar in die drie gemeenskappe ... ... ... ... ... | 234 |
| 52 | Gemiddelde aantal kinders per vrou vir 86 vroue ouer as 45 jaar . ... ... | 235 |
| 53 | Houding teenoor die groot kindertal in die gemeenskappe ... ... ... ... ... | 237 |
| 54 | Houding of opvatting teenoor buite-egtelikheid ... ... ... ... ... ... ... | 240 |
| 55 | Houding of opvatting teenoor gesinsverlating ... ... ... ... ... ... ... | 242 |
| 56 | Houding of opvatting teenoor egskeiding ... ... ... ... ... ... ... ... | 243 |
| 57 | Onderwyspeil van ouers en hul ongetroude kinders wat die skool voor 31 Desember 1951 verlaat het (gemeenskappe A, B en C) ... ... ... | 255 |
| 58 | Houding van ouers teenoor die onderwys ... ... ... ... ... ... ... ... | 260 |
| 59 | Houding van ouers teenoor die onderwysers ... ... ... ... ... ... ... | 262 |
| 60 | 'n Ontleding van die I.K. van seuns en meisies volgens die groeps- en individuele toetse in die gemeenskappe ... ... ... ... ... ... ... | 270 |
| 61 | Kerkverband van die gesinshoofde in die gemeenskappe ... ... ... ... ... | 286 |
| 62 | Persone ouer as 21 jaar wat nie lidmate van 'n kerk is nie ... ... ... | 289 |
| 63 | Kerkbywoning in die gemeenskappe ... | 291 |
| 64 | Lidmaatskap van die volwasse mans van die kerkraad ... ... ... ... ... ... | 292 |
| 65 | Gemeentelike bydraes in die gemeenskappe ... ... ... ... ... ... ... | 294 |
| 66 | 'n Vergelyking van die voltrekking van kerklike en burgelike huwelike in die gemeenskappe met dié van die Unie se blanke-bevolking ... ... ... ... ... | 296 |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| Tabel No. | Opskrif. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 67 | Die gemeenskappe se houding teenoor burgelike huwelike ... ... ... ... | 298 |
| 68 | Die waarneem van huisgodsdiens in die gemeenskappe ... ... ... ... ... ... | 301 |
| 69 | Hoe dikwels by ete gebid word in die gemeenskappe ... ... ... ... ... ... | 302 |
| 70 | Christelike lektuurverkryging in die gemeenskappe ... ... ... ... ... ... | 304 |
| 71 | Aard van die industrie en woongebied van kinders wat die ouerhuis verlaat het soos op 31 Desember 1952 ... ... | 319 |
| 72 | Aard van die industrie en woongebied van kinders wat die ouerhuis verlaat het soos op 31 Desember 1952 in persentasies uitgedruk ... ... ... ... | 322 |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



GRAFIEKE, FIGURE EN TEKENINGE.

| | | Bladsy. |
|---|---|---|
| Grafiek II | Gemiddelde lengte in duime vir kinders in Transvaal, Karatara en gemeenskappe A, B en C ... ... ... ... ... ... | 217 |
| Grafiek III | Gemiddelde gewig in lbs. vir kinders in Transvaal, Karatara en gemeenskappe A, B en C.. | 218 |
| Figuur I | Vergelykende bevolingsbou van die drie gemeenskappe en die blanke Uniebevolking ... ... | 91 |
| Tekening I | Grondplan van 'n tipiese twee-slaapkamerhuis ... ... ... ... | 165 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk I.

## INLEIDING.

### 1. Keuse van die vraagstuk.

Die sosiografie is een van die jonger sosiale wetenskappe. Die benaming sosiografie is in 1911 in Nederland deur C. Gerretson gebruik, dog is eintlik deur Steinmetz in dieselfde jaar in 'n artikel, en later weer in 1927 in sy Inleiding tot de Sociologie as aparte wetenskap beskryf. Origens is hierdie wetenskap nog betreklik onbekend. Selfs die teenswoordige sosioloë verwar nog die sosiografie as metode by die sosiologiese benadering met die sosiografie as hulpwetenskap van die sosiologie. Sosioloë soos Steinmetz, Tönnies, Sleumer en Groenman ontken dat die sosiografie slegs 'n sosiologiese metode is. Net soos daar 'n noue verband tussen die psigologie en die sosiologie bestaan,[1] so bestaan daar ook 'n bepaalde verhouding tussen die sosiografie en die sosiologie. Steinmetz het dit soos volg uitgedruk: „In de eerste plaats dan een nieuwe wetenschap, aan welke ik indertijd de naam van Sociografie heb gegeven. Ik definieerde haar als de studie van de volken en hun onderdelen in hun verscheidenheid. Het onderscheid tussen haar en de Sociologie is dus zeer groot en mag vooral niet verwaarloosd worden. Voor de socioloog bestaan de aparte volken als zodanig niet; ..... De Sociologie is dus een abstracte wetenschap, heel nauwkeurig gezegd een abstract-concrete, terwijl de Sociografie bepaald een

---

[1] Steinmetz, S.R.: Inleiding tot de Sociologie, p.27.

concrete/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



concrete wetenschap is."[2]

'n Breedvoeriger bespreking oor die sosiografie as wetenskap volg egter later in hierdie hoofstuk. Die ondersoeker se belangstelling in die sosiografie is gedurende 1952 en daarna eers aangewakker nadat aandagtiger studies oor die sosiografie en meer bepaald sosiografiese werke bestudeer is. Die ondersoeker se beroep het ook baie tot die belangstelling in die sosiografie bygedra. Die sosiologiese navorser maak daagliks by die bestudering van maatskaplike verskynsels in sosiologiese, sosiografiese en psigologiese metodes gebruik.

Die keuse van die onderwerp vir hierdie proefskrif, naamlik 'n sosiografiese studie van verskeie afgesonderde gemeenskappe in die distrikte Marico en Waterberg, het byna vanselfsprekend gekom. Gedurende 1951 het die ondersoeker 'n opname in die Maricose bosveld gedoen om gegewens vir die M.A.-verhandeling in te samel. Die eindproduk van hierdie opname was "'n Sosiografiese Studie van 'n Afgesonderde Gemeenskap in die Distrik Marico". Die opname self en ook die besprekings wat die ondersoeker met verskeie persone gehad het, het tot gevolg gehad dat ander gemeenskappe met soortgelyke toestande en waarin die gesinne as gevolg van min of meer dieselfde omstandighede verarm het, onder die aandag gekom het. Na die voltooiing van die M.A.-verhandeling het die begeerte dadelik ontstaan om ook met hierdie gemeenskappe nader kennis te maak.

Die platteland en die leefwyse van die plattelander het die ondersoeker nog altyd geinteresseer en die

---

2) Steinmetz, S.R. : a.w., p.28

begeerte/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begeerte was steeds aanwesig om begrypend teenoor hul probleme te staan. Dit is juis ook op die platteland waar 'n mens soms nog 'n stukkie volkskunde aantref wat eie aan die Afrikaner is en wat nog baie min deur vreemde stedelike invloede aangetas is. Sodra iemand wat op die platteland gebore is en opgegroei het, na 'n stad verhuis, begryp hy hoeveel voorregte die plattelanders misloop. Dit is dan dat 'n mens hul leefwyse, probleme, omstandighede en mislukkings met 'n groter mate van meegevoel kan behandel. Gewone geselskap oor die weer, die oeste, die droogtes en dergelike sake, sal die stedeling vervelig en oninteressant vind; maar die simpatieke begryper sal weet van watter aktuele belang dit alles vir die boer en sy bestaan is. Dit is immers die boer, meer as die stedeling, wat in 'n diepe afhanklikheid van die natuur en die bodem lewe.

Die ondersoek is deur 'n breë literatuurstudie voorafgegaan. Terwyl die ondersoeker daarmee besig was, het die intense belangstelling in die sosiografie weer na vore gekom, en is daar besluit dat die ondersoek weer die vorm van 'n sosiografiese studie sou aanneem, dit wil sê „.... de studie van groepen en groepsverschijnselen, voorzover zij uitdrukking zijn van groepsleven, in hun verscheidenheid en wel aan <u>plaats</u> en <u>tyd</u> gebonden."[3)]

Op die gebied van die sosiologie en die sosiografie is daar tans soveel probleme, veral in die stede, wat die aandag vereis, dat dit wil voorkom asof die vraagstukke van die landelike gebiede oor die hoof gesien word. Die rede hiervoor kan daarin gesoek word

---

3) Groenman, Sj.: <u>Methoden der Sociografie</u>, p.12.

dat/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat landelike probleme nie so ernstig as stedelike skyn te wees nie en dat stedelike vraagstukke in verhouding met landelike baie vinniger vererger. Die ondersoeker se voorliefde vir die platteland het hom laat besluit om 'n vraagstuk by voorkeur uit die landelike lewe te kies om op die wyse 'n moontlike diens aan die verarmde landelinge te bewys.

Soos reeds gemeld, is die sosiografie as wetenskap, veral in Suid-Afrika, nog betreklik onbekend. Die sosiografie is hoofsaaklik bekend as 'n „metode" in die sosiologiese benadering. Wetenskaplike sosiografiese werke as sodanig bestaan byna nie. Die ondersoeker is bewus van slegs drie, naamlik: Oud-boswerkers en die Nakomelinge van Boswerkers in die Middellandse Bosstreek met besondere verwysing na Knysna, deur P.F.S.J. van Rensburg; Namakwaland, deur P.W. Kotzé en die ondersoeker se genoemde M.A.-verhandeling. Deur die keuse dus op hierdie wetenskap en die genoemde vraagstuk toe te spits, vertrou die ondersoeker dat daar op die wyse meer belangstelling by die wetenskaplike publiek vir die sosiografie aangewakker sal word.

## 2. Doelstelling en begrensing van die studie.

Uit die aard van die ondersoek is dit nie 'n moeilike taak om bepaalde grense vas te stel nie; trouens, deur die definisie van die sosiografie word die ondersoeker reeds aan plek en tyd gebind. Om dit te herhaal: „...... de studie van groepen en groepsverschijnselen, voorzover sij uitdrukking zijn van groepsleven, in hun

verscheidenheid/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verscheidenheid en wel aan plaats en tyd gebonden."[4)]

Die eerste doelstelling wat die ondersoeker gedurig tydens sy ondersoek voor oë gehad het, was om die vraagstuk op 'n wetenskaplike wyse te benader en om die feite objektief te behandel. Die subjektiewe element wat so maklik 'n rol kan speel, moes gedurig vermy word. Deur meebelewing het die ondersoeker egter probeer om begrypend teenoor die mense met hul probleme te staan. Gedagtig aan die vereistes van 'n wetenskaplike studie, is gepoog om slegs ware feite-materiaal in aanmerking te neem.

'n Verdere doelstelling was om by diegene wat in die sosiale wetenskappe belangstel, 'n wyer belangstelling in die sosiografie aan te wakker. Die empiriese metode om verskynsels na te spoor en te verklaar is nog betreklik jonk, dog dit wen baie vinnig veld onder die hedendaagse sosioloë en psigoloë. Dit is veral die Amerikaanse sosioloë en psigoloë wat op groot skaal van die sogenaamde "social surveys" gebruik maak om die een of ander maatskaplike verskynsel te ondersoek. Daar sal egter getrag word om nie bloot empiries te werk te gaan nie maar om ook aan die begrypende benadering reg te laat geskied.

Derdens was 'n belangrike doelstelling van die ondersoeker om die noodtoestand van 'n paar groepe verarmde gesinne in die Transvaalse bosveld te omlyn en te omskryf en om sodoende 'n duidelike weergawe van hul lewensomstandighede te gee. Hierdie gemeenskappe is nie die enigste afgesonderde gemeenskappe in die Unie nie. In die Kaapprovinsie is die ondersoeker byvoorbeeld van

---

4) Groenman, Sj.: a.w., p.12.

twee/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



twee ander sodanige gemeenskappe bewus. Die vernaamste oorsaak van hierdie groepe se afsondering is egter in die geografiese onbekombaarheid geleë, terwyl die bewoners in die ondersoekte gemeenskappe geografies maklik bekombaar is. Die ondersoeker het hom bepaal by gemeenskappe wie se oorsprong uit die dae van die Groot Trek uit die Kaapkolonie dateer. Die gedagte is dan dat, waar hierdie gesinne slegs een van die talryke vraagstukke is wat hul tans in ons gemeenskap voordoen, hierdie ondersoek moontlik daartoe kan bydra dat 'n verandering in die haglike ekonomiese en maatskaplike toestande teweeg gebring sal word.

In die ondersoek word 'n poging aangewend om die verskynsels wat hierdie gemeenskappe kenmerk, te verklaar. Die vraag sal byvoorbeeld ontstaan of die verskynsels tot op sekere hoogte in die lig van die lewenshouding wat die gemeenskappe kenmerk, gesien moet word. Dit is wenslik, inderdaad noodsaaklik, om hierdie gemeenskappe sosiaal-histories te benader, veral omdat die huidige gemeenskappe die produk van hul besondere verlede is.

Die begrensing van die ondersoek bly uit die beknopte oorsig van die verskillende hoofstukke hieronder.

Die geografiese begrensing van hierdie ondersoek, soos aangedui in Hoofstuk II, val saam met die grense van 'n aantal plase. So word gemeenskap A beperk tot die grense van drie plase. Twee van hierdie plase is aangrensend terwyl die derde tien myl daarvandaan geleë is. Die plase grens aan die Maricose bosveld. Die geografiese en boerdery-omstandighede is feitlik dieselfde. Gemeenskappe B en C is in die Waterbergse

distrik/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



distrik geleë, hoewel hulle ongeveer 120 myl van mekaar lê. Eersgenoemde bestaan uit drie aangrensende plase, en ook hier is die geografiese en boerdery-omstandighede dieselfde. Gemeenskap C bestaan uit slegs een plaas. Samevattend kom dit daarop neer dat die gemeenskappe geografies nie onbekombaar is nie en dat boerderygeleenthede vir die bewoners dieselfde is as vir ander boere aangrensend aan die gemeenskappe.

Hoofstuk III bevat 'n kort geskiedkundige oorsig van die ontstaan van die gemeenskappe. Daar word aangetoon dat die eerste bewoners Voortrekkers was wat met die Engelse bewind in die Kaapkolonie ontevrede was. Gevolglik het die gemeenskappe min of meer op dieselfde wyse ontstaan.

Demografiese besonderhede word in die volgende hoofstuk behandel. Die ondersoeker beskrywe hier die ouderdomsverspreiding, gesinsgrootte, ensovoorts van die bewoners. As byvoorbeeld gevind word dat die meeste bewoners reeds buite die produktiewe leeftyd is, kan verwag word dat die gemeenskappe besig is om te kwyn. Voorspellings in verband met die voortbestaan van die gemeenskappe kan dus op hierdie gegewens gegrond word.

Hoewel dit geen ekonomiese ondersoek is nie, is die behoefte nogtans gevoel om 'n kort weergawe van die ekonomiese posisie van die bewoners in hoofstuk V te gee.

Omdat behuising een van die mens se primêre lewensbehoeftes is, word in Hoofstuk VI ruim aandag aan hierdie aspek gegee. Daar word gelet op die algemene voorkoms van die wonings, die aantal slaap- en woonvertrekke (met die doel om oorbewoning aan te dui), die meubilering, die versorging van die wonings, die aanwesigheid van

vrugte-/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vrugte-, groente- en blomtuine.

Die daaropvolgende hoofstuk handel kortliks oor die algemene gesondheidstoestande van die mense. Aspekte soos voorkoms, voedingstoestande, siekteverskynsels en mediese dienste, die gesondheidstoestande van die kinders, word behandel.

Dit spreek vanself dat die maatskaplike toestande 'n belangrike plek sal inneem in hierdie studie. Daarom word heelwat aandag hieraan in hoofstuk VIII gewy. Die verarmingsverskynsel word bespreek aan die hand van moontlike veroorsakende faktore, soos die inwerking van natuuromgewings-, aanlegs- en maatskaplike omgewingsfaktore. In hoofstuk IX word aandag aan onderwystoestande gegee soos dit in die verlede daar uitgesien het en soos dit tans daar aangetref word. Dan word ook aandag aan die bestudering van die familie- en gesinslewe gegee.

Hoofstuk X gee 'n oorsig van die godsdienstige lewe van die gesinne. Hoewel dit moeilik en haas onmoontlik is om godsdienstige waardes noukeurig te bepaal, het die ondersoeker gepoog om sekere tendense vas te stel.

Die stadwaartse trek is so 'n algemene verskynsel dat dit voortdurend onder die aandag van die owerheid as 'n maatskaplike vraagstuk gebring word. In hoofstuk XI is 'n oorsig van hierdie maatskaplike verskynsel gegee soos dit in die gemeenskappe aangetref is.

## 3. Die sosiografie en die aanwending van sy metodes.

### (a) Die sosiografie as wetenskap:

Gedurende die jare voor die Tweede Wêreldoorlog het

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die studie van maatskaplike verskynsels sterk opgang begin maak. Die groot aanvraag was na feitekennis en nie soseer oor die wyse waarop mens die maatskappy as studie-objek moet benader nie. Die redes daarvoor was naamlik dat daar nog gesoek is na metodes en na die verfyning van die besondere metodes. Buitendien was die sosiale wetenskappe nog op dié stadium waarop hul bestaansreg bewys moes word, en eventueel dus so spoedig moontlik tot resultate moes kom. Die gebruikte metodes was soms van sekondêre belang.

Wanneer 'n persoon hom op die studie van maatskaplike verskynsels toelê, moet hy weet wanneer hy met 'n sosiale verskynsel te doen het. Onder die term „sosiale verskynsel" kan verstaan word : 'n verskynsel van die groep. „Een verschÿnsel is sociaal, als het, zo het al niet zijn oorsprong vindt in groepsleven, dan toch in zijn verschijningsvorm door dit groepsleven is bepaald...." [5]

Omdat, soos reeds gemeld, daar 'n neiging bestaan om die sosiografie as 'n sosiologiese metode te beskou, of, om die twee wetenskappe te wil verenig, is dit dus noodsaaklik dat die twee duidelik onderskei sal word.

Steinmetz, die grondlegger van die Nederlandse sosiografie[6] definieer die sosiologie soos volg: „De Sociologie is de wetenschap der feiten van het menselijk samenleven als zodanig, dus van zij vormen, leven, ontwikkeling en verval."[7] Verder skryf hy: „Die vormen van het maatskappelijk leven zijn oneindig vele: horde, stam volksstam, volk, dorp, stad, staat, kerk,

---

[5] Groenman, Sj.: a.w., p.9.
[6] Groenman, Sj.: a.w., p.7.
[7] Steinmetz, S.R.: a.w., p.18.

sect/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



secte; krijgsbende, leger; vereniging en gezelschap, gezin, familie, grootfamilie, maatschappij, enz. enz. Het spreekt vanzelf, dat niet alleen die vormen beschreven worden, maar ook hun ontstaan, hun leven, inrichting, veranderingen en groei, hun ziekten, verval en dood; hun geest en leiding; hun rijping, beroeringen, samengaan en botzingen, hun strijd niet te vergeten. Natuurlijk ook de grote tegenstellingen van het maatschappelijk leven, als 'Gemeinschaft und Gesellschaft' ..... en individu en gemeenschap, verder het collectief bestaan. Dit alles en meer maakt het gebied der Sociologie uit."[8)]

Vir die sosioloog bestaan aparte volke as sodanig nie. Dit spreek egter vanself dat hy sy feitemateriaal aan hulle sal ontleen, want daar bestaan geen mensheid losstaande van 'n volk nie. Maar, die sosioloog het nie eens nodig om die volke se name te noem nie want dit kan vermeld word wanneer hy die bron van sy feitemateriaal aangee - die feite self mag anoniem bly. Die sosiologie kan dus beskou word as 'n abstrakte wetenskap of, beter omskryf, 'n abstrak-konkrete wetenskap.

Kom ons nou egter by die sosiografie, sal dit duidelik blyk dat daar wel 'n duidelike verskil tussen die sosiologie en die sosiografie is en dat die sosiografie geen sosiologie is nie.

Die sosiografie word deur Groenman gedefinieer as "..... de studie van groepen en groepsverschijnselen, voorzover zij uitdrukking zijn van groepsleven, in hun verscheidenheid en wel aan plaats en tijd gebonden."[9)] Sleumer

---

8) Steinmetz, S.R.: a.w., p.18-19.
9) Groenman, Sj.: a.w., p.12.

definieer/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



definieer dit as „.... de studie der volken en hun onderdelen in hun verscheidenheid."[10] Hierdie definisie is van Steinmetz oorgeneem.[11] Die sosiograaf bly konkreet en hou aan sy studie-objek vas; dit wil sê, die volk of groep. Sy naam word genoem en hy word gelokaliseer. Die doel bly steeds om die besondere geaardheid van een groep te bepaal en dit desnoods van ander groepe te onderskei.

Die objek van die sosiografie kan sowel 'n volk as 'n deel van 'n volk wees, 'n provinsie of 'n streek, 'n dorp of 'n stad, 'n wyk of 'n straat of selfs 'n beroep. Hierby moet gesê word dat dit nog suiwer <u>beskrywend is en hierdie beskrywing moet in beginsel steeds die uitgangspunt wees</u>. Maar, dit kan nie net by beskrywing gelaat word nie; trouens, geen wetenskap kan net beskryf sonder om te begryp en te verklaar nie. In prinsipe is elkeen wat op wetenskaplike wyse sosiale verskynsels bestudeer soos dit op 'n sekere plek en tyd voorkom, ongeag waar die plek geleë is of in watter tydperk die verskynsel hom voordoen, 'n sosiograaf.

Volgens Groenman[12] kan daar 'n onderskeid tussen aktuele en historiese sosiografie gemaak word, hoewel hierdie twee begrippe so nou aan mekaar verbonde is dat hulle nie geskei kan word nie. Met „aktueel" word dan verskynsels wat in die hede voorkom, bedoel. By die ondersoek van 'n verskynsel word dit egter noodsaaklik dat die begrip „hede" met die begrip „verlede" sal saamvloei, omdat 'n sekere fase van die verskynsel

---

[10] Sleumer, W.: <u>Elementen van het groepsleven</u>, p.32.

[11] Steinmetz, S.R.: a.w., p.28.

[12] Groenman, Sj.: a.w., p.13.

bestudeer/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bestudeer word, en ook omdat die ondersoek self 'n tydlank mag duur of selfs oor 'n lang tydperk mag strek. „Een scherpe scheiding is derhalve tussen Sociografie in het heden en Sociografie in het verleden, de laatste in de regel sociale geschiedenis genoemd, niet te merken".[13] In die praktyk sien mens dat die sosiografiese studies beide elemente, naamlik die van die hede en van die verlede bevat.

Terwyl die sosiografie verskynsels beskryf, soos dit juis hier en nou, of daar en toe voorkom of voorgekom het (aan plek en tyd gebonde) interesseer dit nie die sosiologie wat meer die algemene naspeur nie. Waar gebondenheid aan tyd en plek vir die sosiografie 'n vereiste is, het dit vir die sosiologie geen betekenis nie. Die verband tussen die twee is dus daarin geleë dat die sosiografie die besondere waarnemings lewer wat die grondmateriaal vir die veralgemening van die sosiologie vorm. Namate die aantal verskynsels wat deur die sosiografie bestudeer is, styg, groei die materiaal vir die sosioloog.

Die verband tussen die sosiografie en die sosiologie is egter nie eensydig nie. Die sosiografie lewer wel waarnemings aan die sosiologie, maar laasgenoemde lewer weer algemene begrippe, waaruit die konkrete ondersoek (sosiografie) sy voordeel trek. Dit beteken dus dat die sosiograaf op hoogte moet wees van die resultate waartoe die sosioloog gekom het, sodat dit 'n grondslag kan vorm vir die verdere ontwikkeling van die

---

13) Groenman, Sj.: a.w., p.13.

bouwerk/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bouwerk, genoem die maatskappywetenskap.[14] Die sosiografie kan dus beskou word as 'n hulpwetenskap van die eerste orde vir die sosiologie.[15]

Groenman[16] gee die volgende skematiese voorstelling :

S o s i o g r a f i e.

( = studie van groepe en groepsverskynsels in hul verskeidenheid)

aktuele sosiografie ( = sosiografie in engere sin) — historiese sosiografie ( = sosiale geskiedenis)

↓

Sosiologie

( = studie van groepe en groepsverskynsels in hul algemeenheid)

die wetenskapstoepassing is ↓

Sosiale politiek.

Die vraag ontstaan dan: Het die sosiografie as nuwe wetenskap 'n besondere taak? Hierop antwoord Steinmetz[17] baie beslis, ja, en hy voeg by: „Zulk een sociale beschrijving zal moeten streven naar twee doeleinden. Het eerste is veelzijdigheid,waarbij vooraal hieraan gedacht wordt, dat zij zich niet moeten beperken tot de oeconomische of tot welke andere zijde van de gekozen eenheid ook, maar dat het onderzoek van de toestand naar alle zijden: moreel, cultureel, oeconomisch, crimineel, enz. moet geschieden. Dit streven moet al

---

14) Groenman, Sj.: a.w., p.14.

15) Sleumer, W.: a.w., p.34.

16) Groenman, Sj.: a.w., p.13.

17) Steinmetz, S.R.: a.w., p.31-34.

haar/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



haar werk, ook wanneer het details betreft, doordringen. De tweede eis moet zijn preciesheid, scherpte van beschrijving en omlijning, als het enigsins mogelijk is ook kwantitatief, dus statistisch!"[18] Hy is die mening toegedaan dat hoe meer daar van statistiek gebruik gemaak word hoe beter, hoewel daar altyd in gedagte gehou moet word dat statistiek geen wetenskap op sigself is nie. Dit is slegs 'n hulpmiddel waarvan talryke wetenskappe gebruik maak.[19] Die vernuf, die toewyding en die ywer van die sosiograaf sal aan die statistiek gewy moet wees om met vae beskrywings van: gereeld, soms, nooit, ensovoorts tot werklike statistiese skerpheid te kom.

Elke verskynsel kan natuurlik nie statisties gemeet en beskryf word nie, soos verskynsels wat kwalitatief „gemeet" moet word. Daar kan hoogstens langs 'n indirekte weg tot 'n statistiese toetsing en bewys kom. Die aard en diepte en reinheid van die vroomheid op een of ander plek kan nie in getalle uitgedruk word nie. Dog, wat wel statisties uitgedruk kan word, is die kerkgang, die kerklike huwelike, lektuur, verenigingslewe, moraliteit, dankoffers, armsorg en allerlei ander verskynsels wat op eersgenoemde seker lig sal kan werp.

Dit is nou die taak van die sosiografie om meer vernuftig te word in soverre dit maatskaplike verskynsels aangaan. Deur 'n verskynsel tot in die fynste besonderhede te beskryf en te ontleed kan en sal dit tot breëre en dieper beskouing lei. Dit op sigself weer kan van

---

[18] Steinmetz, S.R.: a.w., p. 11.
[19] Steinmetz, S.R.: a.w., p. 111.

onskatbare/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onskatbare waarde vir die sosiologie wees.

Steinmetz meen dat hierdie noukeurige bestudering van 'n verskynsel deur die sosiografie die gevolg sal hê dat die sosioloog gedwing sal word om by die werklikheid te bly, „dit wil zeggen bij de empirische wetenschap, en dus ver van het speculatieve gedachtenspel, de haarkloverijen, het construeren van en jongleren met gedachten (vaak slechts woorden), zijnde volslagen nutteloos, wanneer het er om te doen is de maatschappelijke wêreld te begrijpen."[20]

Hy meen verder dat terwyl die sosioloog in die verlede dikwels geneig was om die verklaring van verskynsels op algemene, vae kennis, soos wat elke man op straat besit, te grond, die sosiografie aan hom nou krities gesuiwerde materiaal sal lewer.[21] Sodra dit gebeur, sal verklarings wat op algemene populêre beskouings berus, verdwyn en sal die sosiologie nie so dikwels deur die man op straat beskou word as "gesistematiseerde algemene kennis" nie.

Dit is vandag, in hierdie tyd van talryke nasionale vraagstukke, 'n algemene verskynsel dat iedereen wat in 'n openbare vergadering as spreker optree, hom uitlaat oor die mees gekompliseerde landsvraagstukke soos die rassevraagstukke, jeugmisdaad, die werkende moeder, die verbrokkeling van die gesin, ensovoorts.

Wanneer egter eers meer analiserend in verband met hierdie vraagstukke opgetree word, en hulle wetenskaplik behandel word, kan tot die kern van die probleme

---

[20] Steinmetz, S.R.: a.w., p.34.
[21] Steinmetz, S.R.: a.w., p.34.

deurgedring/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deurgedring word en dan kan 'n breër en dieper beskouing van die vraagstukke en hul oplossing verkry word.

b. Die aanwending van die sosiografiese metodes in die ondersoek:

Om die verskillende aspekte van die maatskaplike verskynsels in die betrokke gemeenskappe te beskryf, moes die ondersoeker van verskeie metodes gebruik maak.

(i) Eerstens is die sosiaal-historiese metode aangewend. Deur die gebruikmaking van hierdie metode kon die ondersoeker lig werp op die verlede van die gesinne, met ander woorde, hul ontstaan, ontwikkeling, hul groei asook hul agteruitgang. Soos reeds onder afdeling (a) bespreek, is die sosiografie nie slegs op die hede gerig nie, maar moet die hede en die verlede 'n baie noue verband vorm. Daar word naamlik 'n sekere fase bestudeer (l.w. nogtans aan tyd gebonde) waarvan die verlede 'n deel vorm en wat as die historiese sosiografie bekend staan. In die toepassing van hierdie metode was die skrywer hoofsaaklik op dokumentêre gegewens en onderhoude aangewese. Daar bestaan baie min geskrewe materiaal oor dié gemeenskappe. Oor elke gemeenskap is daar slegs twee verslae. Hierdie dokumente is van die Departement van Volkswelsyn verkry. Die sosiaal-historiese agtergrond van hierdie gemeenskappe dek onder andere die aardrykskundige kenmerke van die streke, die oorsprong en groei van die bevolkings en die proses van verarming. Verdere gegewens oor die geskiedenis van die gesinne is verkry deur middel van onderhoude wat met predikante, skoolhoofde en ander oud-

inwoners/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inwoners van die gemeenskappe of die naburige oud-inwoners, gevoer is. Waardevolle gegewens is op dié wyse ingesamel. Deur kontrolering en noukeurige sifting van die gegewens kon 'n betreklik betroubare weergawe van die historiese ontwikkeling van die gemeenskappe verkry word.

(ii) Die meeste gegewens is egter deur middel van vraelyste verkry wat in die bylae ingesluit word. Daar was drie sodanige vraelyste wat die ondersoeker persoonlik aangaande elke gesin ingevul het. Eerstens is 'n algemene vraelys opgestel waardeur gegewens van meetbare aard verkry is, soos die gesinsamestelling, vaste eiendom, die kinders en hul beroepe, die besittings soos lewende hawe, die inkomste uit die grond en vee, die behuisingstoestande, ensovoorts. In die tweede vraelys is gegewens aangaande die gesin se kerkverband verkry, terwyl die derde vraelys oor verskeie reaksies van die gesinne op 'n aantal verskynsels wat die ondersoeker tydens sy besoek getref het, handel.

Die metode van vraelyste ter verkryging van gegewens is in die sosiografie baie belangrik. „Het vergaren van feitenmateriaal .... is in de Sociografie uitermate belangrijk. Inductie, het verzamelen van feiten, het leggen van een basis door middel van waarnemingen, waarop dan beschouwingen kunnen worden opgetrokken, is een harde noodzaak."[22]

Vraelyste een en twee is in die teenwoordigheid van die gesinne ingevul omdat alle vrae deur die gesin

---

22) Groenman, Sj.: a.w., p.117.

beantwoord/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beantwoord moes word. Die derde vraelys wat oor verskillende houdings van die gesinne handel, kon egter nie in hul teenwoordigheid ingevul word nie, omdat die metode van ondersoek hier op onderhoude en gesinstudies berus het. „Het interview is een opzettelijk gesprek, een doelgericht gesprek; het wordt niet by toeval gevoerd, doch is altijd min of meer voorbereid, en het is gericht op het verkrijgen van informaties van bizondere aard."[23] Saans nadat die gesinne gedurende die dag besoek is, is hierdie vraelys so noukeurig moontlik ingevul. By die insameling van gegewens is verder gebruik gemaak van die metode om gesaghebbende persone wat in nou voeling met die gesinne verkeer het, te raadpleeg. So is nuttige informasie rakende die godsdienslewe by die plaaslike leraars verkry. Verder is onderhoude met skoolinspekteurs, skoolhoofde en mediese beamptes gevoer.

(iii) Begryping as metode by die ontleding van maatskaplike gegewens is essensieël. Daar word beweer dat begryping meer 'n houding as 'n metode is, hoewel Groenman[24] in sy uiteensetting van begryping dit beskou as 'n wetenskaplike metode. Met begryping word die deelneem aan die groepslewe van die groep wat bestudeer word, bedoel. Dit is die metode waar 'n mens trag om die „binnekant" van die groepslewe te verstaan. Hierdeur ontstaan 'n objektiewe subjektiwiteit wat wel onderskei moet word van blote subjektiwiteit, dit wil sê, ons eie innerlike temperament en karakter, die subjektiewe subjektiwiteit.

---

[23] Groenman, Sj.: a.w., p.117.

[24] Groenman, Sj.: a.w., p.108.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die aard van die samelewing, dit wil sê die studiegebied van die sosiologie en sosiografie, bring mee dat die gevaar gedurig ontstaan om „kant te kies." Anders as die natuurwetenskaplike wie se objek vir hom „vreemd" bly, is die sosiale navorser aan sy objek gebind. Lundberg gee hieroor 'n treffende uitspraak: "A man can count the legs of a fly and report his findings without having his heart wrung because there are too many or too few. But it is very difficult for a person who dearly loves his cocktail to induce himself to observe and report that prohibition seems to have been an economic boom to the community which he is studying."[25]

So is daar baie gevare wat met die metode van begryping gepaard kan gaan. Groenman[26] skryf ook onder andere dat wanneer mens té vertroud raak met die milieu wat jy wil begryp, jy dikwels „gewoon" vir „normaal" beskou, wat tog nie die geval is nie. Hy meen: „Men moet als onderzoeker niet meer een vreemde zijn en toch vreemde blijven."

Om begrypend teenoor jou objek te kan staan, is dus geen maklike taak nie. Die ondersoeker het egter probeer om sover moontlik begrypend teenoor die gesinne te staan om sodoende die motivering van hulle handelinge en houdings te verstaan.

(iv) Daar is in 'n mate van literatuurstudies gebruik gemaak. Dit is onmisbaar by enige wetenskaplike ondersoek. Dit is die beste bewys dat wetenskaplike arbeid op same-

---

25) Groenman, Sj.: a.w., p.109, 110.

26) Groenman, Sj.: a.w., p. 112.

werking/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werking berus. 'n Mens bou op die werk van ander wat jy in jou eie werk kritiseer en verwerk en stel dit dan weer oop aan ander vir verdere kritiek en bouwerk.

(v) Die statistiek is die metodiese rangskikking en telling van gelyke of gelyksoortige gegewens in massa met die doel om oorsaaklike verbande aan te dui of voor te stel. Die statistiek is dus 'n metode van voorstelling van gegewens - 'n suiwer tegniek. Dit is geen wetenskap nie. Steinmetz sê: „Als statistiek een wetenschap zou zijn ... van wat dan wel?"[27] Wat die statistiek ook al mag wees, is nie hier ter sprake nie. As 'n wetenskaplike metode is die statistiek egter onmisbaar. Dit is die metode van massale waarneming en daarom is daar ook in hierdie ondersoek ruimskoots daarvan gebruik gemaak. „Hoe meer statistiek, hoe beter ...."[28] In die beskrywing van 'n verskynsel is dit vanselfsprekend dat alles wat gemeet kan word, gemeet sal word, en die enigste metode van ontleding is deur 'n syfermatige weergawe van dit wat gemeet is. Deur 'n syfermatige weergawe van sekere feite te gee, is dit vir die begrip makliker verteerbaar.

Deur die versameling van genoegsame gegewens kry 'n mens 'n globale beeld van 'n verskynsel of van 'n faset daarvan. Die statistiek is waardevol om gegewens in die "breedte", dit wil sê, kwantitatief te meet. Daar kan egter nie alleen op die statistiek gesteun word omdat dit geen beeld van die besondere gevalle gee nie.

---

[27] Steinmetz, S.R.: a.w., p.127.

[28] Steinmetz, S.R.: a.w., p.111.

(vi) Om / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(vi) Om die intellektuele peil van die leerlinge te meet, is die Suid-Afrikaanse groepsverstandtoetse (groeptoetse) en dié van L.M. Terman, "The Measurement of Intelligence" (Individueel) op alle leerlinge toegepas. Deur middel van hierdie toetse kon 'n beeld van die intelligensie-kwofisiënt van die kinders van die gemeenskappe verkry word. Die resultate van hierdie toetse, was waardevol vir die ondersoek.

c. <u>Die versameling van gegewens</u> :

Tot dusver is die gebruikte metodes hoofsaaklik teoreties bespreek en bly nog net 'n kort bespreking oor van die prosedure wat gevolg is om die gegewens te versamel en dit so betroubaar moontlik te maak. Die gemeenskappe is besoek in die volgorde van gemeenskap A, daarna gemeenskap B en laastens gemeenskap C. Gemeenskap A is die eerste gekies omdat die ondersoeker reeds met 'n gedeelte van die bewoners bekend was. Op die wyse kon makliker rigting gevind word en kon onduidelikheid in die vraelyste uitgeskakel word.

Daar was met die ondersoek geen haas nie. Geen tydsbeperking is vasgestel vir die gesinsbesoek nie. Hoogstens vyf gesinne is per dag besoek, maar 'n gemiddelde van vier kan as maatstaf geld.

Die ondersoeker het geen moeilikhede ondervind om die samewerking van die gesinne te verkry nie. As 'n gebore plattelander was hy goed op hoogte met die gedagtegang van die boere en kon hy derhalwe genoeg aanknopings-

punte/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



punte vind. Die eerste besoek het gewoonlik ongeveer drie uur geduur. Om die vertroue te wen, is aanvanklik net oor alledaagse sake gesels. Daarop volg dan 'n verduideliking dat die hele ondersoek in verband staan met 'n opname wat in verskeie dele van Transvaal uitgevoer gaan word - dit is meer 'n soort „sensus"-opname en derhalwe streng vertroulik. Die ondersoeker het nie die werklike doel van die opname verstrek nie aangesien dit die gevaar sou meebring dat die gegewens dan onbetroubaar sou gewees het. Die mening van die ondersoeker is dat die gegewens soos in hierdie verslag verstrek betroubaar en korrek is.

As bewys van die min moeite wat die ondersoeker ondervind het om die nodige vertroue, samewerking en inligting te verkry, dien die volgende insident: Een betrokke huisgesin het die gerug versprei dat hulle goed met die ondersoeker bekend was; hy sou dan iemand wees wat in Noordwes-Kaapland grond van mense onteien en onnoembare moeilikhede veroorsaak het. Persoonlik was hulle van voorneme om geen vrae te beantwoord, in geen opsig saam te werk nie en hom die deur te wys sodra hy sy verskyning by hulle sou maak. Om die storie die nek in te slaan, het die ondersoeker onmiddellik die betrokke huisgesin opgesoek. Die ontvangs was hartlik en die besoek het van 2 nm. tot 5 nm. geduur. Nie net is drie koppies koffie genuttig nie, maar ook is alle informasie belowe en later verskaf. Die samewerking was van die beste en die gerugte was op 'n end.

Tydens die eerste besoek is vraelyste I en II ingevul. Dit handel hoofsaaklik oor gegewens van 'n meetbare aard.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tweede besoek was meer in die vorm van 'n kuier. Met die uitsondering van 'n notaboekie, is alle vraelyste tuis gelaat. Hierdie „kuier" (metode van vrye onderhoud) het die geleentheid gebied vir noukeurige waarneming om sodoende die agtergrond van sekere houdings, gewoontes en gebruike te probeer vasstel. Notas is ongemerk afgeneem wanneer dit nodig geag is. Sover moontlik is gepoog om besoeke tydens middagete (en dikwels ook ontbyt) af te lê om eetgewoontes te bepaal. (Tydens die afneem van die individuele toetse onder die vyf- tot veertienjarige leerlinge is ook ongemerk vrae oor eetgewoontes gestel.) Gedurende die aande is vraelyste nommer III dan ingevul. Gesinne is herhaaldelik besoek totdat die ondersoeker tevrede was met die gegewens oor elke gesin. Daar was geen beperking op die aantal besoeke per gesin nie.

Die gesinne is nooit vooraf in kennis gestel wanneer 'n besoek afgelê sou word nie. Die ondersoeker het elke dag in 'n ander rigting die huise besoek. Op dié wyse kon die mense nie vooraf voorbereiding tref om aan hulself of hul huise ekstra versorging te gee nie. Die ondersoeker het die huisgesinne dus ontmoet en ondersoek soos hulle in die alledaagse lewe hulle bevind het.

## 4. Literatuurstudie.

Deur die gebruikmaking van reeds beskikbare kennis in die vorm van literatuur, word die insig in, en die visie aangaande 'n bepaalde probleem verbreed en ook verskerp. Selfs vir die mees ervare wetenskaplike is

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kennis van ander 'n noodsaaklike vereiste, want deur reeds bestaande kennis word die denke geprikkel. Om dus 'n wetenskaplike projek aan te durf sonder die gebruik van reeds bestaande kennis kan as 'n foutiewe benadering beskou word. Die gebruikmaking van reeds bestaande kennis kom daarop neer dat wetenskaplike navorsing op samewerking berus. 'n Mens bou voort op die werk van ander, bring dit in verband met jou eie werk en stel die eie gegewens beskikbaar aan ander. Die wetenskap van vandag hang nie in die lug nie, maar bou voort op die werk van voorgangers. Literatuurstudie dien dus ook om die eie werk met reeds beskikbare kennis te verbind.

Aangesien die sosiografie as wetenskap nog maar van onlangs af as sodanig beskou word, is daar ongelukkig nie baie wye literatuur waarvan gebruik gemaak kon word nie. Wetenskaplike werke wat die sosiografie hoofsaaklik teoreties bespreek, is die volgende: Steinmetz se Inleiding tot de Sociologie; Groenman se Methoden der Sociografie en Sleumer se Elementen van het Groepsleven. Van hierdie drie werke is 'n grondige studie gemaak om die ondersoeker in die tegniek van die sosiografie tuis te maak. Groenman en Sleumer verwys dikwels na Steinmetz wanneer 'n bewering gestaaf moet word. Steinmetz kan as die grondlegger van die sosiografie as wetenskap beskou word. Hierdie drie vernaamste werke was vir die ondersoeker van onskatbare waarde in die oriëntering in verband met die vraagstuk.

By die bespreking van die keuse van die vraagstuk vir hierdie ondersoek, is reeds melding gemaak van die karigheid van gegewens op die sosiografiese gebied. Wat die Afrikaanse literatuur betref kon die ondersoeker net

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die volgende werke vind, naamlik: (1) P.F.S.J. van Rensburg: Oudboswerkers en die Nakomelinge van Boswerkers in die Middellandse Bosstreek met besondere verwysing na Knysna; (2) P.W. Kotzé: Namakwaland; en (3) die ondersoeker se M.A.-verhandeling: 'n Sosiografiese studie van 'n afgesonderde gemeenskap in die distrik Marico.

Daar is ook 'n paar Nederlandse werke waarvan melding gemaak kan word, naamlik dié van Schönhage: Sociografie van Etten-Leur; de Vries Reilingh: Sociografiën van Plattelandsgemeenten II Weerselo; en Brouwer: Ameland.

Hierdie werke is bestudeer, hoofsaaklik met die doel om vorm en rigting aan die eie ondersoek te gee. Na die bestudering van hierdie werke was die ondersoeker in staat om die raamwerk van sy voorgenome ondersoek uit te brei en vas te stel deur die toevoeging of weglating van sekere aspekte.

Van die gegewens in die werke vermeld kon nie veel gebruik gemaak word nie, aangesien die gemeenskappe wat ondersoek is, geen verband met mekaar hou nie. Hier en daar is egter na die genoemde literatuur verwys.

Die vernaamste literatuur vir vergelykingsdoeleindes is in die Verslag van die Carnegie-Kommissie, Deel I: Plattelandsverarming en plaasverlating deur J.F.W. Grosskopf en Report of the Transvaal Indigency Commission 1906-1908, gevind. Hoewel die gegewens reeds verouderd is (1906 en 1932) kon tog nog belangrike verwysings daarna gemaak word. Die plattelandse boerdery, verskynsels soos plaasverlating, ondertrouing, behuisingstoestande, ekonomiese toestande, maatskaplike lewenswyse, word hierin beskryf. Die meeste van hierdie toestande word in 'n groot mate nog by die ondersoekte gesinne aangetref.

Hoewel/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel die beskikbare literatuur dus maar baie min is, het dit nogtans 'n rigting aangedui waarin die ondersoeker kon stuur.

In die literatuurlys sal opgemerk word dat ook 'n aantal ander werke vermeld word. Sommige was van direkte en ander van indirekte belang. Sonder hierdie literatuurstudie sou hierdie werk bepaald ernstige leemtes vertoon het.

5. Die tydperk van die ondersoek.

Hierdie ondersoek het, streng gesproke, reeds begin toe die ondersoeker gegewens vir sy M.A.-verhandeling ingesamel het, naamlik in April en Mei 1951; 'n groot gedeelte van gemeenskap A was by dié ondersoek ingesluit. Die gegewens wat destyds ingesamel is, is egter nie vir die huidige ondersoek gebruik nie, hoewel dit 'n belangrike aandeel in die samestelling van die skema vir die huidige ondersoek gehad het.

Die voorbereiding vir die huidige ondersoek het gedurende Februarie 1952 begin. Die versameling van die gegewens het vanaf die vroeë winter tot die laat somer, dit wil sê vanaf die tweede helfte van Mei 1952 tot die helfte van Desember van dieselfde jaar - sewe maande alles tesame - geduur. Gedurende hierdie tydperk het die ondersoeker feitlik daagliks onder die bewoners verkeer. Daar is saam met hulle geëet en dikwels is „besoekies" ook saans by hulle huise afgelê.

Die jaar 1952 was geen besondere jaar in dié opsig dat daar buitengewone droogte of groot oorstromings was

nie;/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie; trouens die gemeenskappe word vir etlike jare al as droogtegeteisterde gebiede beskou sodat die heersende droogte reeds as „normaal" beskou is. Daar was geen oorloë, ekonomiese krisisse of ander steurings aanwesig wat die gemeenskapsbewoners ekonomies, maatskaplik of kultureel kon ontwrig het nie. Die algemene verkiesing van 1953 het wel politieke gevoelens in 1952 hier en daar aangewakker, dog dit was nog hoofsaaklik met betrekking tot die aanwysing van 'n partykandidaat. Hierdie „gevoel" onder partygenote was nie buitengewoon nie en was ook net tot Gemeenskap A beperk, aangesien gemeenskappe B en C in die Waterberg geleë is, waar geen onenigheid oor 'n partykandidaat was nie. Politieke gevoelens tussen regeringsondersteuners en -teenstanders het ook nie die rustige verloop van sake in dié gemeenskappe versteur nie aangesien die bewoners in 'n groot mate enersdenkend is.

Die tydperk van ondersoek was baie gunstig aangesien daar geen noemenswaardige skommelings en steurende elemente aanwesig was nie - 'n normale jaar dus.

Die tydperk van ondersoek in elke gemeenskap het ook gewissel. Dit moet in gedagte gehou word dat daar in gemeenskap A (wat eintlik uit twee gemeenskappe bestaan) 91 gesinne was, terwyl in gemeenskap B, 38 en in C slegs 11 gesinne was. In gemeenskap A het die ondersoek vier maande lank geduur (ongeveer twee maande in elke „sub"-gemeenskap). In B het die ondersoeker twee maande deurgebring en in C een maand. Die tydsduur van die opname in die gemeenskappe was nie vooruit so beplan nie; inteendeel, die ondersoeker het met 'n gemeenskap begin, die ondersoek voltooi en daarna na die volgende gemeenskap gegaan.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verwerking van die gegewens in tabelvorm was teen die einde van Mei 1953, dit wil sê vyf maande later, reeds voltooi. Die ontleding van die getabuleerde gegewens is hierna begin dog is ongelukkig vir 'n jaar (Augustus 1953 tot Julie 1954) weens besondere omstandighede vertraag. Na hierdie genoemde tydperk is die res van die proefskrif voltooi.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk II.

## DIE AARDRYKSKUNDIGE KENMERKE VAN DIE GEBIEDE.

### 1. Die ligging van die gemeenskappe.

(a) Inleiding:

'n Gemeenskap se lotgevalle word in 'n belangrike mate deur sy geografiese omgewing beïnvloed. Daarom kan 'n volk se geskiedenis ook nie verstaan word sonder om die nodige van die land waar hy woon, te weet nie. Dit sou egter oordrewe wees om aan die ander kant te verwag dat die geografiese geaardheid van 'n land 'n volledige verklaring van sy historiese ontwikkeling kan bied. Die maatskaplike ontwikkeling en geskiedenis is nie 'n meganiese proses wat wiskundig suiwer ontleed kan word nie. En, al sou dit selfs moontlik wees om so 'n analise uit te voer, sou daar seker ook ander as aardrykskundige faktore in berekening geneem moet word.[1] Sedert die begin van die menslike geskiedenis was daar wel talle van skrywers wat die invloed van geografiese faktore op die menslike samelewing beklemtoon het. Die gevolg was dat daar vir elke aspek en verskynsel in die menslike samelewing of menslike gedrag, 'n verklaring aangebied is in terme van die geografiese invloede. Hierdie denkrigting staan bekend as die Geografiese skool in die sosiologie. Hoewel hierdie denkrigting as oordrewe beskou word en baie kritiek daarop gelewer kan word, is die geografiese faktore in die maatskaplike veroorsaking nogtans belangrik.[2] Ons weet dat die sosiologiese kousaliteit deur 'n groot aantal veroorsakende faktore bepaal word. Tog bly dit 'n feit dat 'n juiste geografiese

---

[1] Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika, p.257.

[2] Sorokin, P.: Contemporary Sociological Theories, p.99 to 193.

insig/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



insig die ondersoeker baie kan help om te verstaan hoe toestande van vandag uit die toestande van die verlede gegroei het.

In 'n sosiografiese studie waar gepoog word om 'n beskrywing van 'n toestand soos dit op 'n bepaalde tydstip en in 'n bepaalde gebied voorkom, te gee, is dit des te noodsaakliker om met die geografiese omstandighede van die bepaalde gebied op die hoogte te wees. Ander sosiografiese studies wat reeds verskyn het, wys ook op die geografiese belangrikheid in verband met so 'n studie-onderneming. Sulke studies sluit onder andere in die van P.W. Kotze oor Namakwaland,[3] P.J. van der Merwe oor Namakwaland en Boesmanland[4] en die van P.F.S.J. van Rensburg oor die boswerkers en hulle nakomelinge te Knysna.[5]

In Namakwaland leef die boere in afsondering weens die geografies moeilik bekombaarheid van dié gebied. Daar is nie veel dorpe nie, die bevolking is dun versprei, die gebied word deur geweldige hittegolwe en droogtes geteister en die woestyngeaardheid van die vlaktes bemoeilik die bestaan van 'n vooruitstrewende en bestendige boerdery. Hier is die natuurlike gesteldheid 'n belangrike, direkte oorsaak van die afgesonderdheid - wat op sy beurt weer talryke ander maatskaplike probleme te voorskyn laat tree het - van die Namakwalandse en Boesmanlandse gebied.

Die geografiese gesteldheid van die Knysnase gebied is geheel en al anders as die van Namakwaland. Die

---

[3] Kotze, P.W.: Namakwaland, p.3 - 10.

[4] van der Merwe, P.J.: Pioniers van die Dorsland, p.22 - 54.

[5] van Rensburg, P.F.S.J.: Oud-Boswerkers en Nakomelinge van Boswerkers in die Middellandse Bosstreek met besondere verwysing na Knysna, p.11 - 32.

boswerkers/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boswerkers se afgesonderde lewenswyse kan nie aan lang afstande, droogtes, hittegolwe of sandduine gewyt word nie. Andersoortige faktore word hier juis aangetref. Die gebied het 'n baie hoë reënval, dit is naby 'n aantal dorpe geleë, dit is omring van hoë berge en digbegroeide bosse terwyl dit aan die suidekant deur die Indiese Oseaan afgesluit word. As gevolg van die hoë berge en diep klowe was die landstreek vroeër moeilik bekombaar. Gedurende die later jare is paaie en 'n spoorlyn egter daarlangs gebou.

Waar die aardrykskundige gesteldheid van Namakwaland direk aanleiding tot die afgesonderdheid van dié gebied gegee het, was die geografie van die Knysnase bosstreek slegs indirek die oorsaak tot die maatskaplike afsondering van sy bewoners.

Die vraag ontstaan nou: watter belangrike geografiese eienskappe toon die gemeenskappe wat hier ondersoek is? En watter verband, indien enige, bestaan daar tussen die geografie van die ondersoekte gemeenskappe en die afsondering en omstandighede waarin die bewoners leef? Lei die geografie direk tot die afsondering van dié groepe mense of is dit slegs meewerkend vir ander faktore wat die afsondering in die hand gewerk het?

Die antwoorde op hierdie vrae sal in hierdie hoofstuk en in latere hoofstukke duidelik word.

Ter verduideliking moet vooraf gesê word dat gemeenskappe A, B en C bestudeer is. A is in die Maricose en B en C in die Waterbergse distrik geleë. Laasgenoemde twee lê meer as 100 myl van mekaar af. Die geografie van aldrie verskil van mekaar en daarom word hulle afsonderlik behandel. Verder is daar ook graadverskille in die

maatskaplike/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maatskaplike aangeleenthede en daarom word ook hulle afsonderlik in oënskou geneem. Waar hulle met mekaar vergelyk word, sal dit egter duidelik word dat hulle gelyksoortig is.

(b) Die aardrykskundige kenmerke van gemeenskap A:

(i) Algemeen:

Gemeenskap A kan weer in twee groepe verdeel word, naamlik A1 en A2. Hierdie verdeling kom slegs voor in hierdie hoofstuk en in die hoofstuk waar 'n geskiedkundige oorsig van die ontstaan van die gemeenskappe behandel word (hoofstuk III). Hoewel die twee gemeenskappe naby mekaar geleë is, is daar tog 'n bepaalde verskil in hul geografie.

Die gemeenskappe A1 en A2 is nie in groot gebiede gevestig en strek ook nie oor 'n hele distrik nie maar is feitlik op twee groot plase gevestig. Die een plaas, A1, waaroor die M.A.-verhandeling handel, is 2,881 morge groot en gedurende die ondersoek het 59 gesinne hulle daar bevind. Die plaas A2 is 3,827 morge groot waarop 32 gesinne, insluitende agt bywoners op 'n naburige plaas, tydens die ondersoek 'n heenkome probeer vind het. Daar was dus 91 gesinne op 6,708 morge woonagtig. Betreffende die grootte van die grond wat elke gesin besit, sal later meer in die besonder gehandel word.

Die plase, wat tien myl van mekaar geleë is, vorm feitlik die middelpunt tussen 'n aantal Wes-Transvaalse dorpe met 'n radius van nie meer as 50 myl nie. Aan die noordekant is Groot Marico; noordoos is Zwartruggens; suid is Koster; weswaarts is Lichtenburg; en noordwes is Zeerust geleë. Met ander woorde, hierdie gemeenskappe is geografies nie buite die beskawingswêreld geleë nie.

Die/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die geaardheid van die natuuromgewing is bosveldagtig, hoewel, as aan die bewoners gevra word waar die bosveld begin, dan wys hulle na die noorde en sê: „Daar agter daardie skurwe berge - dis omtrent 24 uur te perd hiervandaan - daar begin die bosveld". Toe die ondersoeker eendag „agter die skurwe berge" besoek aflê en aan die bewoners daar dieselfde vraag stel, het hulle slegs gelag en noordwaarts gewys en gesê: „Dis nog baie verder hiervandaan. Eers daar waar die wêreld so deinserig lyk, begin die bosveld". Eienaardig genoeg, wanneer 'n mens nog verder noordwaarts gaan en vra lateraan weer vir die mense waar die bosveld begin, dan wys hulle weer terug na die suide. 'n Mens begin later ernstig aan die bestaan van die bosveld twyfel.

Die moeilikheid is dat die bosveld nie 'n „land" is waarvan die grense vasgestel is nie. Dis nie eens 'n distrik waarvan die grense aangegee is nie. Dis maar net 'n stuk wêreld met die naam „die bosveld".

Vanaf die Maricorivier (in Groot Marico) bestyg 'n mens vir ongeveer 12 myl 'n platorand. As 'n mens bo-op die platorand is, is die een gemeenskap nog ongeveer drie myl in 'n suidelike rigting. Hierdie gedeelte kan as semi-bosveld beskou word, aangesien dit meer Hoëveldklimaat is, met talryke bosse.

(ii) <u>Gemeenskap A1</u>:

Aangesien die plaas A1 nog deur een van die voortrekkers geproklameer is, is dit op 'n baie goedgeleë plek uitgekies. Ons tref daar 'n hele paar klowe met fonteine aan wat na die middel van die plaas met vrugbare vleigrond afloop. Die saailande wat vroeër uit die fonteine

natgelei/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



natgelei kon word, is byna net in hierdie vleigrond geleë. Buite die vleie tref 'n mens hoofsaaklik harde, onvrugbare en onbewerkbare klip- en rotsbanke aan. Daar is 'n klein gedeelte droë saailande wat nie rotsagtig is nie en ook 'n gedeeltetjie wat wel saaibaar is hoewel die grond baie klipperig is. Gevolglik word die grootste aantal bewoners van die gemeenskap langs die vleie aangetref, elkeen met 'n stukkie saailand in die vleigrond.

Wat die geologiese struktuur van die rotsformasie betref, is die plaas ook nie juis vir minerale belowend nie. Daar was en is steeds sprake van goud, maar dis hoogs twyfelagtig. Verskeie geoloë en prospekteerders is daar weg sonder aanduiding te gee van die aanwesigheid van enige minerale. Een bewoner van die plaas, 'n „gebore prospekteerder", is van mening dat daar goudriwwe van onskatbare waarde is. Dit is blykbaar wensdenkery. Die Lichtenburgse diamantvelde te Carlisonia en Welverdiend is nagenoeg 15 myl daarvandaan. Wat die werklike posisie aangaande minerale is, kan egter nie gesê word nie. Geologiese navorsing moet dit nog aan die lig bring.

(iii) <u>Gemeenskap A2</u>:

Die plaas A2 lê tien myl in 'n suidelike rigting van A1. Hierdie gebied is verder van die bosveld af en kan feitlik onder die Hoëveld geklassifiseer word.

Slegs een of twee boere kan op die plaas 'n goeie bestaan maak. Die waardevolste eienskap van dié plaas is die standhoudende fontein wat sedert die aanleg van die plaas nog geen merkbare verswakking getoon het nie. Vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien, is hierdie waterbron van onskatbare waarde. Hierdie fontein, wat gedeeltelik

die/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die oorsprong van die Maricorivier vorm, staan ook bekend as die „Groot Oog van Marico", volgens die registrasies in die Aktekantoor te Pretoria.

Die fontein is in 'n soort natuurlike kom geleë. Die water vloei dan in 'n laagte af, terwyl die grond hoër langs die stroom op nie veel as waterleilande benut kan word nie, tensy die water uitgepomp en sodoende gebruik kan word. Ongeveer 'n myl verder van die „Oog" af vloei die waters deur vaal-leiklipkoppe, wat vir saaidoeleindes onbruikbaar is. Nog laer af is daar weer los lappies gronde wat bewerk kan word en wat te danke is aan 'n baie vindingryke opmetingsbeplanning van die ou boere, wat dit moontlik gemaak het dat die grond natgelei kan word. Hierdie waterleilande is nie baie groot nie en die gesinne wat dáár grond geërf het, het nie veel meer as twee tot drie morge onder water nie. Waar die „Oog" is, het elke grondeienaar hoër-op slegs lang stroke droeë lande, soos blyk uit kaart no. 2, gedeelte B, in die bylae. Daaruit kan ook duidelik gesien word hoeveel byvoorbeeld van die 30 morge grond in die gedeelte B laagliggend en bewerkbaar is.[6] Die meeste van die grondgedeeltes is, soos op die kaart aangedui, gesny en die gedeeltes het min of meer eweveel bewerkbare grond met 'n gedeelte van die fonteinwater waaraan die grond grens. Die klein gedeeltes saaibare grond bestaan uit goeie, vrugbare rooigrond waar enige graansoort of groente of vrugtebome goed sal aard. Die res van die plaas bestaan uit swak klipgrond wat slegs vir weiding gebruik kan word. Die lae vaal-leikliprandjies het

---

[6] Sien kaart no. 2 in bylae.

skaars/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skaars 'n lagie grond oor, met die gevolg dat die pad byna onrybaar is; dit bemoeilik die sosiale verkeer onder 'n aantal gesinne in 'n groot mate. Hierdie sowat agt gesinne, leef nie alleen maatskaplik en geestelik afgesonder nie, maar ook geografies, hoewel hulle slegs drie tot vier myl van die res van die plaasgesinne woon. Dit gebeur dikwels dat daar ses maande verbygaan sonder dat die huisvrouens hul ander familie op die plaas te sien kry. Die afstand pos of winkel-toe word gewoonlik afgestap.

Wat minerale betref, is daar dieselfde moontlikhede (?) as by A1. Hierby kan egter nog net gevoeg word dat daar ook 'n moontlikheid van lood bestaan. Ongeveer drie myl van die plaas is daar 'n loodmyn waar lood in wisselende hoeveelhede ontgin word. Die lood word in 'n redelike suiwer vorm uitgehaal. Daar is egter heelwat moeilikhede aan die bewerking van lood verbonde, omdat dit na Europese lande vir suiwering gestuur moet word. Die werking van die myn is egter ongereeld.

(c) Die aardrykskundige kenmerke van gemeenskap B:

(i) Inleidend:

Opvallend is dit dat die afgesonderde gemeenskappe hoofsaaklik tot waterryke plase of plase waar daar standhoudende fonteine en lopies was, beperk is (vgl. die Carnegie-verslag[7]). Hierdie waterryke plase het hier juis weer die ideale geleentheid geskep om die grond onder die nageslagte te verdeel. Hierdie verdeling moet vanuit 'n tradisionele boerebeleid, wat geen afwyking geken het nie, gesien word. Die tradisionele beleid en oordeel het dit

---

[7] Grosskopf, J.F.W.: Plattelandsverarming en plaasverlating: Carnegie-verslag Deel I, p.114.

vir/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir die ou boere onmoontlik gemaak om 'n ander stelsel toe te pas.

Omdat hierdie soort plase familieplase moes word, stem die geografie van hulle so baie ooreen. Of die plase diep in die Weste van Transvaal geleë is of bo in die Noorde, die eindbestemming daarvan is min of meer identiek, naamlik gesinne wat op klein verdeelde stukkies grond woon en wat daarop 'n uiterste sukkelbestaan maak as gevolg van verskeie tradisionele aardrykskundige en maatskaplike verskynsels.

(ii) Die geografiese gesteldheid:

Hierdie gemeenskapsplaas (of -plase) bestaan eintlik uit drie plase wat aan mekaar grens en wat min of meer 'n eenheid vorm. Dit is dus geregverdig om van 'n „gemeenskap" te praat. Dit lê 20 myl ten noorde van die dorp Warmbad en geografies kan dit as laeveld of bosveld beskryf word. Die moeilikheid tree ook hier te voorskyn dat die bewoners die gebied nog nie as die bosveld beskou nie. Ook hier word na die noorde, na „die deinserige berge" gewys met die gedagte dat die bosveld „daar agter" begin. Die ligging, temperatuur en reënval bevat egter alle aanduidings dat dit bosveld is.

Die gemeenskap is geografies maklik bereikbaar deurdat groot provinsiale paaie die distrik deurkruis. Die distrik in daardie omgewing is ook redelik dig bewoon en nog verder na die noorde tref 'n mens heelwat gesinne aan. Baie van hulle woon saam op 'n soortgelyke gemeenskaplike familieplaas. Die verskil tussen hierdie gemeenskapsplase en gemeenskap B is net dat indien hulle ekonomies nie steeds meer vooruit gaan nie, hulle ten

minste/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



minste 'n goeie lewensbestaan op die plasies kan maak in teenstelling met gemeenskap B. Dit geld natuurlik nie vir die enkele uitsonderings in beide gevalle nie.

By die aanlê van die plaas (of plase) in 1861 en daarna was water en fonteine nog volop: 'n ideale plek dus om 'n plaas aan te lê waar daar genoeg weiding en drinkwater vir die beeste was. Beesboerdery was die vernaamste vorm van bestaan. Daar was egter ook genoeg water om klein landjies koring in die winter en mielies in die somer onder besproeiing te sit. Soos uit kaart no. 3 gesien kan word, is daar nie baie grond beskikbaar vir saaiboerdery nie. Die randjiesagtigheid van die omgewing bied slegs in die lae vleiagtigheid, saaibare grond. Die grond elders is nie juis vir dié doel geskik nie, aangesien die reënval te swak vir die droeë hoogliggende lande is. 'n Soort klip wat hier baie aangetref word, is die sogenaamde „ouklip". Vandaar ook dat die poskantoor in die gemeenskap sy ooreenstemmende naam gekry het.

Daar moet egter op gewys word dat die fonteine met verloop van jare baie verswak het, met die gevolg dat daar tans feitlik nie meer lande onder besproeiing is nie. Die bietjie saaiery vind nog in die laagtes plaas omdat die grond daar vrugbaar on klammer is.

Ses myl verder noord van die gemeenskap is daar ook 'n uitgedunde „familieplaas" waar daar 'n warmwaterbron is. Die water is sterk lou. Hoewel die eienaars die bron nie vir die publiek wil oopstel nie, is daar tog baie rumatieklyers wat daarheen gaan vir hulle kwaal.

Die plase is saam 13,034 morg groot en dit was al in gesamentlike besit sedert die aanleg van 314 eienaars. Van hierdie 13,034 morge behoort ongeveer 8,000 morge aan

'n/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n oud-onderwyser, 'n diensdoende onderwyser en 'n ander persoon wat die grond uitgekoop het. Hoewel laasgenoemde reeds oorlede is, leef sy weduwee, wat van die res van die gemeenskap familie is, nog. Nog 'n paar ander gesinne wat nie aan die gemeenskap verwant is nie, besit 'n verdere ongeveer 2,500 morg grond. Daar bly dus 2,534 morge oor vir die 38 gesinne om 'n lewensbestaan op te probeer maak. Hier in gemeenskap B, soos later ook gemerk sal word, is die gronde heelwat groter as in gemeenskap A. Daar moet egter onthou word dat die gesinne in gemeenskap A saaiboere is, terwyl dié in gemeenskap B hul hoofsaaklik op beesboerdery toelê. Met saaiboerdery kan met heelwat kleiner gronde 'n beter bestaan gevoer word as met bees-boerdery. Daarenteen het beesboere, soos in die geval van gemeenskap B, min of meer ses tot agt morge per bees nodig vir voldoende weiding en hul behoort dus na verhouding heelwat groter gronde as saaiboere beskikbaar te hê.

(d) <u>Die aardrykskundige kenmerke van gemeenskap C</u>:

In gemeenskap C, soos later ook sal blyk, het ons nie met 'n „familieplaas" te doen nie, maar wel met 'n „familie-nedersetting". Hier is ook nie sprake van die opdeel van die plaas tussen kinders en kleinkinders nie. Dit is net 'n nedersetting.

Hierdie gemeenskap is in die hartjie van die bosveld geleë. Vanaf Nylstroom, 85 myl noord van Pretoria, is die rigting reg noord vir nog 100 myl, en wel 36 myl van die grens van Transvaal, die Limpoporivier, af. Nylstroom is hierdie gemeenskap se naaste dorp. Hoewel Potgietersrust geografies nader geleë is, is die vervoer na Nylstroom gereeld en geriefliker. Die spoorlyn gaan tot by

Vaalwater/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vaalwater, wat ongeveer halfpad tussen Nylstroom en die gemeenskap C geleë is. Goedere wat bestel word, word per trein na Vaalwater gestuur en vandaar vervoer die spoorweg-busse dit na die bestemde plek. Hierdie busse loop gereeld twee keer per week.

Hoewel die paaie redelik begaanbaar is, word dit baie min deur die gemeenskapsbewoners gebruik, omdat hulle ver van die dorp is en slegs oor beperkte vervoergeriewe beskik. Slegs in uitsonderlike gevalle word die genoemde dorp besoek.

Vanaf ongeveer 25 myl van die gemeenskap verander die tipiese bosveldtonele - dit wil sê, die skotige, rotsagtige koppies, met die redelik digbegroeide groot kameeldoring-, soetdoring- en ander soort wildebome - na 'n baie dig-groeiende soort bos, byna soortgelyk aan die blinkblaar-haak-en-steek. Hierdie tipe wildebos word ongeveer vyftien voet hoog en die blare het 'n lowergroen kleur. Die bosse is so ruig dat 'n mens beswaarlik daardeur kan beweeg. Tussen-in kan dan nog die bekende bosveldbome, wat besonder hoog groei, uitgeken word. Die grond begin hier ook meer sanderig word. Plek-plek is die pad so sanderig dat 'n motor moeilik daardeur kan gaan. Buite die pad tussen die bosse, kom 'n mens feitlik net diepsand teë. Die sy-paadjies uit die groot pad is gewoonlik net twee sandspore.

Hier by die nedersetting neem die anders ruie bosse sterk af om vir 'n kalkagtige rotsformasie plek te maak. Dit loop dan af in 'n natuurlike pan waar daar vroeër jare baie sout geproduseer is. Dit was dan ook die rede waarom die nedersetting daar aangelê is.

In teenstelling met gemeenskappe A en B, was water hier skaars sedert die plaas se aanleg. Elke nedersetter moes vir homself 'n put grawe waar sy gesin en sy diere

drinkwater/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drinkwater kon kry. Die water is nie baie diep nie en dit word onder onhigiëniese omstandighede gebruik.

Vroeër jare het die mense hulle net op die soutbedryf en beesboerdery toegelê, maar omstandighede het die bewoners genoodsaak om 'n bykomende inkomste te probeer vind.

Syfers aangaande die temperature in die gemeenskap en omgewing word ongelukkig nie aangeteken nie. Gevolglik kan daarvan nie 'n syfermatige weergawe gegee word nie. Enigeen kan egter begryp hoe drukkend warm dit in so 'n laeveldgebied moet wees - selfs ook in die winter.

## 2. Die klimaat en reënval.

### (a) Algemeen:

Die klimaat en reënval verskil van plek tot plek oor die hele Unie van Suid-Afrika. Selfs in dieselfde distrik waar toestande min of meer eners is, verskil dit. Gewoonlik wissel dit in 'n mate op dieselfde plek van jaar tot jaar. Dwarsdeur die jaar is dit by al die genoemde gemeenskappe redelik warm - veral in die somermaande. Die rede is natuurlik die lae ligging van al-drie die gemeenskappe. Die hoogste temperature en laagste reënvalsyfer word by gemeenskap C aangetref, wat heeltemal in die bosveld is. Gedurende die winter word in die gemeenskappe gewoonlik aangename weer aangetref, hoewel skerp koue dikwels ondervind word.

'n Ontleding van die reënval in die verskillende gemeenskappe, sal in tabelle 1, 2 en 3 gegee word.[8] Al-drie die gemeenskappe val binne die somerreënvalstreek.

---

[8] Gegewens verkry van die Weerkundige Buro, Pretoria.

(b)/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Die Reënval in Gemeenskap A:

Die gegewens omtrent gemeenskap A word in tabel 1 verstrek. Die reënvalsyfers vir A1 en A2 word nie amptelik aangeteken nie en daarom moet met gegewens van 'n aangrensende plaas volstaan word.

Tabel 1. Ontleding van reënval in gemeenskap A, 1946 tot 1952, met vermelding van getal reëndae.

| Jaar. | 1946 | | 1947 | | 1948 | | 1949 | | 1950 | | 1951 | | 1952 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maand | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae |
| Jan. | 7.16 | 10 | 6.36 | 5 | 7.02 | 10 | 4.95 | 6 | 2.41 | 4 | 2.86 | 6 | 1.90 | 5 |
| Feb. | 6.28 | 8 | 1.91 | 4 | 1.67 | 2 | 0.79 | 2 | 1.35 | 3 | 2.15 | 4 | 4.76 | 6 |
| Mrt. | 5.79 | 5 | 4.35 | 5 | 6.16 | 7 | 1.23 | 3 | 3.93 | 8 | 2.11 | 3 | 2.59 | 4 |
| Apr. | 0.56 | 2 | 0.48 | 1 | 3.55 | 2 | 0.44 | 1 | 2.98 | 5 | 5.01 | 5 | 0.69 | 2 |
| Mei | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.83 | 3 | 0.10 | 1 | 0.58 | 2 | 1.81 | 2 | 0.16 | 1 |
| Junie | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 1.29 | 1 | 1.35 | 1 | 0.00 | 0 | 0.27 | 1 |
| Julie | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.31 | 1 | 0.17 | 2 |
| Aug. | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.46 | 2 | 0.00 | 0 |
| Sept. | 0.02 | 1 | 1.09 | 2 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 |
| Okt. | 2.46 | 2 | 0.85 | 2 | 1.72 | 3 | 0.71 | 1 | 1.51 | 1 | 3.08 | 4 | 1.56 | 3 |
| Nov. | 0.00 | 0 | 1.59 | 4 | 3.25 | 4 | 2.16 | 3 | 0.97 | 2 | 0.08 | 1 | 2.82 | 6 |
| Des. | 5.93 | 5 | 4.77 | 8 | 0.61 | 1 | 6.17 | 8 | 2.83 | 4 | 2.12 | 3 | 2.25 | 7 |
| Totaal: | 28.20 | 33 | 21.40 | 31 | 24.81 | 32 | 17.84 | 26 | 17.91 | 30 | 19.99 | 31 | 17.17 | 37 |

Die/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hele Maricose distrik, soos trouens die hele bosveldstreek, insluitend gemeenskappe B en C, is uiters droë gebiede, of soos die boere dit uitdruk: „Dit is baie taai om te reën." Dit wil voorkom asof daar bo-op die platogebied nog 'n laer reënvalsyfer, veral in gemeenskap A1, kan wees. Ongekende droogtes heers nou reeds die afgelope vyf tot ses jaar. Gedurende April 1951 het die gebied twee goeie stortbuie gehad. Almal was van mening dat die gebied ongeveer in 1945 laas so 'n goeie reën gehad het. Die twee buie reën was maar 'n bietjie meer as een duim elk. Sedertdien het die gemeenskap slegs gedurende Oktober 1951 en toe weer gedurende Februarie 1952 goeie reën gehad. Hierdie gemeenskappe kan dus as droogtegeteisterde gebiede vir die in tabel 1 genoemde sewe jaar beskou word.

Só kwaai is die droogte dat alle lopende water by A1 en ook met die uitsondering van een fontein alle lopende water by A2 tot stilstand gekom het en leiwater dus nie meer bestaan nie. Vir die afgelope ses tot sewe jaar (min of meer sedert 1945) was die boere wat in voldoende mate hul eie voedsel uit die boerdery gehaal het, verreweg in die minderheid. Die gesaaides het gewoonlik verdroog voordat daar enige oes was. Hul grond is ook so klein dat hulle selfs in voorspoedige jare nie baie meer as net hulle eie kos kon wen nie.

Die vrugbare vleie waarop alles welig gegroei het en waar daar vroeër geen gebrek was nie, het met die verloop van jare gekwyn en uitgedor. Die eertyds standhoudende fonteine het stadigaan begin opdroë, totdat al die lopende water nie meer verder as slegs die fontein gekom het nie. Die boere in gemeenskap A1 meen die „Oog" het toegespoel. Die ou mense kan nie genoeg vertel hoe volop die water en hoe vrugbaar die grond vroeër was nie.

Met/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met 'n bietjie inisiatief van die kant van Al se mense, kan 'n pragtige dam teen min koste gebou word en waaruit groot voordeel getrek kan word.

In dié verband wys 'n ongepubliseerde verslag[9] daarop dat die natuurlike ligging van die plaas 'n pragtige moontlikheid vir die aanlê van besproeiingsdamme bied. Die geleentheid word egter nie te baat geneem omdat die inspanning nie in dieselfde verhouding as die ewentuele voordeel aanwesig is nie. Sedert 1945 het die reënval geleidelik verminder sodat daar vanaf 1949 geen lopende water in die spruite of vleie te sien was nie. Hiermee word nie beweer dat opgaardamme in die drie of vier natuurlike plekke nutteloos sou wees nie. Daar was in die tussentyd 'n hele paar donderstorms en die boere kon reeds voordeel uit sulke damme trek. Omdat die vloedwaters sonder teenstand kon wegstroom, kon die grondwater nooit hoog genoeg styg om as fonteine of moerasse voor die dag te tree nie. As gevolg van langdurige droogtes het die ploeglande geleidelik gekrimp en taaibosse het daardie ploegbare grond, waar voorheen goeie oeste ingesamel is, in besit geneem.[10]

Volgens die gegewens van tabel 1 blyk dit dat gemeenskap A in die somerreënvalstreek geleë is. Vir die maande Mei tot September gedurende die jare 1946 tot 1952 was daar geen noemenswaardige reënval nie. Dit het van 0.00 duim tot 1.81 duim gewissel.

Met enkele uitsonderings was die hoogste reënval wat aangeteken is, gedurende die maande Januarie en Desember.

---

[9] Ongepubliseerde verslag oor die ekonomiese en maatskaplike toestande wat oorheersend is in die gemeenskappe, in die distrik Marico deur 'n skoolhoof van die plaaslike skool, p.l.

[10] Ongepubliseerde verslag, a.w., p.l.

Opmerklik/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opmerklik is dit ook om daarop te let dat die totale jaarlikse reënval geleidelik aan die afneem is. So byvoorbeeld was die reënvalsyfer gedurende 1952 die laagste wat dit nog in die geskiedenis was, naamlik 17.17 duim. Hierby moet nog in ag geneem word dat daar gedurende die maande April tot Julie 'n reënval van minder as 'n duim was, wat van feitlik geen waarde vir die boer is nie. Daarenteen is dit interessant om op die aantal reëndae per maand te let. Gedurende 1952 was die totale jaarlikse reëndae die hoogste sedert 1946. Hieruit kan afgelei word dat die reën meer tot ligte buie beperk was wat oor 'n groot aantal dae uitgesak het. Wanneer die aarde reeds deurdringend nat is, is sulke ligte buie van groot waarde dog wanneer die aarde uitgedor is, vul die klammigheid net die boonste aardkors. Neem as voorbeeld Julie 1952. Na twee dae is slegs 0.17 duim reën aangeteken. Dit is vir die boer dus feitlik waardeloos.

(c)/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) Die Reënval in Gemeenskap B:

Tabel 2. Ontleding van reënval in gemeenskap B, 1946 tot 1952, met vermelding van getal reëndae.

| Jaar. | 1946. | | 1947. | | 1948. | | 1949. | | 1950. | | 1951. | | 1952. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maand | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae |
| Jan. | 12.18 | 19 | 3.83 | 7 | 3.15 | 11 | 9.21 | 14 | 5.99 | 12 | 4.09 | 10 | 1.89 | 4 |
| Feb. | 4.56 | 12 | 2.28 | 5 | 1.49 | 4 | 5.11 | 11 | 2.24 | 6 | 2.76 | 5 | 5.78 | 13 |
| Mrt. | 3.16 | 8 | 4.35 | 9 | 3.69 | 8 | 3.88 | 5 | 3.39 | 8 | 2.09 | 12 | 1.42 | 4 |
| Apr. | 1.19 | 3 | 1.55 | 6 | 1.10 | 3 | 1.34 | 2 | 2.19 | 6 | 4.84 | 10 | 1.41 | 3 |
| Mei | 0.10 | 1 | 0.00 | 0 | 0.33 | 1 | 0.18 | 1 | 0.61 | 4 | 5.25 | 8 | 0.83 | 1 |
| Jun. | 0.00 | 0 | 0.72 | 3 | 0.00 | 0 | 0.21 | 1 | 0.05 | 1 | 0.06 | 1 | 0.00 | 0 |
| Jul. | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.15 | 2 |
| Aug. | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.98 | 3 | 0.00 | 0 |
| Sep. | 0.00 | 0 | 0.25 | 1 | 0.70 | 3 | 0.00 | 0 | 0.17 | 3 | 0.14 | 2 | 0.00 | 0 |
| Okt. | 0.44 | 4 | 1.60 | 9 | 3.79 | 8 | 0.70 | 3 | 0.47 | 1 | 4.08 | 12 | 0.76 | 6 |
| Nov. | 6.15 | 10 | 3.55 | 8 | 4.47 | 11 | 4.35 | 7 | 1.46 | 7 | 0.96 | 5 | 5.40 | 16 |
| Des. | 2.85 | 7 | 10.82 | 14 | 0.41 | 3 | 5.19 | 11 | 5.01 | 14 | 2.66 | 7 | 5.16 | 10 |
| Totaal: | 30.63 | 64 | 28.95 | 62 | 19.13 | 52 | 30.17 | 55 | 21.58 | 62 | 27.91 | 75 | 22.80 | 59 |

Hoewel/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel gemeenskap B dieper in die bosveld geleë is en die reënval na verwagting dus laag behoort te wees, is dit tog nie die geval nie. Die reënval is hier selfs beter as in gemeenskap A.

Hierdie gemeenskap was vroeër ook gekenmerk deur sy rykheid aan water en fonteine. Vandag egter is daar nog net die spore van die fonteine naamlik die laagtes waarlangs die fonteine geloop het. Al die fonteine het nog nie opgedroog nie dog die twee of drie wat daar nog is, bied nie voldoende drinkwater vir die diere nie. In 'n geringe mate word van die water vir lei-doeleindes gebruik gemaak. Slegs 'n paar boere kan egter hieruit voordeel trek.

Die hoogste reënval in dié gemeenskap was in 1946, naamlik 30.63 duim, en die laagste in 1948, naamlik 19.13 duim. As daar na die totale jaarlikse reënval gekyk word, blyk dit dat dit gedurende die sewe jaar onder beskouing die neiging getoon het om effens te daal. 'n Soortgelyke daling word egter oor die hele Transvaal opgemerk.

'n Verdere gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die jaarlikse reënval baie wisselend is. So byvoorbeeld was die gemiddelde reënval vir 1947, 28.95 duim en vir 1948, 19.13 duim, terwyl dit vir 1949 weer 30.17 duim was - dus byna 'n rekord reënjaar. Hierdie wisselvalligheid is ook in die reënvalverslae vir die jare voor 1946 opgemerk.

Gedurende die wintermaande, vanaf Mei tot September, is die reënval op sy laagste, met een uitsondering, naamlik in Mei 1951. Vanaf November tot Februarie is dit weer die beste reëntye.

(d)/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Die Reënval in Gemeenskap C:

Tabel 3. Ontleding van reënval in gemeenskap C, 1946 tot 1952, met vermelding van getal reëndae.

| Jaar | 1946. | | 1947. | | 1948. | | 1949. | | 1950. | | 1951. | | 1952. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maand | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae | Duim | Dae |
| Jan. | 3.14 | 11 | 1.53 | 5 | 2.04 | 3 | 6.18 | 10 | 2.94 | 5 | 4.98 | 8 | 0.44 | 2 |
| Feb. | 5.91 | 6 | 0.32 | 2 | 1.35 | 6 | 0.54 | 2 | 1.90 | 3 | 0.20 | 2 | 2.82 | 4 |
| Mrt. | 0.59 | 3 | 1.27 | 3 | 4.09 | 9 | 0.23 | 1 | 0.00 | 0 | 4.32 | 6 | 0.38 | 3 |
| Apr. | 0.04 | 1 | 0.94 | 3 | 1.07 | 2 | 0.46 | 1 | 2.25 | 5 | 1.71 | 4 | 0.70 | 1 |
| Mei | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.55 | 2 | 0.00 | 0 | 0.28 | 1 | 2.66 | 7 | 0.06 | 1 |
| Jun. | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.05 | 2 |
| Jul. | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.09 | 2 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 |
| Aug. | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 |
| Sep. | 0.00 | 0 | 0.03 | 1 | 0.06 | 2 | 0.00 | 0 | 0.50 | 1 | 0.00 | 0 | 0.00 | 0 |
| Okt. | 0.53 | 2 | 0.24 | 2 | 0.27 | 5 | 0.42 | 1 | 0.21 | 1 | 3.25 | 6 | 0.60 | 4 |
| Nov. | 0.00 | 0 | 1.19 | 5 | 1.98 | 5 | 2.15 | 4 | 1.85 | 4 | 1.36 | 3 | 1.22 | 6 |
| Des. | 3.07 | 2 | 2.72 | 7 | 0.43 | 3 | 3.87 | 7 | 6.36 | 9 | 3.59 | 6 | 1.95 | 7 |
| Totaal: | 13.28 | 25 | 8.24 | 28 | 11.84 | 37 | 13.94 | 28 | 16.29 | 29 | 22.07 | 42 | 8.22 | 30 |

Soos/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos gemeld, is die reënval in hierdie gemeenskap die laagste, terwyl die temperature die hoogste is. Selfs in die wintermaande word nog die warm-dorre klimaat aangetref. Die nagte kan egter baie koud word as gevolg van die sanderige oppervlakte van die aardkors wat vinnig afkoel. Ryp is iets wat nie in die omgewing geken word nie.

Reën word nie te dikwels gesien nie, daarom het die meeste huise waar 'n sinkdak aangetref word, geen afvoergeute nie. Daar word ook nie juis voorsiening vir die dreinering van water gemaak nie.

Reën is darem nie onbekend hier in die bosveld nie. Daar val gemiddeld agt tot twaalf duim reën per jaar. Die bosveldstreke kan egter met min reën klaarkom. As daar twee of drie goeie reënbuie in die vroeë somer geval het, word die jaar reeds as goed bestempel, want die bome bot gou, die gras groei vinnig uit en daar is dan voldoende kos vir die diere. Die sanderige geaardheid van die grond beskerm dus die dieper aardkors teen uitdroging. Dit is ook opmerklik dat wanneer daar goeie reën geval het, die beeste miskien een keer per week of selfs per twee weke water suip. Die voggehalte van die gras en boomblare is dan hoog.

Die diere bly feitlik deur die jaar vet, selfs gedurende die winter wanneer dit lyk asof daar niks te vreet is nie. So byvoorbeeld is daar by dié gemeenskap gedurende November 1952 besoek afgelê. Gedurende 1952 het die reënval daar 'n laagtepunt bereik, naamlik 8.22 duim. Nieteenstaande die droë jaar was die diere vet en kon hulle goeie pryse op die mark behaal.

Die reënval in hierdie area is ook baie wisselend van aard. Die hoogste reënvalsyfer wat gedurende 1946 tot

1952/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1952 aangeteken is, was in 1951, naamlik 22.07 duim. Hoewel die syfer gedurende die daaropvolgende jaar weer op sy laagste was, het die boere tog nie van groot droogtes gepraat nie. As die maandelikse syfer vir 1952 vergelyk word, sal gemerk word dat slegs gedurende Februarie, November en Desember die reënval hoër as een duim was. Die 8.22 duim vir die jaar 1952 het ook oor 'n tydperk van dertig dae geval; dit wil sê, dit moes klein buie reën gewees het, wat gevolglik nie so baie waarde inhou nie.

Die streek se vernaamste reënperiode is ook min of meer vanaf November tot Februarie, terwyl die swakste reënmaande weer vanaf Mei tot September strek. Gedurende die ander maande is die reënval te wisselvallig om 'n reëlmaat vas te lê.

Hier is geen fonteine nie. Die enigste watervoorraad wat verkry word, is van putte afkomstig. Windpompe is onder die bewoners onbekend. Vir die diere se drinkwater word water met 'n sogenaamde „wen" uit die putte opgetrek en in krippe gegooi, of hoogstens word 'n handpomp waarmee water uitgepomp word, aangetref. Water uit ondergrondse bronne is gelukkig volop (veral syferwater) en dit is nie nodig om putte dieper as 20 voet te maak nie.

### 3. Aard van die boerdery.

Hierbo is gewys op die aardrykskundige of geografiese kenmerke van die gemeenskappe en op die klimaat en reënval wat daar aangetref word. Nou ontstaan die vraag: watter soort boerdery bestaan daar? Kan iemand 'n bestaan uit enige boerdery maak waar die saaibare grond so beperk is, die weivelde grootliks met gifplante besmet is, en die

reënval/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reënval so laag is? Eintlik sal 'n ander vraag later ontstaan, naamlik: kan daar wel van boere en boerderye gepraat word? Die eienaars besit slegs klein stukkies grond waarop in voorspoedige jare nie baie meer as net vir die eie gebruik gewen kan word nie - om nie eens van droogtetydperke soos die afgelope aantal jare, te praat nie. Daarby is daar ook nog allerlei plae wat verdere hoop op voorspoed verydel.

(a) Gemeenskap A:

Die bewerkbare grond wat hier slegs 'n klein gedeelte van die hele plaas uitmaak, is baie vrugbaar en feitlik enige graansoort behoort daar te aard. By A1 sou die landjies besproeibaar gewees het indien daar wel water was, terwyl in A2 water weer volop is, maar dit kan nie tot by die lande gebring word nie.

Tans word hoofsaaklik mielies in die somer en koring in die winter gesaai. 'n Klein bietjie kafferkoring word hier en daar aangetref. Eintlik is die boere nie baie begerig om ander graansoorte te saai nie. Die redes is gewoonlik:

(i) Hulle het dit so van hulle vaders en grootvaders gekry en gevolglik glo hulle dat hulle nie daarvan mag wegbreek nie.

(ii) Mieliepap en brood is hulle daaglikse voedsel, met baie min afwisseling by wyse van vleis en groente. Om nou aartappels te plant in die plek van mielies, sal beteken dat hulle hul oes net so sal moet verkoop en daarvoor mielies koop. Dit bring weer die moeite om dit te vervoer wat volgens hul mening ook nie winsgewend sal wees nie.

Die/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bewoners is heeltemal tevrede om jaarliks net hulle eie voedsel te produseer. Tog is daar 8 boere wat van hierdie ou beginsel weggebreek het. In gemeenskap A1 is daar byvoorbeeld een boer (hy is nie van die ander familie nie) wat 'n paar duisend amandel- en perskeboompies aangeplant het. Hy het gedurende die seisoen 1952 reeds die voordeel daarvan begin ondervind. Ook het hy groot lappe aartappels en patats geplant. 'n Ander boer in A1 het in 1951 reeds met 'n groenteboerdery begin. Hoewel hy baie terugslae ondervind, is dit egter nog meer betalend as mielies. Die moeilikheid is dat hy te ver van 'n mark is. Teen die tyd dat die groente hul bestemming bereik, is dit reeds stokoud en waardeloos. In gemeenskap A2 is 'n groter aantal boere wat besef dat hul grond te klein vir mielieproduksie is. So is daar 'n aantal wat die waarde van koljander-verbouing ingesien het. Op dieselfde stuk grond haal hulle heelwat meer uit die koljanderoes as byvoorbeeld uit koring. Dan is daar ook ses boere wat hulle meer op die produksie van tabak toelê. Hierdie boere wat van die ou tradisie afwyk, is die jongere geslag wat 'n bietjie meer selfstandigheid en inisiatief aan die dag lê.

Daar is in gemeenskap A2 voldoende water, dog die probleem is om dit vir besproeiingsdoeleindes te kan gebruik. En tog kan enige boer wat oor 'n geringe kapitaal en oor deursettingsvermoë beskik, die water ten volle benut. Al wat daarvoor nodig is, is 'n kragkop met 'n paar pype, sodat die water op die wyse na die hoërliggende lande uitgepomp kan word. Die boere besef egter dat dit kapitaal sowel as inisiatief en arbeid sal meebring; daarom beskou hulle die inspanning nie in verhouding met

die/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die moontlike voordeel nie. Enersyds ontbreek die kapitaal en andersyds bestaan slegs 'n wilslapheid.

Die voorgeslagte het egter blykbaar meer inisiatief besit. Onder andere is daar nog 'n groot ou waterwiel te sien. Hoewel dit vir jare in die hande van die nageslag gebly het, het dit tog later na 'n vooruitstrewende boer oorgegaan. Die meul wat deur water aangedryf word, kan dag en nag sonder enige uitgawe loop. Dis te begrype dat dit 'n goeie bron van inkomste is want almal laat daar maal. Die waterwiel verskaf elektriese krag vir die plaaswoning en trek ook nog 'n waterpomp. Hierdie boer het groot stukke grond van die erfgename gekoop. Op dele van die grond het hy etlike honderde vrugtebome geplant. Verder sorg hy ook dat daar niks van die lande verlore gaan nie. Alles word ten volle benut. So word varke met die perskes wat van die bome afval, gevoer. Hy het gedurig 'n aantal varke wat vir die mark gevoer word. Ook hou hy 'n aantal beeste aan wat teen hoë pryse op die mark van die hand gesit word. Dan word nog baie mielies, koring, koljander, hawer en selfs rys gesaai. Die gesin het 'n winkel op die plaas en ook die posagentskap. As alle boere die water en grond op só 'n wyse benut het, sou die meeste sekerlik welgesteld gewees het.

Verder is daar 'n baie interessante spoor wat deur een van die ou voorvaders nagelaat is en wat vir die huidige boere van onskatbare waarde is. Hierdie ou voorvader, so word vertel, het altyd die gedagte gehad dat, aangesien die water (ongeveer 'n myl vanaf die „Oog") baie laag tussen twee reekse lang randjies loop, dit op die een of ander manier hoër teen die rand uitgelei kan word. Sy vriende en bure het eers geen waarde aan hierdie plan geheg

nie/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie, maar later het op sy aandrang 'n aantal van hulle aan die werk gespring en 'n voor uit die oorspronklike stroom water begin grawe. Die enigste instrumente wat hulle gehad het, was glo 'n skietlood, 'n waterpas en nog ander klein benodigdheidjies. Feitlik elke tien treë moes die aspirant ingenieur op sy maag gaan lê en korrel en aan sy helpers beduie waar hulle moet grawe. So het dit vir 'n hele paar myl aangehou. Vandag is dit interessant om te sien hoe die water van onder uit die spruit „opdraend" loop, totdat dit later hoog bo-op die randjies langs gaan. Vandaar benut 13 jonger boere dit om die graan nat te lei. Hierdie onderneming was 'n groot sukses en is vir die paar boere baie werd. Meer as een ingenieur het al sy bewondering oor die besondere opmetingsvermoë van die voorvader uitgespreek.

As bewys van hierdie ou patriarg se vernuf, dien nog die volgende vermeld te word. Die waterwiel is nie direk in die stroom van die fontein nie. Op dieselfde wyse as so pas beskryf, word water uit die hoofstroom gelei waar dit oor die waterwiel loop en vandaar val dit weer in die hoofstroom. Die huidige eienaar van die plaas en van die waterwiel wou graag die water nog hoër op uitlei, om sodoende 'n groter val op die waterwiel te kry. Daardeur sou die meule en alle ander meganismes 'n sterker krag hê. Ingenieurs van 'n welbekende firma van Johannesburg en Pretoria is laat kom om vas te stel of dit wel moontlik was. Na twee dae se opmetings met allerlei instrumente is hulle daar weg en kon hulle nie presies vasstel of die stroomwater hoërop gelei kan word nie. Hierna is die ou voorvader wat toe reeds baie oud was, genader omtrent die nuwe plan. Met sy eenvoudige instrumente het hy

begin/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begin werk, self plat gelê en gekorrel, verskuif en weer gekorrel totdat hy teen die namiddag vasgestel het dat die voor nie meer as 3 tot 4 duim gelig kon word nie. Hierdie prestasie is des te merkwaardiger deurdat hy heeltemal ongeskoold was.

(b) Gemeenskap B:

Die bewerkbare grond vir saaidoeleindes, vorm in hierdie gemeenskap 'n groter persentasie as by die vorige een. Feitlik enige graansoort sal hier aard indien daar voldoende water vir besproeiing was. Dit is gedeeltelik die rede waarom die bewoners hulle nie baie meer op saaiboerdery toelê nie. Die ander rede is, dat hoewel daar meer bewerkbare grond as by A is, dit nie bewerk word nie omdat die reënval ook hier te laag is vir graansoorte. Buitendien is daar ook nog baie bosse wat dit 'n geweldige taak sal maak om hulle uit te kap. Te oordeel na die klimaat, algemene geaardheid van die bodem en grassoorte, moet ons sê dat dit eintlik 'n beter beeswêreld is. Weens die krimping van die gronde, kan daar nie meer sprake van 'n beesboerdery wees nie. Daarom is die boere genoodsaak om hulle meer op gemengde saaiboerdery toe te lê. En wat die saaiboerdery betref, kom dit hoofsaaklik neer op mielies in die somer en koring in die winter, met grondboontjies as 'n bykomstige produk. Laasgenoemde sal waarskynlik beter aard, maar om redes wat voorheen genoem is, verkies die boere om dit nie op groot skaal te kweek nie.

Die bewoners in dié gemeenskap word, net soos by gemeenskap A, van staatsweë só met pensioene onderhou, dat hulle nie juis omgee wat van hul oeste word nie. Hulle soek selfs uitweë om nie mielies of koring te saai nie en

gewoonlik/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewoonlik kry hulle 'n goeie skuifmeul in die vorm van droogtes of gebrek aan behoorlike landbougereedskap.

Die enkele boere wat wel 'n beesboerdery het, sukkel baie om vooruit te kom. Gedurende jare soos 1949 en 1951 toe daar goeie reën geval het en die boere gedink het dat hulle 'n goeie prys op die mark vir hul beeste sou behaal, moes hulle drie weke na die eerste reën tot die ontnugtering kom dat die beeste in groot getalle begin vrek. By nadere ondersoek het die oorsaak 'n klein bossietjie, die sogenaamde „Gou-siekte-bossie", geblyk te wees. Sommige persone, byvoorbeeld die plaaslike onderwyser, het 'n skade van nagenoeg £800 gehad. Die minder-gegoedes het minder beeste verloor, hoewel die verlies na verhouding waarskynlik groter was.

Gif in die veld is elke jaar 'n vrees by die kleinbeesboere. Pogings word gelukkig deur enkele boere aangewend om hierdie gifplant uit te roei of af te kamp. Die probleem is egter dat almal nie glo dat dit gif is nie. Die ou boerebygeloof speel nog 'n belangrike rol. 'n Paar boere is naamlik van mening dat die moeilikheid aan die feit dat die betrokke boere hul veld in die voorjaar in plaas van die najaar gebrand het, toe te skryf is. Ander boere het weer allerlei ander menings en hulle glo alles behalwe wat die veearts bepaal het, selfs nadat die bossie aan hulle getoon is. (Hierdie bossie bot baie vinnig na die eerste reën, met die gevolg dat hy reeds lowergroen is, terwyl die gras nog nie iets werd is nie. Later na die reën wanneer die gras eers weer bygekom het, pla die beeste nie om aan die bossie te vreet nie.)

Droogtes lewer natuurlik, net soos by ander gebiede, ook hier die probleem. Wat die saak egter vererger, is

dat/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat die gronde so klein is dat kampbeweiding nie toegepas kan word nie. Tydens die ondersoek in die gemeenskap gedurende Oktober en November het die ondersoeker meer as een boer gehelp om van die beeste wat van maerte omgeval het, weer op te tel. Sulke diere sukkel baie en selfs as hulle gevoer word, lyk hulle te swak om te vreet.

'n Geloof wat seker by 80 persent van die boere bestaan, is dat die veld elke jaar gebrand moet word, „sodat daar vroeg veld vir die beeste is". Daar is geen sprake van 'n vooraf beplande brand waar miskien net 'n gedeelte afgebrand word nie. Die hele veld word gewoonlik aan die brand gesteek. Ook moet die buurman dan self die vuur keer as hy sy veld nie gebrand wil hê nie. Dit gebeur dikwels dat die veld net na die winter afgebrand word terwyl die reën dan nog lank wegbly. Die gevolg is dat die boere met hul vee moet trek terwyl dit nie altyd so maklik is om by ander boere vir die vee weiding te kry nie.

(c) <u>Gemeenskap C</u>:

Hierdie gemeenskap is tot staatsnedersetting geproklameer om aan behoeftige gesinne deur middel van soutproduksie wat die nedersetting gebied het, 'n heenkome te verskaf. Gedurende die verloop van jare was daar altyd 'n lewendige belangstelling van die kant van die boere in die omgewing in die nedersetting. Die plaas is in sy geheel ongeveer 5,200 morge groot. 'n Gedeelte om die soutpan is opgesny in hoewes wat in grootte van 12 tot 16 morge wissel. Die res van die plaas word as gemeenskaplike weiding vir die nedersetters se diere gebruik.

Wanneer 'n boer in die omgewing miskien 'n sukkelbestaan gemaak het, het hy alles verkoop en aansoek om 'n hoewe gedoen. Die voorwaardes waarop 'n persoon 'n hoewe

kan/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan huur, is so gerieflik dat dit feitlik altyd voordelig is. So 'n persoon kry 'n hoewe wat ongeveer 12 tot 16 morge groot is (dit grens aan die soutpan), hy betaal £1 huur per jaar, kry onbeperkte gebruik van die gemeenskaplike weiveld, op sy perseel kan hy maak net soos hy wil en hy is aan niemand iets verskuldig nie. Dit bly egter altyd staatseiendom.

Met die verloop van jare het die soutproduksie as gevolg van ongunstige toestande tot 'n minimum gedaal. Sommige bewoners produseer nie meer sout nie en selfs die jaarlikse „soutkoning" (dit is die persoon wat gedurende die jaar die meeste sout geproduseer het) se produksie is nie veel meer as vier tot vyf sakke sout nie. Die nedersetting beantwoord dus nie meer aan sy oorspronklike doel nie.

Tans is beesboerdery die belangrikste wyse van bestaan in die gemeenskap. Hierdie gedeelte van Transvaal is by uitstek 'n beeswêreld. Diere is deur die jaar vet en daar is ook baie min siektes of terugslae wat met dié soort boerdery ondervind word. Daar is dan ook twee boere wat die voordeel wat hierdie boerdery inhou, ten volle benut. Hulle besit meer as 80 beeste elk en die boerdery is steeds besig om uit te brei. Die gevaar van grootskaalse boerdery met beeste is oorbeweiding, en wanneer die veld uitgetrap is, ly almal skade. As daar 'n beperking op die aantal beeste was, sou hierdie moeilikheid nie ontstaan het nie. Hoewel elkeen in die gemeenskap hierdie geleentheid kan benut, is daar tog 'n paar wat nie eens 'n koei of kalf besit nie.

Benewens die beesboerdery lê elke bewoner hom nog in 'n geringe mate op saaiboerdery toe. Om mielies hier te saai, is byna buite die kwessie. Dit is te warm, met die

gevolg/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevolg dat daar baie plae soos ruspes en die stronkwurm is wat die mielie-oes laat misluk. Nogtans saai sommige een tot twee morge mielies. Soms is dit slegs goed genoeg om die diere daarmee te voer, en af en toe is 'n bietjie vir eie gebruik oor.

Grondbone en kasterolie word in 'n redelike mate met sukses geplant, veral laasgenoemde vind in die later jare baie byval. Katoen is egter op die oomblik die gewildste produk. Hierdie plant moet 'n warm klimaat hê en dit is goed teen droogte bestand. Die voordeel is dat dit nie elke jaar opnuut gesaai word nie. Een katoenland kan byvoorbeeld maklik vyf jaar staan voordat dit te oud word - die drag vermeerder na elke jaar. Ongelukkig het daar 'n plaag (die bolwurm) in die katoen gekom wat die oeste aansienlik laat krimp het. Nog geen bestrydingsmiddel is daarvoor gevind nie.

Water is baie skaars, met die gevolg dat geen wintergesaaides of gesaaides wat baie water vereis, gesaai kan word nie.

'n Paar boere „verdryf die tyd" deur die maak van meubels. Opvallend is dit dat wanneer 'n mens in die armoedige huisies kom jy deur die swaar, soliede meubelstukke, gewoonlik van tambotiehout, getref word. Dit is nie baie netjies gemaak nie, dog heel dienlik. Dié meubels is meesal deur die gesinshoof self vervaardig. Hierdie houtsoort wat vandag baie duur is, kry die boere daar verniet of halfverniet. Hoewel al baie uitgedun, word in die omgewing nog 'n paar tambotiebome aangetref. Sulke meubelstukke, veral leunstoele, word dikwels vervaardig om teen 'n baie lae prys van die hand gesit te word.

Die bogenoemde omstandighede dwing die bewoners om op verskillende maniere hul lewensbestaan te probeer maak.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk III.

## DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENSKAPPE EN DIE ONDERVERDELING VAN DIE PLASE.

### 1. Inleiding.

Om 'n behoorlike begrip te kry hoe die verskillende gemeenskappe ontstaan het, is dit nodig om 'n kort geskiedkundige oorsig in hierdie verband te gee. Aanvanklik is die maatskaplike sowel as die ekonomiese grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing deur die stigting van 'n voedselstasie bepaal. In 1652 het die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in die hawe van Tafelbaai 'n verversingstasie opgerig, teneinde sy skepe met die heen- en terugreis na die verre Ooste van vars voedselvoorrade te voorsien. Aan permanente vestiging of kolonisasie was geensins gedink nie. Omrede die streng beperkende voorwaardes aan die verversingstasie verbonde, is inderdaad die kiem van 'n trekkersgees gelê - 'n gees wat verder deur die bodemgesteldheid van die onbekende Suidland sou aangevuur word en wat tot vandag toe nog nie uitgesterf het nie.

Vyf jaar nadat die verversingstasie gestig is, het die owerheid aan nege van sy amptenare verlof toegestaan om as vryburgers 'n lewensbestaan te maak. Hierdie nege families het dus die eerste blanke vestiging op Suid-Afrikaanse bodem gevorm. Aan die begin is hulle lewensbestaan deur 'n owerheid wat sy eie belange bevorder het, aan bande gelê en deur 'n fisiese omgewing aansienlik belemmer, maar juis hierdie faktore het in hulle die trekkersgees laat ontkiem, wat in die toekoms die verspreiding van die bevolking grotendeels sou bepaal. Die verspreiding het dus in 1657 reeds begin en omstreeks 1658 het die blanke

bevolking/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevolking saam met sy eerste koloniste 'n getalsterkte van ongeveer 57 gehad.

Die selfstandigwording van die Afrikaner of te wel die volkswording in Suid-Afrika, veral in sy historiese perspektief gesien, kan gerieflikheidshalwe in verkillende tydperke ingedeel word.

## 2. Die jare tussen 1657 en 1830.

Hierdie tydperk staan as die trek na die oostelike binneland bekend. Dit was 'n trek weg van die gevestigde lewe af en het die vorm van 'n trekkerslewe aangeneem. Die trek was nie soseer om weg van die bemoeisieke owerheid te kom nie; dit is deur die inwerkende kragte van die bepaalde tydvak moontlik gemaak. Daar was geen behoorlike mark vir die koliniste se landbouprodukte nie; die veehandel met die Hottentotte het voordeliger as die wisselvallige akkerbou geblyk te wees; die jag het in 'n diepgevoelde lewensbehoefte voorsien; en die onbekende en onbewoonde uitgestrekte wêreld het die ondernemingsgees van die eerste pioniers geprikkel. Met ander woorde, die trekgees is opgewek en die trekkerslewe het 'n aanvang geneem. Later jare het dit tot 'n ingewortelde trektradisie ontwikkel.

Hoewel hierdie verspreiding na die binneland as baanbrekerswerk beskou kan word, die ongetemde land bewoonbaar gemaak en die weë gebaan is wat in latere jare gevolg sou word het dit egter nie daartoe bygedra om 'n fondament vir die gevestigde landboubedryf te lê nie. Die beskawing is weliswaar in die onbeskaafde binneland ingedra, maar uit die aard van die saak is die landbou baie verwaarloos. Die markte vir landbouprodukte was verafgeleë en in teenstelling daarmee was die veehandel met die inboorlingrasse

vir/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir die pioniers tot groter voordeel. Daarby het die jagterslewe ook 'n ivoorhandel in die lewe geroep wat in baie opsigte meer voordele as die landboubedryf ingehou het.

Die stelsel van leningsplase waardeur die veeboer 'n plaas van die owerheid kon huur om daarop te woon solank hy die huurgeld betaal, was ewemin vir die landbou bevorderlik, veral omdat die huurder nooit eienaar van die grond geword het nie en sy kinders weer nuwe grond moes aanvra of verder die binneland intrek. Die veeboer het inderdaad trekboer geword. Daar was natuurlik die boere wat hulle permanent op huurgrond gevestig en die landbou met sukses beoefen het, maar die omstandighede was sodanig dat die veeboer met verloop van tyd tog maar die pionier geword het.[1)] Hierdie trekgees wat later 'n tradisie geword het was nie bevorderlik vir ontwikkeling van die landbou as bedryf nie. Wilcocks beskryf dit as volg: „Die jagterslewe is daarop bereken om 'n geestelike habitus te ontwikkel waarby veel gesoek word na, of gewag word op, 'n gunstige geleentheid wat hom per geluk mag aanbied, en werk so ongunstig op die ontwikkeling van gewoontes wat nodig is vir 'n versiende geduldig-opbouende boerdery-methode."[2)]

Verder is dit duidelik dat die verspreiding van die bevolking 'n selfversorgende boerestand in die lewe geroep het wat in sy eie behoeftes voorsien en 'n baie eenvoudige

---

1) Nepgen, C.C.: Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, p.54.

2) Wilcocks, R.W.: Psychologiese Verslag: Carnegieverslag Deel II, p.8.

lewensbestaan/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewensbestaan gevoer het. 'n Hoë lewensstandaard is nie gestel nie en die boere het met 'n minimum lewensgeriewe klaargekom. Almal was ewe ryk of arm, of soos Grosskopf dit gestel het: „Oor die algemeen, moet ons egter erken, was die lewenswyse van die ouer binnelandse boerebevolking baie eenvoudig - meesal nie beter as die van 'n klas wat vandag op die platteland as armoedig beskou sal word nie. Aan voedsel vir die liggaam het dit wel nie ontbreek nie, ofskoon die tafel, selfs van welaf boere (as 'n mens hulle goed uitvra) volgens ons smaak uiters eentonig was. Stywe veeboere het hoofsaaklik van vleis, brood en melk gelewe, maar moes dikwels maande lank self swart koffie drink. Die armes kon meesal in die oorvloed van kos deel, omdat die rykeres soveel ander behoeftes van die huidige tyd nie geken het nie, of eenvoudig nie kon bevredig nie. En wildvleis was nog volop."[3]

So selfversorgend was die trekboer dat hy nie net boer was nie, maar ook skoenmaker, timmerman, messelaar en karweier. Sy vrou was die kleremaakster. Sy het self gebak, geslag, seep gekook en kerse gemaak.

Die afgesonderdheid het die pioniers in die binneland tot veelsydigheid en tegniese vindingrykheid gedwing, sodat daar met verloop van tyd op die grense van die Kaapkolonie 'n soort pionier ontwikkel het wat vir homself kon sorg en sonder enige beswaar met 'n tentwa en 'n geweer die onbekende wildernis binne kon trek. P.J. van der Merwe sê dat as ons die selfstandigheid, die onafhanklikheidsin, die deursettingsvermoë en die ekonomiese uithouvermoë van die

---

[3] Grosskopf, J.F.W.: <u>Plattelandsverarming en Plaasverlating: Carnegie-verslag Deel I</u>, p.72.

Voortrekkers/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voortrekkers goed wil begryp, ons nie die vormende invloed van die maatskaplike omgewing waaruit hulle gekom het, uit die oog moet verloor nie.[4)]

Wanneer ons dus die plattelander in sy afgesonderde gemeenskappe van vandag wil verstaan en begryp, moet hierdie eerste tydperk van volksverspreiding in gedagte gehou word.

### 3. Die jare tussen 1830 en 1860.

Hierdie tydperk word veral deur die trek na die Noorde gekenmerk. Die ooswaartse verspreiding het op die oostelike grens met die weswaartse bewegende Bantoerasse in botsing gekom en het derhalwe vir 'n noordwaartse rigting plek ingeruim. Voor hierdie noordwaartse trek was die bevolking van die Kaapkolonie reeds oor 'n oppervlakte van 120,000 vierkante myl versprei.[5)] In die eerste tydperk is die Kaap met 1820 se Britse setlaars wat min of meer 6,000 siele getel het, versterk.

Aan die begin van hierdie tweede tydperk is die bevolking andermaal met 5,000 Engelse immigrante versterk en teen die einde van hierdie tweede tydperk is weer ongeveer 4,000 Duitse soldate en 2,000 Duitse immigrante by die bestaande bevolking gevoeg. Groot getalle van hierdie immigrante het na die binneland getrek om daar 'n selfstandige bestaan te probeer voer.

As gevolg van die trek wat hoofsaaklik noordwaarts was, het 'n groot gedeelte van die oostelike bevolking ook nog

---

4) Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe 1938. „Wie was die Voortrekkers", deur P.J. van der Merwe, p.38.

5) Grosskopf, J.F.W.: a.w., p.31.

verder/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verder die binneland in versprei. Die oostelike Kaap-kolonie word derhalwe deur 'n gedeelte van sy mees vooruit-strewende veeboere beroof. Die toenmalige Engelse goewerneur, Sir Benjamin D'Urban, skryf in 'n brief aan Lord Glenelg (29 Julie 1837) dat dit bitter jammer is dat 'n groot gedeelte van die boere wat die Kolonie verlaat het, tot die oudste en fatsoenlikste inwoners van die distrikte waaruit hulle afkomstig was, behoort het en dat die **vertrek** van hierdie onverskrokke, geduldige, arbeidsame, ordelike en godsdienstige mense 'n onberekenbare verlies vir die Kolonie beteken, in watter lig die emigrante ook al beskou word; as die verbouers van die grond of as die verdedigers van belastingbetalers van die land wat hulle verlaat het en waaruit hulle vanselfsprekend ook al hul vaste eiendom en roerende goed soos beeste, skape en perde saamgeneem het. Die waardevolste gedeelte van die platte-landse bevolking is dus onherstelbaar verlore.[6)]

Die Voortrekkers is beskou as die „waardevolste gedeelte" wat daarop dui dat hierdie groep op maatskaplike en ekonomiese gebied toonaangewende mense was. Daar was sekerlik ook die meer behoeftiges, veral as gevolg van die voortdurende strooptogte van die kafferstamme, maar oor die algemeen was die grootste gedeelte, mense wat as welvarend beskou kon word.

Hoewel faktore soos vrystelling van slawe, ontevreden-heid met 'n onsimpatieke owerheid, swak bemarkingstoestande ensovoorts belangrik was, kan dit tog nie as die enigste oorwegings in verband met die Trek genoem word nie.

---

[6)]Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe 1938, t.a.p., p.79.

Vanuit/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vanuit 'n sosiologiese oogpunt gesien, moet die Trek ook verklaar word in die lig van al die omstandighede soos in die vorige tydperk aangetref. Gedurende 'n periode van bykans twee eeue het die trekgees van die selfversorgende boerestand genoeg tyd gehad om tot 'n trektradisie te ontwikkel. En gedurende hierdie selfde periode het die trekkerslewe en wordende trekkerstradisie die vryheidsin van die pionier aangewakker. Dit verklaar die stigting van twee republieke Transoranje en Transvaal in 1854.

Wanneer daar 'n moeilikheid opduik en 'n vreemde oorheerser op onsimpatieke wyse met die belange van die trekkers in stryd gekom het, het 'n botsing ontstaan as gevolg waarvan 'n ideëstryd 'n logiese uitvloeisel was. Om aan hierdie botsende belange en ideëstryd te ontkom, het die reeds gewortelde trektradisie 'n uitweg uit die moeilikheid getoon. Die manifes deur Piet Retief kort voor sy vertrek uit die Kolonie uitgevaardig, bring hierdie ideëstryd duidelik aan die lig. Hoewel die historici nie juis die trekgees as 'n grondoorsaak van die Trek erken nie, moet nogtans nie uit die oog verloor word nie dat die grensboere met die trekkerslewe bekend was en dat die trekgees reeds by hulle 'n tradisie geword het. S.F.N. Gie, erken in 'n mate die trekgees as 'n newe-oorsaak van die Trek.[7] In elk geval, dit het grotendeels daartoe bygedra om 'n uitweg uit die moeilikhede te vind.

Die noordwaartse beweging was 'n trek weg van die destydse vestiging en daardeur is die woeste binnelande deur die trekkers vir die beskawing verower. Die trek

---

[7] Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika; of, Ons Verlede, Deel 2, p.295.

van/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van hierdie gedeelte van die bevolking het wel die land van 'n gedeelte van sy waardevolste bewoners beroof, maar die wins vir die toekoms van Suid-Afrika was groter as die verlies vir die Kaapkolonie. Die gevolge was duidelik: „Die plan mag klein gewees het, die uitwerking was kolosaal groot. Hier weer het die geskiedenis skeppend gewerk en resultate gelewer ver bo die gedagtes van selfs die mees versiende onder die Voortrekkerleiers."[8)]

## 4. Die jare tussen 1860 en 1890.

Gedurende hierdie tydperk kom die verspreidende voorhoede van die Trekkers stadigaan tot 'n stilstand. Die rustelose lewe wat hulle gevoer het, begin allengs vir 'n meer gevestigde lewe plek maak. Die Vrystaat en Natal is aanvanklik as vestigingsoorde uitgekies, maar weens die anneksasie van Natal is dié gebied ontruim en die wegtrekkende pioniers het hulle in die Transvaal gevestig. Die beste streke ten opsigte van weiveld en klimaat is uitgekies. En nou breek 'n periode aan waarin die voorhoede van die Trekkers hul eie state kon stig en inrig.

Die trektradisie was nog lewendig. Die selfversorgende boerelewe was in swang en hiervolgens sou die boerestate ingerig word wat in die maatskaplike raamwerk van die trekkersbeskawing met sy ideaal van vryheid en onafhanklikheid sou inpas. In hierdie state sou hulle hul vryheid beërwe en 'n onafhanklikheid en selfstandigheid ontwikkel soos nêrens anders vir hulle moontlik was nie.

---

8) Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe 1938. „Die Daad groter as die Plan" deur J.C. Smuts, p.9.

Elke/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elke boer was sy eie baas. Die patriargale lewenswyse was sterk op die voorgrond. Hulle het self die beskawing in die nuwe vaderland ingedra. Ofskoon die bande met die buitewêreld feitlik afgesny was, het hul kenmerkende godsdienstige en hoogstaande sedelike lewe hulle van agteruitgang en verval gevrywaar.[9] Hierdie afgesonderde lewensbestaan het daartoe bygedra om 'n sterk individualistiese gees by die boere te laat posvat. Dit het dan ook daartoe aanleiding gegee dat die klem meer op die belange van die enkeling as op dié van die gemeenskap geval het. Trouens, nie alleen die afgesonderdheid van die buitewêreld nie, maar ook die yle verspreidheid van die bevolking oor 'n uitgestrekte land was vir 'n gees van samewerking nie eintlik bevorderlik nie. Aldus Nepgen: „Nog 'n trek wat by die Afrikaner deur sy geloof van 'n eie roeping te hê, aangemoedig is, is sy individualisme waarmee verbind is 'n sterke vryheidsdrang. As individualis is die Afrikaner jaloers op sy regte; wantrou hy maklik sy leiers dat hulle hom in sy regte te kort sal doen; en vind hy dit moeilik sonder wrywing saam te werk en met sy mede-Afrikaners te koöpereer. Tog ten spyte van die sterkte van sy individualisme is die Afrikaner nie geneig om wetteloos of lisensieus te wees nie."[10]

Die verspreiding en aanwas van die bevolking in die binnelande het nie slegs op 'n natuurlike wyse binne die

---

[9] Cronjé, G.: <u>Die Huisgesin in die Afrikaanse Kultuurgemeenskap</u>. Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel I, p.325.

[10] Nepgen, C.C.: a.w., p.110.

grense/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grense van die noordelike state plaasgevind nie; nee, die weg was daarheen gebaan en mense in die Kaapkolonie wat veral deur ekonomiese omstandighede gekwel is, het ook daarheen verhuis. Die verhuising van die suide na die noorde het voortgeduur en in latere jare selfs op groot skaal plaasgevind, sodat van 'n aanhoudende trek gepraat kan word.

Die selfversorgende en selfstandige patriargale boere het skielik voor 'n groot oorgangsperiode te staan gekom, waarop hulle nie voorbereid was nie. In 1867 word die eerste diamant ontdek en in 1869 „die ster van Suid-Afrika" aan die Vaalrivier. Jare hierna, naamlik in 1886, word goud in groot hoeveelhede aan die Witwatersrand ontdek. Dit het meegebring dat daar 'n algemene toestroming vanaf die suide asook 'n toestroming vanuit die buiteland na die diamant- en goudvelde was. Hierdie ontdekkings was dan ook die direkte oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899. Die ontdekking van diamante en goud het geen wesenlike invloed op die voortbestaan van afgesonderde gemeenskappe uitgeoefen nie. Daarom is dit slegs kortliks geskets.

## 5. Die aanlê van die verskillende plase van die gemeenskappe onder beskouing.

### A. Inleiding:

Dit was gedurende die jare tussen 1860 en 1890, soos onder die vorige tydperk behandel, dat die onderskeie familieplase onder beskouing aangelê is. Die aanleggers van die plase was van die eerste Voortrekkers vir wie die trekgees te sterk was. Hulle het steeds verder noordwaarts

getrek/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



getrek waar daar baie ruimte was en waar die een nie die ander sou hinder nie. Elke nuwe plaas wat aangelê is, was die laaste geproklameerde een. Daar word meegedeel dat daar wel waens dieper die Bosveld ingetrek het, maar dit was hoofsaaklik jagters wat later weer teruggekeer het.

Die proklamasie van plase het feitlik almal op dieselfde wyse geskied. Wat die wyse van afbakening betref, moes met literatuur volstaan word, aangesien die huidige bewoners oor geen kennis daarvan beskik nie. Verskeie skrywers verwys na die metodes wat daarby gevolg is. So skryf G.G. Munnik onder andere: "Toe die land meer beset word, is dit besluit om die plase deur individuele boere gekies, af te baken. Daar hulle g'n landmeters had, moes hulle maar so op benadering te werk gaan, en die veldkornet, 'n voorname beampte, was met die afmeting belas. Dit was vasgestel dat elke plaas 3,000 morge groot sou wees, en na 'n rowwe berekening is dit besluit, dat elke kant van 'n plaas so ver was als 'n perd binne 'n sekere tijd in 'n stijwe stap kon aflê. Dit is merkwaardig dat die benadering biesonder juis was. Dit word egter gesê dat die veldkornet, als hij vir 'n vriend 'n plaas moes afmeet, 'n trippelaar bestijg het, maar was dit vir 'n vijand, dan het hij hom met 'n botterkop geraamte behelp."[11)]

Die grootte van die verskillende plase wissel van 2,800 tot 4,000 morg. Of hierdie groottes ook aan 'n goedgesinde of 'n vyandiggesinde veldkornet onderhewig was, kon nie bepaal word nie.

---

[11)] Munnik, G.G.: Kronieke van Noordelike Transvaal, p.15 - 16.

B./......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B. Grondverdeling en die aanlê van die afsonderlike plase:

Gemeenskappe A, B en C word weer afsonderlik behandel.

(a) Gemeenskap A:

Gemeenskap A in die Maricose distrik, kan, soos reeds beskryf, op sigself weer in twee verdeel word. Die een gedeelte is dié plaas wat as onderwerp vir die ondersoeker se M.A.-verhandeling gekies was en wat as A1 aangedui word en die ander is dié gedeelte wat ongeveer tien myl suidwaarts geleê is, en wat A2 genoem word. Omdat hierdie plaas meer suidwaarts geleë is, is dit voor A1 aangelê. Die enigste gegewens oor die aanleg van hierdie plase, kon van die Akte kantoor en die Landmeter-Generaal se kantoor verkry word. Selfs hierdie gegewens is nie volledig genoeg nie.

Hoewel die genoemde gegewens heeltemal betroubaar is vir die doel waarvoor dit gebruik is, is dit vir ons ondersoek nie akkuraat genoeg nie. So byvoorbeeld word die datum van registrasie van die een plaas A2 as 27 Maart 1860 aangegee. Dit val nie te betwyfel dat die plaas wel op die genoemde datum geregistreer is nie, dog dit is nog nie die datum waarop die plaas aangelê is nie. Dit het in daardie jare dikwels lank tevore geskied.

Omdat geen nader bepalende datum verkry kon word nie, word 27 Maart 1860 aanvaar as die eerste aanleg van die plaas. Die ander plaas A1, is op 19 Junie 1861 aangelê, dit wil sê, 15 maande na A2. Hierdie twee plase vertoon feitlik dieselfde geografiese eienskappe en hulle is onder dieselfde omstandighede aangelê. Hulle lê so na aan mekaar dat die bewoners gedeeltelik van mekaar familie is.

In dié verband moet daarop gewys word dat in die

Afrikaanse/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaanse taalgebruik 'n taamlike duidelike onderskeiding tussen _huisgesin_ en _familie_ ontstaan het. Met eersgenoemde word deurgaans vader, moeder en kinders bedoel. Hoewel _familie_ soms ook in hierdie sin gebruik word, het dit oor die algemeen tog 'n breëre betekenis gekry en sluit dit onder meer ooms, tantes, neefs en niggies in. Met die woord _familie_ word dan as't ware as die verband van bloedverwantskap tussen 'n aantal huisgesinne aangedui.[12)]

Die twee Trekkergesinne wat die genoemde twee plase aangelê het, was hoofsaaklik veeboere net soos feitlik al die ander Trekkers. Daarom het hulle voortdurend die binneland ingetrek onder andere om meer weiding vir hul vee te kry. Dit was eers nadat hulle hul permanent op die plase gevestig het dat die landbou aan die beurt gekom het.[13)]

Uit die geografiese gesteldheid het dit ook duidelik geword waarom die plase A1 en A2 juis op daardie plekke aangelê is. Die aantrekkingskrag van die waterryke fonteine, die vrugbare vleie en die weelderige plantegroei wat volop weiding vir die diere kon verskaf, was genoeg om enige Trekker tot stilstand te bring. Wild was volop en die Trekkers kon na hartelus ook hierdie honger stil. Hierdie twee plase het ten tye van die proklamasie uitstekende kanse gebied vir die aanlê van 'n ideale familieplaas. Die rede waarom die woord _familieplaas_ gebesig word, sal aanstons duidelik word.

(i) _Algemeen_:

Grosskopf verwys na hierdie besondere soort plase

---

12) Cronjé, G.: _Die Huisgesin in die Afrikaanse Kultuurgemeenskap_, t.a.p., p.323.

13) Coetzee, J.H.: _Verarming en oorheersing_.

as/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as afgesonderde plase.[14] Dit is gewoonlik plase wat langs riviere en waterryke klowe aangelê is volgens J.H. Coetzee.[15] Grosskopf verwys verder daarna as volg: "...... op die kleingedeelde plase in die Transvaal, met 'n bietjie besproeiing, is die lewenshouding deurgaans verskriklik armoedig. In een so 'n geval (in Rustenburg) was daar, op nie vol 600 morg nie, 21 huisgesinne en sowat 130 siele .... Alte dikwels lei die ouderlike strewe om volkome regverdig te deel - dus om aan iedere erfgenaam eweveel van elke soort grond of veld te gee - tot 'n versnippering en selfs verstrooiing van die dele. Sulke stukkies kan die eienaar dan baie keer glad nie behoorlik gebruik nie."[16] Dit is hieruit duidelik dat 'n plaas wat aan een persoon behoort het, na sy dood onder sy kinders verdeel word. P.J. van der Merwe stel dit ook duidelik: 'n Gewoonte wat onder die ou Boere-bevolking vry algemeen voorgekom het, is dat by die afsterwe van die vader van 'n gesin die kind of kinders die plaas of plase erf.[17] Soms het dit gebeur dat net die seuns erf, terwyl die dogters in verhouding met die waarde van die grond wat hul eintlik toekom, uitbetaal word. In gevalle waar die grond nie baie groot was nie, het slegs die oudste seun die grond geërf, terwyl hy aan die ander broers en susters hul deel moes uitbetaal.

Hierdie toestande is nie slegs aan Suid-Afrika eie nie. In Ierland word dit byvoorbeeld vandag nog in die

---

[14] Grosskopf, J.F.W.: a.w., p.114.

[15] Coetzee, J.H.: a.w., p.30.

[16] Grosskopf, J.F.W.: a.w., p.115 tot 116.

[17] Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, p.184.

landelike/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



landelike distrikte aangetref. Die gronde het reeds só gekrimp dat dit onmoontlik geword het om so 'n plaas (wat slegs maar 'n hoewe is) verder onder 'n hele paar kinders te verdeel.[18)]

Hierdie gebruik word ook tipies deur G. Cronjé as volg geskets: „Jare gelede het 'n waardige oubaas met die familienaam P hom met 'n huisgesin in 'n bepaalde distrik gaan vestig. Hy was inderdaad hoof van sy huisgesin ..... Die oubaas se vyf seuns het groot geword. Hulle het getrou toe hulle nog maar jonk was en die oubaas het op sy uitgestrekte grond vir elke seun 'n woonplek aangewys waar elkeen op sy eie gaan boer het. Die oubaas, die egte patriarg, het egter die hoof van alles gebly ..... Veeboere was hulle almal. Sonder die toestemming van hul vader kon hulle geen vee verkoop of verruil nie."[19)] Meer tiperend as bogenoemde kan die twee gesinne van plase A1 en A2 beswaarlik beskryf word. Hierdie patriargale familietradisie, een van die skoonste volkserfenisse van die Afrikaner, was sterk by die ou pioniers aanwesig.

(ii) Gemeenskap A1:

Die eerste eienaar van die gemeenskap A1 was 'n Duitser van oorsprong. Waarskynlik nog een van dié Duitsers van wie Van der Walt, Wiid en Geyer skryf: „Weens 'n tekort aan blanke koloniste het hy (goewerneur Grey) 'n proef geneem met Duitse immigrante. Ná die Krimoorlog het hy drie-duisend lede van die Duitse legioen beweeg om

---

18) Arensberg, C.M. en Kimball, S.T.: Family and Community in Ireland, p.3 - 31.

19) Cronjé, G.: Die Huisgesin in die Afrikaanse Kultuurgemeenskap, t.a.p., p.324.

na/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na Suid-Afrika te kom en daarna met 'n Hamburgse firma onderhandel vir die uitstuur van nog vier-duisend...."[20] Dit was ongeveer gedurende die jaar 1856.

Die ou Duitse Voortrekker het nege kinders gehad: vyf seuns en vier dogters. Soos die boere van ouds het hy in die eerste plek nie net aan sy eie belang gedink toe hy die plaas aangelê het nie, maar dié van sy kinders vooropgestel. Na sy dood is die plaas onder sy nege kinders verdeel, en wel op so 'n wyse dat agt van die dele aan die vleigrond grens en die negende buite die vleigrond lê hoewel ook dit goeie en vrugbare grond was. Die oorspronklike plaas wat 2,881 morg groot was, het na die verdeling uit nege dele van 320 morg elk bestaan. Hierdie plase was vir een persoon nog heeltemal groot genoeg om 'n goeie bestaan te maak, want water was volop en die boere het hulle al meer op gemengde boerdery begin toelê.

Later het die familietradisie met sy verreikende gevolge egter sy uitwerking laat voel. Hoewel nog in sy begin-stadium het die stelsel van grondverdeling hier 'n aanvang geneem wat later en selfs tot op die huidige 'n ingewikkelde stelsel geword het. Die probleem bestaan nie in die verdeling van die grond self nie, maar gaan veel dieper as dit en vir meer as een regering het dit al in die verlede hoofbrekings besorg.

Maatskaplike probleme soos verarming, veragterliking, ondertrouing, verstandelike minderwaardigheid, ensovoorts het begin opduik. Die tweede geslag is nou reeds almal heen en van hul kinders is daar nog net 'n paar wat lewe.

---

[20] Van der Walt, A.J.H., J.A. Wiid, en A.L. Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika. Deel I, p.357.

die/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die 320 morg van elk van die nege kinders is vervolgens ook weer vir húl kinders opgesny. Hoeveel kinders daar uit hierdie nege gesinne gebore is, kon nóg by die samestelling van die ondersoeker se M.A.-verhandeling in 1951 nóg by die tweede besoek in 1952 vasgestel word. Die name van slegs 'n paar familielede is in 'n familieregister opgespoor. Hierdie kinders van die tweede geslag het elkeen ongeveer 46 morg ge-erf as die gemiddelde kindertal per gesin op sewe gestel word. Van hierdie derde geslag is baie ook reeds oorlede en hul kinders, die huidige vierde geslag, is persone met ouderdomme wat wissel tussen 30 en 60 jaar. Uit onderhoude het geblyk dat die gemiddelde kindertal van die derde geslag ook op sewe gestel kan word, met ander woorde elkeen uit die vierde geslag het min of meer ses en 'n half morg grond ge-erf. Sommige van hul ouderdomme reik ook al na die 60 jaar en hul kindertal staan ook op sewe tot agt. As die grondverdeling dus ongehinderd voortgegaan het (soos by 'n paar wel die geval is), dan sou die kinders van die vyfde geslag met ouderdomme reeds tussen 15 en 45 jaar, nie eens een morg per persoon tot hul beskikking gehad het nie. Let wel, hier is slegs gesinne met 'n gemiddelde kindertal van sewe as voorbeeld genoem. Daar is gesinne met een of twee kinders, net soos daar gesinne was wat tot veertien kinders gehad het.

Een van die ongepubliseerde verslae wys daarop dat deur onderverdeling en ondertrouing die eiendomme so gekrimp en toestande so versleg het dat sommige van die nakomelinge nou slegs van drie tot vyf morge besit met 'n put as die enigste watervoorraad. Die eienaar praat dan gewoonlik met armgeswaai van „my plaas". Baie van hierdie grondeienaars kan slegs 'n koopbrief as besitbewys toon,

omdat/......

© University of Pretoria

omdat die grootte van die grond nie die koste loon om 'n transportakte te bekom nie.[21] As kaart 1 bestudeer word (bylae) kan 'n idee van die grondverdeling verkry word, dog soos pas aangehaal, besit sommige nie so 'n transportakte nie: dit wil sê die grond is onoffisieël verdeel en derhalwe is die verdeling nie by die Akte kantoor geregistreer nie. Die omvang hiervan is egter onbekend - volgens kaart 1 egter is die plase opgedeel in 108 dele.

'n Verslag van 1938 oor hierdie plaas verwys na die grondverdeling as volg: „Met die onderverdeling, koop en verkoop tussen die erfgename van hulle respektiewelike dele, besit sommige tans 'n taamlike groot stukkie grond, sommige slegs 'n paar morge terwyl ander daar heeltemal sonder is en by een of ander familielid woonagtig is."[22]

Gelukkig kan gesê word dat hierdie onderverdeling by alle families nie dieselfde afmetings aangeneem het nie. Daar is gesinne wat gelukkig tot die besef gekom het dat die grondverdeling nie onbeperk kan voortgaan nie. 'n Aantal van die bewoners het oorgegaan na die stelsel waar die oudste seun die grond erf terwyl hy die deel wat aan sy broers en susters toekom, uitbetaal - met hul goedkeuring. Om hierdie goedkeuring te kry, gaan soms gepaard met baie lang rusies, twis en kwaaivriendskappe.

So 'n voorbeeld kan genoem word in die geval van die ou vader, 'n baie gesiene persoon in die gemeenskap, wat vroeg in 1950 te sterwe gekom het. Terwyl hy nog op sy

---

[21] Ongepubliseerde verslag oor die ekonomiese en maatskaplike toestande op die plase ..... in die distrik Marico, deur 'n plaaslike skoolhoof, p.1.

[22] Verslag van 1938 deur die Volkswelsynsbeampte van Lichtenburg, p.1.

sterfbed/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sterfbed gelê het, het sy seuns en skoonseuns onder mekaar begin rusie maak oor die verdeling van die stukkie grond. (In die testament was slegs beskryf dat die grond tussen die kinders verdeel moes word, dog daar is nie beskryf watter gedeelte elkeen sou kry nie). Hierdie onenigheid het na die begrafnis van die ou vader so erg geword dat dit sekerlik op hofsake sou uitgeloop het as die kinders net geldelik in 'n sterker posisie was. Die groot moeilikheid het ontstaan deurdat die kinders nie ooreen kon kom hoe die grond verdeel moes word nie. Toe hierdie probleem onoorkombaar skyn te wees, het een van die kinders voorgestel om die grond van die ander uit te koop sodat dit dan net aan een persoon behoort. Hierdie voorstel het slegs verdere wrywing veroorsaak omdat die betrokkene toe as onderkruiper bestempel is. Na drie jaar leef die kinders nog in kwaaivriendskap met mekaar, terwyl die grond en die huis aan verwaarlosing oorgegee is. Een van die kinders huur 'n stukkie grond en 'n huis, aangrensend aan dié grond waarvan hy eendag, wanneer tot 'n ooreenkoms geraak is, 'n gedeelte moet erf.

Dit gebeur/ook dat die kinders mekaar se gronde uitkoop, want hulle besef dat 'n mens op vier of vyf morge grond geen oes kan maak nie. Dit geskied dan op 'n vrywillige grondslag.

Daar is natuurlik ander ouers wat nog erg konserwatief is en vir wie daar nog net die tradisionele erfstelsel bestaan. So 'n geval is die volgende: Die gesinshoof (uit die vierde geslag) het 35 morge grond besit. Hy het ses kinders gehad. Twee van die kinders sou binnekort trou. Toe aan hom gevra is wat met sy grond na sy dood gaan gebeur, het hy geantwoord dat dit sonder twyfel onder sy kinders verdeel gaan word; trouens, dit was reeds in sy

testament/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



testament so beskryf. Die implikasie was dat elk van die kinders nie vol ses morge sou erf nie. Op 'n vraag waarom hy die grond nie aan die oudste bemaak en die ander dan laat uitbetaal nie, het hy verontwaardig gelyk en gevra wat die ondersoeker dan dink, waar die ander kinders 'n „sitplek" gaan kry. Tydens die ondersoek in 1953 by die betrokke gesin, was die ou vader reeds oorlede en die grond was tussen die ses nakomelinge verdeel, met die ou moeder as gesinshoof wat die lewensreg op die grond tot haar dood behou.

Dit is opvallend dat die meeste gesinne al langs die vleie woon, met lande van 'n half- tot vier morge groot. Die stukkies erfgronde grens byna almal aan die vleie. Opmerklik is verder die feit dat die Carnegie-Verslag van 1932 ook die woord „sitplek" gebruik en Grosskopf skryf: „...... So vind ons ook dat juis die armes en minder bekwames veral die fout begaan om hulle grond in onbestaanbare stukkies onder al die kinders te verdeel. In die verwagting van hulle erfporsie en omdat hulle geen opleiding vir enige vak gekry het nie, bly die kinders in baie gevalle, en selfs weer hulle opgegroeide kinders, op die familiegrond sit." Op die vraag wat hulle met so 'n stukkie gaan aanvang, was die antwoord gewoonlik: „Dan het hulle tenminste hulle eie sitplekkie. ........ Daardie uitdrukking ,'n eie sitplekkie' kom 'n mens dikwels teë. En daar is nogal heelwat te sê vir dié opvatting ....."[23]

Om 'n duideliker beeld te kan kry hoe die gronde

---

[23] Grosskopf, J.F.W.: a.w., p.116 tot 117.

verdeel/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verdeel is, word weereens na kaart 1 in die bylae verwys. Op die kaart kan onder andere die vleie opgemerk word, en dit is veral aan hierdie vleigedeeltes waaraan die klein, smal stukkies grond grens. Die rede is eenvoudig dat dit die enigste gebied is waar die grond enigsins vrugbaar en bewerkbaar is.

Volgens die kaart is gedeeltes (d), (e) en (f), 6,494 vierkante voet, een morg, en twee-en-'n-half morg onderskeidelik groot. Hierdie kaart verteenwoordig eintlik twee plase wat aanmekaar grens, en dis duidelik dat die een plaas nie so erg verdeel is nie.

Ter verduideliking moet gesê word dat daar nie op elk van die stukkies grond 'n gesin woon nie en ook behoort elke stukkie nie meer aan 'n afsonderlike gesin nie. Sommige van die stukkies grond behoort wel nog aan afsonderlike gesinne, maar hulle bewoon dit net nie meer nie. Min van die gedeeltes kan in werklikheid op die plaas onderskei word aangesien die bewoners dit nie as lonend beskou om die gedeeltes te omhein nie. Die doel van die kaart is slegs om 'n aanduiding te gee hoe die plaas werklik verdeel is.

Interessant is die gegewens wat uit die Aktekantoor verkry is oor hoeveel eienaars reeds op die plaas was en vandag nog is. Die getal staan op 368.[24] Hierdie getal moet egter nie met die getal eienaars wat daar op een bepaalde tydstip was, verwar word nie. Hierdie 368 eienaars sluit in alle persone, vanaf 1861 by die aanleg van die plaas tot op 31 Desember 1952 wat grond op die

---

[24] Gegewens verstrek deur die Aktekantoor te Pretoria.

plaas/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaas besit het. Dit bly egter merkwaardig dat hierdie persone almal eienaars van die plaas of die gedeeltes daarvan binne die 91 jaar was! Tans is daar 84 eienaars wat die onderskeie 108 dele besit.

Tot dusver is getrag om 'n beskrywing te gee van die vorm wat die grondverdeling aangeneem en in watter mate dit met die loop van jare uitgebrei het. Die gevolge van sodanige verdeling sal verder elders in hierdie verslag behandel word. Aangesien die ontstaan van die familieplase ook reeds beskrywe is, sal die behandeling van die ander gemeenskapsplaas nie so breedvoerig wees nie. In feitlik alle opsigte is hulle identiek.

(iii) <u>Gemeenskap A2</u>:

Die gemeenskapsplaas A2 word met A1 as een gesamentlike gemeenskap gereken. Hierdie plaas is op 23 Maart 1860 op die eerste eienaar se naam getransporteer. Dit is 'n waterryke plaas wat ook bekend staan as die „Groot Oog van Marico". Dit is hier waar die Maricorivier sy oorsprong het. Die mense wat vandag in die gemeenskap woon, is egter nie die afstammelinge van die eerste eienaar nie. Laasgenoemde was nie tevrede met die grond nie, sodat hy dit vir 'n appel en 'n ei aan 'n volgende Voortrekker verruil het. Wat die presiese ruilmiddel was, kon nie bepaal word nie, dog dit was glo onder andere 'n span osse.

Hierdie ou pionier het hom permanent op die plaas gevestig. Van sy nakomelinge lewe daar nog baie in die gemeenskap. Hy het tien kinders gehad van wie drie op 'n jeugdige ouderdom oorlede is. Die plaas, wat 3,827 morg groot was, is onder die sewe kinders verdeel sodat elkeen 542 morge gekry het.

Let/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Let egter op dat die sewe dele van 542 morg elk, nie die volle 3,827 morge dek nie. Net soos die ander trekkers het hierdie een ook aan die toekoms van sy kinders gedink. Aangesien daar nog geen staatskole was nie, en privaatskole maar skaars, is die orige 30 morge aan 'n onderwyser gegee. Die gesinshoof wat finansieel sterk was, het in hierdie opsig 'n goeie ding gedoen. Sodoende is nog 'n skool gestig en kon die onderwyser - ene Fourie - die 30 morge as vergoeding ontvang. Sy 79-jarige dogter is nog in lewe en boer saam met haar 82-jarige man op die 30 morge grond. Hierdie feit moet beskou word as 'n waardevolle brokkie gegewe aangesien die meeste oues van dae reeds afgesterwe het en die oorlewendes nie meer so op hoogte van sake is nie.

Die grondverdeling het hier ook net so plaasgevind soos in A1, hoewel miskien in 'n geringer mate. Die derde geslag is byna almal oorlede, terwyl hul kinders ouderdomme het wat wissel tussen 30 en 60 jaar. Van laasgenoemde se kinders, naamlik die vyfde geslag, is baie ook reeds volwassenes. Die grootte van die gronde wissel tussen 5 en 90 morge.

Om 'n beeld van die grondverdeling op plaas A2 te kan kry, word verwys na kaart no. 2 in die bylae. Die „Oog" van die fontein is duidelik op die kaart te sien. Die meeste stukkies grond vorm 'n smal strokie wat in die „Oog" eindig, en soos gedeelte B aantoon is a-b slegs 60 voet breed. Die smal strokies is die vrugbaarste gedeelte en daarom grens so baie daarvan aan die „Oog".

Gegewens verkry van die Aktekantoor bewys dat daar sedert 1860 reeds 92 eienaars op die plaas was. Dit sluit ook net soos by A1, die eerste eienaar tot die gesamentlike

eienaars/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eienaars van 1952 in. Tans is daar 28 eienaars wat die 39 onderskeie dele besit.

Twee plase wat so naby aanmekaar geleë is, moet noodwendig tot gevolg hê dat oor en weer trouery sal plaasvind. Dit bring mee dat sommige van A1 se inwoners hulle op A2 kom vestig het en omgekeerd. Om hierdie rede word A1 en A2 dus as een gemeenskap gereken, hoewel daar tog onderling kleinere maatskaplike verskille tussen hulle bestaan.

(b) Gemeenskap B:

Hierdie gemeenskap bestaan uit drie betreklik groot bosveldplase wat aan mekaar grens. Die plase is tussen die jare 1860 en 1870 geproklameer. Die registrasiedatum van die een is 1861, dié van die tweede 1862, terwyl die derde s'n nie bepaal kon word nie hoewel tog aangeneem kan word dat dit ook min of meer gedurende hierdie tyd was. Met ander woorde, hierdie drie plase is nagenoeg dieselfde tyd as gemeenskap A aangelê. Kaart no. 3 in die bylae wys dan dat die drie plase 'n eenheid vorm. Volgens die gegewens verkry van die Landmeter-generaal, is die plase gedurende genoemde jare aan die eienaars toegeken (granted) dog dit is eers gedurende 1892 offisieël opgemeet - ongeveer 30 jaar later!

Oor die geskiedenis van die plase bestaan daar baie min gegewens. Daar is geen geskrewe dokumente nie en die huidige bewoners weet baie min daarvan af. Tog weet ons uit 'n paar geringer feite dat die plase ook hul oorsprong aan 'n ou Voortrekker te danke het. Die wêreld was nog woes en wild. Slegs hier en daar het 'n ander Trekkergesin gewoon. Pretoria was reeds aangelê. Genoemde ou

Trekker/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Trekker was 'n beesboer en daar was baie weiding nodig - iets wat natuurlik volop was.

Die een plaas het hy vir sy een seun, wat self al groot kinders gehad het, gegee; die tweede het sy skoonseun en dogter gekry terwyl hy en sy ander seun self op die derde geboer het. Hy self was al oud en het die meeste werk aan sy seun oorgelaat. Na sy dood het die seun in volle besit van die plaas gekom. Met die afsterwe van die twee broers en die swaer, het die grond weer oorgegaan in hul kinders se hande volgens die tradisionele grondverdeling en op die wyse is dit net soos by gemeenskap A versnipper. Die grond is hier egter nie so erg verdeel nie. Die rede is dat in dié gebied hoofsaaklik met beeste geboer word, terwyl saaiery 'n nuwe-inkomste is.

Op hierdie stadium moet daarop gewys word dat 'n oud-onderwyser van die plaaslike skool, meer as die helfte van die een plaas uitgekoop het, terwyl 'n ander onderwyser, tans nog verbonde aan die skool, 'n groot gedeelte van die ander plaas van die erfgename gekoop het. Verder het ook wyle majoor Pretorius, die bekende Oos-Afrikaanse grootwild-jagter, 'n groot gedeelte van een van die plase uitgekoop. Die ander gedeeltes wat nog in die hande van die erfgename is, is reeds in klein brokkies opgedeel soos in kaart no. 3 gesien kan word. Beesboerdery is natuurlik nou iets van die verlede omdat die grond daarvoor geheel en al te klein geword het. Ongelukkig is die gegewens wat van die Akte kantoor sowel as van die Landmeter-generaal verkry is onvolledig, sodat daar nie verdere besonderhede oor die grondverdeling beskikbaar is nie.

Die Voortrekkers het nooit 'n tekort aan name vir hul

plase/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plase gehad nie. Kenmerkend is ook dat wanneer 'n naam aan 'n plaas gegee word, dit op die een of ander manier gekoppel word aan 'n voorval wat daar plaasgevind het of 'n naam wat tipies beskrywend is. Die name is altyd lewend en selfbeskrywend. So kry ons name soos Rietvlei, Kaaloog, Haakboslaagte, Vergenoeg, Goedgevonden en Betergevonden, of name soos Mooiplaas, Soutpan, Kaalpan of Wonderfontein, ensovoorts. Deur slegs waarnemend op te tree, kan die oorsprong van die name van die plase vasgestel word.

In die geval van gemeenskap B is die name van die plase ook selfverklarend, naamlik Groot Elandsfontein, Klein Elandsfontein en Rhenosterpoort. Van eersgenoemde twee is die een plaas groter as die ander en daarom die onderskeie „Groot" en „Klein". Betreffende die derde plaas het een van die kinders volgens oorlewering, in die veld gegaan om die aand iets vir die pot te skiet. Sy pa het hom gewaarsku om nie te ver te gaan nie, aangesien 'n mens in die digbegroeide bosse maklik kon verdwaal. Tog het hy verdwaal en teen die aandskemer ontdek hy toe dat 'n renoster hom agtervolg. Gelukkig het hy die ongedierte ontglip. Of hierdie oorlewering korrek is, kon nie bepaal word nie, aangesien nie een van die bewoners die geskiedenis van die plaas ken nie. Die verklaring kan waarskynlik eg wees aangesien dit heeltemal verklarend is.

(c) <u>Gemeenskap C</u>:

Hierdie gemeenskap verskil van die vorige in dié opsig dat hier nie van 'n familieplaas gepraat kan word nie, maar wel van 'n gemeenskapsplaas.

Die datum van aanleg van die plaas is nie heeltemal

duidelik/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duidelik nie. „Volgens een van die oudste nedersetters is die pan in die laaste dekade van die vorige eeu ontdek deur 'n sekere oubaas .........., wat die moontlikheid om die sout daar te vervaardig, ingesien het. Hy het sy ontdekking aan President Kruger meegedeel, wat op sy beurt besluit het dat die pan gereserveer sal word vir die arm mense".[27)]

Hierdie ou Trekker wou ook altyd die binneland dieper in trek. Voordat hy egter nog by die soutpan uitgekom het, het hy, so word vertel, kafferstamme teëgekom wat vir hom van die sout gebring en van die pan vertel het. Die trek het dadelik daarheen verhuis om inspeksie te gaan hou. Nie tevrede dat hy alleen van die ontdekking weet nie, het die ou pionier dadelik 'n sak sout bymekaar geskraap om dit aan die President te gaan toon en terselfdertyd ook aansoek te doen om die plaas op sy naam geregistreer te kry. President Kruger het egter anders besluit. Die grond is as staatseiendom geproklameer en voortaan sou behoeftiges daarheen gestuur word om uit die soutbedryf 'n bestaan te probeer maak. Van hierdie mense se nasate wat behoeftig is, woon tans op die nedersetting.

'n Meer tipiese Bosveld-atmosfeer en -klimaat kan nie gekry word nie. Die wêreld is dig begroei met allerlei Bosveldbosse. Dit is 'n ideale gebied vir beesboerdery.

Hier het 'n mens niks te doen met grondverdeling onder 'n aantal kinders nie. Tog is dit opvallend dat daar nog baie van die eerste voorvader se nasate in die gebied woon. Trouens, feitlik al die panbewoners is op die een of ander wyse van mekaar familie en hoewel die

---

27) <u>Ongepubliseerde verslag oor die Nedersetting deur die Volkswelsynsbeampte van Nylstroom,</u> 24.11.47, p.1.

gebied/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebied staatseiendom is, is die pan ook opgedeel in stukke grond wat van 12 tot 16 morge wissel. Elke bewoner se hoewe grens aan die pan. Om 'n duideliker beeld te kan kry, word na die bylae, kaart no. 4, verwys. Die kaart is slegs om as illustrasie te dien en derhalwe nie volgens skaal geteken nie.

'n Aangrensende plaas dien as gemeenskaplike weiding, wat op sy beurt weer verantwoordelik is vir baie moeilikhede aangesien die een baie beeste aanhou en die veld laat uittrap, terwyl 'n ander miskien net 'n paar beeste het.

Die moontlikheid van soutproduksie was aanvanklik groot. Daarom het President Kruger dit as staatseiendom geproklameer. Met die loop van jare het die toestand egter so verander (sout het onder andere goedkoop geword) dat daar tans nie meer veel aandag aan soutproduksie bestee word nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk IV.

## DIE DEMOGRAFIESE GESTELDHEID VAN DIE GEMEENSKAPPE.

### 1. Inleiding.

Hierdie sosiografiese ondersoek van gemeenskappe A, B en C is die eerste wat onderneem is en daarom kan geen vergelykende gegewens gebruik word nie. Geen aanduiding kan verkry word of die gemeenskappe kwyn of groei nie. Dit is vanuit 'n ekonomiese sowel as 'n maatskaplike oogpunt waardevol om te weet wat die demografiese gesteldheid van die gemeenskappe is. Behoort die inwoners byvoorbeeld meer tot die ouer geslag, dan kan hul hoë ouderdom 'n struikelblok in die voordelige bewerking van grond wees. Ook sal 'n gemeenskap kwyn wanneer die ouer en nie-produktiewe ouderdomsgroepe oorheers.

### 2. Ouderdomsverdeling.

Onderstaande tabel gee die verspreiding van die verskillende ouderdomsgroepe aan. Slegs ouers en kinders wat nog tuis onder die beskerming van hulle ouers of voogde is, is in aanmerking geneem.

Tabel 4/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 4. Die ouderdomsverdeling van alle bewoners van gemeenskappe A, B en C.

| Loeftydsgroep. Jare. | Mans. | | Vroue. | | Totaal. | | Persentasieverdeling Unie-bevolking vir 1946 (Blankes).[1] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | |
| 4 en jonger | 31 | 10.76 | 29 | 10.51 | 60 | 10.65 | 10.50 |
| 5 - 9 | 38 | 13.19 | 36 | 13.04 | 74 | 13.12 | 10.59 |
| 10 - 14 | 45 | 15.63 | 47 | 17.03 | 92 | 16.31 | 10.06 |
| 15 - 19 | 26 | 9.03 | 33 | 11.96 | 59 | 10.46 | 9.64 |
| 20 - 24 | 11 | 3.83 | 6 | 2.17 | 17 | 3.01 | 9.44 |
| 25 - 29 | 9 | 3.12 | 5 | 1.81 | 14 | 2.48 | 9.14 |
| 30 - 34 | 11 | 3.83 | 6 | 2.17 | 17 | 3.01 | 7.35 |
| 35 - 39 | 10 | 3.47 | 14 | 5.07 | 24 | 4.26 | 6.12 |
| 40 - 44 | 24 | 8.33 | 15 | 5.43 | 39 | 6.91 | 5.78 |
| 45 - 49 | 13 | 4.51 | 17 | 6.16 | 30 | 5.32 | 5.15 |
| 50 - 54 | 5 | 1.74 | 7 | 2.54 | 12 | 2.13 | 4.39 |
| 55 - 59 | 9 | 3.12 | 20 | 7.25 | 29 | 5.14 | 3.86 |
| 60 en ouer | 56 | 19.44 | 41 | 14.86 | 97 | 17.20 | 7.98 |
| Totaal: | 288 | 100.00 | 276 | 100.00 | 564 | 100.00 | 100.00 |
| 14 en jonger | 114 | 39.58 | 112 | 40.58 | 226 | 40.07 | 31.15 |
| 15 - 29 | 46 | 15.97 | 44 | 15.94 | 90 | 15.96 | 28.22 |
| 30 - 44 | 45 | 15.63 | 35 | 12.68 | 80 | 14.18 | 19.25 |
| 45 - 59 | 27 | 9.38 | 44 | 15.94 | 71 | 12.59 | 13.40 |
| 60 en ouer | 56 | 19.44 | 41 | 14.86 | 96 | 17.20 | 7.98 |
| Totaal: | 288 | 100.00 | 276 | 100.00 | 564 | 100.00 | 100.00 |

Opmerklik is in tabel 4 die groot aantal jeugdiges onder 20 jaar, asook die buitengewone groot groep in die hoogste ouderdomme.

Eintlik is die verspreiding abnormaal in die geval van die ou, gevestigde gemeenskappe. Sosiale faktore speel egter 'n vername rol. Onder die jeugdige ouderdomsgroepe

---

1) Gegewens ontleen aan Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 19, p.1055.

word/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word die hoogtepunt tussen die leeftyd 10 tot 14 jaar (16.31%) bereik. Daarna, tussen 15 en 59 jaar, daal dit geleidelik waarna dit by die hoogste ouderdomsgroep skielik styg om die hoogste persentasie, naamlik 17.2% te bereik. In die laaste kolom word die ouderdomsgroep met dié van die blanke bevolking van die Unie vergelyk.

Die persentasie vir die leeftydsgroep 14 jaar en jonger is in die gemeenskappe heelwat hoër as vir die Uniebevolking, naamlik 40.07% teenoor 31.15%. Die daaropvolgende groepe toon weer 'n sterk daling naamlik vanaf 40% na 15.96% wat dan min of meer konstant bly tot by die leeftydsgroep van 59 jaar. Daarteenoor toon die syfers vir die Uniebevolking weer 'n geleidelike daling namate die ouderdomsgroepe hoër word. Selfs in die hoogste ouderdomsgroep, naamlik 60 jaar en hoër, is die persentasie slegs 7.98% teenoor 13.4% van die vorige ouderdomsgroep (45 tot 59). Dit staan teenoor die verskynsel in die gemeenskappe waar die hoogste ouderdomsgroep (60 jaar en hoër) 'n betreklike hoë persentasie en wel 17.2% vorm teenoor 12.59% van die vorige ouderdomsgroep. Indien die persentasie uitsluitlik vir die gemeenskappe bepaal sou gewees het, sou die styging begryplik wees, aangesien die leeftyd dan alle ouderdomme bo 60 jaar sou insluit en wat dus 'n groot groep uitmaak. Vergelyk ons dit egter met die ooreenstemmende syfer van die Uniebevolking, dan vind ons die volgende: Gemeenskappe A, B en C, 17.2% teenoor die 7.98% vir die Uniebevolking.

Dit is nie so maklik om 'n duidelike vergelykende beeld van die twee ouderdomsfrekwensies te kry nie en daarom word na figuur I verwys.


Figuur I/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur I. Vergelykende bevolkingsbou van die drie gemeenskappe en die blanke Uniebevolking.




2) Gegewens ontleen aan Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No.19., a.w. p.1055.

Hierdie/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie figuur, bekend as 'n bevolkings-piramiede, dien slegs om 'n eenvoudige beeld van 'n bevolkingsdistribusie in een oogopslag te gee.

Die bevolkings-piramiede vir die blanke bevolking van die Unie gee 'n sprekende beeld van 'n konstant-groeiende gemeenskap. Die jeugdige groepe vorm die breë grondslag. Namate die ouderdomme styg, neem die getalle geleidelik af, tot by die arbeids nie-produktiewe groep (60 jaar en bo) wat dan weer 'n groot persentasie vorm.

Die piramiede van gemeenskappe A, B en C toon heeltemal 'n ander beeld. Dit groei en krimp nie geleidelik by die verskillende ouderdomsgroepe soos by die Uniebevolking nie. Vanaf die 20 jaar leeftydsgroep daal dit skielik en bly dan in al die daaropvolgende leeftydsgroepe tot 59 jaar klein dog wisselend. By die hoogste ouderdomsgroep (d.w.s. 60 jaar en hoër) word die meeste aantal persone vir een ouderdomsgroep aangetref. Anders as in dié piramiede vir die blanke bevolking, vorm die jongste groep in hierdie piramiede 'n kleiner persentasie as die daaropvolgendes, wat beteken dat die aantal geboortes besig is om af te neem. Die redes hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat gesinne wat arbeids-produktief is, genoodsaak word om die gemeenskappe weens ekonomiese redes (wat in hoofstuk XI behandel sal word) te verlaat. Die klein aantal persone in die 20 jaar groep en hoër, verklaar die kleiner geboortesyfer in die gemeenskappe.

Dit is interessant om op die 50 tot 54 jaar ouderdomsgroep te let waarin die kleinste aantal persone aangetref word. Dit is die persone wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1898 en 1902) gebore is en aangesien die feit vandag aanvaar word dat kindersterftes in die konsentrasie-

kampe/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kampe gedurende hierdie tyd geweldig hoog was, moet dít as die rede vir daardie klein syfer beskou word.

Die feit dat die hoogste ouderdomsgroepe in sulke groot getalle oorheers, toon verder dat die gemeenskappe „ouer" word (kwyn). Dit is dan ook een van die primêre redes waarom die ekonomiese standaard in aldrie gemeenskappe onder die normale is - diegene bo 60 jaar is reeds die arbeids-produktiewe stadium verby, en die middeljariges in die arbeids-produktiewe leeftyd het uit die gemeenskappe weggetrek.

Dit is opmerklik dat sekere tendense hul op dieselfde wyse onder dieselfde omstandighede voordoen, nie net in dieselfde land nie, maar ook in ander lande onder soortgelyke omstandighede. So bestaan daar in Nederland verskeie „plattelandsgemeenten" waar afgesonderdheid en armoede ook aan die orde is. Hierdie groepe mense of „gemeentes" leef baie onder dieselfde omstandighede as gemeenskappe A, B en C. Om die ouderdomsverspreiding van die gemeenskap Etten-Leur aan te toon en te wys hoe dieselfde tendens hom openbaar, skryf Schönhage[3] die volgende: „By een beschouwing van de leeftydsopbouw van de bevolking blijkt, dat Etten-Leur het beeld vertoont van een kinderrijke plattelands-gemeente met een groot vertrekoverschot. Door dit laaste verschijnsel zijn de volproductieven er slechts matig ten opzichte van Rijk en provincie aanwezig, met als gevolg, dat de half- en vooral de onproductieven er in verhouding talrijk zijn. Bij de 0 - 19 jarigen zijn de percentages van Etten altijd hoger dan die van het Rijk, en bijna voortdurend groter dan die van de provincie. Bij de 20 - 59 jarigen

---

[3] Schönhage, A.H.: <u>Sociografie van Etten-Leur</u>, p.102.

ziet/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ziet men doorgaans het omgekeerde beeld, terwijl de oudere groepe er weer meestal iets talrijker zijn".

### 3. Huweliksstaat.

In tabel no. 4 asook in die bevolkings-piramiede (figuur I) is 'n algemene leeftydsindeling van aldrie gemeenskappe gesamentlik gegee. Vervolgens is dit nodig om 'n ontleding van die ouderdomsverdeling van elke gemeenskap afsonderlik volgens huwelikstaat te maak. Vooraf moet egter eers duidelikheid verkry word van wat onder 'n „gesin" of „huishouding" verstaan word. Omdat dit moeilik is om 'n bevredigende definisie daarvoor te vind, het dit heelwat probleme vir die verwerking van die gegewens laat opduik.

Vir die doel van hierdie ondersoek is aanvanklik bepaal dat 'n persoon bo 21 jaar 'n volwassene is en daarom as 'n „gesin" opgeskryf kan word. Later, terwyl 'n ontleding van die huweliksouderdomme gemaak is, het dit egter geblyk dat 'n groot persentasie van die mans en veral van die vroue voor hul 21ste jaar trou, en gevolglik as 'n gesin geklassifiseer móés word. Verder is daar ongetroude persone bo 21 jaar wat geestelik te onvolwasse is om as 'n huishouding geklassifiseer te word.

Om soveel probleme as moontlik uit te skakel en nogtans 'n eenvormige basis te handhaaf, is bepaal dat alle volledige sowel as onvolledige gesinne as „gesinne" beskou sal word. Met 'n volledige gesin word bedoel waar albei die man en vrou nog leef, terwyl 'n onvolledige gesin, een is waar óf die man óf die vrou reeds oorlede is.

Tabel 5/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 5. Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskap A.

| Ouderdoms-groep. | HUWELIKSTAAT. | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroude mans. | | Getroude vroue. | | Weduwees. | | Wewenaars. | | Totaal. | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| 16-20 | - | - | 1 | 1.35 | - | - | - | - | 1 | 0.61 |
| 21-24 | 1 | 1.35 | 1 | 1.35 | 1 | 7.14 | - | - | 3 | 1.81 |
| 25-28 | - | - | 3 | 4.05 | - | - | - | - | 3 | 1.81 |
| 29-32 | 5 | 6.77 | 5 | 6.77 | - | - | - | - | 10 | 6.06 |
| 33-36 | 2 | 2.70 | 4 | 5.41 | - | - | - | - | 6 | 3.66 |
| 37-40 | 7 | 9.46 | 6 | 8.12 | - | - | - | - | 13 | 7.88 |
| 41-44 | 13 | 17.57 | 9 | 12.15 | - | - | - | - | 22 | 13.33 |
| 45-48 | 4 | 5.41 | 8 | 10.71 | - | - | - | - | 12 | 7.28 |
| 49-52 | 1 | 1.35 | 2 | 2.72 | - | - | - | - | 3 | 1.81 |
| 53-56 | 4 | 5.41 | 11 | 14.86 | 1 | 7.14 | - | - | 16 | 9.69 |
| 57-60 | 8 | 10.81 | 12 | 16.23 | - | - | - | - | 20 | 12.09 |
| 61-64 | 14 | 18.92 | 5 | 6.77 | 5 | 35.72 | 1 | 33.3 | 25 | 15.15 |
| 65-68 | 5 | 6.77 | 2 | 2.72 | 3 | 21.43 | 1 | 33.3 | 11 | 6.66 |
| 69-72 | 3 | 4.04 | 2 | 2.72 | 1 | 7.14 | 1 | 33.3 | 7 | 4.29 |
| 73-76 | 3 | 4.04 | 1 | 1.35 | 2 | 14.29 | - | - | 6 | 3.64 |
| 77-80 | 2 | 2.70 | 2 | 2.72 | - | - | - | - | 4 | 2.42 |
| Ouer as 80 | 2 | 2.70 | - | - | 1 | 7.14 | - | - | 3 | 1.81 |
| Totaal: | 74 | 100.00 | 74 | 100.00 | 14 | 100.00 | 3 | 99.99 | 165 | 100.00 |
| 16-32 | 6 | 8.12 | 10 | 13.52 | 1 | 7.14 | - | - | 17 | 10.31 |
| 33-44 | 22 | 29.75 | 19 | 25.68 | - | - | - | - | 41 | 24.87 |
| 45-60 | 17 | 22.98 | 33 | 44.52 | 1 | 7.14 | - | - | 51 | 30.89 |
| 61 en ouer | 29 | 39.23 | 12 | 16.28 | 12 | 85.72 | 3 | 99.99 | 56 | 33.98 |
| Totaal: | 74 | 100.00 | 74 | 100.00 | 14 | 100.00 | 3 | 99.99 | 165 | 100.00 |

Uit tabel 5 blyk dit dat gemeenskap A oorheersend uit die meer bejaarde persone bestaan. Namate die ouderdomsgroepe styg, styg ook die persentasie huwelike. So is daar maar 10.31% huwelike onder die 16 tot 32 jaar ouderdoms-

groep/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groep, teenoor 33.98% onder die groep van 61 jaar en ouer. Daar is ook 'n merkbare verskil tussen die mans en die vrouens onderling. Teenoor die 39.23% mans van 61 jaar en ouer wat getroud is, is daar slegs 16.28% vrouens in hierdie ouderdomsgroep. Die hoogste persentasie by die vroue, naamlik 44.52% kry ons in die 45 - 60 jaar ouderdomsgroep. Die mans is dus oor die algemeen ouer as die vrouens.

Dit is verder opmerklik dat die weduwees en wewenaars met die uitsondering van twee uit die totaal van 17, in die hoogste ouderdomsgroep val, naamlik ouer as 60 jaar. 'n Verklaring vir hierdie verskynsel volg in die bespreking op tabel 8.

Tabel 6/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 6. Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskap B.

| Ouder-doms-groep. | H U W E L I K S TT A A T. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroude mans. | | Getroude vroue. | | Weduwees. | | Wewenaars. | | Mans-nooit getroud. | | Totaal. | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| 16-20 | - | - | 1 | 3.13 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.43 |
| 21-24 | - | - | 2 | 6.25 | - | - | - | - | - | - | 2 | 2.87 |
| 25-28 | 1 | 3.13 | - | - | - | - | - | - | 1 | 50.00 | 2 | 2.87 |
| 29-32 | 2 | 6.25 | 4 | 12.50 | - | - | - | - | 1 | 50.00 | 7 | 10.00 |
| 33-36 | 1 | 3.13 | 3 | 9.37 | - | - | - | - | - | - | 4 | 5.71 |
| 37-40 | 3 | 9.37 | 1 | 3.13 | - | - | - | - | - | - | 4 | 5.71 |
| 41-44 | 3 | 9.37 | 2 | 6.25 | - | - | - | - | - | - | 5 | 7.14 |
| 45-48 | 2 | 6.25 | 7 | 21.87 | - | - | - | - | - | - | 9 | 12.86 |
| 49-52 | 2 | 6.25 | 2 | 6.25 | - | - | - | - | - | - | 4 | 5.71 |
| 53-56 | 3 | 9.37 | 2 | 6.25 | - | - | - | - | - | - | 5 | 7.14 |
| 57-60 | 3 | 9.37 | 2 | 6.25 | 1 | 33.3 | - | - | - | - | 6 | 8.57 |
| 61-64 | 2 | 6.25 | 1 | 3.13 | - | - | - | - | - | - | 3 | 4.28 |
| 65-68 | 2 | 6.25 | 3 | 9.37 | 1 | 33.3 | - | - | - | - | 6 | 8.57 |
| 69-72 | 2 | 6.25 | 2 | 6.25 | 1 | 33.3 | 1 | - | - | - | 6 | 8.57 |
| 73-76 | 4 | 12.50 | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 5.71 |
| 77-80 | 1 | 3.13 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.43 |
| Hoër as 80 | 1 | 3.13 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.43 |
| Totaal: | 32 | 100.00 | 32 | 100.00 | 3 | 99.99 | 1 | 100.00 | 2 | 100.00 | 70 | 100.00 |
| 16-32 | 3 | 9.38 | 7 | 21.88 | - | - | - | - | 2 | 100.00 | 12 | 17.17 |
| 33-44 | 7 | 21.87 | 6 | 18.75 | - | - | - | - | - | - | 13 | 18.56 |
| 45-60 | 10 | 31.24 | 13 | 40.62 | 1 | 33.33 | - | - | - | - | 24 | 34.28 |
| 61 en ouer | 12 | 37.51 | 6 | 18.75 | 2 | 66.67 | 1 | 100.00 | - | - | 21 | 29.99 |
| Totaal: | 32 | 100.00 | 32 | 100.00 | 3 | 100.00 | 1 | 100.00 | 2 | 100.00 | 70 | 100.00 |

Behalwe die gewone groepe wat in tabel 5 genoem word, word in tabel 6 nog 'n groep aangedui, naamlik "mans - nooit getroud". Daar is twee sodanige persone. Die ouers van hulle albei is oorlede met die gevolg dat hulle in besit van die plasies gekom het. Hulle is as gesinne

gereken/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gereken. Die verdere tendense by gemeenskap B is min of meer dieselfde as by A. Dit wil egter voorkom asof gemeenskap B nie heeltemal so „oud" as gemeenskap A is nie. Die persentasie vir die ouderdomsgroep 45 tot 60 jaar is hier die hoogste, naamlik 34.28%, terwyl dit vir die hoogste ouderdomsgroep 29.99% is. Die verskille wat in tabel 5 tussen mans en vroue opgemerk is, word ook in tabel 6 aangetref. Teenoor die 37.51% van die mans in die leeftyd ouer as 60 jaar, staan slegs die 18.75% in die geval van vroue. Aan die ander kant word 40.62% by die vrou in die leeftyd 45 tot 60 jaar aangetref, teenoor die 31.24% van die mans. Die mans is dus ook hier in verhouding ouer as die vroue. Daar is ook meer weduwees as wewenaars gevind (drie teenoor een).

Tabel 7/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 7. Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskap C.

| Ouderdomsgroep. | HUWELIKSTAAT. | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroude mans. | | Getroude vroue. | | Weduwees. | | Wewenaars. | | Totaal. | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| 16-20 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 21-24 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 25-28 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 29-32 | - | - | 2 | 22.22 | - | - | - | - | 2 | 10.00 |
| 33-36 | 1 | 11.11 | 2 | 22.22 | - | - | - | - | 3 | 15.00 |
| 37-40 | - | - | 2 | 22.22 | - | - | - | - | 2 | 10.00 |
| 41-44 | 3 | 33.34 | 2 | 22.22 | - | - | - | - | 5 | 25.00 |
| 45-48 | 2 | 22.22 | - | - | - | - | 1 | 100.00 | 3 | 15.00 |
| 49-52 | 1 | 11.11 | - | - | - | - | - | - | 1 | 5.00 |
| 53-56 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 57-60 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 61-64 | 1 | 11.11 | 1 | 11.12 | - | - | - | - | 2 | 10.00 |
| 65-68 | 1 | 11.11 | - | - | - | - | - | - | 1 | 5.00 |
| 69-72 | - | - | - | - | 1 | 100.00 | - | - | 1 | 5.00 |
| 73-76 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 77-80 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Hoër as 80 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal: | 9 | 100.00 | 9 | 100.00 | 1 | 100.00 | 1 | 100.00 | 20 | 100.00 |
| 16-32 | - | - | 2 | 22.22 | - | - | - | - | 2 | 10.00 |
| 33-44 | 4 | 44.45 | 6 | 66.66 | - | - | - | - | 10 | 50.00 |
| 45-60 | 3 | 33.33 | - | - | - | - | 1 | 100.00 | 4 | 20.00 |
| 61 en ouer | 2 | 22.22 | 1 | 11.12 | 1 | 100.00 | - | - | 4 | 20.00 |
| Totaal: | 9 | 100.00 | 9 | 100.00 | 1 | 100.00 | 1 | 100.00 | 20 | 100.00 |

Die aantal persone in gemeenskap C is só min, dat daar nie 'n behoorlike aanduiding van die ouderdomstendense vasgestel kan word nie. Volgens tabel 7 blyk dit egter dat 50% van die gesinne in die leeftydsgroep 33 tot 45 jaar val. Hieruit word afgelei dat gemeenskap C nog 'n betreklik „jong" gemeenskap is. Slegs 4 persone (20%) is

ouer/......

© University of Pretoria

ouer as 60 jaar.

Vervolgens word in tabel 8 'n samestellende tabel van gemeenskappe A, B en C gegee.

Tabel 8. Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat vir gemeenskappe A, B en C.

| Ouderdomsgroep. | H U W E L I K S T A A T. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroude mans. | | Getroude vroue. | | Weduwees. | | Wewenaars. | | Mans-nooit getroud. | | Totaal. | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| 16-20 | - | - | 2 | 1.74 | - | - | - | - | - | - | 2 | .78 |
| 21-24 | 1 | .87 | 3 | 2.61 | 1 | 5.56 | - | - | - | - | 5 | 1.96 |
| 25-28 | 1 | .87 | 3 | 2.61 | - | - | - | - | 1 | 50.00 | 5 | 1.96 |
| 29-32 | 7 | 6.06 | 11 | 9.57 | - | - | - | - | 1 | 50.00 | 19 | 7.45 |
| 33-36 | 4 | 3.48 | 9 | 7.83 | - | - | - | - | - | - | 13 | 5.10 |
| 37-40 | 10 | 8.69 | 9 | 7.83 | - | - | - | - | - | - | 19 | 7.45 |
| 41-44 | 19 | 16.52 | 13 | 11.30 | - | - | - | - | - | - | 32 | 12.55 |
| 45-48 | 8 | 6.96 | 15 | 13.06 | - | - | 1 | 20.00 | - | - | 24 | 9.41 |
| 49-52 | 4 | 3.48 | 4 | 3.48 | - | - | - | - | - | - | 8 | 3.14 |
| 53-56 | 7 | 6.06 | 13 | 11.30 | 1 | 5.56 | - | - | - | - | 21 | 8.24 |
| 57-60 | 11 | 9.57 | 14 | 12.16 | 1 | 5.56 | - | - | - | - | 26 | 10.20 |
| 61-64 | 17 | 14.85 | 7 | 6.09 | 5 | 27.77 | 1 | 20.00 | - | - | 30 | 11.76 |
| 65-68 | 8 | 6.96 | 5 | 4.35 | 4 | 22.22 | 1 | 20.00 | - | - | 18 | 7.06 |
| 69-72 | 5 | 4.35 | 4 | 3.48 | 3 | 16.66 | 2 | 40.00 | - | - | 14 | 5.49 |
| 73-76 | 7 | 6.06 | 1 | .87 | 2 | 11.11 | - | - | - | - | 10 | 3.92 |
| 77-80 | 3 | 2.61 | 2 | 1.74 | - | - | - | - | - | - | 5 | 1.96 |
| Hoër as 80 | 3 | 2.61 | - | - | 1 | 5.56 | - | - | - | - | 4 | 1.57 |
| Totaal: | 115 | 100.00 | 115 | 100.00 | 18 | 100.00 | 5 | 100.00 | 2 | 100.00 | 255 | 100.00 |
| 16-32 | 9 | 7.80 | 19 | 16.53 | 1 | 5.56 | - | - | 2 | 100.00 | 31 | 12.16 |
| 33-44 | 33 | 28.69 | 31 | 26.96 | - | - | - | - | - | - | 64 | 25.10 |
| 45-60 | 30 | 26.07 | 46 | 40.00 | 2 | 11.12 | 1 | 20.00 | - | - | 79 | 30.98 |
| 61 en ouer | 43 | 37.44 | 19 | 16.53 | 15 | 83.32 | 4 | 80.00 | - | - | 81 | 31.76 |
| Totaal: | 115 | 100.00 | 115 | 100.00 | 18 | 100.00 | 5 | 100.00 | 2 | 100.00 | 255 | 100.00 |

'n Noukeuriger studie van tabelle 5, 6, 7 en 8 bring meer as een ooreenstemmende tendens aan die lig. Die jonger persone (gesinne) in die gemeenskappe vorm slegs 'n klein persentasie van die totale groep. Die groep 16 tot

32/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



32 jaar verteenwoordig slegs 12.16% van die persone, terwyl die persentasie vir die ouer groepe styg, totdat die hoogste persentasie (31.76%) met die leeftydsgroep 61 jaar en ouer bereik word. Uit tabel 8 kan afgelei word dat die gemeenskappe vir die groter persentasie uit meer bejaarde persone bestaan. Wat die verhouding in ouderdomme tussen getroude mans en vroue betref, blyk dit dat die vroue relatief jonger as die mans is. Teenoor die 16.53% getroude vroue tussen die ouderdomme 16 tot 32 jaar, staan slegs die 7.8% vir getroude mans. Die persentasies vir die daaropvolgende groep (33 - 44 jaar) is min of meer dieselfde, naamlik 28.69% vir die mans en 26.96% vir die vroue. Die leeftyd 45 tot 60 jaar toon weer die buitengewone verhouding, naamlik 40.00% vir vroue en slegs 26.07% vir mans. Alleen in die oudste leeftydsgroep (61 jaar en ouer) is die verhouding sterk in die guns van die mans, naamlik 37.44% teenoor 16.53%.

Neem ons verder aan dat al die persone tussen die ouderdomme 16 tot 60 jaar vir arbeid geskik is, vind ons dat 78.24% van alle persone in die arbeids-produktiewe leeftyd verkeer. Hoewel die bewoners dus betreklik oud is, is hulle nog vir arbeid geskik.

Verder dien daarop gelet te word dat daar 18 weduwees teenoor slegs 5 wewenaars onder die 140 gesinne bestaan (12.85% teenoor 3.57%). Die rede bestaan hoofsaaklik daarin dat die mans oor die algemeen heelwat ouer as hul eggenotes is (sien tabel 8) en gevolglik eerder tot sterwe kom.

## 4. Kindertal.

### (a) Kinders tuis:

In tabel 9 word 'n ouderdomsontleding van die afhanklike ongetroude kinders tuis gegee. Hierdie kinders moet onderskei word van die getroude kinders en kinders wat reeds die ouerhuis verlaat het. In tabel 10 word sodanige gegewens bespreek.

Tabel 9/....

© University of Pretoria

Tabel 9. Die ouderdomsverdeling van alle kinders tuis vir gemeenskappe A, B en C.

| Ouderdoms-verdeling in jare. | MANLIK. | | | | | | | | VROULIK. | | | | | | | | TOTAAL. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | Totaal. | | A | | B | | C | | Totaal. | | A | | B | | C | | Totaal. | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| 0- 3 | 13 | 12.30 | 8 | 20.88 | 2 | 12.50 | 23 | 15.19 | 15 | 17.44 | 5 | 14.72 | 2 | 9.52 | 22 | 15.60 | 28 | 14.74 | 13 | 18.05 | 4 | 10.81 | 45 | 15.05 |
| 4- 6 | 11 | 10.58 | 5 | 13.18 | 2 | 12.50 | 18 | 11.39 | 11 | 12.79 | 7 | 20.59 | 2 | 9.52 | 20 | 14.18 | 22 | 11.58 | 12 | 16.67 | 4 | 10.81 | 38 | 12.71 |
| 7- 9 | 20 | 19.32 | 5 | 13.18 | 3 | 18.75 | 28 | 17.72 | 9 | 10.44 | 9 | 26.74 | 3 | 14.29 | 21 | 14.89 | 29 | 15.76 | 14 | 19.44 | 6 | 16.22 | 49 | 16.39 |
| 10-12 | 22 | 21.15 | 6 | 15.78 | 3 | 18.75 | 31 | 19.62 | 16 | 18.62 | 3 | 8.83 | 9 | 42.86 | 28 | 19.87 | 38 | 20.00 | 9 | 12.50 | 12 | 32.43 | 59 | 19.73 |
| 13-15 | 13 | 12.50 | 4 | 10.54 | 3 | 18.75 | 20 | 12.65 | 18 | 20.94 | 8 | 23.54 | 3 | 14.29 | 29 | 20.57 | 31 | 16.32 | 12 | 16.67 | 6 | 16.22 | 49 | 16.39 |
| 16-18 | 10 | 9.65 | 4 | 10.54 | 3 | 18.75 | 17 | 10.75 | 15 | 17.44 | 2 | 5.88 | 2 | 9.52 | 19 | 13.47 | 25 | 13.16 | 6 | 8.33 | 5 | 13.51 | 36 | 12.04 |
| 19-21 | 6 | 5.75 | 4 | 10.54 | - | - | 10 | 6.33 | 2 | 2.33 | - | - | - | - | 2 | 1.42 | 8 | 4.21 | 4 | 5.56 | - | - | 12 | 4.01 |
| 22 en ouer | 9 | 8.65 | 2 | 5.26 | - | - | 11 | 6.95 | - | - | - | - | - | - | - | - | 9 | 4.73 | 2 | 2.78 | - | - | 11 | 3.68 |
| **Totaal:** | 104 | 100.00 | 38 | 100.00 | 16 | 100.00 | 158 | 100.00 | 86 | 100.00 | 34 | 100.00 | 21 | 100.00 | 141 | 100.00 | 190 | 100.00 | 72 | 100.00 | 37 | 100.00 | 299 | 100.00 |
| 6 en jonger | 24 | 22.88 | 13 | 34.06 | 4 | 25.00 | 41 | 26.58 | 26 | 30.23 | 12 | 35.44 | 4 | 19.04 | 42 | 29.78 | 50 | 26.32 | 25 | 34.72 | 8 | 21.62 | 83 | 27.76 |
| 7-12 | 42 | 40.47 | 11 | 28.96 | 6 | 37.50 | 59 | 37.34 | 25 | 29.06 | 12 | 35.44 | 12 | 57.15 | 49 | 34.76 | 67 | 35.76 | 23 | 31.94 | 18 | 48.65 | 108 | 36.12 |
| 13-18 | 23 | 22.15 | 8 | 21.08 | 6 | 37.50 | 37 | 23.40 | 33 | 38.38 | 10 | 29.42 | 5 | 23.81 | 48 | 34.04 | 56 | 29.48 | 18 | 25.00 | 11 | 29.73 | 85 | 28.43 |
| 19 en ouer | 15 | 14.40 | 6 | 15.80 | - | - | 21 | 13.28 | 2 | 2.33 | - | - | - | - | 2 | 1.42 | 17 | 8.94 | 6 | 8.34 | - | - | 23 | 7.69 |
| **Totaal:** | 104 | 100.00 | 38 | 100.00 | 16 | 100.00 | 158 | 100.00 | 86 | 100.00 | 34 | 100.00 | 21 | 100.00 | 141 | 100.00 | 190 | 100.00 | 72 | 100.00 | 37 | 100.00 | 299 | 100.00 |

Tabel/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 9 is só saamgestel dat die gegewens van aldrie gemeenskappe daarin opgeneem is. By die bepaling wanneer iemand as 'n afhanklike of 'n selfstandige beskou moes word, moes dikwels van 'n persoonlike oordeel gebruik gemaak word. Die rede daarvoor is soos reeds gesê, omdat omstandighede gevalle dikwels buitengewoon of abnormaal gemaak het. Volgens tabel 9 is daar 299 kinders by die 140 gesinne aangetref by wie daar 'n opname gemaak is, dit wil sê 'n gemiddelde van 2.14 kinders per gesin. Hierdie kinders wat nog as „tuis" gereken word, vorm volgens tabel 10 maar 'n klein persentasie van die totale getal kinders wat op 6.4 kinders per gesin neerkom.

In gemeenskappe A en C oorheers die ouderdomme 7 tot 12 jaar (35.76% en 48.65% respektiewelik) terwyl die groep 6 jaar en jonger 34.72% by gemeenskap B oorheersend is. Die volgende leeftydsgroep naamlik 7 tot 12 jaar is egter nie veel laer nie, naamlik 31.94%. Hierdie groep is wat die groot totaal betref die sterkste verteenwoordig met 'n persentasie van 36.12%. Dan volg die groep 13 tot 18 jaar met 28.43% en daarna die groep van 6 jaar en jonger met 27.76%. Dit blyk dus dat die grootste persentasie kinders reeds die skoolgaande ouderdom bereik het, terwyl die aantal geboortes besig is om af te neem. Die verskynsel moet egter as 'n gevolg gesien word en nie as 'n oorsaak dat die gemeenskappe as „ou" gemeenskappe bestempel word nie. Uit tabel 8 blyk dit duidelik dat 56.53% van die getroude vroue reeds in die leeftyd 45 jaar en ouer val en dus by die produktiewe stadium van die lewe verby is. Slegs 43.49% van die getroude vroue val in die leeftyd 16 - 44 jaar, d.w.s. in die stadium wat vir die geboorte-aanwas bevorderlik is. Die groot gebrek aan

jonger/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jonger vroue moet op sy beurt weer hoofsaaklik aan die verhuising na die stede toegeskrywe word wat dan as oorsaak vir die "ou" gemeenskappe kan dien.

Dit is ook interessant in tabel 9 om op te merk dat daar nie 'n groot verskil in getalle tussen die twee geslagte is nie. Tot op die ouderdom van 18 jaar is daar byvoorbeeld 137 manlike en 139 vroulike persone. In die groep 19 jaar en ouer is daar 21 manlikes teenoor slegs 2 vroulikes. Dit is 'n opvallende verskil, maar moet daaraan toegeskryf word dat die vroue op 'n vroeër leeftyd as die mans in die huwelik tree.

Die totale aantal persone wat dus vir hierdie studie in aanmerking kom, is 255 selfstandige volwassenes (tabel 8) en 299 kinders tuis (tabel 9), wat die som totaal op 554 persone of 140 gesinne te staan bring. Alleen persone wat tydens die opname in die gemeenskappe aangetref is, is in aanmerking geneem.

(b) Totale kindertal:

Tabel 10 dui die totale aantal kinders van die 140 gesinne aan.

Tabel 10/......

© University of Pretoria

Tabel 10. Die totale kindertal.

| AARD. | MANLIK. | | | | | | | | VROULIK. | | | | | | | | TOTAAL. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | Totaal. | | A | | B | | C | | Totaal. | | A | | B | | C | | Totaal. | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Aantal nog inwonend | 104 | 32.50 | 38 | 34.23 | 16 | 43.24 | 158 | 33.76 | 86 | 29.96 | 34 | 32.79 | 21 | 58.33 | 141 | 33.02 | 190 | 31.30 | 72 | 33.49 | 37 | 50.68 | 299 | 33.41 |
| Huis reeds verlaat | 174 | 54.38 | 61 | 54.96 | 12 | 32.43 | 247 | 52.78 | 165 | 57.49 | 62 | 59.52 | 7 | 19.45 | 234 | 54.80 | 339 | 55.85 | 123 | 57.21 | 19 | 26.03 | 481 | 53.74 |
| Sterftes | 42 | 13.12 | 12 | 10.81 | 9 | 24.33 | 63 | 13.46 | 36 | 12.55 | 8 | 7.69 | 8 | 22.22 | 52 | 12.18 | 78 | 12.85 | 20 | 9.30 | 17 | 23.29 | 115 | 12.85 |
| Totaal: | 320 | 100.0 | 111 | 100.0 | 37 | 100.0 | 468 | 100.0 | 287 | 100.0 | 104 | 100.0 | 36 | 100.0 | 427 | 100.0 | 607 | 100.0 | 215 | 100.0 | 73 | 100.0 | 895 | 100.0 |
| Nog inwonend | 104 | 37.41 | 38 | 38.38 | 16 | 57.14 | 158 | 39.01 | 86 | 34.26 | 34 | 35.42 | 21 | 75.00 | 141 | 37.60 | 190 | 35.92 | 72 | 36.92 | 37 | 66.07 | 299 | 38.33 |
| Verlaat | 174 | 62.59 | 61 | 61.62 | 12 | 42.86 | 247 | 60.99 | 165 | 65.74 | 62 | 64.58 | 7 | 25.00 | 234 | 62.40 | 339 | 64.08 | 123 | 63.08 | 19 | 33.93 | 481 | 61.67 |
| Totaal: | 278 | 100.0 | 99 | 100.0 | 28 | 100.0 | 405 | 100.0 | 251 | 100.0 | 96 | 100.0 | 28 | 100.0 | 375 | 100.0 | 529 | 100.0 | 195 | 100.0 | 56 | 100.0 | 780 | 100.0 |

Volgens/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 10 blyk dit dat 895 kinders uit hierdie 140 gesinne gebore is. Dit bring die gemiddeld op 6.4 kinders per gesin te staan. Daar moet egter onthou word dat 43.49% getroude vroue tussen die jare 16 tot 44 (tabel 8) verkeer wat 'n aanmerklike invloed op hierdie syfer kan uitoefen, sodat 6.4 kinders per gesin nie as finale syfer beskou kan word nie. Stiefkinders is by hierdie totaal bygereken.

(c) Kindersterftes:

Tydens die ondersoek is daar vasgestel dat 'n betreklike hoë persentasie sterfgevalle onder pasgebore of jong babas onder drie jaar voorgekom het. 'n Ontleding daarvan bring die volgende aan die lig:

Tabel 11/.....

© University of Pretoria

Tabel 11. Die kinder sterftesyfer.

| AARD. | MANLIK. | | | | | | | | VROULIK. | | | | | | | | TOTAAL. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | Totaal. | | A | | B | | C | | Totaal. | | A | | B | | C | | Totaal. | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Sterftes onder 3 jaar | 31 | 73.81 | 10 | 83.33 | 3 | 33.33 | 44 | 69.84 | 23 | 63.89 | 8 | 100.0 | 5 | 60.5 | 36 | 69.23 | 54 | 69.23 | 18 | 90.0 | 8 | 47.06 | 80 | 69.57 |
| Sterftes bo 3 jaar | 11 | 26.19 | 2 | 16.67 | 6 | 66.67 | 19 | 30.16 | 13 | 36.11 | - | - | 3 | 37.5 | 16 | 30.77 | 24 | 30.77 | 2 | 10.0 | 9 | 52.94 | 35 | 30.43 |
| Totaal: | 42 | 100.0 | 12 | 100.0 | 9 | 100.0 | 63 | 100.0 | 36 | 100.0 | 8 | 100.0 | 8 | 100.0 | 52 | 100.0 | 78 | 100.0 | 20 | 100.0 | 17 | 100.0 | 115 | 100.0 |

Uit/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit tabel 11 blyk dit dat 69.57% van alle sterftes, by kinders onder drie jaar voorkom, wat op sigself 'n besondere hoë syfer is en gevolglik die natuurlike aanwas van die gemeenskap noodwendig nadelig tref. Faktore soos higiëne by geboortes, kindersiektes en die regte voeding van die jong kind lei maklik tot 'n hoë kindersterftesyfer en beïnvloed enige bevolkingsaanwas nadelig. Finansiële oorwegings is die hoofoorsaak dat feitlik al die bevallings tuis plaasvind. Die hulp van dokters word selde verkry en die pasiënt is gewoonlik aangewys op die bystand van een of ander „ervare vroedvrou" wat deur die ondervinding geleer het om net die nodigste reëlings tydens die bevalling te tref. Uit die aard van die saak spreek dit vanself dat die toerusting primitief, die kennis gebrekkig en die hulp karig is. Die afwesigheid van koelkaste of ander doeltreffende bergingsplekke vir die kind se voedsel, veroorsaak oneindig baie probleme en is dikwels die begin van die een of ander kindersiekte, veral maagsiektes.

Die sterftes vir manlikes en vroulikes onder drie jaar is betreklik gelyk, naamlik 69.84% vir eersgenoemde teenoor 69.23% vir laasgenoemde. 'n Poging om die sterfte oorsake van die kinders te bepaal moes laat vaar word, omdat begrippe soos „tandekoors" of „maagsiekte" te vaag is vir enige juiste statistieke. Die reeds aangehaalde syfer van 6.4 kinders per gesin word na 5.8 kinders per gesin gebring indien die sterftes onder drie jaar afgetrek word. Dit blyk dus duidelik dat die kindersterftes 'n belangrike uitwerking op die aanwas van die bevolking het.

Die sterftes bo drie jaar (30.43%) word hoofsaaklik aan ongelukke (op paaie, of gedurende werksure) toegeskryf. 'n Geringer persentasie is deur siektes veroorsaak.

Uit/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit tabel 10 blyk dit verder dat 780 kinders tydens die ondersoek gelewe het. („Aantal nog inwonend" plus „Huis reeds verlaat".) Dit verteenwoordig 87.15% van die totale kindertal. Hiervan het nie minder nie as 61.67% die ouerhuis reeds verlaat, terwyl slegs 38.33% nog tuis by hulle ouers was.

Wanneer die twee geslagte met mekaar vergelyk word, blyk dit dat 'n baie geringe persentasie meer vroue die gemeenskappe verlaat as die mans, naamlik 54.80% teenoor 52.78%. Wat die drie gemeenskappe afsonderlik betref, is die syfers vir kinders wat die ouerhuis reeds verlaat het, soos volg: 55.85% vir A, 57.21% vir B en 26.03% vir C. Gemeenskappe A en B is die „ouer" gemeenskappe en daarom het meer persone reeds die huis verlaat as C wat 'n „jonger" gemeenskap is en waar, in verhouding, groter getalle jeugdiges aangetref word.

## 5. Geboorteplek van die ouers.

Uit Hoofstuk II het dit geblyk dat die plase deur die huidige bewoners se voorvaders aangelê is. Die huidige geslag moes dus almal op die plase self gebore gewees het, maar om dit te kan bewys, is die gegewens van tabel 12 ingewin en verwerk.

Tabel 12/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 12. Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskap A.

| Geboorteplek. | Mans. | | Vroue. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| In die gemeenskap (huidige woonplek) | 51 | 56.04 | 50 | 54.94 | 101 | 55.49 |
| In die distrik | 24 | 26.38 | 19 | 20.88 | 43 | 23.63 |
| Elders in Transvaal | 11 | 12.09 | 14 | 15.40 | 25 | 13.74 |
| Ander provinsies | 5 | 5.49 | 8 | 8.78 | 13 | 7.14 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 91 | 100.00 | 182 | 100.00 |
| In gemeenskap en distrik | 75 | 82.42 | 69 | 75.82 | 144 | 79.12 |
| Elders | 16 | 17.58 | 22 | 24.18 | 38 | 20.88 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 91 | 100.00 | 182 | 100.00 |

Tabel 12 bewys dat 79.12% van die 182 persone in gemeenskap A, in die gemeenskap self of in die distrik gebore is. Verder bewys dit dat meer mans as vroue in die gemeenskap of distrik gebore is, tewete 82.42% mans teenoor 75.82% vroue.

Tabel 13/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 13. Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskap B.

| Geboorteplek. | Mans. | | Vroue. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| In gemeenskap | 25 | 65.79 | 23 | 63.88 | 48 | 64.84 |
| In die distrik | 6 | 15.79 | 3 | 8.34 | 9 | 12.06 |
| Elders in Tvl. | 5 | 13.16 | 7 | 19.44 | 12 | 16.31 |
| Ander provinsies | 2 | 5.26 | 3 | 8.34 | 5 | 6.79 |
| Totaal: | 38 | 100.00 | 36 | 100.00 | 74 | 100.00 |
| In gemeenskap en distrik | 31 | 81.58 | 26 | 72.22 | 57 | 76.90 |
| Elders | 7 | 18.42 | 10 | 27.78 | 17 | 23.10 |
| Totaal: | 38 | 100.00 | 36 | 100.00 | 74 | 100.00 |

Volgens tabel 13 word dieselfde tendense in gemeenskap B aangetref as wat die geval in gemeenskap A is. Hier is 76.9% van die persone in die gemeenskap self of in die distrik gebore teenoor 23.1% elders in Transvaal of in ander provinsies. 'n Hoër persentasie mans (81.58%) as vroue (72.22%) is in die gemeenskap gebore.

Tabel 14. Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskap C.

| Geboorteplek. | Mans. | | Vroue. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| In gemeenskap (huidige woonplek) | 4 | 36.36 | 4 | 36.36 | 8 | 36.36 |
| In die distrik | 7 | 63.64 | 6 | 54.55 | 13 | 59.09 |
| Elders in Tvl. | - | - | 1 | 9.09 | 1 | 4.55 |
| Ander provinsies | - | - | - | - | - | - |
| Totaal: | 11 | 100.00 | 11 | 100.00 | 22 | 100.00 |
| In gemeenskap en distrik | 11 | 100.00 | 10 | 90.91 | 21 | 95.45 |
| Elders | - | - | 1 | 9.09 | 1 | 4.55 |
| Totaal: | 11 | 100.00 | 11 | 100.00 | 22 | 100.00 |

Tabel/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 14 dui ook aan dat die oorgrote meerderheid van die persone in gemeenskap C self of in die die distrik gebore is. Al die mans en tien uit die elf vroue is daar gebore.

Tabel 15. Geboorteplek van die getroude mans en vroue en selfstandige persone in gemeenskappe A, B en C.

| Geboorteplek. | Mans. | | Vroue. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| In gemeenskappe | 80 | 57.14 | 77 | 55.80 | 157 | 56.48 |
| In die distrik | 37 | 26.43 | 28 | 20.29 | 65 | 23.38 |
| Elders in Tvl. | 16 | 11.43 | 22 | 15.94 | 38 | 13.67 |
| Ander provinsies | 7 | 5.00 | 11 | 7.97 | 18 | 6.47 |
| Totaal: | 140 | 100.00 | 138 | 100.00 | 278 | 100.00 |
| In gemeenskappe en distrik | 117 | 83.57 | 105 | 76.09 | 222 | 79.86 |
| Elders | 23 | 16.43 | 33 | 23.91 | 56 | 20.14 |
| Totaal: | 140 | 100.00 | 138 | 100.00 | 278 | 100.00 |

Uit tabel 15 blyk dit dat 79.86% van die persone in die onderskeie gemeenskappe of in die betrokke distrikte gebore is. Verder blyk dit dat meer vroue as mans van elders uit Transvaal of ander provinsies afkomstig is. Die rede is voor die hand liggend en bestaan daarin dat meer as een man sy bruid op 'n ander plek ontmoet en haar dan ná die huwelik na die betrokke gemeenskap bring. Gewoonlik word die eerste keuse vir 'n lewensmaat in die gemeenskap self gedoen, maar dit gebeur tog dat een of ander probleem die oorsaak is dat die bruid van elders af ingevoer word. Hierdie soort huwelike sou miskien meer dikwels voorgekom het indien die jongmans oor doeltreffende vervoermiddels beskik wat hulle makliker met jong meisies

uit/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit ander dele van die provinsie in aanraking kon bring.

Verder moet nie uit die oog verloor word nie dat meer as een jongmeisie die geleentheid kry om 'n huwelik met iemand buite die gemeenskap aan te gaan, wat meebring dat sy haar omgewing dan moet verlaat en elders haar tuiste gaan vind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk V.

## EKONOMIESE TOESTANDE IN DIE GEMEENSKAPPE.

### 1. Beroepsindeling.

Daar bestaan ongelukkig nie statistiese gegewens vir beroepe ten opsigte van plattelandse distrikte nie aangesien die Buro vir Sensus en Statistiek hierdie besonderhede nie verwerk nie. Sodanige vergelykende gegewens ten opsigte van landelike beroepe is dus nie beskikbaar nie. Dit is nietemin noodsaaklik om 'n ontleding van die beroepe in die gemeenskappe te maak vir sover dit die vaders of selfstandiges in die gemeenskappe betref.

Tabel 16. Beroepe van die manlike hoofde van die gesinne in die drie gemeenskappe.

| Gemeenskap. | | Boer. | Hoofsaaklik Pensioentrekkers. | Los werk. | Pad werk. | Spoorwegwerk. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | Aantal | 35 | 31 | 6 | 4 | 1 | 77 |
| | Persentasie. | 45.45 | 40.19 | 7.76 | 5.18 | 1.42 | 100.00 |
| B | Aantal | 17 | 15 | 2 | - | 1 | 35 |
| | Persentasie. | 48.56 | 42.86 | 5.72 | - | 2.86 | 100.00 |
| C | Aantal | 9 | 1 | - | - | - | 10 |
| | Persentasie. | 90.00 | 10.00 | - | - | - | 100.00 |
| A, B en C. | Aantal. | 61 | 47 | 8 | 4 | 2 | 122 |
| | Persentasie. | 50.00 | 38.53 | 6.55 | 3.28 | 1.64 | 100.00 |

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die meeste „boere" in die onderhawige gemeenskappe kan nie as volwaardige boere beskou word nie. Ongelukkig bestaan daar nie 'n duidelike omskrywing van die benaming „boer" nie. Dit sluit tans die persone in wat van wetenskaplike en gespesialiseerde boerderymetodes gebruik maak maar ook hulle wat 'n bestaan op 'n stuk grond maak sonder dat hul enige besondere aandag aan boerderymetodes skenk.

In die verslag van die Transvaal Indigency Commission is in dié verband indertyd ook verklaar dat die boer se manier om sy boerdery te dryf, nog dieselfde as dié van die Voortrekkers is. Dit kan eintlik glad nie boerdery genoem word nie. Dis onstelselmatig, primitief en onvoordelig. Dit bestaan hoofsaaklik in die oppas van 'n bietjie beeste en 'n trop skape en bokke. Die beginsel van wetenskaplike veeteelt word nie verstaan en die belangrikheid daarvan word nie waardeer nie. Beeste word eenvoudig as 'n soort gerieflike eiendom behandel en word gewoonlik aan hul eie lot oorgelaat. Landbou is beperk tot die omkrap van 'n lap grond om mielies te verbou wat die hoofvoedsel van die plaasbewoner uitmaak en waarvan enkele sakke aan die naaste winkelier verkoop kan word. Die agterlike boer se hele bestaan is ingerig op 'n van-die-hand-na-die-mond-grondslag.[1] Boerdery in die gemeenskappe vind baie op dieselfde grondslag plaas.

So is daar in die gemeenskappe gesinshoofde wie se vernaamste bron van inkomste van staatstoelaes afkomstig is. Op hul stukkie grond oes hul jaarliks miskien vier

---

1) Report of the Transvaal Indigency Commission 1906-1908, p.61.

of/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of vyf sakke mielies op grond waarvan hulle as „boere" bestempel word. Die begrip „boer" het vir hulle verder feitlik dieselfde betekenis as die begrip „Suid-Afrikaner."

Volgens tabel 16 word na die groep „boere" verwys as hulle wat geen ander bron van inkomste het as uit die grond nie.

Die tabel toon aan dat daar slegs 122 sodanige persone is in plaas van die bestaande 140 gesinne. Die rede hiervoor is dat daar 18 weduwees is wat nie onder een van die beroepe geklassifiseer kan word nie. Hulle beoefen geen beroep nie en word óf deur die staat óf deur hul kinders onderhou.

Die groep „Hoofsaaklik pensioentrekkers" kan moontlik uit ander bronne 'n addisionele inkomste kry. Daar is byvoorbeeld sommige van hulle wat 'n huisie of 'n stukkie grond teen £1 per maand verhuur. Enkeles het moontlik geringe inkomste uit 'n paar morg saailande, ensovoorts. Hul hoof bron van inkomste is egter die pensioene en toelaes.

Persone wat uit „Loswerk" in lewensbestaan voer, is diegene wat met hout of lemoene,(afkomstig uit aangrensende plase) smous, of stukwerk vir ander boere doen. Die groepe „Padwerk" en „Spoorwegwerk" is persone wat in diens van die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die Suid-Afrikaanse Spoorweë onderskeidelik is. Hulle (of hul vroue) woon in die gemeenskappe terwyl die arbeid op paaie of die spoorweë in die nabye omgewing verrig word.

Uit tabel 16 blyk dit dat 45.45% van die manlike gesinshoofde hoofsaaklik 'n bestaan uit die boerdery maak, teenoor 48.56% en 90.00% vir gemeenskappe B en C onderskeidelik. Minder as die helfte van die gesins-

hoofde/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoofde in A en B is dus van die boerdery afhanklik. Die persentasie gesinshoofde wat hoofsaaklik 'n bestaan uit toelaes maak, is nie veel minder dan die persentasie boere nie, naamlik 40.19% vir A en 42.86% vir B. In gemeenskap C egter is die posisie heel anders. Daar is 9 boere teenoor slegs 1 pensioenaris. Persone wat padwerk of spoorwegwerk doen vorm slegs 'n klein persentasie van die onderskeie beroepe. Vir gemeenskappe A, B en C vorm hierdie twee beroepe tesame 6.6% en 8.58% onderskeidelik.

Volgens die totale gegewens blyk dit dat 50% van die manlike gesinshoofde uitsluitend van die bodem afhanklik is. Dit wil natuurlik nog nie sê dat die gesin geen staatstoelaes ontvang nie. Die vrou of die gesin as geheel mag nog 'n ongeskiktheidstoelae of gesinstoelae ontvang. Sowat 38.53% van die gesinshoofde is „boere" wat die een of ander vorm van staatstoelae ontvang, wat die hoof bron van inkomste is.

Die ander beroepe vorm slegs 'n beskeie 11.48% van alle beroepe. Dit is verontrustend om te weet dat nie minder as 38.53% van die gesinshoofde 'n bestaan hoofsaaklik uit die ontvangs van toelaes maak.

In hierdie gemeenskappe vind ons dus nie geïsoleerde gesinne te midde van talle vooruitstrewende en selfstandige gesinne soos in ander dele van die platteland nie, maar ons vind gemeenskappe wat in hooftrekke identiek is en waar byna die helfte van die inwoners na die Staat moet opsien vir hul bestaan.

Die gevolge hiervan word in 'n latere hoofstuk behandel.

Dit is verder duidelik dat hier nie 'n verskeidenheid van beroepe aangetref word nie en dat geeneen van

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die gesinshoofde geskoolde arbeid verrig nie. As gevolg van die landelikheid en verdere kenmerke wat aan die gebiede eie is, leen die gemeenskappe hulle hoofsaaklik tot 'n kombinasie van allerlei ongeskoolde beroepe. Hierdie kombinasie word in aldrie die gemeenskappe aangetref. Die gemeenskaplikheid van beroepe het ook verdere gelykheid of „enersheid" in die bewoners se sosiaal-ekonomiese lewe veroorsaak.

Die kinders word van kleins af geleer dat die stukkie grond aan hul ouers en voorouers behoort het en dat hulle hul nie oor die toekoms moet bekommer nie aangesien daar vir hulle darem ook eendag 'n „sitplekkie" sal wees. Wanneer die seun 16 jaar geword het „<u>sodat</u>[2] hy die skool kan verlaat", word die „boerdery" geleidelik aan hom oorgelaat want „pa en ma" word oud en gevolglik is dit sy taak om op eie inisiatief 'n sukses van die „boerdery" te probeer maak. Daar word weinig belang in die onderwys gestel omdat vir die beoogde beroep as „boer" geen „geleerdheid" nodig geag word nie.

## 2. Grondeienaars, bywoners en huurders.

### (a) Inleiding:

In tabel 16 is daarop gewys dat slegs 122 persone in verskillende beroepe ingedeel kan word. Agtien weduwees is naamlik buite rekening gelaat. By die indeling van die gesinne in die groepe: grondeienaars, bywoners en huurders, is dit noodsaaklik dat hierdie

---

2) Die woord <u>sodat</u> word gebruik omdat verpligte onderwys tot 16-jarige leeftyd by 'n groot gedeelte van die gesinne as 'n maatskaplike las beskou word.

weduwees/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weduwees weer by die ontleding gevoeg sal word.

Net so moeilik as wat dit was om 'n konsekwente groepering by 'n "gesin" te maak, is dit ook die geval met bogenoemde indeling. Moet 'n ongetroude seun van 26 of 40 jaar wat vir sy pa met die boerdery help, as bywoner gereken word of moet hy buite rekening gelaat word?

Om eenvormigheid te verkry, is die reël gevolg dat 'n gesin uit 'n selfstandige persoon kan bestaan of uit persone wat 'n gesamentlike huishouding het. Waar daar meer as een persoon aanwesig is, moet hulle óf in 'n huweliksverband óf in 'n ouer-kind-verband tot mekaar staan.

Die volgende verhoudings word hier aangetref :

1) Man en vrou;
2) Man en vrou met een of meer kinders;
3) Wewenaars (met of sonder kinders);
4) Weduwees (met of sonder kinders); en
5) Mans nooit getroud.

Wanneer die man nog lewe, is hy vanselfsprekend die gesinshoof, terwyl die vrou in die wedustaat weer die hoof is. So sal 'n ongetroude seun van 26 of 40 jaar wat vir sy weduweemoeder help boer, terwyl die grond nog op haar naam geregistreer is, nie by die klassifikasie van grondeienaar, bywoner of huurder in aanmerking kom nie. Slegs sy moeder sal as grondeienares beskou word.

Die onderskeiding tussen die groepe bywoners en huurders was ook nie altyd duidelik nie. Die ondersoeker se eie oordeel moes in sommige gevalle gebruik word. Die bywoners bestaan gewoonlik uit die kinders of bloedverwante van die grondeienaars terwyl die huurders nie bloedverwante in die eerste of tweede graad is nie.

Tabel 17/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



<u>Tabel 17. Die grondeienaars, bywoners en huurders.</u>

| Verdeling. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Grondeienaars | 49 | 53.86 | 21 | 55.30 | 0 | 00.0 | 70 | 50.01 |
| Bywoners | 29 | 31.88 | 13 | 34.18 | 0. | 00.0 | 42 | 30.18 |
| Huurders | 13 | 14.26 | 4 | 10.52 | 11 | 100.0 | 28 | 20.01 |
| Totaal | 91 | 100.0 | 38 | 100.0 | 11 | 100.0 | 140 | 100.0 |

(b) <u>Grondeienaars</u>:

Uit tabel 17 blyk dit dat ooreenstemmende tendense weer in gemeenskappe A en B gevind word. Gemeenskap C wyk weer heeltemaal af omdat dié gebied 'n staatsnedersetting is. Hier is almal huurders van die Staat.

In gemeenskappe A en B is 50.01% van alle gesinshoofde, grondeienaars: 53.86% in eersgenoemde en 55.30% in laasgenoemde. Hoewel die grondeienaars 50.01% van die totale aantal gesinshoofde uitmaak, is dit nogtans tragies dat nie minder as die helfte van die ondersoekte gesinne, nog nooit enige grond besit het en ook miskien nooit enige grond sal besit nie omdat sommige van hulle reeds hoë ouderdomme bereik het. Laasgenoemdes is „kinders" wat vir hul ouers met die boerdery help. Een of albei ouers is nog in lewe en besit die „lewensreg" op die grond. Wanneer die ouers te sterwe kom, staan hulle in 'n kans

om/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om 'n gedeelte van die grond te erf. In een geval byvoorbeeld is 'n ou moeder wat die „lewensreg" op die grond besit, 92 jaar, terwyl haar oudste seun reeds 70 jaar oud is. Die ou moeder het nog die volle sê op die plaas en eers wanneer sy sterwe, sal haar seun 'n gedeelte van die grond erf, dit wil sê as haar seun nie miskien nog voor sy moeder te sterwe sal kom nie.

(c) Bywoners:

Die bywonersgroep vorm op een na die grootste groep, naamlik 30.18% van die totaal. Dié groep bestaan gewoonlik uit die kinders of bloedverwante van die grondeienaars en die moontlikheid bestaan dat sommige van hulle wel grondeienaars sal word volgens hul gebruiklike erfstelsel. Hulle besit egter nog nie grond nie.

Die meeste kry 'n vry woning asook 'n stukkie grond om vir die eienaars te ploeg. Van die opbrengs moet hulle 'n deel afgee. Vir elke bywoner is die voorwaardes verskillend. Sommige seuns gee die helfte van die oes aan hul ouers af, en ander weer een-kwart of een-derde of een-sesde. Sommige kinders gee niks af nie, maar dan is daar weer ander voorwaardes wat nagekom moet word, byvoorbeeld dat hulle hul ouers inwoning moet gee en van voedsel moet voorsien.

Die kinders bly gewoonlik bywoners totdat hul ouers tot sterwe kom en hulle dan 'n gedeelte van die grond erf en grondeienaars word. Treffend is dit dat nie een van die bywoners geldelik in staat is om self 'n stukkie grond te koop nie.

Dit is verder opvallend dat daar nêrens enige geskrewe kontrak tussen die twee partye bestaan nie. Die

ooreenkoms/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ooreenkoms is gewoonlik mondeling en word net so maklik verbreek as wat dit aangegaan is. Daarom gebeur dit dikwels (veral in gemeenskap A) dat 'n bywoner in die loop van een jaar na twee of drie verskillende stukkies grond verskuif. 'n Gesinshoof is byvoorbeeld nie tevrede met sy vader se instruksies nie; onenigheid ontstaan tussen vader en seun en die oplossing lê daarin dat die seun en sy gesin na sy vrou se ouers verhuis. Indien laasgenoemde egter nie in die gemeenskap woonagtig is nie, dan na enige ander familielid. Vir 'n tydjie mag dit goed gaan, maar sodra nuwe twiste ontstaan, word daar net weer verder na 'n ander familielid of terug na die vaderhuis getrek.

(d) Huurders:

Volgens tabel 17 blyk dit dat ongeveer 20.01% van die totale aantal gesinshoofde huurders is. Die persentasie word natuurlik sterk beinvloed en verhoog as gevolg van gemeenskap C waar alle gesinne huurders is. Daar is 14.26% huurders in gemeenskap A en 10.52% in gemeenskap B, teenoor 100.00% in C. In eersgenoemde twee gemeenskappe vorm hulle dus 'n klein persentasie van alle gesinne.

Die huurders van gemeenskappe A en B is nie bloedverwante in die eerste of tweede graad van die persone van wie hulle die grond of huis huur nie. Dat daar wel verlangs familieverwantskap bestaan soos kleinneef, niggie, ens., is seker.

Gewoonlik word net die huis in gemeenskappe A en B sonder enige bewerkbare grond verhuur. Die huur wissel tussen £1 en £1.10.0d. per maand. Hierdie gesinne beoefen geen bepaalde beroep nie en die huurhuis dien as „aftreerusoord" nadat 'n beroep wat hulle in die werklikheid

nooit/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nooit beoefen het nie, neergelê is. Hulle behoort tot die ouer geslag wat vir hul bestaan totaal van die Staat afhanklik is. Sommige van die huurders het nie in die gemeenskappe opgegroei nie maar het op 'n later leeftyd daar ingetrek. Hulle het nog nooit grond besit nie en omdat hulle slegs verlangs van ander gesinne in die gemeenskappe familie is, staan hulle ook in geen kans om grond te erf nie. Hulle het egter die gerusstelling dat hulle van 'n „sitplek" verseker is. Wat gemeenskap C betref, skryf die Volkswelsynsbeampte soos volg: „Oorspronklik was die huurprys £3 per jaar, maar hierdie bedrag is vanaf 1 Januarie 1932 verminder na £1.10.0d. en later as gevolg van verdere vertoë (deur die bewoners) en abnormale swaar tye na £1 per jaar vanaf 1 Januarie 1934."[3] Hierdie huur is dus minimaal en kan sekerlik deur enigeen betaal word. Hierdie huurgronde in gemeenskap C kan tog baie voordelig aangewend word indien boerdery ernstig beoefen word. Ongelukkig gebeur dit nie. Hulle woon almal jare lank reeds daar maar het finansieel nog nie in so 'n posisie gekom nie, ten spyte daarvan dat die geleentheid hom wel voordoen om ekonomies op die been te kom.

Die eienaardige is dat omtrent al die bywoners asook huurders heeltemal tevrede met hul ekonomiese toestand is. 'n Hele aantal bywoners byvoorbeeld het reeds die ouderdom van 60 jaar bereik en was nog hul hele lewe lank blote bywoners. Waarskynlik is die bywoners en huurders van mening dat hul voorbestem was om bywoners en huurders te wees en te bly, veral omdat hulle nie deur 'n erfporsie begunstig is nie.

---

3) <u>Ongepubliseerde rapport oor C nedersetting</u>, p. 2.

Gesels/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gesels met hierdie mense en bespreek die moontlikheid van 'n progressiewe boerderybeleid, dan tref dit dat daar inderdaad geen inisiatief en wilskrag aanwesig is nie. Die natuur word gewoonlik geblameer vir hul maatskaplik-ekonomies ongunstige toestande. Hulle is tipiese produkte van hul omgewing. Hulle lot is reeds vooruit bepaal, so meen hulle.

### 3. Die ekonomiese posisie in die algemeen.

Soos uit tabel 16 blyk, lewe ongeveer 38.51% van die gesinne hoofsaaklik uit staatstoelaes. Wanneer die totale aantal gesinne wat toelaes ontvang, nagegaan word, vermeerder hierdie persentasie tot nagenoeg 57%. Staatstoelaes vorm dus 'n vername bron van inkomste.

Die een of ander vorm van gemengde boerdery word deur 50% van die gesinne as die vernaamste bron van inkomste aangegee. Die historiese ontwikkeling van die gemeenskappe het tot die ontstaan van die soorte „veelsydige" boerdery gelei. Natuurlik het uit die „veelsydigheid" wat mettertyd aangeleer is, eienskappe ontwikkel waarvan sommige, op sigself deugdelik, tog 'n ongunstige uitwerking op die gemeenskappe as 'n geheel gehad het. Die noodsaaklikheid dat 'n persoon 'n aantal soorte boerdery gelyktydig moes behartig, het dit onmoontlik gemaak om intensief te boer en is oppervlakkigheid in die hand gewerk. Die voorkeur word aan ekstensiewe bo intensiewe boerdery gegee.[4] Hierdie soort boerdery lewer vanselfsprekend nie veel resultate nie, veral as daar nog buitendien 'n gebrek aan kapitaal is. Die gesinne is, soos later aangetoon sal

---

[4] Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I. Wordingsjare, p. 48-50.

word/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word, ekonomies baie swak. Die grootste aantal gesinne voer 'n sukkelbestaan. As die Staat nie sulke ruim by-draes in die vorm van toelaes lewer nie, sou die toestand onbeskryflik erg gewees het.

Die gemengde en onstabiele boerdery is dan ook grootliks vir die ekonomiese agteruitgang verantwoordelik. 'n Goeie voorbeeld hiervan is gemeenskap C waar die soutbedryf die hoofinkomste was en waarvoor die gebied as nedersetting geproklameer is. Die soutbedryf het stadigaan minder aandag geniet, omdat die gesinne meer aandag aan beesboerdery bestee het, wat dan 'n beter bestaan in verhouding met die soutbedryf sou bied. Die gevolg is dat daar tans 'n soutbedryf, beesboerdery, katoen-, grondboontjie- en mielieboerdery aangetref word, terwyl nie een soort intensief beplan word nie. Die welsynsbeampte van die gebied opper ook hierdie probleem: „Volgens die prinsipaal van die skool was die soutmakery op een tydstip 'n redelike betalende bedryf. Die sout was van 'n goeie gehalte en sommige nedersetters het tot 150 sakke sout per seisoen gemaak. Nou blyk dit dat die nedersetters tesame gedurende die afgelope seisoen ongeveer elf sakke sout gemaak het. Die pan het dus glad nie meer enige ekonomiese betekenis nie."[5)]

In gemeenskappe A en B is die agrariese toestande ook gedeeltelik verantwoordelik vir die ekonomies-ongunstige posisie aldaar. Vir sover dit gemeenskap A aangaan, kan uit betroubare gegewens bewys word dat die armoedesyfer in die Maricose distrik hoog is. Van hierdie armoede lees ons reeds in die vorige eeu: „Uit Marico berig die veldkornet in 1855 'de armoet is hier zeer zwaar onder de menschen'."[6)]

---

5) <u>Ongepubliseerde rapport oor C nedersetting</u>, a.w., p.4.
6) Pelzer, A.N.; a.w., p.16.

Om/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om 'n ekonomiese ontleding van 'n gesin of 'n aantal gesinne te gee, is geen maklike taak nie, veral waar dit ekonomies-ongunstige toestande is, soos in hierdie gemeenskappe byvoorbeeld. Die probleem is dat rykdom en armoede slegs twee begrippe is en derhalwe nie gemeet kan word nie. Terselfdertyd is daar baie faktore wat in ag geneem moet word voordat 'n begrip van die ekonomiese posisie verkry kan word.

'n Gedetaileerde ontleding van alle bates en laste sou 'n mens in staat stel om 'n volledige insig in hul ekonomiese sake te kry. Soiets is prakties feitlik onmoontlik weens die gebrek aan maatstawwe. Om maar 'n paar probleme te noem:

1. Wat is die waarde van 'n stuk grond? Soms sal vyf morg grond by een vrugbare gebied miskien dieselfde geldwaarde as 20 morg grond van 'n minderwaardige gehalte hê. Hoe gaan hierdie waardasies dus bepaal word?

2. In gemeenskap C is die waarde van 'n os feitlik tweekeer soveel as in gemeenskap A en dit weens die aard van die natuur. Wanneer is 'n persoon dan welgesteld by A: As hy 5 of 10 of 20 of 50 osse besit? Dieselfde geld ook weer vir C. Watter waarde kan dan aan die bewering geheg word: Gesin X besit tien morg grond, ses osse, twee koeie, drie kalwers, 'n span donkies, 'n driekamerhuis ........?

3. Die gesinstruktuur vorm 'n verdere ingewikkelde probleem. 'n Gesin van ses lede het byvoorbeeld baie meer geld vir kos, klere, brandstof en goedere soos seep nodig as 'n gesin wat uit twee lede bestaan. En al is

twee/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



twee gesinne ook ewe groot, kan hulle samestelling nog sodanig wees dat hul verskillende uitgawes het. Persone tussen die ouderdomme 20 tot 40 jaar het byvoorbeeld meer kos en klere nodig as ouer persone, want eersgenoemde groep is nog arbeidsproduktief - hulle het meer liggaamskrag en energie vir hul daaglikse arbeid nodig; hulle gaan meer dorp toe, wat meer klere beteken - terwyl die ouer mense 'n rustiger lewe voer, wat beteken dat hulle minder energie benodig en relatief met minder kos 'n bestaan kan maak. Dit is maar net 'n paar aspekte wat op sigself ook weer 'n volledige studie vereis.

Daar is 'n opname gemaak van alle lewende hawe, dog die verwerking hiervan het geblyk nutteloos te wees vir die rede wat onder (2) hierbo genoem is.

In hierdie studie word net 'n weergawe van die gemiddelde maandelikse inkomste van die gesinne gegee, en soos reeds beweer, is die finansiële posisie van die gesinne swak. Die bates waaroor hulle beskik is uiters beperk. Die gesinne self het hul gemiddelde inkomstes so juis as moontlik gegee. In baie gevalle is die getal sakke mielies of koring gegee. Die kontant waarde hiervan kon 'n mens in staat stel om die gemiddelde inkomste per maand uit te reken.

Omdat die oeste maar skraal was en die toelaes 'n vaste som beloop het wat dan ook die hoofsaaklike bronne van inkomste is, is die gegewens redelik betroubaar.[7)]

---

7) Vir sover dit die gesaaides betref, is daar net twee seisoene per jaar en gewoonlik wissel die mielie-oes van 2 tot 15 sakke terwyl die koringoes meesal 1 tot 8 sakke bedra. In al hierdie gevalle is geen onkoste van enige aard in aanmerking geneem nie. Die opbrengs vorm dus suiwer net dit wat ge-oes is.

Tabel 18/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 18. Die gemiddelde maandelikse inkomste van die gesinne[*] volgens die aantal inwonende lede per gesin.

| Pond per maand | Gemeenskap. | Gesinsgrootte (inwonende lede) | | | | | | | | | | | | Totaal | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | A | | B | | C | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| 0-10 | A | 6 | 9 | 8 | 3 | 4 | 5 | 2 | 2 | 2 | – | – | – | 41 | 45.06 | | | | | | |
| | B | 4 | 2 | 1 | 4 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | – | – | – | | | 18 | 47.38 | | | 63 | 45.0 |
| | C | – | – | – | – | – | 1 | 2 | – | – | – | – | 1 | | | | | 4 | 36.36 | | |
| 11-20 | A | 3 | 16 | 3 | 1 | 2 | 4 | 3 | 2 | 1 | 2 | – | – | 37 | 40.64 | | | | | | |
| | B | – | 7 | 4 | 1 | 1 | – | 1 | – | – | – | – | – | | | 14 | 36.84 | | | 55 | 39.3 |
| | C | – | – | 1 | 1 | 1 | – | – | 1 | – | – | – | – | | | | | 4 | 36.36 | | |
| 21-30 | A | – | – | – | 4 | – | 1 | – | 1 | – | – | – | – | 6 | 6.60 | | | | | | |
| | B | – | – | – | 1 | – | – | – | 1 | – | – | – | – | | | 2 | 5.26 | | | 10 | 7.1 |
| | C | – | 1 | – | – | – | 1 | – | – | – | – | – | – | | | | | 2 | 18.19 | | |
| 31-40 | A | – | – | 2 | 1 | – | – | – | – | – | – | – | – | 3 | 3.30 | | | | | | |
| | B | 1 | – | – | – | – | – | 1 | – | – | – | – | – | | | 2 | 5.26 | | | 5 | 3.6 |
| | C | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | | | | | – | – | | |
| 41-50 | A | – | – | 1 | – | 1 | – | – | – | – | – | – | – | 2 | 2.20 | | | | | | |
| | B | – | – | – | – | 1 | – | – | – | – | – | – | – | | | 1 | 2.63 | | | 3 | 2.1 |
| | C | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | | | | | – | – | | |
| 51 en hoër | A | – | – | 1 | – | 1 | – | – | – | – | – | – | – | 2 | 2.20 | | | | | | |
| | B | – | – | – | – | – | – | 1 | – | – | – | – | – | | | 1 | 2.63 | | | 4. | 2.9 |
| | C | – | – | 1 | – | – | – | – | – | – | – | – | – | | | | | 1 | 9.09 | | |
| Totaal : | | 14 | 35 | 22 | 16 | 13 | 14 | 11 | 8 | 4 | 2 | 0 | 1 | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

[*]Opmerking: Onder die term „gesin" word die vader en/of die moeder sowel as die kinders verstaan.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die besonderhede vir gemeenskap A soos vervat in tabel 18 dui daarop dat 45.06% van die gesinne 'n gemiddelde inkomste van tussen £0 en £10 per maand het. Hierdie groep vorm die grootste persentasie van die inkomstegroepe. Die persentasie vir die daaropvolgende inkomstegroep naamlik £11 tot £20 per maand is ook nog betreklik hoog en wel 40.64%. Vir die volgende inkomstegroepe daal die persentasie skerp tot 6.6% en vandaar daal dit dan geleidelik tot die hoogste inkomstegroep. Indien die groepe £0 - £10 en £11 - £20 saam gereken word, is daar 85.7% van die gesinne wat in genoemde inkomstegroep val terwyl 14.3% 'n gemiddelde inkomste bo £20 per maand het. Volgens die gesinsgrootte blyk dit dat daar nie wesentlike verskille in die verhouding van gesinsgrootte tot inkomstegroepe bestaan nie, met ander woorde, daar is nie 'n noemenswaardige aanduiding dat die gesinsinkome styg namate die gesinne groter word nie.

Gemeenskap B toon dat die grootste aantal gesinne, naamlik 47.38%, in die laagste inkomstegroep (£0- £10) val. Vir die volgende groep is die persentasie 36.84% wat die totaal vir die groep £0-£20, op 84.22% te staan bring. Die gesinne met 'n gemiddelde inkomste van meer as £20 per maand vorm slegs 15.88%. Ook hier is geen noemenswaardige verband tussen gesinsgrootte en inkomste nie.

Gemeenskap C toon ooreenstemmende tendense naamlik dat 8 of 72.72% van die gesinne in die groep £0- £20 val terwyl 3 of 27.28% 'n hoër inkomste het.

Uit die saamgestelde totaal van gemeenskappe A, B en C in tabel 18 kan veral drie gevolgtrekkings gemaak word :

(a) Die / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) Die inkomstegroepe van aldrie gemeenskappe verskil nie noemenswaardig nie. Die persentasies is reeds bespreek. Hulle toon die neiging om hoofsaaklik in die lae inkomstegroep te val. Hoewel die aard van die boerdery en die boerderymetodes dus mag verskil, toon die inkomste uit daardie boerderye min of meer dieselfde tendens.

Dit is merkwaardig om te sien hoe onstellend laag die gemiddelde maandelikse gesinsinkome werklik is. Daar is naamlik 45.0% van die gesinne in gemeenskappe A, B en C wat 'n inkomste van minder as £10 per maand het. 'n Verdere 39.3% verdien 'n inkomste van nie laer as £10 dog nie hoër as £20 per maand nie. Daar is dus 84.3% van die gesinne wie se totale gemiddelde maandelikse inkomste minder as £20 is, terwyl slegs 15.7% van die gesinne 'n gemiddelde maandelikse inkomste van meer as £20 het. Hoewel die aantal inwonende lede per gesin nie baie hoog is nie (die gemiddelde grootte van inwonendes per gesin is 4.03), is dit tog ondenkbaar dat 'n normale lewenspeil vir blankes met minder as £20 per maand gehandhaaf kan word. Eers wanneer daar vergelyk word en in ag geneem word dat 'n normale stedelike gesin wat uit 'n vader, moeder en twee kinders (van min of meer 4 en 6 jaar) bestaan, minstens £78 per maand[8] nodig het om 'n gesonde lewenspeil (nie lewensstandaard nie) te handhaaf, kan 'n idee gevorm word hoe geweldig laag die lewenspeil in die gesinne met 'n gemiddeld van £20 per maand moet wees.

(b) Oënskynlik bestaan daar geen verband tussen gesinsgrootte en gesinsinkome nie. Met ander woorde,

---

8) Hierdie berekening berus op 'n praktiese voorbeeld van 'n begroting wat vir 'n staatsamptenaar deur die ondersoeker opgestel is.

daar/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar is geen reël dat hoe groter die gesin hoe groter die inkomste is nie. Die gesinsgroottes is byna reelmatig versprei in die twee laagste inkomstegroepe.

(c) Vir sover dit die drie gemeenskappe betref, is hulle in materiële opsig feitlik identiek. Dit bewys ook gedeeltelik die stellings wat reeds in hoofstuk III gemaak is, naamlik dat ipso facto aangeneem kan word dat die drie feitlik in alle maatskaplike opsigte gelyk is en daarom as 'n eenheid behandel kan word.

## 4. Nadere ontledings van die ekonomiese posisie.

Vervolgens moet nagegaan word of daar enige verskil in inkomste by die grondbesitters, bywoners of huurders is en hoe dié drie groepe in elke gemeenskap met mekaar vergelyk. Om die gegewens makliker met mekaar te kan vergelyk, word tabelle 19, 20 en 21 direk namekaar geplaas.

Tabel 19. Maandelikse inkomste van gesinne* volgens gesinsgrootte (inwonendes) van 70 bestudeerde grondeienaars.

| Inkomste. | Gesinsgrootte. | | | | | | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | Aantal. | % |
| £0-£10 | 5 | 6 | 4 | 2 | 3 | 5 | 1 | 1 | 1 | - | - | 28 | 40.0 |
| £11-£20 | 2 | 15 | 3 | 1 | 3 | 3 | - | 1 | - | 2 | - | 30 | 42.9 |
| £21-£30 | - | - | - | 4 | - | - | - | 1 | - | - | - | 5 | 7.1 |
| £31-£40 | 1 | - | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | 5 | 7.1 |
| £41-£50 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| £51 + | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 2 | 2.9 |
| Totaal: | 8 | 21 | 10 | 8 | 6 | 8 | 3 | 3 | 1 | 2 | - | 70 | 100.0 |

*Opmerking:
Onder die woord gesin word verstaan die vader en/of die moeder sowel as die kinders.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 20. Maandelikse inkomste van gesinne volgens gesinsgrootte (inwonendes) van 42 bestudeerde bywoners.

| Inkomstegroep. | Gesinsgrootte. | | | | | | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | Aantal. | % |
| £0-£10 | 4 | 2 | 2 | 3 | 3 | 2 | 2 | 2 | 1 | - | - | 21 | 50.0 |
| £11-£20 | - | 5 | 2 | 1 | - | 1 | 4 | 1 | 1 | - | - | 15 | 35.7 |
| £21-£30 | - | - | - | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 3 | 7.1 |
| £31-£40 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| £41-£50 | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 2 | 4.8 |
| £51 + | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | 2.4 |
| Totaal: | 4 | 7 | 5 | 5 | 5 | 4 | 6 | 4 | 2 | - | - | 42 | 100.0 |

Tabel 21. Maandelikse inkomste van gesinne volgens gesinsgrootte (inwonendes) van 28 bestudeerde huurders.

| Inkomstegroep. | Gesinsgrootte. | | | | | | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | Aantal. | % |
| £0-£10 | 1 | 3 | 3 | 2 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | 1 | 14 | 50.0 |
| £11-£20 | 1 | 3 | 3 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 10 | 35.7 |
| £21-£30 | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 2 | 7.1 |
| £31-£40 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| £41-£50 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | 3.6 |
| £51 + | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 3.6 |
| Totaal: | 2 | 7 | 7 | 3 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | - | 1 | 28 | 100.0 |

In/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In tabelle 19, 20 en 21 is die drie groepe, grondeienaars, bywoners en huurders afsonderlik ontleed. Volgens tabel 19 het 40.0% van alle grondeienaars 'n gemiddelde maandelikse inkomste van minder as £10. In die tweede inkomstegroep is die persentasie effens hoër, te wete 42.9%. In die derde en daaropvolgende groepe daal die persentasie vinnig tot 7.1%. Slegs 12 uit die 70 grondeienaars (17.1%) het 'n gemiddelde inkomste van £20 en hoër per maand. Die gesinsgrootte het blykbaar ook geen noemenswaardige invloed op die verhouding tot die inkomste nie.

Tabel 20 dui daarop dat 50.0% van alle bywonergesinne in die laagste inkomstegroep (£0-£10) val met 35.7% in die volgende groep (£11-£20). Daar is slegs 14.3% van die bywonersgesinne wat 'n gemiddelde maandelikse inkomste van bo £20 het. Daar is ook geen aanduiding dat daar 'n verband tussen gesinsgrootte en inkomste bestaan nie.

Die gegewens in tabel 21 toon dat 50.0% van alle huurders ook 'n gemiddelde maandelikse inkomste van minder as £10 het. Daar is 85.7% van die gesinne wie se inkomste laer as £20 per maand is terwyl 14.3% van die gesinne 'n gemiddelde inkomste van meer as £20 per maand het.

Indien tabelle 19, 20 en 21 noukeurig vergelyk word, is dit tog moontlik om 'n klein verskil tussen die grondeienaars enersyds en die bywoners en huurders andersyds vas te stel.

Onder die laagste inkomstegroep vind ons 40.0% van die grondeienaars, terwyl daar wat die ander twee groepe betref, 50.0% van die gesinne aangetref word. In die volgende groep vind ons weer die grondeienaars in die

meerderheid/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meerderheid, naamlik 42.9% in vergelyking met die ander twee groepe wat weer 'n daling toon, naamlik 35.7% in albei gevalle. By die derde inkomstegroep en verder, daal die getalle skerp en aldrie groepe toon weer min of meer 'n identieke voorkoms.

Dit skyn dus asof die grondeienaars, in 'n geringe mate, geldelik beter daaraan toe is as die ander twee groepe. By aldrie groepe vorm die eerste twee inkomstegroepe egter die grootste persentasie, naamlik 82.9% vir die grondeienaars en 85.7% vir die bywoners en huurders.

Vervolgens moet nou aangetoon word hoe die groepe in elke gemeenskap afsonderlik, ooreenkom. Dit word in tabelle 22, 23, 24 en 25 aangetoon.

Tabel 22. Maandelikse inkomste van die verskillende groepe volgens gesinsgrootte in Gemeenskap A.

| Pond per maand. | Aard van gesin | Gesinsgrootte (inwonendes) | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | |
| 0-10 | Grondeienaars | 3 | 5 | 4 | 2 | 2 | 4 | 1 | - | 1 | - | - | 22 |
| | Bywoners | 2 | 1 | 2 | - | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | - | - | 12 |
| | Huurders | 1 | 3 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 7 |
| 11-20 | Grondeienaars | 2 | 8 | 2 | - | 2 | 3 | - | 1 | - | 2 | - | 20 |
| | Bywoners | - | 5 | - | 1 | - | 1 | 3 | 1 | 1 | - | - | 12 |
| | Huurders | 1 | 3 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 21-30 | Grondeienaars | - | - | - | 3 | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| | Bywoners | - | - | - | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 3 |
| | Huurders | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 31-40 | Grondeienaars | - | - | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| | Bywoners | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Huurders | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 41-50 | Grondeienaars | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Bywoners | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | Huurders | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 51 + | Grondeienaars | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | Bywoners | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | Huurders | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Totaal: | 9 | 25 | 15 | 9 | 8 | 10 | 5 | 5 | 3 | 2 | 0 | 91 |

Uit/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit tabel 22 blyk duidelik dat gevolgtrekkings uit tabelle 19, 20 en 21, naamlik dat die meerderheid grondeienaars in die tweede-laagste inkomstegroep val (£11-£20), ongegrond is. Daar is byvoorbeeld 22 grondeienaars in die groep £0-£10 terwyl daar 20 in die tweede groep is. Die bywoners vir hierdie twee groepe is ook gelyk, naamlik 12 gesinne elk, terwyl daar 7 huurders in die groep £0-£10 is teenoor 5 in die groep £11-£20. Verder is die gegewens dieselfde as dié vir tabelle 19, 20 en 21, naamlik dat daar baie min gesinne is (13 uit 91) wat 'n gemiddelde maandelikse inkomste van meer as £20 het. Daar bestaan ook nie aanduidings dat daar 'n verband is tussen gesinsinkome, gesinsgrootte en die aard van die gesin nie (grondeienaars, bywoners of huurders). (Hier moet bygevoeg word dat die getalle in die verspreiding van gesinne in die groepe <u>inkomste</u>, <u>aard van die gesin</u> en <u>gesinsgrootte</u> te gering is om behoorlik statistiese beduidendheid vas te stel.)

Tabel 23. Maandelikse inkomste van die verskillende groepe volgens gesinsgrootte in gemeenskap B.

| Pond per maand | Aard van die gesin. | Gesinsgrootte (inwonendes) | | | | | | | | | | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | |
| 0-10 | Grondeienaars | 2 | 1 | - | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | 6 |
| | Bywoners | 2 | 1 | - | 3 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | 9 |
| | Huurders | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | 3 |
| 11-20 | Grondeienaars | - | 7 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 10 |
| | Bywoners | - | - | 2 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 3 |
| | Huurders | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 21-30 | Grondeienaars | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | 2 |
| | Bywoners | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Huurders | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 31-40 | Grondeienaars | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 2 |
| | Bywoners | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Huurders | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 41-50 | Grondeienaars | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Bywoners | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | Huurders | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 51+ | Grondeienaars | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| | Bywoners | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Huurders | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Totaal: | 5 | 9 | 5 | 6 | 4 | 2 | 4 | 2 | 1 | 0 | 0 | 38 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 23 bevestig andermaal die bewering dat die grond-eienaars ekonomies in 'n geringe mate beter daaraan toe is as die bywoners of huurders. Daar is byvoorbeeld 6 gesinne in die inkomstegroep £0-£10 terwyl daar 10 gesinne in die volgende groep is (£11-£20). Met die bywoners en huurders geld die teenoorgestelde naamlik 9 huurders in die groep £0-£10 teenoor slegs 3 in die volgende groep (£11-£20), en 3 huurders in die laagste groep (£0-£10) teenoor slegs 1 gesin in die groep £11-£20. Verder is daar tesame slegs 6 gesinne uit die 38 met 'n gemiddelde maandelikse inkomste van meer as £20.

Tabel 24. Maandelikse inkomste volgens gesinsgrootte vir gemeenskap C (almal huurders).

| Pond per maand. | Gesinsgrootte. (inwonendes) | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | Totaal. |
| 0-10 | - | - | - | - | - | 1 | 2 | - | - | - | 1 | 4 |
| 11-20 | - | - | 1 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 4 |
| 21-30 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 |
| 31-40 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 41-50 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 51 + | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| Totaal: | 0 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | 0 | 0 | 1 | 11 |

In gemeenskap C is daar soos reeds bespreek, net huurdergesinne. Tabel 24 bevestig slegs die bewering dat die grootste aantal gesinne 'n gemiddelde maandelikse

inkomste/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inkomste van minder dan £20 het, naamlik 8 uit die 11 gesinne (72.73%).

Tabel 25 gee 'n saamgestelde weergawe van die gemiddelde maandelikse inkomste van die drie gemeenskappe volgens gesinsgroottes.

Tabel 25. Maandelikse inkomste van die drie gemeenskappe tesame volgens gesinsgrootte.

| Pond per maand. | Aard van die gesin. | Gesinsgrootte (inwonendes) | | | | | | | | | | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | |
| 0-10 | Grondeienaars. | 5 | 6 | 4 | 2 | 3 | 5 | 1 | 1 | 1 | - | - | 28 |
| | Bywoners. | 4 | 2 | 2 | 3 | 3 | 2 | 2 | 2 | 1 | - | - | 21 |
| | Huurders. | 1 | 3 | 3 | 2 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | 1 | 14 |
| 11-20 | Grondeienaars. | 2 | 15 | 3 | 1 | 3 | 3 | - | 1 | - | 2 | - | 30 |
| | Bywoners. | - | 5 | 2 | 1 | - | 1 | 4 | 1 | 1 | - | - | 15 |
| | Huurders. | 1 | 3 | 3 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 10 |
| 21-30 | Grondeienaars. | - | - | - | 4 | - | - | - | 1 | - | - | - | 5 |
| | Bywoners. | - | - | - | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 3 |
| | Huurders. | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 2 |
| 31-40 | Grondeienaars. | 1 | - | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | 5 |
| | Bywoners. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Huurders. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 41-50 | Grondeienaars. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| | Bywoners. | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 2 |
| | Huurders. | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 51 + | Grondeienaars. | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 2 |
| | Bywoners. | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | Huurders. | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | Totaal: | 14 | 35 | 22 | 16 | 13 | 14 | 11 | 8 | 4 | 2 | 1 | 140 |

Volgens/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 25 vorm gesinsgrootte 2 die grootste groep, naamlik 35 uit die 140 gesinne. Gesinsgrootte 3 en 4 vorm die tweede en derde grootste groepe met 22 en 16 gesinne onderskeidelik terwyl gesinsgrootte 1 en 6 gelyk is in die volgende grootte met 14 gesinne elk.

Die grondeienaars het ekonomies 'n geringe voorsprong bo die bywoners of huurders. In die inkomstegroep £11-£20 is daar 30 sodanige gesinne teenoor 28 in die groep £0-£10. Vir die bywoners is die posisie egter die teenoorgestelde, naamlik 15 gesinne vir eersgenoemde en 21 in laasgenoemde groep. By die huurders is daar ook 10 vir eersgenoemde en 14 vir laasgenoemde groep.

Verder toon die gegewens dat daar 22 uit die 140 gesinne is (15.7%) met 'n gemiddelde maandelikse inkomste van meer as £20. Uit die voorgaande tabelle kan die gevolgtrekking gemaak word dat hoewel daar kleinere verskille tussen alle grondeienaars enersyds en die bywoners en huurders andersyds, en tussen die grondeienaars, bywoners en huurders in elke afsonderlike gemeenskap asook tussen gemeenskappe A, B en C, bestaan, neem hierdie verskille egter sulke klein afmetings aan, dat daar met veiligheid aangeneem kan word dat die drie soort gesinne as min of meer gelyke eenhede behandel kan word.

## 5. Die rol van staatstoelaes in die ekonomiese lewe van die gemeenskappe.

Die voorwaardes waarop staatstoelaes uitgereik word, werk stremmend in op die ekonomiese vooruitgang van die gemeenskappe.

Wanneer/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wanneer 'n gesin vir gesinstoelae in aanmerking wil kom, is die voorwaardes soos volg :

(a) Die vader van dié gesin moet nog kan werk;

(b) Sy inkomste moet 'n minimum van £5 per maand wees, dit wil sê, te min vir gesinsbehoeftes;

(c) Daar moet nie minder as 3 minderjarige kinders in die huis wees nie. (Vir die eerste 2 word niks gegee nie. Die onderhoud kom eers deur die derde of meer kinders ten goede. Die bedrag is ongeveer £1.10.0d. per kind per maand).

(d) Die totale inkomste mag nie £25 per maand te bowe gaan nie.

Aan die eerste vereiste kan maklik voldoen word, want al is 'n vader sieklik is hy gewoonlik nog in staat om ligte werkies te verrig of om aan 'n seun instruksies te gee om sekere takies te behartig. Die tweede vereiste is eweneens maklik want tabel 18 het reeds getoon dat 84.3% van alle gesinne 'n gemiddelde maandelikse inkomste van minder as £20 het. Die derde voorwaarde is ietwat moeiliker, maar nou is daar weer ander toelaes, soos ongeskiktheidstoelaes, oudstryderspensioen of ouderdomspensioen wat binne hul bereik val en gevolglik maklik verkry word. Wanneer 'n vader vir so 'n toelae in aanmerking kom, kan die moeder weer vir 'n onderhoudstoelaag aansoek doen wat deur die gesinne „gesinstoelae" genoem word. Onderhoudstoelae en gesinstoelae is in hierdie opname dus een begrip. Waarnemings in die gemeenskappe het getoon dat ouers uit die jonger geslag meer kinders tuis het as ouers wat meer bejaard is en wie se kinders reeds die huis verlaat het. Byna elke gesin staan dus in 'n goeie kans om vir die een of ander toelaag in aanmerking te kom.

Volgens die voorwaardes van die gesinstoelae, moet

'n persoon/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n persoon dus feitlik niks besit nie voordat hy gehelp kan word. Volgens die bepalings van die ander toelaes weer moet die vader óf te oud óf te sieklik óf sonder werk wees voordat die gesin vir 'n toelae in aanmerking kan kom. Sodra 'n gesin enige redelike selfstandige inkomste kry, word die toelae onmiddellik teruggetrek. Hierdie bepalings is nogal aanloklik vir baie van die gesinne wat die Staat graag as 'n voog wil beskou. Die maatskaplike gevolge hiervan is voor die hand liggend.

Daarby kom dat die lewensstandaard van die gemeenskapsbewoners reeds só 'n peil bereik het dat die toelaes as voldoende inkomste beskou word. Wanneer veral meer as een lid van 'n gesin begunstig word, is die lewenshouding gewoonlik om alle verdere boerdery te staak. Die gemeenskapsekonomie kry gevolglik hierdeur 'n terugslag. Waarom moet daar gewerk word, so word geredeneer, as daar toereikende toelaes is en die voorwaardes binne die bereik van die applikant val. Hierdie lewensopvatting het reeds 'n lewensbeskouing by sowel toelaetrekkers as nie-toelaetrekkers geword. Ons kry dus 'n reeks sosiologiese en ekonomiese faktore wat elk gelyktydig oorsaak en gevolg is.

Tabel 26 gee 'n weergawe van die omvang wat pensioene en toelaes reeds in die drie gemeenskappe bereik het.

Tabel 26/ .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 26. Persone wat deur middel van staatstoelaes begunstig word.

| Aard van toelaag. | A | | B | | C | | Totaal per maand. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal persone. | Bedrag* ontvang. | Aantal persone. | Bedrag* ontvang. | Aantal persone. | Bedrag* ontvang. | Aantal persone. | Bedrag ontvang. |
| Ouderdoms-pensioen | 27 | £302 | 10 | £69 | 5 | £34 | 42 | £405 |
| Oudstryderspensioen. | 31 | £230 | 9 | £95 | 3 | £33 | 43 | £358 |
| Gesinstoelae | 10 | £ 84 | 2 | £20 | - | - | 12 | £104 |
| Ongeskiktheidstoelae | 9 | £ 62 | 7 | £50 | - | - | 16 | £112 |
| Ander | 2 | £ 14 | - | - | - | - | 2 | £ 14 |
| Totaal: | 79 | £692 | 28 | £234 | 8 | £67 | 115 | £993 |

*Bedrae (maandeliks) is tot die naaste £1 bepaal.

Tabel 26 toon aan dat 79 persone in A, 28 in B en 8 persone in gemeenskap C deur een of ander vorm van staatstoelae begunstig word. Ouderdoms- (42) en oudstryderspensioene (43) vorm die grootste aantal toelaes, naamlik 85 persone uit die totaal van 115 begunstigdes. 'n Besondere hoë bedrag word maandeliks deur die Staat aan toelaes uitbetaal, naamlik £692 in A, £234 in B en £67 in C, wat 'n totaal van £993 per maand vir die drie gemeenskappe beteken! Uit die £993 word £763 aan ouderdoms- en oudstryderspensioene betaal. Al is dit so dat hierdie pensioene oor die hele Unie aan alle verdienstelike gevalle uitbetaal word, is die beswaar hier dat sodanige pensioene 'n nadelige invloed op die jonger geslag uitoefen. Hulle groei in 'n gemeenskap op waar elke tweede persoon met toelaes begunstig word. Die toelaes word

later/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



later nie meer as 'n noodmaatreel beskou nie, maar as 'n verpligting van die Staat.

Vervolgens word in tabel 27 die persone, aard van die toelaes en die bedrae in die gesinsverband gebring.

Tabel 27. Gesinne wat deur middel van staatstoelaes begunstig word.

| Aard. | Aantal gesinne. | Persentasie. | Totaal begunstigdes. |
|---|---|---|---|
| **Gemeenskap A:** | | | |
| Gesinne waar een persoon begunstig word. | 33 } 56 | 36.2 } 61.5 | 33 |
| Gesinne waar twee persone begunstig word. | 23 | 25.3 | 46 |
| Gesinne wat nie begunstig word nie. | 35 | 38.5 | - |
| | 91 | 100.00 | 79 |
| **Gemeenskap B:** | | | |
| Gesinne waar een persoon begunstig word. | 10 } 19 | 26.3 } 50.0 | 10 |
| Gesinne waar twee persone begunstig word. | 9 | 23.7 | 18 |
| Gesinne wat nie begunstig word nie. | 19 | 50.0 | - |
| | 38 | 100.0 | 28 |
| **Gemeenskap C:** | | | |
| Gesinne waar een persoon begunstig word. | 3 } 5 | 27.4 } 45.6 | 3 |
| Gesinne waar twee persone begunstig word. | 1 | 9.1 | 2 |
| Gesinne waar drie persone begunstig word. | 1 | 9.1 | 3 |
| Gesinne wat nie begunstig word nie. | 6 | 54.4 | - |
| Totaal: | 11 | 100.00 | 8 |
| **Samevattend:** | | | |
| 1. Gesinne waar een persoon begunstig word. | 46 } 80 | 32.86 } 57.14 | 46 |
| 2. Gesinne waar twee persone begunstig word. | 33 | 23.57 | 66 |
| 3. Gesinne waar drie persone begunstig word. | 1 | .71 | 3 |
| Gesinne wat nie begunstig word nie. | 60 | 42.86 | - |
| Totaal: | 140 | 100.00 | 115 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 27 is daar 80 uit 140 gesinne (57.1%) wat een of ander vorm van toelaag ontvang. Die hoogste persentasie word in gemeenskap A aangetref met 61.5%; daarna B met 50.0% en dan gemeenskap C met die laagste persentasie, naamlik 45.6%. Uit die 80 begunstigde gesinne is daar 46 gesinne waar een persoon begunstig word, 33 gesinne waar twee, en 1 gesin waar drie persone per gesin begunstig word.

Volgens tabel 26 betaal die Staat maandeliks £993 net aan toelaes in die drie gemeenskappe uit of 'n bedrag van £11,916 per jaar. Dit mag miskien geen verkwisting van geld deur die Staat wees nie, maar die bedrae kan aan dieselfde gesinne op 'n voordeliger wyse bestee geword het, byvoorbeeld deur die gesinne na behoorlik beheerde nedersettings te laat verhuis. So 'n beleid behoort terselfdertyd as 'n oplossing vir die probleme van die gemeenskappe te dien.

Om 'n vergelyking tussen die totale inkomste van alle gesinne en die inkomste uit toelaes te maak, sou heel interessant wees. Hierdie taak word egter bemoeilik deurdat die inkomstes soos aangegee in tabel 18 slegs tentatief is met groepe van £10 elk. Tog kan by benadering 'n weerspieëling van die totale inkomstes soos volg bereken word: Die gemiddelde bedrag van elke inkomstegroep kan as die werklike inkomste van die gesin bereken word en op dié wyse kan die totale inkomste verkry word.

Byvoorbeeld:

Daar is 63 gesinne met 'n inkomste van £5. Totaal: £315.
Daar is 55 gesinne met 'n inkomste van £15. Totaal: £825, ensovoorts.

Volgens/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens hierdie berekening is die totale inkomste van die gesinne dan ± £1,920 per maand. Van hierdie bedrag vorm die toelaes £993. Die inkomstes uit ander bronne bedra dan £927. In persentasies is dit soos volg:

| | Bedrag. | %. |
|---|---|---|
| Inkomstes uit toelaes.. | £ 993 | 51.7 |
| Inkomstes uit ander bronne ....... | £ 927 | 48.3 |
| Totaal : ....... | £1920 | 100.0 |

Die Staat is dus vir ten minste die helfte van die inkomste van die 140 gesinne verantwoordelik. Nou ontstaan die vrae: Wat is die maatskaplike gevolge van hierdie staatshulp? Watter mensemateriaal word hierdeur gekweek? Wat gaan die uiteindelike lot van hierdie gesinne wees?

As daar na tabel 27 gekyk word, sal opgemerk word dat 80 van die 140 gesinne die een of ander toelaag ontvang. Meer as die helfte van die gesinne (57.1%) geniet dus die voordeel van staatsondersteuning. In dié opsig staan gemeenskap A vooraan. Nie minder as 61.5% van sy bewoners word deur die Staat ondersteun nie, terwyl die persentasies by B en C 50.0% en 45.6% onderskeidelik is.

By aldrie gemeenskappe toon die ouderdoms- en oudstryderstoelaes die hoogste persentasie begunstigdes.

Die bedrag wat aan elke pensioentrekker uitbetaal word, hang met die aard van die toelaag saam. Vir 'n oudstryder wissel dit tussen £10.10.0. en £13.0.0., vir ouderdomspensioen wissel dit tussen £6.0.0. en £8.0.0., vir gesinstoelaag ± £8.0.0. en ongeskiktheidstoelaag ± £7.0.0. per maand.

Waar een persoon per gesin begunstig word, sal die

inkomste / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inkomste dus tussen £8 tot £13 wissel, en waar twee persone per gesin begunstig word, sal die inkomste net uit die toelae wissel van £12 tot £18. Die aanmerking aan die begin van hierdie bespreking (paragraaf 2) kan weereens beklemtoon word. Dit was duidelik waarneembaar dat hoe hoër die toelae, hoe laer word die arbeidsproduksie - gewoonlik is daar feitlik geen arbeidsproduksie meer waar die gesin 'n toelaag ontvang nie.

Sewe-en-vyftig persent van die gesinne ontvang een of ander staatstoelaag, met bedrae wat tussen £6 en £18 per maand wissel. In vergelyking daarmee het 84% van die gesinne 'n inkomste van tussen £0 tot £20 per maand. Dis 'n verdere bewys hoedat toelaes werk-skuheid wat 'n belangrike maatskaplike probleem in die gemeenskappe is, aan die hand werk.

Dit lei dus geen twyfel nie dat pensioene en toelaes 'n belangrike aandeel en 'n vername rol in die swak ekonomiese posisie van die gemeenskapsbewoners speel.

## 6. Hoe word die inkomste deur die gemeenskapsbewoners beskou?

Terwyl die persoonlikheid en die algemene lewenshouding van die gemeenskapsbewoners reeds voor die aanvang van die opname aan die ondersoeker bekend was, het hy hom daarop toegelê om indirek of direk vas te stel wat hul algemene houding teenoor die geringe inkomste is.

Die vraag was: „Beskou u u inkomste as voldoende?" Daar word toegegee dat baie kritiek op hierdie metode van vraagstelling gelewer kan word. Die aandag moet egter daarop gevestig word dat wanneer daar op verskeie dae

besoeke/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besoeke van drie tot vier ure elk by 'n gesin afgelê word, kan aan die einde van die besoeke meer as net 'n empiriese weergawe gegee word. Wanneer die regte gesindheid geopenbaar en begrypend teenoor 'n gesin opgetree word, kan die gesin se waardestruktuur met 'n sekere mate van akkuraatheid bepaal en empiries weergegee word.

Die resultaat van voorgenoemde vraag word kortliks in tabel 28 saamgevat, terwyl ook vermeld word hoeveel gesinne, na die oordeel van die ondersoeker, werklik 'n voldoende inkomste het.

Tabel 28. Die gesinne se oordeel ten opsigte van hul inkomste.

| Aard van Oordeel. | Gemoenskappe | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Voldoende | 51 | 55.0 | 25 | 65.8 | 7 | 63.6 | 83 | 59.3 |
| Nie voldoende nie dog tevrede. | 40 | 45.0 | 13 | 34.2 | 4 | 36.4 | 57 | 40.7 |
| Totaal: | 91 | 100.0 | 38 | 100.0 | 11 | 100.0 | 140 | 100.0 |
| Werklik voldoende. | 15 | 16.5 | 4 | 10.5 | 4 | 36.4 | 23 | 16.4 |

Interessant is dit om op die mate van tevredenheid te let wat uit tabel 28 opgemerk kan word. By 'n gewone gesin is dit maatskaplik en sielkundig begryplik dat die gesinsinkome gewoonlik nie as voldoende beskou word nie omdat daar steeds hoër ideale en aspirasies is wat van-

selfsprekend/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selfsprekend 'n groter inkome verg. Hier tref ons egter by die grootste aantal gesinne daardie selfvoldoening aan wat aan die gemeenskappe eie is. Volgens die tabel word hierdie houding veral in gemeenskap B aangetref, naamlik by 65.8% van die gesinne wat reken dat hul inkome voldoende is. Op die totaal vorm die groep dan 59.3%. Die res, naamlik 40.7% van die gesinne was van mening dat hul inkomste nie voldoende is nie, hoewel hulle tevrede was. Die gemeenskaplike karaktertrek van tevredenheid is nie net met betrekking tot hierdie saak waar te neem nie, maar dit vleg soos 'n draad deur hul hele lewensbeskouing.

Onderaan tabel 28 is 'n berekening wat deur die ondersoeker self gedoen is van dié gesinne wie se inkomste wel as voldoende beskou is. Dit was 'n moeilike taak om te bepaal of 'n gesin se inkomste voldoende is. Om dit te kon doen, moes eers bepaal word wat die algemene lewenspeil van die gesinne in die geheel is. Tweedens, moes daarop gelet word hoe elke gesin met die ander sosiaal integreer, met ander woorde sy sosiale status. Derdens, moes op elke gesin se werklike inkomste gelet word om sy ekonomiese status te bepaal. Laasgenoemde hang weer af van die gesinsgrootte, sy struktuur en behoeftes. Al hierdie faktore is so objektief moontlik deur middel van waarnemings en die onderhoudmetode vasgestel. Die resultaat dui dan daarop dat daar in werklikheid slegs 23 uit die 140 gesinne (16.4%) is wie se inkomste sodanig is dat dit as voldoende beskou kan word. Hierdie 23 gesinne het almal verklaar dat hul inkomste nie voldoende is nie.

Dit moet verder van belang geag word om te bepaal watter persentasie gesinne enige belasting aan die Staat betaal. Die gegewens is in tabel 29 vervat.

Tabel 29/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 29. Gesinne wat hoof- en/of inkomstebelasting betaal.

| Groepe. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Betaal wel | 6 | 6.6 | 3 | 7.9 | 1 | 9.1 | 10 | 7.1 |
| Betaal nie | 85 | 93.4 | 35 | 92.1 | 10 | 90.9 | 130 | 92.9 |
| Totaal: | 91 | 100.0 | 38 | 100.0 | 11 | 100.0 | 140 | 100.0 |

Uit tabel 29 blyk dit dat daar slegs tien uit die 140 gesinne is (7.1%) wat enige belasting betaal. In gemeenskap A word die kleinste persentasie belastingbetalers aangetref, naamlik 6.6% teenoor 7.9% in gemeenskap B en 9.1% in gemeenskap C. Dit is hoofsaaklik hoofbelasting wat betaal word (sewe uit die tien gesinne). Daar moet in aanmerking geneem word dat die Staat jaarliks byna £12,000 aan toelaes in die gemeenskappe uitbetaal terwyl hy van slegs tien persone 'n belasbare inkomste het. Die bedrae van hierdie tien persone kan, soos tabel 30 aandui, ook nie veel wees nie (die presiese bedrae kon nie bepaal word nie).

Tabel 30. Die jaarlikse inkomste van die tien persone wat belasting betaal.

| Inkomste (Bedrag tot naaste £1) | Gemeenskappe. | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | |
| | Aantal. | Aantal. | Aantal. | Aantal. |
| £360 tot £480 | 2 | 1 | 0 | 3 |
| £481 tot £600 | 3 | 1 | 0 | 4 |
| £601 tot £720 | 1 | 1 | 1 | 3 |
| Totaal: | 6 | 3 | 1 | 10 |

Uit/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit tabel 30 blyk dit dat die hoogste inkomstegroep nie £720 per jaar oorskry nie. Elk van die gemeenskappe het een persoon uit die hoogste inkomstegroep wat belasting betaal. Uit hierdie tabel is dit dus duidelik dat die staatsinkomste vanweë hierdie tien persone uiters gering is.

7. Ekonomiese opvattings en beplanning.

In hierdie hoofstuk is tot dusver aandag aan die inkomste-aspek van die gemeenskappe bestee. Daaruit het dit geblyk dat die Staat vir ongeveer die helfte van die inkomste van die bewoners verantwoordelik is. Die ander gedeelte word deur die bewoners self voorsien. Hierdie gedeelte word hoofsaaklik uit die landbou en veeteelt verkry, terwyl ander inkomste soos van die spoorweë, paaie en loswerk, 'n geringe persentasie vorm.

Dit sal geregverdig wees om 'n bespreking van die ekonomiese moontlikhede in die drie gemeenskappe te gee.

(a) Landbou:

In hoofstuk II is reeds 'n beskrywing van die aard van die boerdery en die bodemgesteldheid gegee. Daarvolgens het geblyk dat gemeenskappe A en B hoofsaaklik in landboudistrikte geleë is, hoewel in gemeenskap B beesboerdery ook betalend kan wees. Daar is egter ook op gewys dat aangesien die reënval deur die jare aansienlik afgeneem het en die fonteinwaters grootliks opgedroog het, die kanse op winsgewende verbouing baie gedaal het. Voorts is dit hoofsaaklik in die gewese vleie waar die grond maklik bewerkbaar is. Die res van die grond is

baie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



baie klipperig en moeilik bewerkbaar.

Indien die boere meer intensiewe boerdery kan toepas en van meer moderne landboutoerusting gebruik kan maak, sou die probleme ook in 'n belangrike mate uitgeskakel gewees het. Ons kom hier weer in aanraking met oorsaak en gevolg wat mekaar in die hand werk - die gebrek aan beplanning bring 'n ekonomiese swakheid en omgekeerd. Wat die rede is waarom die boere nog steeds van eenskaarploeë en donkies gebruik maak, is nie moontlik om vas te stel nie. Dit het blykbaar 'n historiese agtergrond wat deur 'n reeks sosiale faktore bepaal is.

Die ekonomiese opvattings van die gesinne is eenvoudig en agterlik. Dit word net aangewend om die voortbestaan te verseker. Daar word nie gepoog om die landbouproduksie te verhoog of om 'n bykomende inkomste te vind nie. 'n Tipiese „lassaiz faire"-houding word aangetref.

Die vraag ontstaan of die grond van die grondeienaars sodanig is dat die landbouproduksie enigsins verhoog kan word. Dit is 'n moeilike probleem om te behandel. 'n Persoon mag 50 morg grond besit en volgens gewone standaarde behoort hy heeltemal selfonderhoudend te kan wees, mits die aarde en klimaat aan die vereistes van die landbou voldoen en die regte implemente om die grond te bewerk gebruik word. Wat gemeenskappe A en B betref, is die eerste en vernaamste probleem dat die vereiste implemente weens finansiële gebrek nie bekostig kan word nie. Hoewel die grond by A byvoorbeeld baie klipperig is, kon van die landbouproduksie nog 'n sukses gemaak word, mits die nodige toerusting gebruik word. Omdat dit nie daar is nie, lê die grootste gedeelte van die aarde daar onbewerk en nutteloos. So vloei die standhoudende water van een

sterk/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sterk fontein by A weg sonder dat dit benut word. Slegs die stukkies grond wat met primitiewe implemente bewerk kan word, word voordelig benut. Die ekonomiese swakheid verhoed die boere verder ook om bemestingstowwe te gebruik.

Tabelle 31 tot 33 dui die saaibare gedeeltes in verhouding met die grootte van die grondeienaars se grond aan. (In gemeenskap C is daar geen grondeienaars).

Tabel 31. Die saaibare gedeeltes van die grond van grondeienaars van A.

| Grootte van grond (in morge) | Saaibare grond (in morge). | | | | | | | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 en minder. | 3-5 | 6-8 | 9-11 | 12-14 | 15-17 | 18-20 | 21 en meer | Aantal |
| 10 en minder | 3 | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 11-20 | 3 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 5 |
| 21-30 | 5 | 3 | 2 | - | - | - | - | - | 10 |
| 31-40 | 3 | 1 | - | - | - | - | - | - | 4 |
| 41-60 | 5 | 2 | 1 | - | 1 | - | 1 | - | 10 |
| 61-80 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 81-100 | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 | 2 |
| 101-120 | - | 2 | 2 | - | - | - | - | - | 4 |
| 121-140 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | 2 |
| 141-160 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 161-200 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 |
| 201 en meer | - | - | 2 | 1 | - | - | 1 | 2 | 6 |
| Totaal: | 20 | 10 | 9 | 2 | 2 | - | 3 | 3 | 49 |

Uit tabel 31 blyk dit dat die grootste groep grondeienaars (20 uit 49) minder as 2 morge saaibare grond besit. Dit verteenwoordig 40.8% van die grondeienaars. Daar is 39 uit die 49 grondeienaars (79.5%) wat hoogstens 8 morge bewerkbare grond besit. Die totale grootte van die grond van hierdie eienaars wissel van minder as 10 tot

meer/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer as 200 morge. Daar is slegs 10 gesinne wat meer dan 8 morge bewerkbare grond tot hul beskikking het. Die grootste aantal boere (32 uit 49) se grond is kleiner dan 60 morge.

Tabel 32. Die saaibare gedeeltes van die grond van grondeienaars van B.

| Grootte van grond (in morge). | Saaibare grond (in morge) | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 en minder. | 3-5 | 6-8 | 9-11 | 12-14 | 15-17 | 18-20 | 21 en meer | Aantal |
| 10 en minder. | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 |
| 11-20 | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 21-30 | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | 2 |
| 31-40 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| 41-60 | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | 3 |
| 61-80 | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 81-100 | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | 2 |
| 101-120 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 121-140 | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 |
| 141-160 | - | - | - | - | - | - | - | - | 0 |
| 161-200 | - | - | 1 | 2 | - | 1 | 1 | 1 | 6 |
| 201 en meer | - | 1 | - | - | - | - | 1 | 1 | 3 |
| Totaal: | 1 | 3 | 3 | 4 | 1 | 3 | 2 | 4 | 21 |

Tabel 32 toon 'n ander beeld as tabel 31. In tabel 32 is 7 uit die 21 grondeienaars (33.33%) wat minder dan 8 more bewerkbare grond tot hul beskikking het teenoor die 14 (66.67%) wat meer as 8 morge tot hul beskikking het. Vergelyk hierteenoor die gegewens van tabel 31. Die grootste aantal gesinne, naamlik 14 uit die 21 (66.67%) besit meer as 80 morge grond.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verwagting is dat gemeenskap A, wat meer saaiboerdery verteenwoordig, relatief meer bewerkbare grond behoort te hê as gemeenskap B wat hoofsaaklik beesboerdery verteenwoordig. Tabelle 31 en 32 bewys egter die teenoorgestelde.

Tabel 33. Die saaibare gedeeltes van die grond van grondeienaars van gemeenskappe A en B.

| Grootte van grond (morge) | Saaibare grond (morge) | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 en minder. | 3-5 | 6-8 | 9-11 | 12-14 | 15-17 | 18-20 | 21 en meer. | Aantal |
| 10 en minder. | 3 | - | 1 | - | - | - | - | - | 4 |
| 11-20 | 3 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 5 |
| 21-30 | 6 | 3 | 2 | - | - | 1 | - | - | 12 |
| 31-40 | 3 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 5 |
| 41-60 | 5 | 3 | 2 | - | 2 | - | 1 | - | 13 |
| 61-80 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 81-100 | - | - | 1 | 1 | - | - | - | 2 | 4 |
| 101-120 | - | 3 | 2 | - | - | - | - | - | 5 |
| 121-140 | 1 | - | - | 1 | - | 1 | - | 1 | 4 |
| 141-160 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 161-200 | - | - | 1 | 2 | - | 1 | 2 | 1 | 7 |
| 201 en meer | - | 1 | 2 | 1 | - | - | 2 | 3 | 9 |
| Totaal: | 21 | 13 | 12 | 6 | 3 | 3 | 5 | 7 | 70 |

Tabel 33 (gemeenskappe A en B) toon dat die grootte van die gronde veral tussen 21 en 60 morge lê, naamlik by 42.9% van die gesinne. Daarbenewens is daar 46 of 65.7% van die gesinne wat minder as 8 morge bewerkbare grond besit. Daar is ook geen aanduiding dat die grootte van die bewerkbare grond in verhouding toeneem

namate/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



namate die grootte van die grond toeneem nie.

Die verhouding tussen die totale grootte van die grond en die ooreenstemmende bewerkbare gedeeltes is volgens tabel 33 baie klein. Deur die gebruikmaking van beter landboutoerusting behoort meer bewerkbare grond ter beskikking van die gesinne gestel te word waardeur hul ekonomiese posisie grootliks verbeter kan word. Die afwesigheid van beplanning enersyds en finansiële krag of steun andersyds verhoed egter soiets.

(b) Veeteelt :

In soverre die veeteelt aangaan, is daar weinig te beplan deur die boere. Wat genoemde boerdery betref, kom hoofsaaklik gemeenskap C en in 'n mindere mate gemeenskap B in aanmerking.

By C is beplanning deur die boere feitlik onmoontlik omdat die grond staatseiendom is. Gevolglik is daar nie van kampbeweiding sprake nie tensy die Staat ingryp en 'n ge-organiseerde stelsel van omkamping kan toepas. Tans word daar die sogenaamde gesamentlike weiding aangetref. Die gevolg is dat twee boere wat wel in 'n mate suksesvol met die boerdery was, groot kuddes vee aanhou, met die gevolg dat die veld totaal oorbewei word. Die algemene kondisie van die beeste is daarom uit die aard van die saak swak, die aanwas klein en gevolglik voer die ander gesinne hoofsaaklik 'n sukkelbestaan. Indien slegs 'n beperkte aantal beeste per gesin toegelaat word sodat oorbeweiding voorkom word, behoort die kondisie en die aanwas te verbeter, en behoort dit die ekonomiese posisie van die gesinne te verbeter.

In gemeenskap B waar beesboerdery ook met sukses toe-

gepas/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gepas kan word moet teen die natuur sowel as maatskaplike opvattings gestry word. 'n Soort gifplant in die veld wat sy verskyning vroeg in die lente maak, eis jaarliks talle beeste. Die enigste bestrydingsmiddels is, eerstens, om die areas toe te kamp (wat die verlies van groot stukke weiveld beteken), en tweedens, om die plant totaal uit te roei.

In die bestryding hiervan kom mens baie probleme teë: As gevolg van die erfstelsel het die eiendomme van die grondeienaars só gekrimp dat elke afsonderlike stukkie grond nie meer vir beesboerdery geskik is nie. Daarom is kampbeweiding in die besonder nie moontlik nie en buitendien beskik die bewoners nie oor die nodige kapitaal om dit toe te pas nie.

Wat die bestryding van die gifplante betref, kan die boere omheiningsmateriaal nie bekostig nie; buitendien is die plasies te klein om dit prakties moontlik te maak. Wat die totale uitroeiing van die plant betref, glo die bewoners enersyds nie dat dit die gifplant is wat die dood van die beeste veroorsaak nie (dit word eerder aan die ontydige brand van die weiveld toegeskryf), en andersyds is die geesdrif daartoe nie aanwesig nie. Met ander woorde, die moeite sou nie die voordeel daaraan verbonde werd wees nie, so word geredeneer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk VI.

## BEHUISINGSTOESTANDE.

### 1. Algemeen.

In die huidige samelewing word toereikende behuising as een van die primêre menslike behoeftes beskou. Uitgebreide en intensiewe navorsing is gedurende die afgelope tiental jare gedoen omdat besef word dat behuising een van die faktore is wat 'n huweliks- en gesinslewe kan laat slaag of misluk. Dit dien as 'n faktor in 'n positiewe of negatiewe rigting wat ook by die gesinslede óf meer gehegtheid óf 'n nadelige houding teenoor mekaar laat ontwikkel. Omdat dit tans 'n probleem is wat die primêre menslike behoeftes in so 'n groot mate raak, heg die owerheid ook besondere aandag daaraan. Hy besef dat behuising 'n invloed op die maatskaplike sowel as die gesondheidslewe het. 'n Komitee se mening oor die minimum standaarde van behuising was: "Good housing tends to promote good citizens, and hence stable conditions in society".[1) ] Wanneer 'n man en 'n vrou in die huwelik tree, dink hulle eerstens aan die probleem van huisvesting en om hierdie probleem op die doeltreffendste manier op te los, word gewoonlik geen moeite of koste ontsien nie.

In teenstelling met hierdie teenswoordige behoefte-opvatting van die deursnee-bevolking tref ons hierdie houding onder die blanke armes nie aan nie. By hulle is 'n huis slegs 'n slaap- en gedeeltelik ook 'n eetplek. Navorsingsprojekte wat oor die blanke behoeftiges handel,

---

[1)] Interim report of the Main Committee on Minimum Standards of Accommodation. National Building Research Institute, p.2.

vestig/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vestig die aandag op die swak behuisingstoestande, behalwe waar staats- of ander behuisingskemas vir beter woningtoestande voorsiening maak. Ons vind dit byvoorbeeld in die verslae van die Carnegie-kommissie, P.W. Kotze se ondersoek in Namakwaland en P.F.S.J. van Rensburg se opname in Knysna onder oud-boswerkers en die nakomelinge van boswerkers. Hierdie navorsingsprojekte was nie slegs tot een gebied beperk nie maar feitlik oor die hele Unie versprei (onder andere van die suidoostelike Kaapprovinsie tot in Namakwaland) en oral word dieselfde tendens geopenbaar. Dit geld ook nie net vir een tydperk nie, dog die tipiese hartbeeshuisies van die vroegste jare word tans nog in sommige landelike gebiede aangetref. Ter stawing hiervan kan na 'n aantal ondersoeke verwys word. Aangaande die Knysnase bosstreek skryf P.F.S.J. van Rensburg soos volg: „Die wonings bestaan gewoonlik uit sooie, hout en sink. Meestal is daar grondvloere, in heelwat gevalle is daar nie 'n stoof in die kombuis nie en vuur word op 'n vuurherd gemaak, terwyl die dak pikswart van die roet is ............"[2] En verder: „Dat die behuisingstoestand van die nakomelinge van boswerkers veel te wense oorlaat, word op ondubbelsinnige wyse ........ bewys. Met die uitsondering van sowat 23 persent, wat op die nedersetting van die Departement van Volkswelsyn woon, kan gesê word dat die behuisingstoestand sorgwekkend is". Verder word daarop gewys dat die oorgrote meerderheid (sowat 77%) van die bestudeerde gevalle in huise woon wat ongeskik vir bewoning deur blanke gesinne is. Die huise

---

[2] Van Rensburg, P.F.S.J.: Oud-boswerkers en die nakomelinge van boswerkers in die middellandse bosstreek met besondere verwysing na Knysna, p.212-213.

is/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is ongeskik om redes soos oorbewoning, bouvalligheid, ondigtheid, onvoldoende ventilasie, klamheid, grondvloere, ensovoorts. Voorts word verklaar dat waar oorbewoning voorkom, kinders van verskillende ouderdomme en geslagte in een of twee vertrekke met die ouers saamgehok word. Waar klamheid en ondigtheid van wonings die grootste swakheid verteenwoordig, moet nadelige gevolge op die gesondheid vanselfsprekend wees. Die wonings met grondvloere dien geensins as aanmoediging tot netheid, sindelikheid en huislike trots nie.[3] Hieruit kan 'n beeld gevorm word van die behuisingstoestande en die gevolge daarvan soos dit onder die blanke armes in die Knysnase bosstreek voorkom.

In Namakwaland is die behuisingstoestande nie beter nie. P.W. Kotzé skryf soos volg: „In die Namakwalandse gemeenskap ...... word behuising as geen besondere probleem beskou nie. Dit is die laaste struikelblok wat twee jong mense aldaar sal verhinder om in die huwelik te tree as hulle eers daartoe besluit het. As geldelike skaarste dit nie toelaat dat 'n goeie steenmuurhuisie opgerig kan word nie, is die jongman en sy bruid heeltemal tevrede om in die dood-eenvoudige matjieshuisie in te trek. Selfs in baie gevalle waar die finansiële toestand wel van so 'n aard is dat 'n goeie woning gebou kan word, gee die familie nog voorkeur aan die matjieshuisie".[4] Verder word 'n ontledende beskrywing van die wonings en die geskiktheid daarvan vir blanke bewoning gegee. Daarvolgens blyk dit dat waar nie van die plattelandse rehabilitasie

---

[3] Van Rensburg, P.F.S.J., a.w., p.214-216.

[4] Kotzé, P.W.: Namakwaland, p.79.

en/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en behuisingskema gebruik gemaak is nie, die wonings waarskynlik in 'n treuriger toestand as dié in die Knysnase bosstreek verkeer.

In die Verslag van die Carnegie-kommissie oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika word in die sosiologiese deel ook na die uiters swak behuisingstoestande waaronder die behoeftiges moet leef, verwys. Daaruit word 'n globale beeld van die lewensomstandighede van die Suid-Afrikaanse behoeftiges (veral met verwysing na die plattelandse armes) verkry. So ook is die Kommissie se beskouings aangaande behuisingstoestande onder die Suid-Afrikaanse blanke armes waardevol. Hulle verwys veral na die afgesonderde gesinne op die platteland: „In sommige dele van die noordweste van Kaapland (Namakwaland) word tot vandag toe nog gepraat van 'n „muurhuis" in teenstelling met 'n matjieshuis of hartebeeshuis, omdat laasgenoemde nog so dikwels aangetref word. Selfs in dele van die land waar huise van klip of steen gebou word, is dit die gebruik om 'n platdakhuis te bou, soms net met een of twee kamers. Ook is daar dikwels 'n gemis aan voorbeelde van behoorlike meubilering en versiering van huise, van 'n blom-, groente- of vrugtetuin om die huis, van assainering en ander geriewe van die beskawing".[5] Hoewel hierdie ondersoek in 1932 voltooi is, getuig Kotzé se studie van 11 jaar later (1943), en ook van Rensburg se ondersoek van 17 jaar later (1949) van min of meer soortgelyke toestande in dieselfde gebiede.

Die Kommissie het tesame 605 huise, oor die Unie van Suid-Afrika versprei, ondersoek. Die huise is in drie kategorieë volgens hulle geskiktheid vir bewoning verdeel.

---

[5] Albertyn, J.R.: <u>Die armblanke en die maatskappy</u>: Carnegie Verslag Deel V, p.22-23.

Eerstens/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Eerstens, die groep wat ongeskik vir blanke beskaafde bewoning volgens sekere standaarde is. Tweedens, die huise wat middelmatig skoon en redelik geskik vir bewoning is dog heeltemal te klein vir 'n behoorlike bestaan. Derdens, die groep huise wat geskik vir blanke bewoning is. Die resultaat was soos volg: „Van hierdie getal is 64% onbevredigend - 34% van die A-klas en 30% van die B-klas .... Op die platteland was die toestand erger want 71% was onbevredigend ....... Op die delwerye was die toestande die swakste van almal. 90% was onbevredigend (54% A-klas en 36% B-klas) ..........."[6]

In die samevattende bevindings van die Kommissie word die mening uitgespreek dat swak behuising 'n demoraliserende uitwerking op die gesinslewe het. "Many of the dwellings inhabited by poor whites clearly show a low standard of living".

Hierdie bevindings laat onwillekeurig die vraag ontstaan wat die vereiste standaarde vir goeie behuising is en watter maatstawwe toegepas moet word om daardie vereistes te kan meet. Hierdie antwoord word kortliks in 'n artikel wat deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad uitgegee is, saamgevat en lui soos volg:[7] "Man's two primary physical requirements are food and shelter. In civilized living this means the opportunity to earn enough money for the purchase of food, fuel, clothing and housing. It is important to note that housing is only one of a number of equally necessary items. This fact must be borne clearly

---

6) Albertyn, J.R., a.w., p.24.

7) Jennings, J.E.: Housing for the Urban Bantu, p.2.

in/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in mind since we must not make the error of providing accommodation which can only be afforded at the expense of food or other items which are equally necessary to maintain life and health. Housing starts as a social and health problem. Good housing tends to promote good citizens, and hence stable conditions in society; satisfactory housing is essential for the good physical health of people and for the proper functioning of good family life, which is the keystone of our western civilization. Conversely poor housing produces discomfort and discontent leading to an anti-social outlook, an increase in crime, the feeding of epidemics and a host of other social evils.

"The basic requirements of good housing can be stated in four axioms:

(a) The housing must be such as to allow the proper functioning of family life within the community;

(b) It must safeguard the health of the occupants;

(c) It must be sufficiently economical to be within the means of the people to be housed;

(d) It must be sufficiently durable to justify the investment of capital funds."

Verdere opmerkings oor hoe aan bogenoemde vereistes op ideale wyse voldoen moet word, omsluit onder andere die volgende:

(1) Beplanning moet so geskied dat slegs een gesin 'n huis sal bewoon.

(2) 'n Huis moet voorsiening maak vir ruimte vir slaap, kook, eet en woongeriewe, en hierdie ruimtes moet, namate die gesin groter is, groter wees.

(3) Daar moet, in soverre dit die slaapgeriewe

van/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die gesin aangaan, 'n skeiding tussen die ouers en van die ouer kinders, volgens geslag, wees.

(4) Daar behoort 'n skeiding tussen die kookgedeelte en die slaap- en woongedeeltes te wees, hoewel daar in sowel die woon- as die kookgedeelte geëet kan word.

(5) Elke huis behoort 'n eie latrine te hê.

(6) Daglig in die huis behoort op 'n funksionele basis ontwerp te word: byvoorbeeld, meer vensters is in die kombuis as in 'n slaapkamer nodig.

(7) Daar behoort voorsiening gemaak te word vir nie-kontroleerbare openinge in die mure (lugstene, ens.) om sodoende permanente ventilasie te kry wat vir die minimum hoeveelheid vars lug nodig is, en verder behoort daar kontroleerbare openinge te wees (vensters) vir ventilasie wanneer dit benodig mag word vir afkoeling in warm dae.[8)]

Wanneer die tipe huise van die behoeftiges, soos aan die begin van die hoofstuk uiteengesit, met bogenoemde standaarde vergelyk word, wil dit voorkom asof daar aan geen of baie min van die vereistes voldoen word. Die enigste vereistes waaraan dié huise wel voldoen, is die besondere geringe koste waarteen so 'n tipe huis opgerig kan word. Behuising ten opsigte van die deursnee blanke armes is onprakties, onhigiënies, ondoelmatig en voldoen nie aan die minimum standaarde vir blankes nie.

---

[8)] Jennings, J.E., a.w., p.3.

2/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Aard van die wonings in die gemeenskappe.

(a) Inleiding:

Tot dusver is die behuisingsprobleem vanuit 'n algemene oogpunt, en soos ander navorsers dit gevind het, benader. Die ooreenkoms tussen die huisies in die verskillende gebiede was opvallend. In die hoofstuk sal verder 'n ontleding van die toestande soos dit in die gemeenskappe gevind is, gegee word. Voordat daartoe oorgegaan word, sal dit interessant wees om die beskouing van Van der Merwe, soos dit in Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie voorkom, weer te gee en dan te vergelyk hoe dit met die huidige toestande in die gemeenskappe ooreenkom.

Van der Merwe skryf soos volg: „Gewoonlik was dit (die huisies van die trekboer) sowat 30 tot 40 voet lank en ongeveer 20 voet breed. Die eerste vertrek wat die reisiger binnegekom het, was 'n betreklik ruim en lugtige voorhuis. Aan weerskante daarvan was twee kleiner vertrekke wat as slaapkamers gedien het en deur binnemure wat tot aan die begin van die spits dak gereik het, van die voorhuis afgeskei was. Heel dikwels het die voorhuis as sitkamer, eetkamer, en kombuis diens gedoen, maar die beter klas plaashuis het darem gewoonlik 'n aparte kombuis gehad. Dit was in die reël agter die huis aangebou en deur 'n deur met die voorhuis verbind. Soms is daar in 'n buitekombuisie gekook wat naby die woonhuis opgerig was ...."[9]

En verder: „Die sinkdakke van vandag was toe teen die begin van die 19de eeu nog nie in die binneland bekend nie. Huise is toe dikwels met strooi gedek, maar baie maal ook

---

[9] Van der Merwe, P.J.: Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842), p.210.

met/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met riete, matjiesgoed of ander struikgewasse. Dit het gerus op 'n raamwerk van hout of bamboes en is met leerriempies daaraan vasgebind. Solders was daar gewoonlik nooit, sodat die dak van binne sigbaar was.

"Die vierkantige gate wat in die mure laat bly is om lig en lug in te laat, is by gebrek aan die nodige planke, toegemaak met wat te kry was.

"Luiheid is iets wat so oud is as die mensdom en voorkom orals waar mense woon. Ons kan dus aanneem dat dit inderdaad in individuele gevalle die bou van ordentlike huise in die grens distrikte sou teen gewerk het. Maar 'n mens moet baie versigtig wees om nie te oordrywe nie, want die pioniers se skynbare onverskilligheid oor hul lewensomstandighede kan maklik op grond van ander oorsake verklaar word."[10]

As hierdie beskrywing van die trekboer se huis met dié van die ondersoeker se vroeëre ondersoek (wat 'n groot gedeelte van gemeenskap A insluit) vergelyk word, is die ooreenkoms sprekend.[11]

(b) <u>Behuising in die gemeenskappe</u>:

Volgens die ondersoek in verband met die behuisingstoestande kan in hoofsaak die volgende vyf tipes wonings onderskei word:

(1) Wonings hoofsaaklik met kleistene gebou (afgepleister).

(2) Wonings hoofsaaklik met kleistene gebou (nie afgepleister nie).

---

10) Van der Merwe, P.J., a.w., p.217-218.

11) Potgieter, J.F.: <u>'n Sosiografiese studie van 'n afgesonderde gemeenskap in die distrik Marico</u>, p.38-42.

(3)/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(3) Wonings hoofsaaklik met bakstene gebou (afgepleister).


(4) Wonings hoofsaaklik met bakstene gebou (nie afgepleister nie).

(5) Wonings hoofsaaklik van klip gebou.

Van hierdie vyf tipes huise word egter weer talle skakerings betreffende die dak, plafon, vloere en vensters gevind.

By die bepaling van die vyf tipes is die woord „hoofsaaklik" gebruik, omdat daar dikwels 'n kamer of kombuis aangebou is en in baie gevalle is dan van ander materiaal gebruik gemaak. Soos in die geval van die beskrywing van Van der Merwe se tipiese huisies was daar ook in hierdie gemeenskappe vroeër geen kombuise aanwesig nie, dog later is die belangrikheid van 'n kombuis besef en gevolglik is 'n kombuis aangebou. Hierdie kombuise is dan gewoonlik van sinkplate of ou blikplate aanmekaar getimmer. Die grondplan neem dan in die meeste gevalle, die patroon aan soos in tekening 1 aangedui.

**Tekening 1. Grondplan van 'n tipiese tweeslaapkamerhuis.**




So/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



So 'n aangeboude kombuis het gewoonlik, in teenstelling met die oorspronklike huis wat 'n gras- of sink-staandak het, 'n platdak. Dit is gewoonlik 'n baie klein vertrekkie. Die oorspronklike huis het dan uit die twee slaapkamers en die voorhuis bestaan en die voorhuis het aanvanklik ook as kombuis gedien. Waar net een slaapvertrek aangetref word, is die "kombuis" op die grondplan afwesig en word een van die slaapkamers daarvoor gebruik. Die voorste stoep bestaan gewoonlik óf uit klip óf grond waaroor beesmis gesmeer is óf uit perskepitte wat oor die hele grondvloer langs mekaar ingestamp is. Laasgenoemde vorm nogal 'n harde en dienlike stoep-oppervlakte. 'n Druiwestok of twee dien in baie gevalle as 'n afdak oor die stoep.

Binnedeure is skaars veral die wat van planke gemaak is. Gewoonlik bestaan dit uit sink, en in baie gevalle ontbreek dit geheel en al. Soms word gordyntjies in die deurloop na die kamer aangetref, maar ook nie in al die gevalle nie. Van privaatheid is daar in so 'n huis dan geen sprake nie. Die besoeker sien sonder moeite alles wat in die slaapkamers aangetref word.

'n Volledige ontleding van die materiaal waarvan die 130 huise van twee of meer vertrekke in die gemeenskappe gebou is, word in tabel 34 weergegee. Hoewel daar 140 gesinne in die gemeenskappe is, woon daar tien gesinne by ander in, met die gevolg dat daar slegs 130 huise is.

Tabel 34/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 34. Materiaal waarvan die wonings met twee of meer vertrekke in die gemeenskappe gebou is.

| Bou-materiaal. | | Gemeenskappe. | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | A | | B | | C | | | |
| | | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal | % | Aantal. | % |
| MURE | Kleistene (gepleister) | 19 | 22.89 | 11 | 30.55 | 4 | 36.36 | 32 | 24.62 |
| | Kleistene (nie gepleister) | 21 | 25.31 | 13 | 36.11 | 2 | 18.18 | 34 | 26.15 |
| | Gaarstene (gepleister) | 10 | 12.04 | 7 | 19.45 | 1 | 9.09 | 22 | 16.92 |
| | Gaarstene (nie gepleister) | 22 | 26.51 | 2 | 5.56 | 3 | 27.28 | 27 | 20.77 |
| | Klipgebou | 11 | 13.25 | 3 | 8.33 | 1 | 9.09 | 15 | 11.54 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |
| DAK | Sink-platdak | 19 | 22.89 | 4 | 11.11 | 2 | 18.18 | 25 | 19.23 |
| | Sink-staandak | 44 | 53.02 | 10 | 27.78 | 1 | 9.09 | 55 | 42.31 |
| | Grasdak | 20 | 24.09 | 22 | 61.11 | 8 | 72.73 | 50 | 38.46 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |
| PLAFON | Sonder plafon | 66 | 79.52 | 30 | 83.33 | 11 | 100.0 | 107 | 82.04 |
| | Met 'n plafon | 17 | 20.48 | 6 | 16.67 | 0 | 00.0 | 23 | 17.96 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |
| VLOERE | Mis en grond | 44 | 53.00 | 29 | 80.55 | 4 | 36.36 | 77 | 59.23 |
| | Klip | 18 | 21.69 | 0 | 00.00 | 0 | 00.00 | 18 | 13.86 |
| | Sement | 19 | 22.89 | 7 | 19.45 | 7 | 63.64 | 33 | 25.38 |
| | Plank | 2 | 2.42 | 0 | 00.00 | 0 | 00.00 | 2 | 1.53 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |
| VENSTERS* | Plankluike | 23 | 27.71 | 19 | 52.78 | 6 | 54.55 | 48 | 36.92 |
| | Glas (onbevredigend) | 32 | 38.55 | 12 | 33.33 | 3 | 27.27 | 47 | 36.15 |
| | Glas (bevredigend) | 28 | 33.74 | 5 | 13.89 | 2 | 18.18 | 35 | 26.93 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |

*Opmerking: Met betrekking tot die vensters, beteken die woord „bevredigend" alle vensters wat behoorlik lig verskaf en waar glasruite die vereiste diens verrig. As „onbevredigend" is glasvensters beskou wat onvoldoende lig verskaf as gevolg van gebreekte ruite wat met materiaal, soos ou kussings, planke of blikplate toegemaak is.

(i)/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Mure:

Volgens tabel 34 blyk dit dat die huise wat in gemeenskap A van kleistene gebou is, heelwat meer voorkom as dié wat met bakstene gebou is (48.2% teenoor 38.55%). In gemeenskappe B en C word dieselfde tendens aangetref naamlik 66.66% in B en 54.54% in C wat met kleistene gebou is. Uit die 130 huise is 50.77% met kleistene gebou, 37.69% met gaarstene terwyl die res (11.54%) met klip gebou is. Hoewel dit mag voorkom asof die kleistene nie baie jare sal hou voordat dit stukkend reën nie, is die teenoorgestelde egter waar. Sommige van die kleisteen-huise staan reeds meer as 50 jaar terwyl die stene nog nie erg verweer is nie. Huise wat van klip gebou is, vorm slegs 11.54%. In een gedeelte van gemeenskap A word plat leiklip aangetref en gevolglik is baie huise van hierdie materiaal gebou. Die leiklip word bo die aardkors aange-tref en vorm so 'n baie goedkoop boumateriaal vir die bewoners van daardie deel - dit is selfs goedkoper as die kleistene en die resultaat is 'n stewiger gebou. In gemeenskap A tref ons dus 11 van die 15 kliphuise aan.

(ii) Dak:

Die gaarsteen- of baksteenhuise het gewoonlik sink-staandakke. Daar is in gemeenskap A 32 huise wat met bakstene gebou is, terwyl nie minder dan 44 sinkstaandakke het nie. 'n Aantal van die kliphuise het ook sinkstaan-dakke, terwyl die grootste aantal kleisteenhuise grasdakke en sinkplaatdakke het.

In gemeenskap A vorm die sinkstaandakke die grootste persentasie, naamlik 53.01%. In die ander twee weer is grasdakke oorwegend, naamlik 61.11% by B en 72.73% by C.

In/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die geheel het die grootste persentasie huise (42.31%) sinkstaandakke terwyl 38.46% van die huise grasdakke het. Die rede waarom so 'n hoë persentasie van die huise in gemeenskappe B en C grasdakke het, is dat by B en C dekgras volop is en derhalwe baie goedkoper as sink. By A is dit feitlik onverkrygbaar - gevolglik moes daar na 'n plaasvervanger vir gras gesoek word, en vandaar die sink.

(iii) Plafon:

Volgens tabel 34 is plafonne ook 'n seldsame iets in die gemeenskappe. In gemeenskap C is daar nie een huis wat 'n plafon het nie. Die grasdakke is egter koel en dus baie welkom daar in die hartjie van die bosveld. Gevolglik is die meerderheid van die huise (sowat 73%) nie baie warm in die somer nie. Die twee platsinkdakhuisies en in 'n mindere mate die een sinkstaandakhuis kan ondraaglik warm word. Indien die huise plafonne gehad het, sou die toestand anders gewees het. In gemeenskappe A en B het die meeste huise ook geen plafonne nie, naamlik 79.52% en 83.33% onderskeidelik. Van die huise waar wel plafonne aangetref word, het slegs enkeles behoorlike plank- of veselbordplafonne (dit word slegs in vyf huise aangetref). Die plafonne van die ander huise bestaan hoofsaaklik uit kartondose wat oopgesny en aanmekaar gelas is; sakke wat aan die balke gespyker is; en goiingsak wat vasgespyker en met 'n soort modder wat uit die vleie gehaal en in die vorm van 'n verf aangemaak is, geverf word. In 'n paar gevalle is 'n dik laag riet opmekaar bo-op die hanebalke saamgevleg en dan met dun klei gedek. Hierdie soort plafon is besonder koel in die somer, baie goedkoop en ook baie dienlik.

(iv)/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iv) Vloer:

Met die uitsondering van C kom misvloere baie voor. In A bestaan 53.00% van die vloere uit mis en grond, terwyl dit 80.55% by B uitmaak. In gemeenskap C word in die meeste huise (63.64%) weer sementvloere aangetref. Oor die algemeen egter is die misvloere oorwegend, naamlik 59.23% van alle huise. Hierdie soort vloere word verkies omdat die materiaal niks kos nie, die opbou eenvoudig en die instandhouding daarvan baie maklik is. Dit word slegs eenmaal elke 8 of 14 dae met mis gesmeer. Hierdie tipe vloer is dus baie ekonomies vir die huisbouer.

In gemeenskap A word daar ook by 21.69% van die huise klipvloere aangetref. Net soos in die geval van die mure is hierdie vloere baie dienlik en duursaam en kos dit die bouer niks nie, aangesien die plat leiklip oral in die omgewing te vinde is.

Plankvloere is baie seldsaam en word in slegs twee huise by A aangetref.

(v) Vensters:

Die vensters van die huise is oor die algemeen swak. By A is die toestand die beste. By 33.74% van die huise is dit bevredigend en word genoeg lig ingelaat. By B en C daal die persentasies tot 13.89% en 18.18% respektiewelik. Hier word by meer as die helfte van die huise (52.78% en 54.55% onderskeidelik) plankluike aangetref. By 36.15% van alle huise word glasvensters aangetref dog die toestand daarvan was volgens die ondersoeker se waarneming en eie oordeel sodanig, dat dit nie aan die vereistes van ligvoorsiening voldoen nie. Hierdie tipe vensters spreek van 'n tyd toe gesinne wel glasvensters kon bekostig het,

maar/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar toe die toestande later so verander het dat 'n ruit te duur geword het om te vervang, moes 'n blikplaat of iets dergliks in die plek van die ruit aangebring word.

### 3. Die vertrekke en die gebruikmaking daarvan.

In tabel 35 word 'n ontleding van die vertrekke gegee, die slaapvertrekke uitgesluit.

Tabel 35. Ontleding van vertrekke (slaapvertrekke uitgesluit.)

| Soort vertrek. | | Gemeenskappe. A | | B | | C | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| 1. KOMBUIS | Met kombuise | 80 | 96.39 | 35 | 97.22 | 11 | 100.0 | 126 | 96.92 |
| | Geen bepaalde kombuis | 3 | 3.61 | 1 | 2.78 | 0 | 00.0 | 4 | 3.08 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |
| 2. SIT- EN EETKAMERS | Voorhuise (sit-eetkamer) | 67 | 80.72 | 34 | 94.44 | 10 | 90.91 | 111 | 85.38 |
| | Sit- en eetkamer afsonderlik | 11 | 13.25 | 1 | 2.78 | 1 | 9.09 | 13 | 10.00 |
| | Geen | 5 | 6.03 | 1 | 2.78 | 0 | 00.00 | 6 | 4.62 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |
| 3. SPENS | Wel | 10 | 12.05 | 1 | 2.78 | 0 | 00.0 | 11 | 8.46 |
| | Geen | 73 | 87.95 | 35 | 97.22 | 11 | 100.0 | 119 | 91.54 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |
| 4. BADKAMER | Wel | 8 | 9.64 | 0 | 00.0 | 0 | 00.0 | 8 | 66.15 |
| | Geen | 75 | 90.36 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 122 | 93.85 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.0 | 36 | 100.0 | 11 | 100.0 | 130 | 100.0 |

(i)/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Kombuis:

Uit tabel 35 blyk dat die meeste wonings 'n kombuis het. In gemeenskap A is daar slegs drie huise en by B slegs een huis waar daar geen bepaalde kombuisie aangetref word nie. By C het alle huise hul afsonderlike kombuise. Oor die geheel is daar slegs 3.08% van die wonings sonder 'n spesifieke kombuis. Wat kombuise betref, vergelyk die wonings in die onderhawige gemeenskappe gunstig met dié in Namakwaland volgens Kotzé se ondersoek. Dáár is in slegs 89% van die wonings met twee vertrekke of meer, 'n kombuis aangetref in vergelyking met 97% in hierdie gemeenskappe.[12) Kotzé bevind verder dat waar nie 'n kombuis bestaan nie, die sogenaamde kookskerm van kraalbostakke nog in bruik is.[13) Hierdie vorm van „kombuis" word nie meer in hierdie gemeenskappe aangetref nie, hoewel die spore daarvan by talle wonings nog waarneembaar is. By 'n paar wonings tref 'n mens die kombuis buite in 'n losstaande geboutjie aan. Aan hierdie kombuis word dan kamertjies gebou namate pak- of slaapruimte benodig word. In die vier gevalle waar geen bepaalde kombuise aanwesig is nie, maak die gesinne van die sogenaamde „es" gebruik - 'n soort binnenshuise kookskerm. Dit bestaan uit 'n platvormpie met klei gemessel in 'n vertrek, waarop die kos oor 'n oopvuur gekook word.

Die beswaar wat die Namakwalandse huisvroue wat van die kookskerm gebruik maak, geopper het, naamlik „..... die hout en die mis waarmee die vuur aan brand gehou moet word, is net lastig in die huis, en mens moet gedurig net aan die skoonmaak bly", is ook tydens die ondersoek in die

---

12) Kotzé, P.W., a.w., p.85.

13) Kotzé, P.W., a.w., p.85.

paar/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



paar huise opgemerk, met die uitsondering dat daar nie gedurig skoongemaak word nie. Hierdie „halwe" kombuise dien verder óf as woonkamer óf as slaapkamer, behalwe nog dat dit gewoonweg ook 'n spens is.

(ii) <u>Sit- en eetkamer</u>:

Wat die sit- en eetkamers betref, dui tabel 35 daarop dat slegs in dertien (10%) van die huise afsonderlike sit- en eetkamers aangetref word. Van hierdie 13 uit 130 wonings word 11 in gemeenskap A aangetref. Terselfdertyd is hier vyf wonings wat geen sit- of eetkamer het nie. In B is daar net een sodanige woning. In hierdie wonings dien die kombuis as algemene woonvertrek. Een van dié wonings het geen kombuis nie. Dié huis het twee slaapkamers en dan een algemene woonkamer. Hierin word die es, 'n draghout, 'n paar potte, twee emmers water, al die breekgoed, alle voedselbenodigdhede, 'n paar ou stoele en 'n dubbelbed aangetref! Dit is egter 'n uitsonderlike geval. Soos uit tabel 35 blyk, word daar by die meeste wonings die gesamentlike sit-eetkamer aangetref of „voorhuis" soos dit op die platteland algemeen bekend staan. Min of meer dieselfde persentasies word in Namakwaland aangetref.[14]

Hierdie voorhuise dien gewoonlik meer as een doel. Dit is die algemene ontvangs- of sitkamer waar die besoekers ontvang en onthaal word. Dieselfde vertrek word ook as gevolg van 'n gebrek aan voldoende slaapkamers deur baie gesinne as 'n slaapvertrek gebruik. Vir die doel staan 'n ou rusbank of 'n katel gewoonlik eenkant in die hoek.

---

[14] Kotzé, P.W.; a.w., p.85.

Dit/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit dien bedags dan as 'n rusbank en snags as 'n bed. In alle gevalle waar daar so 'n bed in die voorhuis aangetref is, is nooit 'n laken daaroor opgemerk nie. Die matras word met 'n kombers of twee bedek en dit is onwaarskynlik dat so 'n bed saans behoorlik opgemaak word (waarnemings in slaapkamers het getoon dat lakens nie algemeen in gebruik is nie).

(iii) Spens:

In 11 of 8.46% van die wonings word 'n spensie aangetref. In dié opsig lewer gemeenskap A ook die grootste getal, naamlik tien van die elf huise met spense. In gemeenskap C kom geen spense in die wonings voor nie.

Hierdie spense word in slegs drie huise uitsluitend as 'n spens gebruik. In die ander huise dien dit as 'n algemene pakkamer. Hierin word, behalwe die voedselware, ander goedere soos sakke graan (die jaar se oes), tuie, plaasgereedskap en so meer, gehuisves. In een woning is 'n kamer, swaar belaai met grawe, ploeë, graan, ou dromme en ander plaasgereedskap, opgemerk. Toe in die ondersoek gevra is na die aantal slaapvertrekke, kombuis, ensovoorts, is die betrokke vertrek as 'n „spens" uitgewys! So is daar onder die elf spense meer as een wat slegs in naam 'n spens is en vir alle ander doeleindes gebruik word en dus meer die naam „pakkamer" regverdig.

(iv) Badkamer:

Verder kan ook gemeld word dat van die aantal wonings onder bespreking daar slegs agt is wat badkamers het (6.15%). Hierdie agt badkamers word almal in gemeenskap A aangetref. (Hierdie persentasie badkamers vergelyk heelwat swakker as in Namakwaland waar 16.5% van die huise

badkamers/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



badkamers het.)[15] In slegs vier van die agt badkamers is daar werklike baddens terwyl die ander vier elkeen slegs met 'n waskom en 'n groot sinkbad toegerus is. In eersgenoemde vier is daar koue water tot in die badkamer aangelê en een van hulle is ook met warmwatervoorsiening toegerus. 'n Verslag oor gemeenskap C wys ook daarop dat „badkamers is weelde-artikels wat mens hier nie aantref nie ......."[16])

Oor die algemeen word van waskomme gebruik gemaak. 'n Badkamer word feitlik deur almal as onnodig geag. Hande- en gesigwas word in die reël as voldoende beskou, terwyl buitenshuise badaangeleenthede baie skraal is. Lopende spruite, damme of kuile water is iets wat feitlik nie meer bestaan nie. Slegs in gemeenskap A is daar 'n gedeelte waar daar 'n standhoudende fontein is. Die huise is egter ver van die fontein en spruit geleë en daar is nie verneem dat van die fontein as badplek gebruik word nie. Die water vir gebruik word hoofsaaklik uit putte opgetrek.

### 4. Slaapvertrekke.

Volgens tekening 1 en die bespreking wat daaruit gevolg het, wil dit voorkom of daar min of meer 'n steriotipe indeling van vertrekke bestaan. Dit is eienaardig dat, hoewel die huisies oor die algemeen klein is, oorbewoning volgens die ondersoeker se waarnemings nie baie voorkom nie. Daar is natuurlik gesinne waar oorbewoning voorkom, dog die persentasie is miskien onder die verwagting. Tien tot twintig jaar gelede, voordat die

---

15) Kotzé, P.W., a.w., p.85.

16) Verslag oor gemeenskap C, deur die Volkswelsynsbeampte van Rustenburg, p.3.

groot/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groot stadwaartse trek onder die jeug begin het, het oorbewoning glo vry algemeen voorgekom, ongeag die leeftyd en geslag van die inwonende lede. In tabelle 36, 37, 38 en 39 is 'n ontleding van die aantal slaapvertrekke volgens die aantal inwonende lede per gesin ouer as een jaar vir die drie gemeenskappe.

Wat die slaapgeriewe betref, kom oorbewoning wel in 'n mate voor. In die 130 wonings word 291 slaapvertrekke gevind of 'n gemiddeld van 2.2 per woning. Hierdie wonings verteenwoordig egter 140 gesinne, met ander woorde, die aantal slaapvertrekke per gesin verminder tot ongeveer twee per gesin. Op die oog af skyn twee slaapkamers per gesin min te wees. As een kamer vir die ouers of volwassenes afgestaan word, bly een oor vir die res van die gesin. Soos in hoofstuk IV aangetoon, is die gemiddelde getal inwonende kinders 2.1 per gesin. Vir slaapvertrekke met 'n gemiddelde grootte van tien voet by twaalf voet dui twee kinders geensins oorbewoning aan nie. Wanneer die twee kinders van verskillende geslagte is (wat wel veel voorkom) kan dit egter ernstige gevolge inhou.

Hierdie ontleding mag 'n onjuiste weergawe beteken van die toestande soos dit werklik is. Daarom is in tabelle 36, 37, 38 en 39 gepoog om die aantal slaapvertrekke met die aantal inwonende gesinslede in verband te bring. Daar dien op gelet te word dat kinders onder een jaar vir hierdie doel buite rekening gelaat is, omdat diesulkes in die ouerkamer kan slaap. Hierdie beraming is baie konserwatief, aangesien die voorskoolse kind (tot 5 jaar) volgens maatskaplike kodes nog by die ouers in die slaapkamer toegelaat word. Die ouderdom is egter op 1 jaar vasgestel omdat kinders onder hierdie ouderdom nog in 'n

bababed/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bababed of dikwels by die ouers in dieselfde bed slaap. Bo 1 jaar word dit eintlik nodig dat die kind óf in 'n kinderbed, óf op 'n rusbank óf in 'n gewone bed moet slaap.

Tabel 36. Aantal slaapvertrekke volgens aantal inwonende gesinslede ouer as een jaar (gemeenskap A).

| Aantal slaap-vertrek-ke. | Aantal inwonendes per gesin. | | | | | | | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. | 2. | 3. | 4. | 5. | 6. | 7. | 8. | 9. | 10. | 11. | 12. | Aan-tal. | Per-sen-tasie. |
| 1 | 7 | 8 | 3 | 4 | 1 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | 26 | 28.57 |
| 2 | 2 | 13 | 5 | 3 | 4 | 3 | 1 | 3 | 1 | - | - | - | 35 | 38.46 |
| 3 | 1 | 3 | 3 | 7 | 3 | 2 | 2 | - | 2 | 1 | - | - | 24 | 26.37 |
| 4 | - | 2 | - | 1 | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | 6 | 6.60 |
| Totaal: | 10 | 26 | 11 | 15 | 9 | 9 | 4 | 3 | 3 | 1 | - | - | 91 | 100.0 |
| Per-sen-tasie: | 10.96 | 28.57 | 12.08 | 16.49 | 9.9 | 9.9 | 4.4 | 3.3 | 3.3 | 1.1 | 0.0 | 0.0 | 100.0 | |

Volgens tabel 36 het 28.57% van die wonings in gemeenskap A net een slaapkamer terwyl 38.46% twee slaapvertrekke het. Die grootste persentasie wonings (67.03%) bestaan dus uit een- en twee-slaapvertrekwonings. Daar is 32.97% wonings met drie- en vier-slaapvertrekke. Die gegewens toon verder dat die grootste persentasie inwonendes per gesin naamlik 68.1% tussen 1 en 4 inwonendes is.

Tabel 37/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 37. Aantal slaapvertrekke volgens aantal <u>inwonende gesinslede ouer as een jaar (gemeenskap B).</u>

| Aantal slaapvertrekke. | Aantal inwonendes per gesin. | | | | | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. | 2. | 3. | 4. | 5. | 6. | 7. | 8. | 9. | 10. | Aantal. | Persentasie. |
| 1 | 2 | 2 | 1 | 2 | 2 | - | 1 | - | 1 | - | 11 | 28.96 |
| 2 | 3 | 7 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 2 | - | - | 21 | 55.26 |
| 3 | - | 1 | 2 | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | 6 | 15.78 |
| Totaal: | 5 | 10 | 5 | 4 | 5 | 2 | 4 | 2 | 1 | - | 38 | 100.0 |
| Persentasie: | 13.16 | 26.32 | 13.16 | 10.52 | 13.16 | 5.26 | 10.53 | 5.26 | 2.63 | - | 100.0 | |

Uit tabel 37 blyk dat die meerderheid wonings (55.26%) in gemeenskap B twee slaapvertrekke het, terwyl 28.96% slegs een slaapvertrek het. Daar is 15.78% met drie slaapvertrekke. By die groep <u>twee inwonendes per gesin</u> word die grootste persentasie (26.32%) aangetref.

Tabel 38. Aantal slaapvertrekke volgens aantal <u>inwonende gesinslede ouer as een jaar (gemeenskap C).</u>

| Aantal slaapvertrekke. | Aantal inwonendes per gesin. | | | | | | | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. | 2. | 3. | 4. | 5. | 6. | 7. | 8. | 9. | 10. | 11. | 12. | Aantal. | Persentasie. |
| 2 | - | - | 1 | 1. | 1 | - | 2 | - | - | - | - | - | 5 | 45.45 |
| 3 | - | 1 | 1 | - | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | 1 | 6 | 54.55 |
| Totaal: | - | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | - | - | - | 1 | 11 | 100.0 |
| Persentasie: | - | 9.09 | 18.18 | 9.09 | 9.09 | 9.09 | 27.28 | 9.09 | - | - | - | 9.09 | 100.0 | |

Tabel/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 38 toon dat daar slegs twee-slaapvertrekwonings (45.45%) en drie-slaapvertrekwonings (54.55%) by gemeenskap C bestaan.

Indien tabelle 36, 37 en 38 vergelyk word, bly dit dat in gemeenskappe A en B die twee-slaapvertrekwonings die grootste persentasies vorm. Veral in gemeenskap B is die persentasie besonder hoog, naamlik 55.26%. Die wonings in gemeenskap C verskil effens met dié van gemeenskappe A en B. Gemeenskappe A en B (veral laasgenoemde) gee 'n baie duidelike weergawe van die samestelling van die huise, soos in tekening 1 aangetoon (die tipiese twee-slaapvertrek-woning). Dit bevestig P.J. van der Merwe se bevindings soos elders aangehaal, volkome.

Tabel 39. Aantal slaapvertrekke volgens aantal inwonende gesinslede (gemeenskappe A, B en C).

| Aantal slaapvertrekke. | Aantal inwonendes per gesin. | | | | | | | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. | 2. | 3. | 4. | 5. | 6. | 7. | 8. | 9. | 10. | 11. | 12. | Aantal. | Persentasie. |
| 1 | 9 | 10 | 4 | 6 | 3 | 2 | 2 | - | 1 | - | - | - | 37 | 26.43 |
| 2 | 5 | 20 | 8 | 6 | 7 | 4 | 5 | 5 | 1 | - | - | - | 61 | 43.57 |
| 3 | 1 | 5 | 6 | 7 | 4 | 4 | 4 | 1 | 2 | 1 | - | 1 | 36 | 25.72 |
| 4 | - | 2 | - | 1 | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | 6 | 4.28 |
| Totaal: | 15 | 37 | 18 | 20 | 15 | 12 | 11 | 6 | 4 | 1 | - | 1 | 140 | 100.0 |
| Persentasie: | 10.71 | 26.43 | 12.85 | 14.29 | 10.71 | 8.58 | 7.85 | 4.28 | 2.86 | 0.72 | 0.00 | 0.72 | 100.00 | |

Tabel 39 gee 'n weergawe van die drie gemeenskappe in die geheel. Nie minder as 43.57% van die gesinne woon in twee-slaapkamerhuise terwyl die tweede hoogste persentasie, naamlik 26.43%, in een-slaapkamerhuise woon.

Om/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om die omvang van oorbewoning te bepaal, lewer heelwat probleme op omdat nie alleen die getal nie, maar ook die geslag en leeftye in aanmerking geneem moet word. 'n Verdere probleem is dat, soos reeds genoem, die voorhuis soms as slaapvertrek ingerig word. Nogtans kan 'n tentatiewe berekening gemaak word sodat 'n beeld van die oorbewoning verkry kan word. By so 'n berekening kan eerstens aan die eerste twee inwonende persone 'n slaapvertrek toegeken word, naamlik die ouers. Die res kan dan aan die ander inwonende lede toegeken word in die proporsie van drie ander inwonendes per slaapvertrek. In dié geval word die verskillende geslagte nie in ag geneem nie want slegs die bewoningsdigtheid word bepaal.

As hierdie metode toegepas word, blyk dit volgens tabel 39, dat onder die een-slaapvertrekwonings daar 18 gesinne is waar oorbewoning aangetref word. Onder die twee-slaapvertrekwonings is daar 15 gesinne en 4 onder die drie-slaapvertrekwonings. Geen oorbewoning word in die vier-slaapkamerhuise aangetref nie. Uit die totaal van 140 gesinne word oorbewoning dus by 37 gesinne (26.4%) aangetref. Word dieselfde metode in tabelle 36, 37 en 38 toegepas, dan blyk die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Oorbewoning in gemeenskap A, by 22 gesinne: | | 23%. |
| Oorbewoning in gemeenskap B, by 12 gesinne: | | 31.6%. |
| Oorbewoning in gemeenskap C, by 3 gesinne: | | 27%. |
| | Totaal: 37 gesinne: | 26.4%. |

Die persentasie oorbewoning volgens die konserwatiewe berekening is dus betreklik hoog.

Die oorbevolking wat meer as tien jaar gelede volgens 'n plaaslike onderwyser, voorgekom het, moet geweldig hoog

gewees/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewees het. Die persentasie vir oorbevolking volgens slaapvertrekke sal enersyds daal indien kinders onder 5-jarige leeftyd buite rekening gelaat word, dog andersyds sal dit weer styg indien die berekening vir die twee geslagte voorsiening gemaak het.

## 5. Noodsaaklike geriewe.

Die volgende saak wat baie nou met behuising saamhang, is die beskikbaarheid en gebruikmaking van ander noodsaaklikheids geriewe soos water, lig en sanitasie.

### (a) Watervoorsiening:

Wat water vir huisgebruik betref, word dit in tabel 40 ten opsigte van die drie gemeenskappe verstrek.

Tabel 40. Watervoorsiening vir huisgebruik in die drie gemeenskappe.

| A a r d. | Gemeenskap. | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Put | 18 | 21.69 | 5 | 13.89 | 11 | 100.00 | 34 | 26.15 |
| Boorgat (met handpomp of windpomp) | 29 | 34.94 | 3 | 8.33 | - | - | 32 | 24.62 |
| Fontein | 21 | 25.30 | 27 | 75.00 | - | - | 48 | 36.92 |
| Ander | 15 | 18.07 | 1 | 2.78 | - | - | 16 | 12.31 |
| TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |

In verband met die watervoorsiening moet ter verduideliking 'n paar opmerkings gemaak word. Onder die hoof „fontein" is later gevind dat dikwels die water van 'n ou, opgedroogde

fontein/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fontein waar 'n gat gegrawe is met slegs syferwater beskikbaar, bedoel word. Die sogenaamde „fontein" is in werklikheid 'n syfergat of 'n baie vlak put. Die woord „fontein" word egter nog sonder uitsondering gebruik. Daar is een deel by gemeenskap A waar die water regstreeks uit die standhoudende fontein geskep word.

Verder word onder die hoof „ander" bedoel waar gesinne geen eie water op hulle grond het nie en van reën of die bure afhanklik is. In sulke gevalle word die water dan uit opgaardamme, kuile of reënwaterdromme geskep, of andersins word dit van die bure aangery. Let wel dat wonings en nie gesinne nie bereken is en daarom is die totaal vir A byvoorbeeld 83 wonings en nie 91 nie.

Uit tabel 40 blyk dat daar nie 'n vaste reël ten opsigte van watervoorsiening in die drie gemeenskappe is nie. In gemeenskap A word die meeste water vir huisgebruik deur middel van boorgate verkry, naamlik by 34.94% van die wonings. Die ander bronne verskil egter nie baie hiervan nie, want 25.30% van die wonings kry hul water uit fonteine, 21.69% uit putte en 18.07% uit ander bronne.

By gemeenskap B kry die meeste wonings hul water uit fonteine (75%). Hier word veral die verskynsel aangetref dat 'n syfergat by of naby die „fontein-oog" gemaak word vanwaar die water dan na die huis gedra word. 'n Kleiner persentasie van die wonings (13.89%) kry hul gebruikswater uit putte, terwyl slegs 8.33% van boorgate gebruik maak.

In gemeenskap C is die beeld heeltemal anders. Al die gesinne se watervoorrade is uit putte afkomstig.

In die geheel is die drie vernaamste bronne redelik eweredig versprei, naamlik 36.92% vanuit fonteine, 26.15% uit putte, 24.62% uit boorgate en slegs 12.31% ander vorms

van/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van watervoorsiening.

As gevolg van die droogtetoestande wat gedurende die afgelope aantal jare in die gebiede heers, het die watervoorrade aansienlik gedaal. Standhoudende fonteine het nie alleen „gaan staan" nie, dog die „oog" van die fonteine het ook „toegespoel" - soos dit algemeen onder die bewoners genoem word. Die maklikste weg is toe gevolg. Waar die „oog" toegespoel het, is 'n gat gegrawe sodat die onderaardse water weer na die oppervlakte kon deursyfer. Hierdie metode het egter net vir 'n paar wonings iets beteken terwyl die res 'n ander uitweg moes soek.

Daar is toe (veral in gemeenskap A) oorgegaan tot die grawe van putte. Dit was nie nodig om baie diep te grawe nie aangesien die gebiede aan die begin van die eeu nog baie waterryk was. 'n Put van tien tot vyftien voet diep het voldoende syferwater gelewer om in die gesinne se behoeftes te voorsien.

Met die verloop van jare, namate die droogtetoestande erger geword het, het hierdie syferwater egter ook verswak en het die wat dit kon bekostig, boorgate laat sink en ander het weer die putte dieper laat maak. Die waterkrisis was dus grootliks verantwoordelik vir die groot persentasie gesinne in A (34.94%) wat hul watervoorrade uit boorgate kry.

In gemeenskap B neem die droogte nie sulke groot afmetings aan nie, hoewel die putte en sogenaamde „fonteinwaters" ook besig is om te verswak. Tans lewer die fonteine en putte nog voldoende water om in die behoeftes te voorsien.

Gemeenskap C is in 'n laagliggende gedeelte rondom 'n natuurlike pan geleë. Hoewel die reënval daar baie

swak/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



swak is, toon die onderaardse waterbronne nogtans geen tekens van verswakking nie. Soos tabel 40 aandui, maak al die gesinne van putte gebruik. Die putte is deurgaans so na as moontlik aan die pan geleë, want die water is daar vlak en die grond is ook minder rotsagtig. Aan die ander kant kan daar egter nie te na aan die pan gegrawe word nie, aangesien die water dan weer heeltemal brak word. Vir die diere wat daagliks moet drink, moet water met die sogenaamde „wen" uit die put getrek en in 'n bak uitgegooi word, wat natuurlik 'n tydrowende proses is.

Wat die watervoorsiening hier in gemeenskap C betref, beskryf 'n verslag dit soos volg: „Op elke hoewe is 'n put aangebring, sommige waarvan uiters onhigiënies is. Die meeste is nie toegemaak nie en is dus aan besmetting blootgestel. Die gebruik is om die water met 'n emmer uit die put te skep op die hefboomstelsel. Een van die putte wat ek gesien het, is omtrent agt voet diep. As dit reent is die water onbruikbaar en die put moet dan eers leeggeskep en skoongemaak word. In die tussentyd word solank water by die buurman geleen".[17] Hieruit is dit ook duidelik waarom badgeriewe baie min is en die was van hande en gesig in meer as een geval as voldoende beskou word.

Watervoorsiening in die drie gemeenskappe is dus besonder primitief. Weereens duik die sosiaal-ekonomiese redes op om 'n verklaring vir hierdie primitiewe voorsiening te gee. As 'n persoon met die gedagte dat die aarde plat is, opgegroei het en hy kom nie by ander uit wat hom die feite kan gee nie, sal hy tot sy dood daardie opvatting

---

[17] Verslag oor gemeenskap C, a.w., p.3.

huldig/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huldig. Dieselfde geld in 'n ander verband vir dié gemeenskapsbewoners. Dit is moontlik dat niemand vir hulle op oortuigende wyse laat verstaan het hoe onhigiënies 'n vlak, oop, syferwaterput is nie. Al kan dit op hierdie tydstip gedoen word, sal daar nie op groot skaal boorgate gesink kan word nie, aangesien hulle ekonomies nie daartoe in staat sal wees nie. Waar die nood egter dreig, word tot so 'n stap oorgegaan soos in sommige gevalle by gemeenskap A. Dan is daar nog altyd die redenasie: „My oupa en my pa en ekself, ons het ons lewe lank uit die put water gehaal, en dit gedrink en nie daarvan dood gegaan nie, waarom sal dit nou ewe skielik ongesond wees?".

Wanneer eers met die gesinne op intieme voet verkeer word, besef mens watter massa gevestigde opvattings daar bestaan. Argumente dra by die meeste nie veel gewig nie en daarom raak hulle ook so moeilik oortuig. 'n Persoon word óf geglo óf nie en wat presies geglo word is sake van privaat belang. Miskien sal een voorgee dat hy oortuig is, maar sodra 'n mens vertrek bly alles presies soos wat dit was. Daar is egter ook die uitsonderings en verskeie gesinne openbaar die begeerte om te leer en oortuig te word.

(b) Ligvoorsiening:

Oor die ligvoorsiening in die gemeenskappe handel tabel 41.

Tabel 41/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 41. Ligvoorsiening in die wonings in die drie gemeenskappe.

| Aard. | Gemeenskap. | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aan-tal. | % | Aan-tal. | % | Aan-tal. | % | Aan-tal. | % |
| Hoofsaaklik bliklampies | 21 | 25.30 | 15 | 41.67 | 3 | 27.27 | 39 | 30.00 |
| Kerse | 13 | 15.66 | - | - | - | - | 13 | 10.00 |
| Lampe en Kerse | 49 | 59.04 | 21 | 58.33 | 8 | 72.73 | 78 | 60.00 |
| TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |

Die „blik-lampies" is 'n tipe lamp wat vry algemeen onder behoeftiges aangetref word. Dit bestaan uit 'n blikkie of botteltjie met 'n sink- of metaal-draaiprop waardeur 'n gaatjie gemaak word. Die buisie van 'n fietsbinneband of 'n dergelike „patent" word bo-op die prop vasgeskroef en daardeur word 'n lappie gesteek sodat dit 'n kort „pit" aan die bo-ent vorm, terwyl die onderent in die blikkie met lampolie hang. Hierdie tipe lig is baie goedkoop om te vervaardig en die onderhoud daarvan is uiters ekonomies.

Om 'n juiste beeld van al die besondere metodes van ligverskaffing te gee, is uit die aard van die saak moeilik, veral weens die groot verskeidenheid daarvan. Die metodes in tabel 41 genoem, word egter hoofsaaklik gebruik. Hiervolgens blyk dit dat lampe en kerse hoofsaaklik in gebruik is (in 60% van alle wonings). Hierdie lampe omvat sowel die „bliklampies" as die gewone olielampe. In gemeenskap B is die bliklampies nog vry algemeen in gebruik (in 41.67% van die wonings). Die uitsluitlike

gebruik/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik van kerse word nie dikwels aangetref nie, omdat kerse nie as ekonomies voordelig beskou word nie. Bliklampies, wat seker een van die primitiefste vorms van ligverskaffing is, word by 30% van alle wonings in die gemeenskappe aangetref.

Dit is dus duidelik dat die bewoners, in sover dit ligvoorsiening betref, nog baie primitief leef. Net soos in Namakwaland, het die bewoners baie min kunsmatige lig nodig, aangesien die meeste gewoonlik saans vroeg bed-toe gaan en daar nie so baie lig nodig is nie.[18)]

(c) Sanitasie:

In tabel 42 word 'n ontleding van die sanitêre geriewe van gemeenskappe A, B en C gemaak.

Tabel 42. Sanitêre geriewe in die gemeenskappe.

| Aard. | Gemeenskap. | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Putstelsel | 30 | 36.14 | 7 | 19.45 | 6 | 54.55 | 43 | 33.08 |
| Geen voorsiening | 53 | 63.86 | 29 | 80.55 | 5 | 45.45 | 87 | 66.92 |
| TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |

Volgens tabel 42 blyk dat in gemeenskap A slegs 36.14% van die huise oor latrines beskik wat feitlik almal uiters ondoelmatig is. 'n Paar sinkplate of sakke of selfs 'n swak geboude riethuisie moet as latrine dien. In

18) Kotzé, P.W.: a.w., p.104.

gemeenskap/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeenskap B is toestande heelwat erger. Daar het slegs 19.45% (7 wonings) van die wonings latrines. Met ander woorde, 29 of 80.55% van die huise beskik oor geen sanitêre geriewe nie en gebruik vir dié doel, die skuiling wat slote of bosse bied. In gemeenskap C is die toestand beter. Daar het ses van die elf huise latrines. Die probleem hier is egter die ongesonde toestand van die putstelsel: die waterputte is almal in die laagliggende deel van die natuurlike pan geleë, terwyl die latrines weer hoërop geleë is. In tye van reën kan die waterputte dan maklik besoedel word met afstromende water. In die geheel het 66.92% van die wonings geen sanitêre geriewe nie.

Wanneer die bestaande Volkswelsynsverslae nagegaan word, word die aandag ook op die primitiewe sanitêre geriewe gevestig. Een verslag oor gemeenskap A laat hom as volg daaroor uit: „In die oorgrote meerderheid van die gevalle word daar nie van gemakhuisies gebruik gemaak nie."[19] 'n Ander welsynsbeampte beweer die volgende van gemeenskap C: „Daar is hoegenaamd geen sanitêre geriewe op die nedersetting nie. Met die uitsondering van een familie wat 'n gemakshuisie op 'n onbevredigende wyse van riet gemaak het, is daar glad nie privaatheid nie. Die watervoorraad wat 'n paar voet onder die oppervlakte van die grond aangetref word, kan baie maklik besoedel word as daar van 'n putstelsel gebruik gemaak word. Die mense maak tans sommer van die beboste veld gebruik. Dit is nie alleen 'n ongewenste gebruik waar so 'n aantal mense dig op mekaar woon nie, maar boonop loop die vuilwater met reëntye in die pan."[20] Soos in tabel 42 aangetoon, is die posisie tans baie beter.

---

19) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap A, p.9.

20) Verslag oor gemeenskap C, a.w., p.3.

6/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6. Die versorging van die wonings.

### (a) Inleiding:

Daar kan baie maklik 'n onvolledige beeld van die toestande gevorm word indien 'n ontleding van die aantal en tipe vertrekke per woning, die water en die ligverskaffing, die materiaal waarmee die huise gebou is, ens., gegee word, en daar sou nie ook ingegaan word op die meubels, die versorging, die netheid en sindelikheid van die verskillende wonings nie.

### (b) Meubilering:

Tabel 43 toon die gehalte van die meubels soos dit in die drie gemeenskappe opgemerk is.

By wyse van 'n opmerking moet melding gemaak word dat dit weereens 'n moeilike taak was om presies te bepaal wanneer 'n meubelstuk baie swak of bevredigend is. Persoonlike waarneming en subjektiewe oordeel moes in elke woning die deurslag gee.

Tabel 43. Gehalte van die meubels in die wonings.

| Aard. | Gemeenskap. | | | | | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Baie swak | 26 | 31.33 | 18 | 50.00 | 3 | 27.27 | 47 | 36.15 |
| Swak | 33 | 39.76 | 13 | 36.11 | 6 | 54.55 | 52 | 40.00 |
| Bevredigend | 24 | 28.91 | 5 | 13.89 | 2 | 18.18 | 31 | 23.85 |
| TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |

Volgens/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 43 is 31.33% van die meubels in gemeenskap A, in 'n baie swak toestand. In 39.76% van die wonings verkeer dit in 'n swak toestand terwyl 28.91% bevredigend is. In gemeenskap B is toestande heelwat swakker. Dáár is 50.0% van die meubels in 'n baie swak toestand terwyl 36.11% swak is en slegs 5 huise (13.89%) bevredigend. In gemeenskap C is 27.27% van die meubels baie swak en 54.55% is swak. In gemeenskap B is die toestand die kritiekste. In die geheel verkeer 76.15% van die wonings in 'n onbevredigende (swak of baie swak) toestand.

Die verslae van die Volkswelsynsbeamptes is dit hiermee ook eens: „Oor die algemeen is die wonings armoedig gemeubileerd; ........... daar is baie gevalle waar daar selfs aan die nodigste stukke soos byvoorbeeld stoele, beddens en beddegoed 'n hopelose tekort is en baie van die huise sien daar ook uiters vuil en verwaarloos uit".[21)]

In sommige gevalle is die meubels reeds so swak en verwaarloos dat enige besoeker nie graag daarvan sal wil gebruik maak nie. Feitlik alle wonings is besonder karig gemeubileerd. Selfs die woning wat betreklik groot is en ruim vertrekke het, is swak daaraan toe wat meubels betref. Die paar stukke wat daar wel is, is oor die algemeen oud en verwaarloos. Dikwels is dit erfstukke wat bewaar word en wat om dié rede nie van die hand gesit mag word nie. 'n Mens vind net die noodsaaklikste wat vanselfsprekend tot die absolute minimum beperk is en wat hoofsaaklik uit 'n paar stoele, 'n tafel in die kombuis en miskien ook in die voorhuis, 'n riempiesmat-rusbank, 'n

---

21) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap A, a.w., p.5.

selfvervaardigde/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selfvervaardigde skottelgoed- en breekgoedkas in die kombuis, en verder 'n paar katels bestaan. Verder is die meubels gewoonlik van 'n baie goedkoop hout-soort gemaak en dikwels nog deur die gesinshoof self.[22] 'n Afwyking word egter in gemeenskap C aangetref, waar baie van die meubels wel tuisgemaak is, maar wel uit tambotiehout, juis omdat dit die houtsoort is wat hier volop groei.

Die enkele vloermatte wat aangetref word bestaan hoofsaaklik uit skaap- of bokvelle. Soms word met loslappies op 'n suiker- of streepsak 'n bepaalde patroon uitgewerk wat vir die eerste maande oor 'n bed of oor 'n rusbank aangetref word, maar wanneer dit ouer word, as 'n vloermat moet diens doen.

Die mure word gewoonlik met ou familie-potrette, Bybeltekse en allerlei koerantuitknipsels en foto's van die kinders en kleinkinders, „versier".

(c) Die algemene toestand van die wonings:

'n Ontleding van die algemene voorkoms en versorging van die wonings, soos deur die ondersoeker waargeneem, volg in tabel 44.

Opmerking: Ook hier berus die bevindings uitsluitlik op die subjektiewe oordeel van die ondersoeker self.

---

[22] Soortgelyke toestande is ook in Namakwaland deur P.W. Kotzé bevind. Vergelyk aangehaalde werk, p.101.

Tabel 44/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 44. Versorging of voorkoms van die wonings in die gemeenskappe.

| Voorkoms van woning. | Gemeenskap. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Baie onnet (slordig) | 21 | 25.30 | 13 | 36.11 | 4 | 36.36 | 38 | 29.23 |
| Onnet | 32 | 38.55 | 17 | 47.22 | 4 | 36.36 | 53 | 40.77 |
| Netjies | 30 | 36.15 | 6 | 16.67 | 3 | 27.28 | 39 | 30.00 |
| TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |

Tabel 44 toon dat 63.85% van die wonings in gemeenskap A in 'n onnet toestand verkeer (25.30% baie onnet en 38.55% onnet). In gemeenskap B waar die meubilering die swakste van die drie gemeenskappe is, is die versorging van die wonings ook hier die swakste, naamlik 83.33% verkeer in 'n onnet toestand (36.11% baie onnet en 47.22% onnet). In gemeenskap C verkeer 72.72% van die wonings in 'n onnet toestand.

Die algemene toestand van die wonings is dus baie swak. Sewentig persent van die wonings word nie behoorlik versorg nie, terwyl 'n karige 30% aan vereistes van sindelikheid voldoen. Die vuil- en skottelgoedwater wat gewoonlik voor die agterdeur uitgegooi word, skep 'n algehele onhigiëniese toestand en dien as 'n lokaas vir vlieë en insekte.

Die verslag oor gemeenskap C gee onder meer 'n beskrywing van individuele wonings en hoe hulle daar uitsien „....... bewoon 'n grasdakwoning waarvan die mure bouvallig is. Die dak het groot gate in waar die dekgras vrot is. Die plankvensters hang lamlendig ......." En verder:

„Die/.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Die meeste van die wonings verkeer in 'n verwaarloosde toestand en is oorbewoon. Sommige mense erken dat hulle huise swak is, maar voer aan dat hulle dit nie wil verbeter nie, aangesien dit nie hul eiendom is of sal word nie."[23]

Die ontledende tabelle aangaande die behuisingstoestande in hierdie gemeenskappe getuig op ondubbelsinnige wyse dat die toestande buite- sowel as binnekant baie swak en onbevredigend is.

Omdat die oorgrote meerderheid van die wonings klein en in 'n mate oorbewoon is, kan aangeneem word dat dit dikwels moeilik gaan om hulle altyd netjies en skoon te hou. Aan die anderkant kan min verskoning gevind word vir kos wat op die vloer rondlê, hoenders wat in die kombuis rondloop en stoflae wat deur baie dae opgegaar is. Waar stukke van die pleister van die binnemure afval, is dit nie te veel verwag dat pogings aangewend sal word om dit weer te herstel nie. Met die klei uit die vleie wat soos gewone wit-kalk verdun word, kan die kamers tog netjies en skoon gehou word.

(d) <u>Die uitwerking op die gesin</u>:

„In die moderne samelewing vorm die huislike lewe van elke gesin 'n veel-eenheid. Wanneer die elemente van die huislike lewe harmonies ontwikkel, word 'n teenwig teen die ontstaan van disintegrasie gevorm",[24] aldus P.F.S.J. van Rensburg. By nadere bestudering van die gesinne vind 'n mens dat die huislike lewe onontwikkeld is. 'n Belangrike aspek van die huislike lewe is en bly die behuising van die gesin. In sy Verslag oor die armblanke-vraagstuk

---

23) <u>Verslag oor gemeenskap C</u>, a.w., p.3.

24) van Rensburg, P.F.S.J.: a.w., p.210.

in/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Suid-Afrika spreek die Carnegie-kommissie die volgende mening ten opsigte van behuising uit: „Die swak behuising het in baie opsigte 'n nadelige invloed op die ordelikheid, die kieshoid en sedelikheid van die gesinslewe; dit lei maklik tot uithuisigheid, veral in die stede en op die delwerye; en word dan in besondere mate 'n gevaar vir die dogters."[25)]

Die uitwerking van swak behuising het 'n nadeliger uitwerking op die moeder as op die gesinshoof. In die man se lewe is daar 'n mate van afwisseling - hoofsaaklik as gevolg van die aard van sy werk, maar vir die moeder is daar nie veel verandering nie. Daagliks bly sy in haar huis en aan haar kinders gebonde. Wanneer 'n aangename huislike atmosfeer heers, behoort geen huisvrou dit in haar huis verveliг te vind nie. „Good housing tends to promote good citizens ........."[26)]

Die gevolg van die swak behuising is dat die moeder haar funksies in die gesinslewe verwaarloos. Die afleiding wat sy soek is nie binne nie maar buite haar huis geleë - by die buurvrou of die poskantoor of winkeltjie. Aangesien die moeder die spil is waarom die huishouding draai en sy 'n groot invloed in maatskaplike, sielkundige en opvoedkundige opsig op die opgroeiende kind uitoefen, is dit belangrik om in die eerste plek voorsiening in haar behoeftes te maak. Wanneer dit nie gebeur nie bestaan die gevaar dat sy baie maklik haar selfrespek verloor. Opvallend is die feit dat die vrou gouer en makliker as die man die slagoffer van hierdie toestande word.

---

[25)] Albertyn, J.R.: a.w., p.xviii.

[26)] Jennings, J.E.: a.w., p.2.

Die/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die swak behuisingstoestande het verder ook 'n nadelige uitwerking op die gesondheid van die gesin. So kan die klam en ondigte huise, die onhigiëniese misvloere, die swak ligverskaffing deur middel van natuurlike en kunsmatige beligting, die onhigiëniese metodes van watervoorsiening en die afwesigheid van latrines, geen goeie uitwerking op die liggaamlike gesteldheid van die gesin hê nie. Die mis- en grondvloere dien byvoorbeeld geensins as aanmoediging tot netheid, sindelikheid en huislike trots nie.

7. <u>Die benutting van die werf</u>.

Die vasstelling van die aan- of afwesigheid van blomtuine, groentetuine en vrugteboorde berus uitsluitend by die waarneming van die ondersoeker. Vrae is sover moontlik gestel oor die kweek van groente want dit word hoofsaaklik in die somer gekweek, dog origens berus die gegewens slegs op die eie oordeel van die ondersoeker.

'n Moeilikheid wat hom voorgedoen het, was om 'n kriterium te bepaal. As 'n huisvrou 'n paar potplante op die stoep aanhou of as daar een vergane beddinkie is waar feitlik nog net die tekens van angeliere bestaan, is daar dan 'n blomtuin of nie? Of, as die gesin een of twee beddinkies wortels of aartappels geplant het, beskik hulle oor 'n groentetuin? Of, langs die ou watervoor het 'n aantal geelperskebome opgekom, hier en daar is 'n kweperboom, 'n granaatbos of 'n appelboom bygeplant - het die gesin 'n vrugteboord of nie?

Geen bepaalde kriterium kan toegepas word nie en gevolglik het die ondersoeker oor elke geval persoonlike besluit na aanleiding van die grootte, gehalte, voorkoms en versorging daarvan.

Die/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende tabel toon hoe die omgewing van die huise benut word.

Tabel 45. Die benutting van die werf in die drie gemeenskappe.

| | Aard. | Gemeenskap | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | A | | B | | C | | Aantal. | % |
| | | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | | |
| Blomtuin | Wel | 16 | 19.28 | 1 | 2.78 | 2 | 18.18 | 19 | 14.61 |
| | Geen | 67 | 80.72 | 35 | 97.22 | 9 | 81.82 | 111 | 85.39 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |
| Groentetuin | Wel | 10 | 12.05 | 7 | 19.45 | 1 | 9.09 | 18 | 13.86 |
| | Geen | 73 | 87.95 | 29 | 80.55 | 10 | 90.91 | 112 | 86.14 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |
| Vrugteboord | Wel | 51 | 61.45 | 26 | 72.22 | 2 | 18.18 | 79 | 60.77 |
| | Geen | 32 | 38.55 | 10 | 27.78 | 9 | 81.82 | 51 | 39.23 |
| | TOTAAL: | 83 | 100.00 | 36 | 100.00 | 11 | 100.00 | 130 | 100.00 |

(i) Blomtuine:

Volgens tabel 45 word daar nie veel tyd en energie aan die aanlê van enige vorm van tuinery bestee nie. Uit die totaal van 130 huise word net by 19 (14.61%) 'n blomtuin in die een of ander vorm aangetref. In gemeenskap B is daar slegs een huis waar blomme aangeplant is. In gemeenskappe A en C is die persentasies 'n bietjie hoër naamlik 19.28% in A en 18.18% in C. Die meeste van bogenoemde 19 blomtuine bestaan hoofsaaklik uit 'n paar malva- of Josefskleedplante of 'n paar struike of 'n meerjarige tipe plant. Die redes vir hierdie gebrekkige belangstelling in blomme is gedeeltelik die gebrek aan water.

Daar/......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is natuurlik ook dié huise waar die water geen probleem oplewer nie, en waar daar tog geen blomtuin aangetref word nie. Die rede hiervoor is waarskynlik werkskuheid wat reeds 'n lewenshouding onder die bewoners geword het. Die instandhouding van 'n blomtuin gee te veel moeite, sonder dat daaruit enige voordeel getrek word. Die afwesigheid van enige estetiese gevoel kan 'n verdere rede vir die afwesigheid van blomtuine wees.

(ii) <u>Groentetuine</u>:

Wat groentetuine betref, blyk dit uit tabel 45 dat daar nog minder sprake van is. Slegs by 18 of 13.86% van die wonings word geringe pogings aangewend om groente te kweek. Die grootste poging in die verband word in gemeenskap B aangetref, waar by 19.45% van die wonings groente (slegs op baie klein skaal) gekweek word. In gemeenskappe A en C is die persentasies 12.05% en 9.09% onderskeidelik.

Die groentetuine bestaan gewoonlik uit wortels, pampoen, tamaties en aartappels. Hierdie groentesoorte word slegs een keer per jaar geplant en dan geensins in groot hoeveelhede nie. Verder sal gemerk word dat twee van die groentesoorte styselkosse is (pampoen (langer as 24 uur na dit gepluk is) en aartappels).

Ons sien dus dat sowat 86% van die bewoners geen groente kweek nie. Die ondersoeker het ook vasgestel dat geen moeite en onkoste gedoen word om groente elders te koop nie. Die verslag oor gemeenskap C maak ook spesiale melding van die geringe belangstelling wat daar vir die tuinbou bestaan.[27] 'n Ander verslag wys ook tereg daarop: „Voeding is baie ongebalanseerd. Groente

---

[27] <u>Verslag oor gemeenskap C</u> , a.w., p.4.

is/.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is byna 'n onbekendheid en vleis 'n weelde-artikel".[28]

(iii) Vrugtebome:

In soverre dit vrugteboorde aangaan, skyn die posisie ietwat beter te wees. Volgens tabel 45 word by 61.45% van die wonings by A 'n vrugteboord aangetref, by B 'n groter persentasie (naamlik 72.22%) terwyl vrugtebome by C slegs by 18.18% van die wonings aangetref word.

Gemeenskappe A en B is bekend vir die geelperskes wat hier en in die distrikte oorvloedig aangetref word. Slegs enkele boere wat beplande boorde aangelê het, verkoop van die vrugte, terwyl die ander boere 'n deel vir onmiddellike huishoudelike doeleindes gebruik en die res vir die wintermaande droog en bêre. Daar is drie gesinne wat nog in besit van gewettigde stookketels is. Hulle gebruik groot hoeveelhede perskes vir die maak (stook) van perskebrandewyn. Soos reeds vroeër gemeld, bestaan die vrugtebome hoofsaaklik uit pitbome. Geen moeite word gedoen om die bome te snoei of water te gee of om die ouer bome met jongeres te vervang nie. Die bome deur die bewoners se voorouers aangeplant staan nog daar, hoewel feitlik nutteloos vanweë die ouderdom. Die hele werf en omgewing skep die indruk van verwaarlosing en verlatenheid. Hervorming en opknapping van die tuinbou het in die gemeenskappe dus 'n dringende noodsaaklikheid geword.

---

[28] Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap A, a.w., p.8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk VII.

## GESONDHEIDSTOESTANDE.

### 1. Algemene voorkoms van die bewoners.

Om 'n algemene beeld van die gesondheid van die bewoners te kry, vereis 'n objektiewe en noukeurige waarneming. Daarby kom nog faktore soos begryping en 'n deeglike kennis van die gesinsomstandighede. Die reedsgenoemde swak behuisingstoestande in aldrie gemeenskappe dui aan wat van die gesondheidstoestand verwag kan word.

Met die uitsondering van 'n paar gesinne is die algemene voorkoms van die bewoners baie onbevredigend. Hulle skep die indruk van algehele verwaarlosing en agterlikheid. Die mans versorg hulle baard slegs op Sondae, of so nie, wanneer hulle „dorp toe" gaan. Die hare wat baie selde gekap word, word hoogstens een keer per dag gekam en verder word dit vir die res van die dag onder 'n breërandhoed weggesteek. Laasgenoemde word selde of ooit afgehaal, miskien net in die aand voor slaaptyd.

Die tuisgemaakte skoene word sonder sokkies gedra. Baadjie-uittrek wanneer daar gewerk word is eintlik iets ongewoons. Die kleding is oor die algemeen swak. Een van die verslae dui dit ook aan: „Hulle is armoedig gekleed en betreklik bleek van gelaatskleur wat ongetwyfeld aan ondervoeding te wyte is."[1] Hierdie afleiding berus egter slegs op die waarneming en die oordeel van die skrywer van die verslag. Die klere, hoewel nie altyd noodwendig baie stukkend nie, is meesal vuil, verwaarloos en erg gelap. Soms kan die oorspronklike materiaal nie meer herken word

---

1) Konfidensiële verslag oor gemeenskap A, p.1.

nie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Omdat die water skaars en seep 'n weelde-artikel is, word die klere feitlik nooit gewas nie. Dikwels verneem 'n mens die argument: „Waarom moet ek op 'n gewone weeksdag skoon klere aantrek as hulle tog môre weer net so vuil is?"

Ook aan die liggaam word baie min sorg bestee. Sakdoeke word min gebruik. Dit geld ook van die meeste vroue. Die hare, gesig, nek en ander ontblote liggaamsdele spreek van verwaarlosing. Enkeles maak van grimmering gebruik, maar op so 'n onoordeelkundige wyse dat selfs die verwaarlosing nie bedek kan word nie.

Dieselfde verslag meld verder: „Dit is opmerklik hoe ongunstig ons kinders (gemeenskap A) met ander kinders op interskool-byeenkomstes vergelyk in liggaamsbou en geestelike uitkyk."[2] Die ondersoeker se bevindings aangaande die kinders, volg later in die hoofstuk.

Die bewoners kla dan ook meesal dat hulle sieklik is. Gedeeltelik is dit so, want hulle kan nie soos normale persone harde arbeid verrig nie. Aan die ander kant kan hulle ook nie as volkome ongeskik verklaar word nie, hoewel hulle baie graag wil hê dat hulle as sodanig beskou moet word. „Van die 113 volwasse bewoners is daar slegs 39 wat hulle gesondheid as goed - 25 as redelik goed aangegee het. Origens het hulle meegedeel dat hulle gesondheid onbevredigend, swak en sleg is as gevolg van die een of ander kwaal waaraan hulle lydend of onderhewig is. Dit sluit egter die 19 persone wat pensioen ontvang in."[3] Die

---

[2] Konfidensiële verslag, a.w., p.l.

[3] Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap A, 1938, p.9.

verslagskrywer/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verslagskrywer meen dan verder dat daar geen gevalle van swaksinnigheid is nie. Hoewel te oordeel na die uiterlike voorkoms van sommige van die volwasse persone blyk dit asof hulle tot 'n sekere hoogte subnormaal mag wees.[4)]

Die distriksgeneesheer se kostelose dienste het met die loop van tyd al meer bekend geraak, met die gevolg dat hy vir enige siektetjie ingeroep word. Een van die verslagskrywers het bereken dat vir slegs een gedeelte van gemeenskap A se bewoners, mediese dienste ter waarde van ± £200 per maand in die vorm van vry hospitalisasie, gesig- en tandheelkundedienste deur die Staat betaal word.[5)] Die Staat se hulp aan die bewoners bestaan dus nie net in die betaling van toelaes nie maar ook word groot bedrae indirek aan die bewoners uitbetaal in die vorm van vry geneeskundige dienste.

## 2. Voedingstoestande.

(a) Algemeen:

In die M.A.-verhandeling van die ondersoeker is 'n kort, algemene beskrywing van die voedingstoestande soos dit in gemeenskap A gevind is, gegee.[6)] Ook in hierdie ondersoek kon nie veel dieper as slegs die vir hom waarneembare feite gegaan word nie.

(i) Groente:

Die landbouproduksie is swak en kom byna uitsluitend neer op 'n klein bietjie mielies in die somer en

---

4) Ongepubliseerde verslag, a.w., p.9.

5) Konfidensiële verslag, a.w., p.l.

6) Potgieter, J.F.: 'n Sosiografiese studie van 'n afgesonderde gemeenskap in die distrik Marico, p.76-78.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koring in die winter. Die mielies word hoofsaaklik gebruik vir pap en soms vir stampmielies wat nog in die tipiese hout stamper gestamp word, terwyl die koring gemaal word vir brood. Groente is uiters skaars. Volgens tabel 45 (Hoofstuk VI) word by slegs 14% (18 wonings) van alle wonings groentetuine aangetref. Slegs een van hierdie 18 wonings probeer op groot skaal groente kweek. Hy het egter nog geen sukses gehad nie, hoofsaaklik weens die baie siektes en insekte onder die groente en die afwesigheid van 'n mark. Af en toe word wel heelwat geproduseer, maar omdat die bure nie daarin belangstel nie, word dit per trolliewa na die naaste dorp gekarwei om daarmee te gaan smous. Die onkoste hieraan verbonde, is vanselfsprekend so hoog dat dit tot nog toe geen lonende onderneming was nie.

Die mense eet 'n minimum groente. Een vrou het die ondersoeker meegedeel dat haar seuntjie (toe vyf jaar en ses maande) nog nooit enige groente geëet het nie. Te oordeel na die swak toestand van die gesin, voel 'n mens geneë om dit as juis te aanvaar.

(ii) <u>Vleis:</u>

Vleis is 'n verdere skaars artikel. Daar is slegs ongeveer 58% van die gesinne in gemeenskap A wat hoofsaaklik een keer per week vleis kry. Hier en daar slag 'n gesin van sy eie skape, maar verder is almal op een slaghuis in gemeenskap A aangewese. Hierdie slaghuis slag maar eenmaal per week en die vleis word ook net een dag van die week verkoop. Oor die algemeen kry elke huisgesin weekliks 2/6d. se vleis wat dan in die hele familie se behoeftes moet voorsien. Die feit dat dit elke keer net 2/6d. se vleis is, is 'n eienaardige ver-

skynsel/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skynsel. Daar kon egter geen bevredigende verklaring hiervoor gevind word nie. Sonder uitsondering het almal die ondersoeker gerus gestel: „Ons kry darem 'n halfkroon se vleis ...." In gemeenskap B is daar 29% en in C 36% van die gesinne waar vleis min of meer gereeld een keer per week in die voeding ingesluit is.

(iii) Melk:

Deurdat die meerderheid gesinne in C 'n paar koeie aanhou, kan melk in redelike hoeveelhede in die koffie en oor die pap gebruik word. Of melk in al die gemeenskappe egter voldoende is, is twyfelagtig. Volgens die ondersoek was daar 33% gesinne in gemeenskap A, 42% in B en 9% in C by wie geen koeie aangetref is nie. Dit gee dus tog 'n aanduiding dat die posisie wat melk betref, nie so gunstig is nie. In gemeenskap C is die posisie bevredigend. Slegs een gesin het nie 'n koei nie; die res het 'n redelike aantal. In gemeenskappe A en B is die toestand egter heeltemal onbevredigend.

(iv) Algemeen:

In die verslae oor die gemeenskappe word die swak voedingstoestande deurgaans sterk beklemtoon. Aangaande gemeenskap A word gekonstateer: „Voeding is baie ongebalanseerd. Groente is byna 'n onbekendheid en vleis 'n weelde-artikel. Brood, pap en koffie is maar aan die orde van die dag."[7] 'n Verslag oor gemeenskap C meld ook min of meer soortgelyke toestande: „Die nasionale kossoort op die nedersetting is mieliemeel. Vleis is 'n

---

7) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap A, 1938, a.w., p.8.

seldsame/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



seldsame kossoort veral vir die gesinne wat nie vee besit nie. Groente is skaars en word net op drie plotte gekweek. Baie van die kinders is gelukkig om eenmaal per maand groente te eet. Sommige van die kinders neem selfs pap na skool. Die prinsipaal het etlike gevalle genoem waar kinders só ondervoed is dat hulle eenvoudig nie die stamina het om 'n les te volg nie.... Melk is redelik verkrygbaar daar byna elke gesin 'n koei of meer het."[8)] By feitlik elke gesin word 'n paar hoenders aangetref. Daar word egter selde 'n hoender geslag aangesien eiers nie bekostig kan word nie en die hoenders gevolglik vir lê-doeleindes aangehou word.

Dit was 'n bykans onmoontlike saak om vas te stel hoeveel groente, vrugte, vleis, melk, pap of brood deur elke indiwidu gebruik word. So 'n ondersoek en die ontleding daarvan verg 'n aparte studie. In die voorgaande bespreking is gepoog om 'n globale indruk te gee van die verskeidenheid van voedsel wat deur die gesinne gebruik word. Dit kom kortliks daarop neer dat pap die hoofdis van die meeste gesinne is. Tweede in rang is brood. In die somer is vrugte (hoofsaaklik perskes) vir ongeveer 70% van al die gesinne in genoegsame hoeveelhede verkrygbaar (vergelyk tabel 45). Groente is baie skaars en word slegs deur 14% tot 20% van alle gesinne gebruik. Vleis word ook slegs deur 40-45% van die gesinne in geringe en onvoldoende hoeveelhede genuttig.

Die hoofdrank wat gebruik word, is koffie - gewoonlik is dit nie suiwer koffie nie, maar die goedkoopste wat met gemaalde boomwortels gemeng word, sodat dit meer ekonomies is. 'n Groot kan koffie word soggens gemaak en gedurende

---

8) Verslag oor gemeenskap C, p.9.

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die dag word rojaal geskink. Melk en suiker is dikwels afwesig.[9] Tee is slegs by 'n paar gesinne aangetref - onder andere waar „die dokter koffie belet het."

Vanselfsprekend is dit dat so 'n dieet geheel en al ongebalanseerd is.

Uit literatuur is in breë trekke die volgende twee vereenvoudigde dieetsamestellings vir 'n normale volwassene per dag saamgestel :

| | | |
|---|---|---|
| Melk | - | 2 pinte. |
| Eiers | - | 1. |
| Vleis, vis of pluimvee | - | $1\frac{1}{2}$ tot $2\frac{1}{2}$ onse. |
| Groente | - | 2 tot 3 bedienings insluitende groen en geel groente. |
| Vrugte (insluitende sitrus en tamaties) | - | 2 tot 3 bedienings. |

Verder vitamines A en D, dit wil sê botter, vet, geelwortels, geelmielies, vislewer, ens.[10]

Die tweede daaglikse dieet per persoon is soos volg saamgestel:[11]

| | | |
|---|---|---|
| Melk | - | $1\frac{1}{2}$ pint. |
| Groente | - | 1 bediening aartappels.<br>1 bediening groen, blaar- of geel groente.<br>1 bediening ander groente (een hiervan moet rou wees). |

---

9) Hierdie gegewens is verkry deur die kinders by die afneming van die individuele toetse persoonlik te ondervra. Hulle moes probeer weergee wat hulle die vorige twee dae geëet en gedrink het. Dit is aan hulle voorgegee dat dit 'n deel van die toets was.

10) Proudfit, F.T. en Robinson, C.H.: Nutrition en Diet Therapy, (10th ed.), p.281.

11) Hierdie dieet word vir alle hospitale voorgeskryf en daar kan dus aangeneem word dat dit gebalanseerd is.

Vrugte/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| Vrugte | - | 1 bediening sitrus of tamaties.<br>1 bediening van enige vrugte. |
| Eiers | - | 1 per dag of ten minste 3-4 per week. |
| Vleis, vis of pluimvee | - | 1 bediening. |
| Heel graan of verrykte grane en brood. | - | 2 bedienings per dag. |
| Botter of vet met vitamine A. | - | ten minste 4 teelepels. |

<u>Opmerking</u>:

| | | |
|---|---|---|
| 1 bediening groente of vrugte | = | ½ tot ⅔ koppie vol. |
| 1 bediening vleis, vis of pluimvee | = | 2 tot 3 onse daarvan. |
| 1 bediening graansoort of brood | = | 1 ons droë gewig of 'n sny van ongeveer 1 ons. |

Hoewel daar 'n geringe mate van verskil tussen hierdie twee skale is, stem hulle basies tog ooreen. Die eerste dieet is waarskynlik saamgestel om meer by die Amerikaanse omstandighede aan te pas terwyl die tweede een meer by Suid-Afrikaanse omstandighede aanpas.

Wanneer hierdie dieetskale met die eetgewoontes van die gemeenskapsbewoners vergelyk word, is die leemtes merkwaardig. Die gevolge van die ongebalanseerde dieet wat by die meeste gesinne aangetref word, kan verreikend wees.

Dit beteken onmiddellik wanvoeding wat een van die vername redes vir ondervoeding is. Dit is nie moontlik om die persentasie persone wat aan wanvoeding ly, te bepaal voordat deeglike mediese toetse gedoen is nie. Die distriksgeneeshere van die verskillende gemeenskappe was van mening dat 'n groot persentasie van die bewoners beslis ondervoed of wangevoed is. Die ongebalanseerde

dieet/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dieet verswak die arbeidsvermoë en het 'n nadelige uitwerking op die verstandelike prestasies van die bewoners. Skoolprestasies en skoolvordering kom as gevolg hiervan weer in die gedrang.

Ook die voortplanting van die soort word geaffekteer. Sieklike en agterlike mans en vrouens kan nie gesonde kinders voortbring nie. Daar moet noodwendig 'n degenerasie op elke terrein (verstandelik, geestelik en liggaamlik) plaasvind.

Dan dien verder daarop gewys te word dat die beperkte voedselsoorte op hul eienaardige en baie ontoereikende wyse voorberei word.

(b) Etenstye:

Tabel 46 verstrek die eettye van die gesinne soos dit in die drie gemeenskappe aangetref is.

Tabel 46. Tye waarop die gesinne hul maaltye nuttig.

| Etenstye. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | Persentasie. | Aantal. | Persentasie. | Aantal. | Persentasie. | Aantal. | Persentasie |
| Gereeld 3 keer per dag. | 60 | 65.93 | 21 | 55.27 | 10 | 90.91 | 91 | 65.00 |
| Ongereeld | 15 | 16.49 | 15 | 39.47 | 1 | 9.09 | 31 | 22.14 |
| Twee keer per dag. | 16 | 17.58 | 2 | 5.26 | 0 | 00.0 | 18 | 12.86 |
| Totaal. | 91 | 100.0 | 38 | 100.0 | 11 | 100.0 | 140 | 100.0 |

Opmerking:

Met „ongereeld" word bedoel gesinne wat nie twee of drie keer per dag eet nie. Sulke gesinne het geen bepaalde eettye nie. Elkeen help homself wanneer hy honger het.

Volgens/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 46 eet 65.93% van alle gesinne in gemeenskap A driekeer per dag. Daar is 34.07% van die gesinne wat of op ongereelde tye, of tweekeer per dag eet. In gemeenskap B nuttig minder gesinne drie maaltye per dag (55.27%) teenoor 44.73% wat ongereelde maaltye het. In gemeenskap C eet, met die uitsondering van een gesin, almal driekeer per dag. In die geheel nuttig 65% van alle gesinne drie maaltye per dag, 22.14% eet op ongereelde tye, terwyl 12.86% van die gesinne slegs tweekeer per dag eet. Volgens tabel 46 blyk verder dat by die gesinne van gemeenskap B die meeste ongereelde maaltye voorkom.

By sommige gesinne wat hulle maaltye ongereeld nuttig, staan 'n pot pap (net soos die koffie) op die stoof. Daar is geen bepaalde ure nie en wanneer 'n persoon honger het, skep hy daarvan en nuttig so sy maaltyd. Behoorlike maaltye op vasgestelde tye ontbreek dus grootliks in die voedingstoestand van die bewoners.

In hoofsaak is die bevindings van die Carnegie-kommissie[12)] aangaande die fisieke toestand van die armblanke op hierdie gemeenskappe van toepassing, dit wil sê die dieet van die groot meerderheid van die gemeenskapsbewoners is gebrekkig, te wete :

(a) Slegs by 'n geringe persentasie is die hoeveelheid voedsel (kwantiteit) onvoldoende, dit wil sê waar honger-ly aanwesig is.

(b) Daar is 'n algemene gebrek aan proteïne en vette.

(c) Dit bevat 'n oormaat graankos.

---

12) Murray, W.A.: Die fysieke toestand van die armblanke: Carnegie Verslag, Deel IV, p.126.

(d) Dit/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Dit vertoon 'n gebrek aan sekere vitamines, veral vitamine C.

(e) Die dieet is eentonig en sonder afwisseling.

Die oorsake van hierdie ongebalanseerde dieet kan hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf word :

(a) Onkunde aangaande dieet.

(b) Armoede.

(c) Ongunstige natuurlike omgewing, byvoorbeeld droogtes, hael, ensovoorts.

3. Siektes en mediese dienste.

(a) Siektes:

Met die besef dat hierdie aspek buite die bestek van die ondersoek val, is dit tog nodig om 'n kort bespreking hieraan te wy, aangesien die mens se handelwyse deur 'n veelheid van faktore beïnvloed word en hy dus beter begryp kan word indien soveel aspekte as moontlik behandel word.

Dit was prakties nie moontlik om te bepaal watter persentasie van die bewoners sieklik en watter persentasie gesond was nie. Ongeskiktheidstoelaes is nie 'n betroubare maatstaf om te gebruik nie. As die menings van die bewoners as maatstaf moet dien, sou 90% van die volwassenes as sieklik en totaal ongeskik vir enige arbeid geklassifiseer kan word. Volgens mediese beamptes wat ondersoek in die verskillende distrikte gedoen het, is daar tans nie meer algemene noemenswaardige siektes nie. In gemeenskap C was malaria 'n aantal jare gelede nog 'n algemene verskynsel. Die bestryding daarvan was doeltreffend en malaria kom vrywel nêrens meer voor nie.

„Die / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Die Gesondheidsbesoekster en Malaria-inspekteur ...... probeer reeds vir die afgelope 13 jaar om deur middel van propaganda onder die bewoners verbeterings aan te bring. Die gevaar van malaria is tans feitlik uitgeskakel,"[13) aldus 'n verslag oor gemeenskap C. In gemeenskap A word 'n gebrek aan jodium in die water aangetref wat dikwels die oorsaak van die sogenaamde kropgeswel en skildkliervergroting is. Verder bestaan daar nie meer algemene siektes in die distrikte nie.

Die ongesonde leefwyse van die mense veroorsaak egter maklik allerlei siektes. Die gebrek aan latrines is gevaarlik in die opsig dat huisvlieë by die miljoene uitbroei en dikwels mikro-organismes van maagkoors en ander ingewandsiektes oordra. Die kos is aan die vlieë blootgestel, gevolglik is daar dikwels besmettings met lintwurm by mense en masels by die varke en ander vee. Die watervoorraad vir huislike gebruik is dikwels besoedel deur die uitwerpsels van sowel mense as diere. Sulke besmette water lei dikwels tot ingewandskwale, veral enteritis en somer-diarree by kinders.[14)

Die vernaamste siekteverskynsel in aldrie gemeenskappe kan waarskynlik sielkundig verklaar word. Volgens hulleself blyk dit dat hartkwale, kanker, maagswere, jig en verlamming van die rug en bene „populêre" kwale is wat feitlik by 90% van die bewoners aangetref word. Die mediese beamptes sê dat hierdie siektes en kwale blote versinsels is. Die bewoners maak graag die bewering „ek was al by al die dokters, maar hulle kan niks vir my doen nie", wat

---

13) Verslag oor gemeenskap C, a.w., p.6.

14) Murray, W.A.: a.w., p.69 tot 71.

in 9/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in 9 uit die 10 gevalle ook blote versinsels is. Hierdie mense verkies om „siek" te wees, omdat hulle dan in 'n beter kans verkeer om pensioene te verkry.

'n Distriksgeneesheer het die opinie uitgespreek dat erflikheid tog 'n rol speel met betrekking tot chroniese kwale waaraan sommige bewoners ly. So meen hy dat epilepsie waaraan sommige persone ly, aan oorerwingsfaktore toegeskryf kan word. Ondertrouing bring swak mensemateriaal voort; gevolglik is hulle nie in staat om sterk weerstand teen siektes te bied nie. Hulle kan nogtans nie as totaal ongeskik vir die arbeid beskou word nie.

Die rol wat wan- en ondervoeding in die siekteverskynsels speel, moet egter nie uit die oog verloor word nie.

(b) <u>Mediese versorging</u>:

Daar bestaan tans twee gedagtegange onder die bewoners ten opsigte van die mediese versorging van die sieke. Die een groep verteenwoordig die jongere geslag wat dit makliker vind om van die vry mediese dienste gebruik te maak, terwyl die tweede groep meer die ouer geslag is wat nog vashou aan die ou boererate. Eersgenoemde groep word vinnig groter aangesien ook die oueres besef dat hulle 'n gekwalifiseerde medikus nodig het as hulle enige toelaes wil bekom. Dit is ook soveel makliker om deur 'n geneesheer behandel te word want „die plaas word eenkeer per maand deur die distriksgeneesheer .... besoek wanneer die volwasse persone vry mediese behandeling en medisyne kry."[15]

Let wel, die geneesheer kom na die bewoners toe (en nie omgekeerd nie). Daarby ontvang hulle gratis mediese

---

15) <u>Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap A</u>, a.w., p.9.

behandeling/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



behandeling en medisyne wat sielkundig vanselfsprekend dodelik op die gemeenskap inwerk. As voorbeeld hiervan kan die persoon genoem word wat die geneesheer laat kom het omdat hy ernstig ongesteld is en by die aankoms van die geneesheer is hy in die land gevind - besig om te ploeg.

Hierdie dienste dra egter nie juis die vertroue van die ouere geslag weg nie - dit help slegs om van die geneesheer 'n ongeskiktheidssertifikaat te verkry. Hulle steun hoofsaaklik op die groot verskeidenheid kruiesoorte wat oral te vinde is en waarvan die genesende waarde hoog geag word.[16)] Hierdie boererate het sy oorsprong reeds in die vroegste geslagte - veral gedurende die Groot Trek - en is van die een geslag na die ander oorgedra. Tans word dit ook in die gemeenskappe deur plaaslike omstandighede vervorm.[17)]

## 4. Gesondheidstoestand van die kinders.

By die behandeling van hierdie onderwerp moet daar nie te veel waarde aan die ondersoeker se gevolgtrekkings geheg word nie, aangesien geen geneeskundige ondersoek gedoen is nie. Die doel is slegs om 'n algemene aanduiding van die gesondheidstoestand van die jeugdiges te gee.

### (a) Kindersterfte:

Wat kindersterfte betref, het ons met betreklik klein getalle te doen, sodat vergelykings met ander gegewens miskien misleidend sal wees. Onder kindersterftes word hier gereken alle sterfgevalle van kinders onder 3 jaar wat tydens geboorte gelewe het.

---

16) Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, p.37.

17) Coetzee, Abel J.: Die Afrikaanse Volksgeloof, p.155 tot 158.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 10 (Hoofstuk IV) is uit die 138 gehude gesinne 895 kinders gebore, dit wil sê, 'n gemiddeld van 6.4 kinders per gesin.

Tabel 47 gee 'n vergelyking van die sterfte onder manlike en vroulike kinders.

Tabel 47. Kindersterftesyfer van kinders onder drie jaar vir gemeenskappe A, B en C.

| Gemeenskap. | Manlikes. | Vroulikes. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| A | 31 | 23 | 54 |
| B | 10 | 8 | 18 |
| C | 3 | 5 | 8 |
| Totaal. | 44 | 36 | 80 |

Uit tabel 47 blyk dit dat die sterfte hoër onder manlikes as vroulikes is, wat ook met die Unie-gegewens ooreenstem. Hierdie sterftesyfer is in die opsig van belang dat 9.3% van alle kinders in hierdie gemeenskappe sterf voordat hulle drie jaar oud is, dit wil sê nagenoeg 1 uit elke 10.

Elke gewone kindersiekte kry in die gemeenskappe 'n eie naam. Die vernaamste oorsake van kindersterfte is volgens die mense self „stuipe", „tandekoors", „mangels" (wat by nadere ondersoek witseerkeel blyk te wees) en „maagwerk" (waarskynlik somer-diarree). Ook die plaaslike geneeshere aldaar bevestig die feit dat die kindersterftesyfer besonder hoog is. Hoewel die geneeshere nie met sekerheid kan sê watter siektes oorheersend is nie, was

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die algemene mening tog dat siektes soos stuipe, witseerkeel en somer-diarree die meeste sterftes veroorsaak. Verder meen hulle dat daar 'n veelheid faktore is wat dié siektes in die hand werk, byvoorbeeld:

1. Die onhigiëniese toestande waaronder die gesinne leef lei tot die veroorsaking van allerlei aansteeklike siektes.

2. Wanvoeding van die moeder het op die ongebore kind 'n nadelige uitwerking. Die kinder word as 'n swak baba gebore en die liggaampie het weinig weerstand teen siektes.

3. Behalwe die feit dat die kinders dikwels sieklik en agterlik gebore word, kry hulle daarná nie die regte voeding nie. Gevolglik is hulle aan die ergste graad van wanvoeding blootgestel. (By 'n gesin is besoek afgelê waar die moeder haar drie-dae-oue baba droë mieliepap en pampoen met haar vinger probeer voer het.) So 'n kind mag groot word, dog die liggaampie is hopeloos verswak en maklik vatbaar vir enige siekte.

4. Baie gesinne bly konservatief (selfs primitief) omtrent die geboorte van 'n kind. Daarby is die mediese dienste ontoereikend; Geen hospitale bestaan, selfs nie in die naburige dorpe nie; Verpleeginrigtings is skaars en word nie maklik deur die inwoners aanvaar nie.

5. Ondertrouing kan 'n verdere oorsaak van baie kindersterfgevalle wees. Die ouers wat dikwels self in 'n mate gedegenereerd is, moet noodwendig minderwaardige kinders voortbring. Sulke kinders het nie die potensialiteite van normale kinders uit normale huwelike nie en bly op 'n vroeë leeftyd by die normale kind agter.

(b) Die / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Die skoolgaande kind:

Wat die gesondheidstoestand van die skoolgaande kind in die gemeenskappe betref, kan in die algemeen aangeneem word dat hy in 'n minder mate ondervoed en wangevoed is as die nie-skoolgaande kind of sy ouers, omdat die skole in die gemeenskappe deelneem aan die skoolvoedingskema. Veral in een gedeelte van gemeenskap A kry die kinders by die skool sò 'n goed gebalanseerde dieet dat dit 'n kragtige teenvoeter vir wanvoeding is. Sop, brood en botter, eiers, kaas, groente, rosyntjies, gedroogde vrugte, ensovoorts, word aan die kinders gedurende skoolure verskaf. Tydens 'n besoek van die skoolverpleegster gedurende 1938 is gevind dat 90% van die leerlinge ondervoed is. Hulle het ook oor die algemeen swak tande gehad. Binne drie jaar het die plaaslike tandarts meer as 400 tande van die kinders getrek.[18] Volgens die jongste bevindings van die skoolgeneesheer het ondervoeding onder dié kinders baie afgeneem. Dit was nie moontlik om die aantal ondervoede kinders te bepaal nie.

'n Hoof van een van die skole het verklaar hoe leerlinge wat vir die eerste keer die skool besoek, daar maer en bleek uitsien en alle tekens van ondervoeding toon, byvoorbeeld die uitstaande buik, bleek gelaatskleur, swak voorkoms, sere aan die bene en lyf, min lewenslus, ensovoorts. Na 'n jaar of meer kan die verandering wat die leerlinge fisies ondergaan het, duidelik gemerk word.

In die ander gemeenskappe bestaan skoolvoeding hoofsaaklik uit die verskaffing van vrugte soos lemoene, appels,

---

18) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap A, 1938, a.w., p.8.

druiwe/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



druiwe, ensovoorts, en ook rosyntjies of kaas. Melk is nie daar beskikbaar nie, anders sou dit ook ingesluit gewees het.

Afwesigheid van skool kom dikwels voor dog dit kan nie alleen aan gesondheidsredes toegeskryf word nie. Wanneer die weer 'n bietjie ongunstig is of as daar geploeg moet word, hou sommige ouers hul kinders uit die skool om vir pa te help werk."

Aangesien die omvang van ondervoeding nie uit die beskikbare mediese ondersoeke bepaal kon word nie, is besluit om die lengte en gewig van alle skoolgaande kinders te meet en dit met ander kinders te vergelyk.

Gedurende 1940 is 'n landswye opname oor die lengte en gewig van skoolgaande kinders gedoen[19]) dog ongelukkig net vir kinders tussen 7 en 12 jaar.

Hoewel alle kinders vir alle ouderdomme in die ondersoeker se opname gemeet is, kon dit weens 'n gebrek aan vergelykbare gegewens nie gebruik word nie.

Van Rensburg[20]) het ook in sy ondersoek die lengte en gewig van 'n aantal kinders gemeet en dit met die gegewens van die Unie-verslag vergelyk.

Die probleem wat in die ondersoeke van sowel van Rensburg as die skrywer voorgekom het, is dat daar met te klein getalle gewerk word en die weergawe dan nie heeltemal betroubaar is nie. Die bevindings van die drie opnames word in grafieke 2 en 3 weergegee. Hoewel daar nie te veel wetenskaplike waarde aan die bevindings geheg moet word nie, kan tog 'n globale indruk verkry word.

---


19) Report on the Nutritional Condition of European School Children in the Union of South Africa. Department of Health. 26th February 1940, p.10.

20) Van Rensburg, P.F.S.J.: Oud-boswerkers en die Nakomelinge van Boswerkers in die Middellandse Bosstreek met besondere verwysing na Knysna, p.297.

Volgens/ ....


© University of Pretoria

Grafiek II Gemiddelde lengte in duime vir kinders in Transvaal, Karatara en gemeenskappe A, B & C.




© University of Pretoria

Grafiek III Gemiddelde gewig in lbs. vir kinders in Transvaal, Karatara en Gemeenskappe A, B & C.




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens grafiek 2 blyk dit dat die lengte vir die Transvaalse kind in verhouding met sy ouderdom geleidelik en reëlmatig toeneem. In teenstelling daarmee toon die gegewens vir Karatara (van Rensburg se ondersoek) en gemeenskappe A, B en C oënskynlik geen reëlmaat nie. Vir gemeenskappe A, B en C is daar egter meer reëlmaat as vir Karatara.

Uit die grafiek blyk verder dat kinders uit gemeenskappe A, B en C (veral seuns) deurgaans langer is as die Transvaalse skoolgaande kind, dog wanneer grafiek 3 bestudeer word, blyk dit dat die kinders (veral meisies) in gemeenskappe A, B en C heelwat ligter is as dié van die skoolgaande kind van Transvaal.

Volgens grafiek 3 is daar ook 'n reëlmatige toename in gewig in verhouding tot die styging van ouderdom vir die Transvaalse skoolkind. As die twee lyne op een grafiek getrek word, sal hulle ewewydig met mekaar loop, met ander woorde, namate die kinders ouer word, is daar 'n reëlmatige toename in hul lengte en gewig. As die lyne vir gemeenskappe A, B en C op een grafiek getrek word sal hulle ook ewewydig loop, dog sonder reëlmaat.

Indien grafieke 2 en 3 noukeurig bestudeer word, is daar 'n eienaardige verskynsel onder seuns merkbaar. Die lengte sowel as die gewig van seuns in die gemeenskappe styg geleidelik vanaf 7 tot 10 jaar. Gedurende die volgende lewensjaar (10- 11 jaar) is hulle effens korter en ook ligter terwyl hulle na die elfde lewensjaar weer geleidelik in lengte en gewig toeneem. Dieselfde neiging is by die groep van Karatara waarneembaar. Daar kon geen verklaring vir hierdie verskynsel gevind word nie, hoewel dit in alle waarskynlikheid met die puberteitsleeftyd

van/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die seuns in verband gebring moet word. By die meisies kan geen sodanige verskynsel opgemerk word nie.

Word grafiek 2 beskou, blyk dit dus dat die kind van A, B en C goed met die Transvaalse kind vergelyk. Eintlik is hy langer as die Transvaalse kind.

Word grafiek 3 beskou, dan vergelyk die kind van A, B en C ook goed met die Transvaalse kind. Hy is egter ligter. In albei grafieke is daar by die kinders van A, B en C geen reëlmaat nie.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat daar in vergelyking met die Transvaalse kind beslis 'n geringe afwyking is met betrekking tot lengte, gewig en lengte tot gewig. Hy is langer as die Transvaalse kind en daarby ook ligter. Die waarskynlike wanvoeding of ondervoeding by die skoolgaande kind van die gemeenskappe kan nie buite rekening gelaat word nie. Die onderwysers van al die skole in die gemeenskappe het die ondersoeker verseker dat die deursnee kind nie in staat is om 'n les behoorlik te volg nie. Hulle skryf dit aan ondervoeding toe. Dit is geen seldsame verskynsel dat kinders bedags van honger flou word nie.

Ten slotte kan beweer word dat hoewel die skoolprestasies van die kind in die gemeenskappe swak is (soos aangetoon sal word), dit nie alleen aan erflikheidsfaktore toegeskryf kan word nie. Die ongunstige maatskaplike faktore wat beslis 'n nadelige uitwerking op die gesondheidstoestand van die kind uitoefen, is 'n ander belangrike oorsaak van swak skoolprestasies.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk VIII.

## DIE HUISGESIN EN ARMOEDE.

### 1. Die gesinslewe.

(a) Die gesin as 'n eenheid :

Dit is vanselfsprekend dat die familiegroep in die onderskeie gemeenskappe van groot belang moet wees. Die gewoontes en tradisies wat so eie aan die bewoners is, is binne gesinsverband van die vorige geslagte oorgeneem. Die gesinsgroep het weens sy afsondering, alles van sy voorouers oorgeneem en daardie erfenisse is dan weer aan húl kinders oorgedra. Hierdie maatskaplike oorerwingsprosesse kan nog baie duidelik by die teenswoordige geslag waargeneem word. As 'n persoon oor die redes vir sekere gewoontes of handelinge uitgevra word, is dit telkens duidelik dat hy dit bloot van sy ouers of voorouers geleer het. As gevolg hiervan is die gesin ongetwyfeld die sterkste maatskaplike faktor in die onderskeie gemeenskappe. Dit oefen verder ook 'n baie sterk invloed op alle fases van die gemeenskapslewe uit. So laat die gedagtegang van een lid van 'n gesin so 'n invloed op die ander lede na dat daar naderhand geen selfstandige denke meer is nie. Die invloed van die tradisie naamlik dat dít wat die hoof van 'n gesin sê, wet is, moet in hierdie optrede nie gering geskat word nie.

Dit is nie net in man-vrou-verhoudings waarin die gesin as eenheid optree nie, maar ook in ander sosiaal-ekonomiese verhoudings. Die hele gesin deel in die gesinsinkome. As 'n seun geld verdien (ongeag sy ouderdom), baat die hele gesin daarby. Die gesin kan dus ook as 'n ekonomiese eenheid beskou word. Dit word ook as

vanselfsprekend/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


vanselfsprekend aangeneem dat die vader aan die hoof van die gesin of gesinsgroep staan en hy bly hoof solank hy lewe. Al is daar van sy inwonende seuns reeds getroud, word die hoof se gesag nogtans erken. Hierdie Patriargale karakter is die mees opvallende verskynsel van elke gesin.

'n Verdere kenmerk van die eenheid van die gesinslewe is die gesinsvolledigheid waar feitlik elke gesin 'n vader en moeder het. Hierdie opvallende verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat die bewoners nooit lank wag om weer te trou wanneer een lewensmaat die ander een ontval nie. Dit is nie iets buitengewoons om 'n vrou wat reeds drie mans, of 'n man wat reeds drie vroue oorleef het, raak te loop nie. Deur blote waarneming is gevind dat wewenaars gewoonlik baie gouer as weduwees trou. Die meeste wewenaars wat oor die tweede of derde huwelik uitgevra is, het gekla dat dit tog te moeilik gaan om sonder 'n vrou op die plaas klaar te kom - die eensaamheid is te erg. Daar is in die drie gemeenskappe tesame slegs vyf wewenaars gevind - twee van hulle sou binnekort met twee weduwees trou.

In die gemeenskappe is daar meer weduwees as wewenaars. Die rede is klaarblyklik dat daar nie genoeg mans vir verdere huwelike is nie. Soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon, is die mans gewoonlik ouer as hul vroue by huweliksluiting. Gevolglik kom hulle ook gouer te sterwe. Daar is dus in verhouding, meer weduwees as wewenaars. Baie van die weduwees is reeds bejaard en dink ook nie verder aan nog 'n huwelik nie.

(b) <u>Huweliksleeftyd</u> :

Dit is belangrik om na te gaan of die bewoners van

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die bestudeerde gemeenskappe geneig is om op 'n jeugdige ouderdom in die huwelik te tree of nie. Veral is dit van belang om die huweliksleeftye van hierdie mans en vroue met dié van die Uniebevolking te vergelyk.

Die gegewens wat verkry is, is wel volledig, maar gee nogtans nie 'n korrekte weergawe van die werklike huweliksleeftye gedurende normale tye nie. Heelwat huwelike is as gevolg van die Driejarige Oorlog vertraag en na die oorlog was maatskaplike, ekonomiese en landboutoestande só kritiek dat die persone wat gedurende ongeveer die jare 1899-1902 hubaar was, hulle huwelike vir nog 'n aantal jare uitgestel het. Dit bring mee dat die gemiddelde huweliksleeftyd van die gemeenskapsbewoners hoër is as wat dit onder normale omstandighede sou wees. Daar kan egter met sekerheid gekonstateer word dat die afgelope Tweede Wêreldoorlog geen uitwerking op die huweliksouderdomme gehad het nie omdat nie een van die hubare jongmans aan die oorlog deelgeneem het nie.

In tabel 48 word die huweliksleeftye van die mans en vrouens aangegee. Eers word die syfers apart vir gemeenskappe A, B en C aangegee en daarna volg die totaal vir die drie gemeenskappe. Die huweliksleeftye van mans en vroue is slegs by hul eerste huwelik geneem. Ouderdomme by hul tweede en derde huwelike is nie in aanmerking geneem nie.

Tabel 48 toon dat 44 uit 91 vroue in gemeenskap A voor hul twintigste jaar getroud was. Ongeveer 34% van die ander is gedurende die leeftyd 20-24 jaar, terwyl minder as 10% tussen 25-29 jaar getroud is. Ongeveer 5% van hulle was ouer as 30 jaar toe hulle in die huwelik getree het. Wat mans in gemeenskap A betref, is slegs

3 (ongeveer/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel 48. Die leeftyd van mans en vroue by hul eerste huwelik.

| Leeftyd van man by huweliksluiting. | Leeftyd van vrou by huweliksluiting. | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal. | | Huweliksleeftyd. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-19 | | | | 20-24 | | | | 25-29 | | | | 30 jaar en ouer | | | | | | Mans | | Vroue | |
| | A | B | C | Totaal | A | B | C | Totaal | A | B | C | Totaal | A | B | C | Totaal | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| 15-19 | 3 | - | - | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 2.17 | 3 | 2.17 | 72 | 52.17 |
| 20-24 | 25 | 9 | 4 | 38 | 20 | 8 | 1 | 29 | 3 | 2 | - | 5 | - | - | - | - | 72 | 52.17 | 72 | 52.17 | 43 | 31.16 |
| 25-29 | 10 | 6 | 2 | 18 | 9 | 2 | - | 11 | 3 | 1 | - | 4 | 2 | 1 | - | 3 | 36 | 26.09 | 36 | 26.09 | 13 | 9.42 |
| 30 jaar en ouer. | 6 | 3 | 4 | 13 | 2 | 1 | - | 3 | 3 | 1 | - | 4 | 5 | 2 | - | 7 | 27 | 19.57 | 27 | 19.57 | 10 | 7.25 |
| Totaal: | 44 | 18 | 10 | 72 | 31 | 11 | 1 | 43 | 9 | 4 | - | 13 | 7 | 3 | - | 10 | 138 | 100.00 | 138 | 100.00 | 138 | 100.00 |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3 (ongeveer 3.5%) in die groep 15-19 jaar getroud. Die hoogste persentasie naamlik 52.7% val in die groep 20-24 jaar en ongeveer 26% in die volgende leeftydsgroep (25-29 jaar). Ongeveer 18% mans was ouer as 30 jaar toe hulle vir die eerste keer in die huwelik getree het. Die huweliksleeftye vir vroue in gemeenskap B stem baie met dié vir vroue in gemeenskap A ooreen. Ook hier was 18 uit die 36 vroue (50.0%) voor hul negentiende jaar getroud. Die huweliksleeftye vir mans in gemeenskap B kom ook baie met dié vir mans in gemeenskap A ooreen. Hier is egter geen mans in die leeftyd 15-19 jaar getroud nie. Die persentasie vir die daaropvolgende groep (20-24 jaar) is ook 52.7% (net soos in gemeenskap A).

Die vroue in gemeenskap C het met die uitsondering van een, almal gedurende die leeftyd 15-19 jaar in die huwelik getree (dit wil sê 90.91%). Geen mans in gemeenskap C het in laasgenoemde leeftyd in die huwelik getree nie, terwyl 45.45% in die leeftydsgroep 20-24, 18.18% in die groep 20-24 jaar en 36.37% 30 jaar en ouer was toe hulle in die huwelik getree het.

Wat die drie gemeenskappe saam betref, het 52.17% mans gedurende hulle twintigste tot vier-en-twintigste jaar getrou, 26.09% gedurende 25-29 jaar en 19.57% in hulle 30ste jaar of ouer. By die vroue van die drie gemeenskappe is die syfers heeltemal anders. Nie minder nie as 52.17% van hulle het tussen hulle vyftiende en negentiende jaar in die huwelik getree en 31.16% tussen 20 en 24 jaar.

Uit tabel 48 kan dus 'n duidelike beeld van die verskil in huweliksleeftyd tussen die twee geslagte gekry word. Dit blyk dat die vrouens in die gemeenskappe op 'n

veel / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veel vroeër leeftyd as die mans trou. Teenoor die byna 53% wat tussen hulle vyftiende tot negentiende jaar getrou het, staan slegs 2.17% mans wat in die genoemde leeftydsgroep in die huwelik getree het.

In die volgende leeftydsgroep naamlik 20 tot 24 jaar daal die persentasie vroue na 31.16% terwyl die mans weer hul hoogste syfer in dié ouderdomsgroep bereik, naamlik 52.17%. Daar is dus 83% van die vroue en 54% van die mans wat tussen hulle vyftiende en vier-en-twintigste lewensjaar in die huwelik getree het. Dit is interessant om na die syfers vir gemeenskap C te kyk waar tien uit die elf vroue gedurende hul vyftiende tot negentiende lewensjare getrou het. Die ander vrou het in die volgende leeftydsgroep getrou. Terwyl die huweliksouderdom van die mans tussen die lewensjare 20 tot 24 jaar die hoogtepunt (52.17%) bereik, verminder die persentasie gedurende die volgende huweliksleeftydsgroepe met die helfte (na 26%) waarna dit in die daaropvolgende groepe nog skerper daal.

Tabel 48 bevestig dus die bewering wat in vorige hoofstukke reeds aanvaar is naamlik dat vroue in die gemeenskappe op 'n veel vroeër leeftyd as hul mans in die huwelik tree.

Die mans tree ook op 'n betreklik jeugdige leeftyd in die huwelik. Die rede hiervoor kan grootliks aan die beroepsomstandighede van die bewoners toegeskryf word. Sodra 'n seun die ouderdom van 16 jaar bereik het, verlaat hy die skool (indien hy nog nie standard VI geslaag het nie), en gaan „pa help boer." Dit is die belangrikste beroep vir jongmanne in die gemeenskappe en geen opleiding is hiervoor nodig nie. Al gou word hul as volwassenes beskou en gan hul by die jongnooiens van die plaas kuier.

Daar/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is geen besondere toekomsplanne of duidelike ideale nie en sodra hy 'n geskikte lewensmaat raakgeloop het, trou hulle om sodoende „rustiger" te kan lewe.

Die groot persentasie vroue wat voor hul twintigste jaar in die huwelik tree, kan ook verklaar word. Jong dogters (net soos die seuns) verlaat die skool voor of sodra hulle standerd VI geslaag het of wanneer hulle die ouderdomsgrens van 16 bereik het. Op enkele uitsonderings na bly almal op die plaas en wag as't ware op 'n huweliksaanbod. Baie min van die vroue (blykbaar net een) het enige loonarbeid verrig voordat hulle in die huwelik getree het. Omdat hulle nie deur die arbeidsmark opgeneem word nie kom hulle feitlik nooit buite hul gemeenskappe nie. Gevolglik tree hulle byna net met die mans binne die onderskeie gemeenskappe in die huwelik, iets wat ook ondertrouing in die hand werk.

Terwyl dit hieruit blyk dat vroue op 'n veel jeugdiger leeftyd as mans trou, moet nou nagegaan word hoe hierdie huweliksleeftye met dié van die blanke Uniebevolking vergelyk. In tabel 49 word 'n vergelyking getref tussen die ouderdomme by huweliksluiting vir sover dit die algemene bevolking en die 138 bestudeerde getroude gesinne betref.

In hoofstuk IV is aangedui dat die gemeenskapsbewoners reeds betreklik oud is aangesien baie van die jonger geslag reeds na die stede weggetrek het. 'n Vergelyking van die huweliksleeftyd van mans en vroue van die gemeenskappe kan gevolglik nie met dié van die Unie se bevolking van die afgelope paar jaar vergelyk word nie. Die meeste huwelike in die gemeenskappe is gedurende die

jare/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 49. Die huweliksleeftyd van mans en vroue van die gemeenskappe in vergelyking met dié van die bevolking as geheel.[1)]

| Ouderdomsgroep. | Mans | | | | Vroue. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A, B en C. | | Die Unie (1916.) | | A, B en C. | | Die Unie (1916) | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| 19 en jonger | 3 | 2.17 | 77 | .65 | 72 | 52.17 | 3489 | 29.48 |
| 20-24 | 72 | 52.17 | 3163 | 26.73 | 43 | 31.16 | 4100 | 34.65 |
| 25-29 | 36 | 26.09 | 4067 | 34.37 | 13 | 9.42 | 2162 | 18.27 |
| 30-34 | 18 | 13.05 | 1924 | 16.26 | 6 | 4.35 | 744 | 6.29 |
| 35-39 | 7 | 5.08 | 1053 | 8.90 | - | - | 384 | 3.24 |
| 40-44 | 1 | 0.72 | 415 | 3.50 | 4 | 2.90 | 278 | 2.35 |
| 45-49 | - | - | 285 | 2.41 | - | - | 117 | .99 |
| 50-54 | 1 | 0.72 | 135 | 1.14 | - | - | 110 | .93 |
| 55-59 | - | - | 91 | .77 | - | - | - | - |
| 60 en hoër. | - | - | 141 | 1.19 | - | - | - | - |
| Ander groepe. | - | - | 483 | 4.08 | - | - | 450 | 3.80 |
| Totaal: | 138 | 100.00 | 11834 | 100.00 | 138 | 100.00 | 11834 | 100.00 |
| 24 en jonger | 75 | 54.34 | 3240 | 27.38 | 115 | 83.33 | 7589 | 64.13 |
| 25-34 | 54 | 39.14 | 5991 | 50.63 | 19 | 13.77 | 2906 | 24.56 |
| 35-44 | 8 | 5.80 | 1468 | 12.40 | 4 | 2.90 | 662 | 5.59 |
| 45 en hoër. | 1 | 0.72 | 652 | 5.51 | - | - | 227 | 1.92 |
| Ander groepe. | - | - | 483 | 4.08 | - | - | 450 | 3.80 |
| Totaal: | 138 | 100.00 | 11834 | 100.00 | 138 | 100.00 | 11834 | 100.00 |

Opmerking: Gegewens met betrekking tot vroue vir die Unie strek die huweliksouderdom net tot 50 jaar en ouer.

1) Official Year Book No. 1, 1917, p.229.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jare net voor, of net na die Driejarige Oorlog gesluit. Die huweliksleeftye van 40 of 50 jaar gelede mag baie van die huweliksleeftyd van vandag verskil. Gevolglik is besluit om gegewens vir die Uniebevolking van ongeveer 40 jaar gelede te verkry.

Volgens tabel 49 is daar duidelike verskille in huweliksouderdom tussen die bewoners in die gemeenskappe en die bevolking as geheel. By die mans byvoorbeeld, vind ons in die gemeenskappe die hoogtepunt in die ouderdomsgroep 20-24 jaar en wel 52.17%. In die volgende ouderdomsgroep (25-29) daal die persentasie na 26.09%, waarna dit nog vinniger afneem. Daarteenoor staan die hoogste syfer (34.37%) vir mans in die Unie in 1916 op die ouderdomsgroep 25-29 jaar. 'n Betreklike hoë persentasie mans trou ook in die ouderdomsgroep 20-24 jaar (26.73%). Vir die ouderdomsgroepe bo 29 jaar daal die persentasie huwelike meer geleidelik as in die gemeenskappe.

'n Vergelyking tussen die huweliksouderdomme van die mans van die gemeenskappe en dié van die bevolking toon dat 54.34% mans van eersgenoemde teenoor slegs 27.38% van laasgenoemde in die leeftydsgroep van 24 jaar en jonger trou - 'n merkwaardige verskil dus. In die leeftydsgroep 25-34 jaar, het 39.14% mans in die gemeenskappe teenoor 50.63% van die bevolking getrou - 'n teenoorgestelde tendens dus. Selfs in die volgende leeftydsgroep (35-44 jaar) is die persentasie vir die Unie aansienlik hoër as vir die gemeenskappe (12.4% vir eersgenoemde teenoor 5.8% vir laasgenoemde). In die hoogste ouderdomsgroep (45 en hoër) is die persentasie vir die Unie nog hoër (5.51%) as vir die gemeenskappe (0.72%). Mans in die gemeenskappe het gedurende 1916 dus op 'n veel vroeër

leeftyd/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leeftyd as mans van die bevolking (gedurende 1916) getrou. Die rede vir hierdie vroeë huwelike is onder tabel 48 bespreek.

Wat vroue betref dui tabel 49 daarop dat daar 'n groot verskil in huweliksouderdom tussen die gemeenskappe en die Uniebevolking bestaan. Terwyl die huweliksouderdom by vroue in die gemeenskappe 'n hoogtepunt in die ouderdomsgroep 19 jaar en jonger bereik (52.17%), word dit by vroue van die bevolking in die ouderdomsgroep 20-24 jaar bereik, naamlik 34.65%. 'n Betreklike hoë persentasie vroue van die bevolking het jonger as 19 jaar getrou (29.48%) dog dit is nog aansienlik laer as dié van die gemeenskappe. Die persentasie huwelike in die gemeenskappe daal skerp na die ouderdomsgroep 24-29 jaar, terwyl dit vir die bevolking as geheel meer geleidelik daal.

Word die persentasies vir vroue van aldrie die gemeenskappe met vroue van die Uniebevolking vergelyk, blyk dit dat 83.33% van eersgenoemde jonger as 24 jaar getrou het, teenoor 64.13% vir laasgenoemde. In die volgende leeftydsgroep (35-44 jaar) het 'n betreklike klein persentasie vroue (13.77%) getrou teenoor 'n heelwat hoër persentasie van die bevolking, naamlik 24.56%. Die persentasie huwelike in die leeftye ouer as 35 jaar is vir sowel die gemeenskappe as vir die bevolking laag, hoewel dit aansienlik laer vir eersgenoemde is, te wete 2.90% teenoor 7.51% vir die Uniebevolking. Gedurende 1916 het vroue in die gemeenskappe dus op 'n veel vroeër leeftyd as vroue van die bevolking as geheel in die huwelik getree. Die rede vir hierdie vroeë huwelike is ewe-eens onder tabel 48 bespreek.

(c) Gesinsgrootte/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) Gesinsgrootte :

'n Poging is aangewend om die gesinsgrootte noukeurig te bepaal, maar die resultaat was teleurstellend om verskeie redes. By die opname van die gesinsgrootte was die doel om alle lewendgebore kinders wat uit die huidige vroue gebore is, in te sluit. Dus is dit meer 'n meting van die vrugbaarheid van die vroue as wat dit die gesinsgrootte aandui. Ander navorsers het hulle meer tot die aantal kinders wat uit die bestaande huwelik gebore is, bepaal. Die probleem is dan dat wanneer 'n wewenaar en weduwee byvoorbeeld, van ouer as 45 jaar oud trou, daardie huwelik kinderloos is, wat nie 'n goeie weergawe van die gesinsgrootte beteken nie.

Die probleem het hom verder voorgedoen dat daar nie altyd sekerheid omtrent die kindertal bestaan het nie - 'n verskynsel wat hom hoofsaaklik by die ouer geslag voordoen. Dit moet veral aan die vergeetagtigheid wat die hoë ouderdomme meebring, toegeskryf word. Dit was verder ook moeilik om te bepaal presies wanneer 'n kind lewend- en wanneer hy doodgebore is. Die maatstaf is neergelê dat alleen kinders wat 'n naam gekry het as lewendgebore beskou moet word. Ter verduideliking moet gemeld word dat namegee nog 'n vername funksie in die familie-tradisie vervul. Wanneer 'n kind lewendgebore word, kry hy sy naam, maar in die geval van 'n doodgeborene gebeur dit nie.

Die syfers is dus nie absoluut betroubaar nie, maar gee tog 'n goeie aanduiding van die gesinsgroottes.

Tabel 50/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 50. Die kindertal per getroude vrou volgens gesinsgrootte in die gemeenskappe.

| Aantal kinders per vrou. | Gemeenskap A. | | Gemeenskap B. | | Gemeenskap C. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gesinne (Vroue) | Aantal kinders | Gesinne (Vroue) | Aantal kinders. | Gesinne (Vroue) | Aantal kinders | Aantal gesinne (Vroue) | Aantal kinders. |
| 0 | 7 | - | - | - | - | - | 7 | - |
| 1 | 3 | 3 | - | - | - | - | 3 | 3 |
| 2 | 6 | 12 | 4 | 8 | 1 | 2 | 11 | 22 |
| 3 | 5 | 15 | 6 | 18 | 2 | 6 | 13 | 39 |
| 4 | 7 | 28 | 2 | 8 | - | - | 9 | 36 |
| 5 | 6 | 30 | 5 | 25 | 2 | 10 | 13 | 65 |
| 6 | 13 | 78 | 3 | 18 | 1 | 6 | 17 | 102 |
| 7 | 10 | 70 | 7 | 49 | 2 | 14 | 19 | 133 |
| 8 | 6 | 48 | 1 | 8 | 1 | 8 | 8 | 64 |
| 9 | 7 | 63 | - | - | 2 | 18 | 9 | 81 |
| 10 | 11 | 110 | 5 | 50 | - | - | 16 | 160 |
| 11 | 4 | 44 | 3 | 33 | - | - | 7 | 77 |
| 12 | 2 | 24 | - | - | - | - | 2 | 24 |
| 13 | 2 | 26 | - | - | - | - | 2 | 26 |
| 14 | 1 | 14 | - | - | - | - | 1 | 14 |
| 15 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 16 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 17 | 1 | 17 | - | - | - | - | 1 | 17 |
| Totaal: | 91 | 582 | 36 | 217 | 11 | 64 | 138 | 863 |

<u>Opmerking</u>: Die kinders van vyf vroue wat reeds oorlede is, is hierby ingesluit. Hul wewenaars is by die ondersoek as gesinne gereken.

Die gemiddelde aantal <u>kinders</u> per vrou vir elke gemeenskap is soos volg :

Gemeenskap A : 6.4 kinders per vrou.
Gemeenskap B : 6.0 kinders per vrou.
Gemeenskap C : 5.7 kinders per vrou.
Totale gemiddeld is 6.2 kinders per vrou.

Uit/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit tabel 50 blyk dat klein kindertalle per gesin nie baie algemeen is nie. Kindertalle van sewe, agt en nege kinders vorm die grootste persentasie. Daarom is die gemiddelde aantal kinders per gesin (vrou) 6.2. Volgens die tabel is daar een gesin met 17 kinders in gemeenskap A. Hierdie 17 kinders het net een vader en een moeder.

Die beeld wat tabel 50 gee, is egter nie 'n weergawe van die totale produktiwiteit van die vroue in die gemeenskappe nie, omdat die grootste persentasie van hulle nog produktief, dit wil sê jonger as 45 jaar, is. Om 'n korrekte beeld te kry, moet alleen gesinne in aanmerking geneem word waar die moeder ouer as 45 jaar is. So 'n gesin word dan as 'n voltooide gesin beskou. Uit die 138 gehude gesinne was daar 86 sodanige voltooide gesinne. Tabel 51 toon die aantal kinders wat uit hierdie 86 vroue gebore is.

Tabel 51/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 51. 'n Ontleding van die aantal kinders per vrou vir vroue bo 45 jaar in die drie gemeenskappe.

| | Aantal gesinne. | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kindertal per vrou. | A | B | C | Aantal. | Persentasie. |
| 0 | 3 | - | - | 3 | 3.49 |
| 1 | 2 | - | - | 2 | 2.32 |
| 2 | 2 | - | - | 2 | 2.32 |
| 3 | - | 2 | - | 2 | 2.32 |
| 4 | 4 | 2 | - | 6 | 6.98 |
| 5 | 3 | 3 | 2 | 8 | 9.30 |
| 6 | 9 | 3 | - | 12 | 13.97 |
| 7 | 7 | 6 | - | 13 | 15.11 |
| 8 | 7 | - | - | 7 | 8.14 |
| 9 | 6 | - | 1 | 7 | 8.14 |
| 10 | 8 | 4 | - | 12 | 13.97 |
| 11 | 4 | 3 | - | 7 | 8.14 |
| 12 | 2 | - | - | 2 | 2.32 |
| 13 | 1 | - | - | 1 | 1.16 |
| 14 | 1 | - | - | 1 | 1.16 |
| 15 | - | - | - | - | - |
| 16 | - | - | - | - | - |
| 17 | 1 | - | - | 1 | 1.16 |
| Totaal: | 60 | 23 | 3 | 86 | 100.00 |

Tabel 51 toon dat die hoogste kindertal per gesin in gemeenskap A tussen 6 en 10 kinders is. In gemeenskap B word daar 6 uit die 23 vroue gevind wat 7 kinders gehad het. In gemeenskap C is daar slegs 3 vroue ouer as 45 jaar; van hulle was daar 2 wat 5 kinders gehad het, terwyl die derde vrou nege kinders gehad het. Vir die gemeenskappe tesame het 15.11% van die vroue, 7 kinders gehad, 13.97% het 6 gehad terwyl die hoogste persentasie (17.79%) aangetref is by vroue wat tien kinders gehad het.

Daar/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is slegs 3 vroue (in gemeenskap A) wat kinderloos was. Tabel 52 toon die gemiddelde kindertal per vrou vir genoemde 86 vroue in die gemeenskappe.

Tabel 52. Gemiddelde aantal kinders per vrou vir 86 vroue ouer as 45 jaar.

| Gemeenskap. | Aantal vroue. | Aantal kinders. | Gemiddeld per vrou. |
|---|---|---|---|
| Gemeenskap A. | 60 | 442 | 7.4 |
| Gemeenskap B. | 23 | 162 | 7.0 |
| Gemeenskap C. | 3 | 19 | 6.3 |
| Totaal: | 86 | 623 | 7.2 |

Uit tabel 52 is dit duidelik dat die gemiddelde aantal kinders per voltooide gesin hoër is as per onvoltooide gesin. Die totale gemiddelde kindertal is een kind per gesin meer as by die onvoltooide gesinne, naamlik 7.2 teenoor 6.2.

Ongelukkig is die gemiddelde kindertal van voltooide gesinne vir die Unie blankebevolking nie beskikbaar nie. Geen vergelykings kan dus getref word nie. Die onderhawige kindertal is egter nog 1.3 laer as wat Van Rensburg by die boswerkersgesinne by Knysna en omgewing aangetref het.[2] Die gemiddelde kindertal per voltooide gesin was daar 8.5.

Daar dien op gelet te word dat, hoewel die kindertal in die gemeenskappe besonder groot is, die geboortes nie die netto aanwas van die bevolking weerspieël nie, omdat

[2] Van Rensburg, P.F.S.J.: Oud-Boswerkers en die Nakomelinge van Boswerkers in die Middellandse Bosstreek met besondere verwysing na Knysna, p.199.

hier/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hier nie met kindersterftes rekening gehou is nie.

Die twee vernaamste redes vir die groot kindertal sover daar vasgestel kon word, is :

(i) Geen geboortereëling, beplanning of beperking nie; en

(ii) Die vroeë huweliksleeftyd wat baie jare van vrugbaarheid in die huwelik beteken.

Die gegewens toon 'n hoë vrugbaarheidsyfer onder die vroue; onder die 86 vroue kom slegs drie kinderlose huwelike voor. Dit lyk dus of vrugbaarheid oënskynlik niks met voedsel of wanvoeding te doen het nie. Vroeër is reeds daarop gewys dat pap, brood, en koffie wat die vernaamste voedselsoorte is, wanvoeding in die hand werk. Waarskynlik is 'n lewe so na-aan die natuur, 'n goeie waarborg vir hoë vrugbaarheid,[3] afgesien van die omvang van kindersterfte.

(d) Houding teenoor die groot kindertal :

Die ondersoeker het voor die probleem te staan gekom hoe om 'n wetenskaplike metode toe te pas om bepaalde houdings en lewensgewoontes van die gesinne vas te stel. Hoewel baie kritiek op die metode wat toegepas is gelewer kan word, was dit egter die mees geskikte en betroubaarste. Dit kom kortliks neer op:

(i) Groepdiskussies; en

(ii) Noukeurige gesinswaarneming gedurende onderhoude.

Eersgenoemde het as 'n kontrole vir laasgenoemde metode gedien.

Om houdings teenoor elke saak of aangeleentheid in syfers uit te druk, sou waarskynlik nie die presiese toe-

---

[3] Van Rensburg: a.w., p.202.

drag/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drag van sake weerspieël nie. Wat egter wel gedoen kan word, is om 'n tendens deur middel van daardie weergawe aan te dui. Dit is dan ook in tabel 53 gedoen.

Tabel 53. Houding teenoor die groot kindertal in die gemeenskappe.

| Houding | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Dit hoort so. | 73 | 80.20 | 26 | 68.44 | 7 | 63.64 | 106 | 75.72 |
| 4) Sou kinders wou beperk. | 5 | 5.50 | 4 | 10.52 | 1 | 9.09 | 10 | 7.14 |
| 4) Beveel klein kindertal aan. | 7 | 7.70 | 6 | 15.78 | 3 | 27.27 | 16 | 11.42 |
| Geen mening. | 6 | 6.60 | 2 | 5.26 | - | - | 8 | 5.72 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Uit tabel 53 blyk dat die oorgrote meerderheid van gesinne by gemeenskap A (80.2%) ten gunste van die groot kindertal is. Hulle beskou kinders as 'n gawe en daar is niks buitengewoons aan verbonde nie. Daar word nie op 'n klein gesin neergesien omdat hulle min is nie, hoewel hulle as ongelukkig beskou word. Net soos daar onder bo-genoemde 80.2% klein gesinne is wat groot gesinne aanbeveel, is daar ook groot gesinne wat klein gesinne aanbeveel.

---

4) 'n Aantal gesinne wat ondervra is, het self 'n groot aantal kinders, dog hulle sou verkies om slegs twee of drie te hê - dus beperking. Die gesinne wat 'n klein kindertal aanbeveel, het almal klein kindertal en hulle beskou dit as meer voordelig - hoofsaaklik om ekonomiese redes.

Slegs/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Slegs 7.7% van die gesinne beveel klein gesinne aan terwyl 5.5% van hulle meen dat die kindertal tog beperk moet word. Dit sê egter nog nie dat hulle klein gesinne aanbeveel nie. Ses persent van die gesinne wou geen opinie oor hierdie aangeleentheid uitspreek nie.

In gemeenskappe B en C is die verskille tussen die verskillende houdings effens kleiner. In B meen 68% van die gesinne dat dit so hoort, 10.5% meen dat kinders beperk behoort te word, terwyl 15.7% klein gesinne aanbeveel. Slegs 5% het geen opinie uitgespreek nie. Vir gemeenskap C is die persentasies soos volg: 63% vir eersgenoemde, 10% vir beperking en 27% beveel die klein gesin aan. In die geheel is daar nogtans 76% van die gesinne wat meen dat die groot gesin so hoort.

Sewe persent was van mening dat kinders beperk behoort te word. Gevra na die rede vir hierdie opvatting, is gevind dat almal dit op ekonomiese gronde baseer; met ander woorde, hulle besef dat die ekonomiese lewe tans meer verg as wat 'n groot gesin in die gemeenskappe kan bekostig.

Uit die onderhoude wat met elke gesin gevoer is, het dit met enkele uitsonderinge geblyk dat daar geen gesinsbeplanning aanwesig was nie. 'n Getroude vrou in haar vrugbare leeftyd is gewillig om onbeperk kinders gebore te laat word. Die begeerte na groot gesinne is waarskynlik sterker as wat die verantwoordelikheidsbesef ten opsigte van die geestelike en liggaamlike versorging van die gesin is.

By 5.7% van die gesinne kon die houding nie vasgestel word nie of was die gesin oënskynlik sonder 'n opinie.

(e) Egskeiding/ .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(e) Egskeiding, verlating en buite-egtelikheid :

Daar kan beslis gesê word dat egskeiding in hierdie drie gemeenskappe onbekend is en dat verlating ook 'n seldsame verskynsel is. Onder die 138 gehude gesinne is geen geval van egskeiding aangetref nie en slegs een geval van verlating en wel die volgende: Die vader was 27 en die moeder 39 jaar by hul huwelik. Die vader is oorspronklik van 'n naburige plaas en omdat daar vir hom by sy ouers geen boerderyvooruitsigte was nie, het hy met die vrou uit gemeenskap A getrou, met die hoop om 'n stukkie grond te erf. Tans is die man 41 en die vrou 53 jaar oud. Hulle het net een tienjarige dogter. Nog 'n ander kind is volgens mededeling buite-egtelik gebore, dog daar kon nie verslag van die kind gegee word nie. Die vrou het haar man gevra om die huis te verlaat. Sy beweer dat hy „te dood, sleg en lui is." Hy wil absoluut niks doen om die gesin te onderhou nie. Na 'n groot gesukkel het hy die huis verlaat en by sy ouers (op die naburige plaas) gaan inwoon. Vir 'n tyd lank het die moeder 'n toelaag van die Staat vir haar kind gekry dog na 'n tydperk is dit gestaak. Daar is opnuut weer daarvoor aansoek gedoen, en na 'n baie lang gesukkel is 'n toelaag van £7.10.0. aan haar toegestaan. Gedurende die tussenperiode was sy sonder enige inkomste. Die toelaag is deur die plaaslike Magistraat toegestaan op voorwaarde dat haar man nie by haar mag inwoon nie, en indien hy wel na haar terugkom, sou die toelaag dadelik gestaak word.

Uit waarnemings het dit ook duidelik geblyk dat twee partye mekaar eerder sal verlaat as om te skei. Die afwesigheid van egskeiding en verlating bewys nog nie dat die gronde daarvoor heeltemal afwesig is nie. Inteendeel,

gevalle / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevalle van gesinsverwaarlosing, huweliksontrou en owerspel is aangetref, dog geen poging tot egskeiding of verlating het daarop gevolg nie. Hierdie verskynsels het die aandag só getref, dat die ondersoeker hierna uitgevra het, om verdere houdings teenoor buite-egtelikheid, egskeiding en verlating te probeer vasstel. Die gedagte was ook hier slegs om 'n houding te probeer vasstel en die syfers moet dus nie as absoluut betroubaar beskou word nie.

Tabel 54. Houding of opvatting teenoor buite-egtelikheid.

| Houding. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Keur dit sterk af. | 55 | 60.42 | 28 | 73.69 | 7 | 63.64 | 90 | 64.28 |
| Gematig. | 16 | 17.59 | 6 | 15.79 | 1 | 9.09 | 23 | 16.43 |
| Geen mening. | 20 | 21.99 | 4 | 15.52 | 3 | 27.27 | 27 | 19.29 |
| Totaal : | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

<u>Opmerking:</u> Die term „gematig" in tabel 54 dui aan dat die houding teenoor genoemde verskynsel tussen die twee uiterstes is, dit wil sê hulle keur dit nie ten sterkste af, maar keur dit ook nie goed nie. Hulle neem dus 'n onbesliste houding in.

Volgens tabel 54, keur die grootste persentasie gesinne buite-egtelike verhoudings ten sterkste af. In gemeenskap A is die persentasie 60.4%, in B is dit 73.69% en in gemeenskap C 63.6% van die gesinne wat dit afkeur.

Die gesinne wat 'n gematigde houding hier teenoor

aanneem/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanneem, vorm 'n betreklik klein persentasie van die gesinne, naamlik 17.59% in gemeenskap A, 15.79% in B en 9.08% in C.

'n Betreklik groot persentasie van die gesinne (21.99% in A, 15.52% in B en 27.27% in C) het geen mening oor hierdie aangeleentheid uitgespreek nie. Die aard van die onderwerp is natuurlik sodanig dat baie gesinne nie graag 'n mening wou uitspreek nie.

Die persone wat buite-egtelike handelinge ten sterkste afkeur, vorm 64.28% van alle gesinne. Daar is dus 35.72% van hulle wat 'n onbesliste houding inneem of wat geen mening oor die onderwerp wil uitspreek nie. Laasgenoemde groep sou waarskynlik uitsluitend tot die „gematigde" groep behoort het indien hulle wel enige mening sou uitspreek, omdat diegene wat dit afkeur, spontaan gereageer het.

Enkele gevalle van buite-egtelike verhoudings is wel onder die aandag van die ondersoeker gebring. Die manlike oortreders in hierdie gevalle is sowel uit die gemeenskappe as uit die omgewing afkomstig. Hierdie verskynsel het veral gedurende die afgelope Tweede Wêreldoorlog sy verskyning gemaak. Terwyl 'n paar mans uit die gemeenskappe in die leër se tuiswag diens gedoen het, het sommige van hulle vrouens met mans van elders en ook uit die gemeenskappe buite-egtelik verkeer. Hoewel enkeles hierdie euwel bedryf, geld dit sekerlik nie vir die meerderheid nie.

Tabel 55/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 55. Houding of opvatting teenoor gesinsverlating.

| Houding | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Keur dit sterk af. | 61 | 67.03 | 35 | 92.11 | 10 | 90.91 | 106 | 75.71 |
| Gematig. | 25 | 27.47 | 1 | 2.63 | 1 | 9.09 | 27 | 19.29 |
| Geen mening. | 5 | 5.50 | 2 | 5.26 | 0 | 0.00 | 7 | 5.00 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

<u>Opmerking</u>: Sien opmerking onderaan tabel 54.

Volgens tabel 55 is die gesinne in die gemeenskappe meer uitgesproke ten opsigte van gesinsverlating. In gemeenskap A keur 67.03% van die gesinne dit sterk af, 27.45% het 'n onbesliste houding aangeneem, terwyl 5.5% geen mening wou uitspreek nie. Die gesinne van gemeenskappe B en C is meer uitgesproke as dié van A. In gemeenskap B is daar byvoorbeeld 92.1% en in C, 90.91% van die gesinne wat gesinsverlating nie goedkeur nie. Slegs een persoon in elke gemeenskap het 'n „gematigde" houding ingeneem. Van al die gesinne keur 75.7% van die gesinne dit af, 19.29% was onbeslis terwyl 5.0% geen mening uitgespreek het nie.

Tabel 56/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 56. Houding of opvatting teenoor egskeiding.

| Houding | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Keur dit sterk af. | 81 | 89.00 | 36 | 94.74 | 11 | 100.00 | 128 | 91.35 |
| Gematig. | 5 | 5.50 | - | 00.00 | - | 00.00 | 5 | 3.65 |
| Geen mening | 5 | 5.50 | 2 | 5.26 | - | 00.00 | 7 | 5.00 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Opmerking: Sien opmerking onder tabel 54.

Uit tabel 56 blyk dat die gesinne ook wat egskeiding betref, uitgesproke ten opsigte van hul houding of opvatting is. So byvoorbeeld keur 89.0% van die gesinne egskeiding af, 5.5% is „gematig" in hul houding terwyl 'n verdere 5.5% geen mening uitgespreek het nie. In gemeenskap B keur 94.7% van die gesinne dit af, terwyl slegs 5.26% (2 persone) sonder mening was. In gemeenskap C keur alle gesinne egskeiding af. In die geheel is 91.35% van die gesinne ten sterkste teen egskeiding gekant terwyl 3.65% 'n gematigde houding inneem. Dat daar nog geen egskeidings in die gemeenskappe voorgekom het nie, verbaas 'n mens dus nie, aangesien meer as 90% van die bewoners soiets ten sterkste afkeur. Die rede waarom die mening so sterk teen egskeiding gekant is, moet gesoek word in die feit dat die gemeenskappe nog heeltemal landelik van aard is. Gevolglik word egskeiding nog as iets ongeoorloofs beskou en derhalwe is die openbare mening baie sterk daarteen gekant. Al sou daar onenigheid tussen 'n man en 'n vrou wees, sou hulle terwille van die openbare mening nie skei

nie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie.

Aan die ander kant is die openbare mening seker nie die enigste en oorheersende faktor in die afkeur vir egskeiding nie. Dit is treffend om te sien hoe die mans sowel as vroue in die meeste gevalle, veral wat hulle temperament betref, uit dieselfde hout gesny is. As daar buite-egtelike verkeer plaasvind, sal die onskuldige man of onskuldige vrou nie die moed en durf hê om egskeiding aan te vra nie. Daarvoor is hulle te lydelik en passief.

Gesinne 135 en 136:

Twee gesinne in gemeenskap C (gesinne No. 135 en 136) kan as voorbeeld dien. Hul wonings is ongeveer 200 tree van mekaar geleë. Gesin 136 bestaan uit vader, moeder en sewe kinders, waarvan een doodgebore en 'n ander op vierjarige leeftyd oorlede is. Hulle is baie behoeftig en sien daar uiters verwaarloos uit. Die voorkoms van die moeder en kinders spreek van wanvoeding. Die vader wend blykbaar geen poging aan om die gesin te onderhou nie. Gesin 135, 'n niggie-en-neef-huwelik, bestaan uit vader, moeder en drie kinders. Die vader is baie sieklik en kan geen arbeid verrig nie. Ten spyte hiervan leef die gesin onder baie beter omstandighede as gesin 136. Die woning en voeding is redelik en daarby besit die gesin heelwat lewende hawe. Hulle beskik ook oor 'n motor. Al die gesinne in gemeenskap C is daarvan bewus dat die vader van gesin 136 met die moeder van gesin 135 saamleef. Hierdie vader behartig die boerdery van laasgenoemde gesin met die grootste ywer. By sy eie boerdery het hy egter geen belang nie. Hul bure deel mee dat hy blykbaar op sy hoede was toe die ondersoeker die opname in C begin het,

aangesien/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangesien hy gedurende die tydperk glo baie minder besoek by sy buurvrou afgelê het. Die ondersoeker het hom egter by altwee besoeke aan gesin 135 daar aangetref, terwyl hy slegs by een uit die drie besoeke wat by sy eie huis afgelê is, tuis was. Die ander twee keer was hy by sy buurvrou. Sy vrou is té verslae en sonder durf om enige stappe te doen. Dieselfde geld ook vir die vader van 135. Toe die ondersoeker met die vader van 136 oor kinder- en gesinsverwaarlosing gepraat het, was dit sy wat vir hom in die bresse getree het en vertel het hoe droog en hoe moeilik tye was! Hierdie verhouding is reeds etlike jare aan die gang sonder dat een van die lydende partye 'n poging aangewend het om die posisie te verbeter.

Uit tabelle 54, 55 en 56 blyk dus duidelik dat daar met enkele uitsonderings 'n algemene afkeur bestaan in enige doen of late of handeling wat moontlik tot egskeiding kan lei.

## 2. Die veroorsaking van armoede in die gemeenskappe.

Armoede en verarming in die gemeenskappe word deur 'n veelheid faktore veroorsaak. Besprekings in die hoofstukke tot dusver behandel, het dit bevestig. Om nou 'n geheelbeeld te kry van daardie faktore en hoe dit by die gesinne veroorsakend was, word 'n kort bespreking vervolgens hieraan gewei.

### (a) Klimaatstoestande :

Dit is 'n bekende feit dat klimaatstoestande

in/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die Transvaalse hoë- en laeveld gedurende die afgelope 50 jaar baie verander het. In hoofstuk II is beskryf hoe fonteine met die verloop van jare gekwyn het en hoedat die reënval geleidelik gedaal het. Die „Transvaal Indigency Commission"[5] meen daarom ook dat die verandering van die gunstige klimaatstoestande wat in die vroegste jare van dié eeu geheers het, gedeeltelik verantwoordelik is vir die verarming van die plaasboer. Water was volop, die reënval hoog en die voedingsgehalte van die grond goed. Gevolglik het die boere slegs 'n klein stukkie grond omgeploeg en gesaai en tog voldoende graan vir hul eie verbruik gewen. Daar was geen behoefte om meer lande te bewerk as wat vir die eie verbruik nodig was nie. Die mark was as onbelangrik beskou want die strewe na rykdom was nie by die boeregesinne aanwesig nie.

Hierdie faktor was inderdaad ook in die gemeenskappe werksaam. Die oudste bewoners kan nie genoeg van die vrugbaarheid van die bodem en die waterrykheid van die plase praat nie. Gevolglik is daar destyds net genoeg vir die gesinsverbruik vir een jaar geplant en gesaai. Daar is nooit gedink dat mielies of koring bemark en 'n reserwe opgebou kon word nie.

(b) Natuurrampe :

Natuurrampe bring onwillekeurig 'n proses van verarming mee. Aangesien geen mens natuurrampe kan verhoed nie, is die bewoners dus in hierdie opsig nie sonder meer verantwoordelik vir hul verarming nie. Wat wel

---

[5] Report of the Transvaal Indigency Commission 1906-1908, p.59.

gedoen/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedoen kon word en wat nie gedoen is nie, was om voorsorg teen sulke natuurrampe te tref. Daar kon byvoorbeeld 'n groot dam teen 'n geringe koste gebou gewees het; grond kon meer intensief bewerk word; beter boerderymetodes en 'n ander tipe van boerdery kon toegepas geword het; en nog veel meer maatreëls kon getref gewees het.

Soos oorvloed in die vroegste jare armoede onregstreeks in die hand gewerk het, so het die natuurrampe gedurende die later jare weer dieselfde resultaat regstreeks bewerkstellig. Die oorvloedige reëns het geleidelik afgeneem en die talryke fonteine het stadigaan verminder totdat daar tans net een fontein in die drie gemeenskappe is wat nog standhoudend is. Die droogtetoestande gedurende die somer het die mielie-oeste jaarliks laat kleiner word. Tydens die opname was daar selfs 'n aantal bewoners wat as gevolg van die droogtetoestand nie eens mielies gesaai het nie.

Soos die reënval in die somer verminder het, het die fonteinwater in die wintermaande ook afgeneem, met die gevolg dat die moontlikheid van die produksie van koring tans ook feitlik uitgeskakel is. Die verbouing van die twee vernaamste voedselprodukte is dus tot 'n minimum beperk.

(c) <u>Die aanleg as veroorsakende faktor</u>:

Dit is moeilik om die rol van die aanleg in die veroorsaking van verarming te bepaal. Nogtans wil dit voorkom asof die meeste bewoners se aangebore aanleg, as gevolg van ondertrouing, ongunstig beïnvloed is. Dit lyk of hulle daardeur oor swakker moontlikhede tot selfstandige oordeel en eie strewe beskik as ander mense. Hulle beskik ook nie oor die liggaamsenergie vir behoor-

like/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like arbeidsprestasies nie, moontlik vanweë wan- of ondervoeding.

Verskeie historiese en sosiografiese ondersoekers het bogenoemde verskynsel by die verarmde boere van die vorige eeu reeds opgemerk.[6)]

(d) Die pionierslewe :

Die meeste gesinne wat aan die Groot Trek deelgeneem het, het dit gedoen, nie omdat hulle arm was nie dog omdat hulle nie onder die Britse Regering wou bly nie. Die grondleggers van gemeenskappe A en B kon as ryk bestempel word toe hulle genoemde plase aangelê het. Hoewel die kanse op ekonomiese vooruitgang baie gunstig was, te oordeel na die plase se groottes, die reënval en die bodemgesteldheid, was die teenoorgestelde egter die gevolg. Soos Pelzer dit beskou, het 'n mate van verarming op die trekpad reeds ingetree. Die plase was in die verafgeleë gebiede geleë, met geen mark in die nabyheid nie. Gevolglik was daar geen afset vir die boere se produkte nie, wat ten gevolge gehad het dat hulle vanself nie meer geproduseer het as vir die gesinsbehoeftes nie. Voedsel is egter nie die enigste primêre lewensbehoefte nie; maar geld vir die ander noodsaaklike lewensbehoeftes was daar nie. Gevolglik het die bestaanspeil van die gesinne en ook die lewensstandaard van die groeiende groepe geleidelik gedaal.

---

6) Minnaar, P.J.: Die plattelander in die stad, Deel I, p.244. Vergelyk ook Report of the Transvaal Indigency Commission 1906-1908; Grosskopf, J.F.W.: Plattelandsverarming en plaasverlating: Carnegie Verslag, Deel I, p.113; en Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, p.20.

(e) Oorlog/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(e) Oorlog :

Die ekonomiese implikasies van die Driejarige Oorlog is reeds bekend. Die bewoners se huise was afgebrand, vee was geplunder en 'n nuwe boerdery moes opgebou word.[7] Natuurlik het die hele Transvaal en Oranje-Vrystaat dieselfde ekonomiese krisis gedurende daardie jare beleef en aangesien die meerderheid boere van hierdie provinsies van die krisis herstel het, kan die oorlog dus nie alleen as oorsaaklike faktor vir die armoede van die gemeenskappe dien nie. Dit moet ook in die lig van ander maatskaplike verskynsels beskou word, soos hieronder aangedui.

(f) Die onvoordelige verdeling van grond :

Etlike skrywers is daarmee eens dat onvoordelige verdeling van grond 'n belangrike bydrae tot die verarming van die plattelandse boer gelewer het.[8] Vergelyk in hierdie verband ook Kaarte I, II en III in die bylae. 'n Duidelike beeld kan daaruit van die onderverdeling van grond verkry word. Die meeste van die stukkies grond grens aan 'n spruit of gewese fontein, soos gemerk sal word op Kaarte I en II. In die gedeelte onmiddellik aangrensend aan die spruit (of gewese fontein), is feitlik die enigste bewerkbare grond. Daar is reeds op die beperktheid van saailande gewys. In die meeste gevalle is dit dus onmoontlik om op groot skaal te boer. En, hulle wat die stukkies grond erf, beskou dit as 'n „sitplek" en nie as 'n potensiële ekonomiese bron nie. Die „Indigency Commission" verwys ook na hierdie aspek.[9]

---

[7] Minnaar, P.J.: a.w., p.209.

[8] Van der Merwe, P.J.: Pioniers van die dorsland.

[9] Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, a.w., p.64 tot 69.

(g) Ondertrouing/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(g) Ondertrouing :

Hoewel daar nie na ondertrouing verwys kan word as direkte oorsaak van armoede in die gemeenskappe nie, mag dit daarom nie oor die hoof gesien word nie. Ondertrouing hou 'n noue verband met die reeds genoemde verswakking van aanleg. Die ondertrouing deur die jare het waarskynlik as gevolg gehad dat met verloop van tyd minderwaardige mensemateriaal deur die groepe voortgebring is. Hulle is nie alleen swakker wat liggaamsbou en weerstand teen siektes betref nie, maar beskik ook dikwels nie oor die normale verstandsvermoë nie. Hulle is dus gevolglik o.a. daardeur aan verarming blootgestel.

(h) Afgesonderde leefwyse :

Die gesinne in die gemeenskappe voer oor die algemeen 'n baie afgesonderde bestaan. Daar is min sosiale verkaar onder mekaar. Die sentrum van maatskaplike verkeer word in al die gemeenskappe óf by die winkel óf by die poskantoor aangetref. Hierdie byeenkomplekke word egter nie vir ontspanning benut nie. Dit dien slegs as sentrum waar die gebeure in die gemeenskappe bespreek word. Gevolglik het hierdie „sosiale sentra" geen opvoedkundige waarde nie. Die groepe (gemeenskappe) voer nog in 'n groter mate 'n geïsoleerde bestaan. Daar is feitlik geen maatskaplike kommunikasie met die buitewêreld deur middel van die kerk, sport, verenigingslewe, ensovoorts nie. Nie dat genoemde organisasies nie in die omgewings bestaan nie - die bewoners voel oënskynlik geen behoefte daaraan om enige kontakte met die breëre samelewing op te bou nie. Die gevolge is onvermydelik. Geen kanse word byvoorbeeld verkry om met die moderne metodes van boerdery kennis te

maak/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak nie. Byna in alle opsigte word aan die primitiewe metodes van verbouing soos geërf van hul voorouers, vasgekleef as gevolg van die onoortuigbaarheid en sterk individualistiese neigings wat die bewoners openbaar, asook die agterdog teenoor die medemens buite die groep.

(i) Traagheid :

'n Verworwe eienskap wat feitlik by alle gesinne opgemerk is, is dié van traagheid by óf die gesinshoof óf sy vrou óf by albei. By slegs enkele gesinne is 'n gees van arbeidsaamheid aanwesig.

Voorbeelde van hierdie traagheid is reeds in die M.A.-verhandeling genoem. So het 'n boer, toe sy koring op die land ryp was, die moeite om dit te sny en te dors ontsien en gevolglik sy donkies in die lande gejaag wat die koring opgevreet en vertrap het.[10] Talle ander gevalle van tipiese traagheid het onder die aandag van die ondersoeker gekom. Al te graag word die traagheid aan sieklikheid toegeskryf. Hulle beskou hulself nie as traag of lui nie, dog as liggaamlik onbevoeg en ongeskik as gevolg van hul „sieklikheid".

(j) Gebrekkige kapitaal :

Die meeste gesinne se kapitale bates is as gevolg van die traagheid sowel as die ander genoemde faktore só uitgeput dat hulle alleen met die grootste inisiatief en wilsinspanning daarin sal kan slaag om ekonomies weer op die been te kom. Nou is dit egter bewys dat die inisiatief onder die bewoners grootliks ontbreek en waar

---

10) Potgieter, J.F.: 'n Sosiografiese studie van 'n afgesonderde gemeenskap in die distrik Marico, p. 147.

daar/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar nog 'n mate van inisiatief aanwesig is, word dit deur die gebrek aan kapitaal gesmoor. Ons sien weereens hoedat nie slegs een faktor vir verarming verantwoordelik is nie maar 'n reeks aaneenskakelende faktore.

(k) Staatstoelaes :

Die stelsel van toelaes en pensioene wat tans bestaan, bekamp geensins armoede in die gemeenskappe nie; inteendeel, dit wakker eerder verdere verarming aan. Die voorwaardes waarop die gesinne toelaes ontvang en wat onder andere bepaal dat jy soms byna niks moet besit en in 'n sekere mate verarm moet wees, vorm die sterkste teenwig teen arbeidslus. Daar word blykbaar met opset nie veel aandag aan die boerdery bestee nie, anders mag die persoon dalk nie kwalifiseer vir die toelae nie. Met ander woorde, daar word van 'n persoon wat 'n toelae ontvang, verwag dat hy geen teenprestasie moet lewer vir dienste wat hy ontvang nie. Die sosiaal-sielkundige uitwerking hiervan op die moraal van die individu, die gesin en eindelik die groep, is onberekenbaar skadelik.

(l) Bywonerstelsel :

'n Laaste faktor wat genoem moet word, is die bywonerstelsel wat aangetref word. Dit bestaan daarin dat wanneer 'n kind „groot" word en gaan trou, bou hy vir hom 'n huisie naby sy pa s'n en saai 'n paar lande om 'n deel. Daar bestaan geen kontrak nie en hierdie „deel" kan enig iets vanaf 1 uit 10 tot 7 uit 10 van die totale opbrengs van die oes wees. Intussen bly die pa, solank hy leef, nog die baas en bestuurder en niks word sonder sy toestemming gedoen nie. Die seun kry dus geen kans om

sy / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy eie inisiatief aan die dag te lê en te ontwikkel nie en verval dus ook gou in die ge-ykte lewensvorm van sy voorouers.

Treffend is die feit dat dit nie alleen die seuns is wat by hul ouers bywoners word nie, maar enigeen van die nie-grondeienaars is welkom om by 'n grondeienaar as bywoner te gaan inwoon. Soms as die bywoner „gelukkig" genoeg is om 'n toelae of pensioen te ontvang, word net die bywonershuisie betrek, waarvoor dan tot £1 per maand aan huur betaal word. Dan word gewoonlik geen lande om 'n deel gesaai nie.

As hierdie bywonerstelsel van staatsweë tot 'n einde gebring kon word, sou die mense verplig word om elders 'n bestaan te probeer vind en dit sou vir al die gemeenskappe ten goede kom. Die stelsel soos dit op die oomblik bestaan, veroorsaak alleen ekonomiese agteruitgang en maatskaplike veragtering. Hierdie bywonerstelsel word ook deur die „Transvaal Indigency Commission" sterk veroordeel en word as 'n belangrike faktor beskryf in die veroorsaking van verarming van die plattelandse boer.[11)]

---

11) <u>Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908</u>, a.w., p.8, 72 en 73.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## Hoofstuk IX.

## ONDERWYSPEIL EN VERSTANDSPRESTASIES.

### 1. Die onderwyspeil.

Die ekonomiese peil van ontwikkeling wat elke gemeenskap bereik, hang in 'n groot mate van die onderwys en opvoeding van daardie gemeenskap af. Hoe hoër die onderwyspeil, hoe beter kan die gemeenskap homself op ekonomiese en maatskaplike gebied ontwikkel en handhaaf. Die doel van die onderwys wat die opgroeiende kind ontvang, is hoofsaaklik daarop gemik om hom sodanig vir die latere lewe voor te berei, dat hy 'n goeie en selfstandige bestaan kan maak en hy nie 'n las vir sy gemeenskap sal wees nie. In gemeenskappe A, B en C was daar voor 1900 geen onderwysvoorsiening nie. Weens gebrek aan finansies kon ook geen private onderwyser verkry word om die kinders te onderrig nie. Lees en skryf is aan die bewoners oorgedra deur die eerste intrekkers en eersgenoemde het dit op hul beurt aan die volgende geslag oorgedra.

Die omvang van geletterdheid kan moontlik die beste gesien word deur die resultate wat verkry is uit die ondersoek wat in dié verband ingestel is. Daar is egter dikwels gevind dat 'n hoër skoolstanderd aangegee is, as wat werklik behaal is. So is meermale vasgestel dat persone wat standerd ses „gemaak" het, slegs standerd vyf deurgekom het. Tog kan daar 'n goeie en redelik betroubare beeld verkry word van die onderwyspeil wat bereik is.

Daar is vasgestel dat die onderwyspeil van die ouers en kinders in die drie gemeenskappe baie met mekaar ooreenkom. Daarom word in tabel 57 'n samevatting van die

drie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 57. Onderwyspeil van ouers en hul ongetroude kinders wat die skool voor 31 Desember 1951 verlaat het (gemeenskappe A, B en C).

| Skool standerd. | Mans. | | Vroue. | | Mans en Vroue. | | Hul kinders. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Ongeletterd. | 15 | 10.87 | 11 | 7.96 | 26 | 9.42 | 6 | 1.23 | 32 | 4.17 |
| Kan lees en skryf sonder skoolgaan. | 53 | 38.42 | 43 | 31.25 | 96 | 34.78 | 1 | 0.20 | 97 | 12.71 |
| Std. III en minder. | 14 | 10.15 | 12 | 8.69 | 26 | 9.42 | 29 | 5.97 | 55 | 7.30 |
| Std. IV | 16 | 11.59 | 16 | 11.59 | 32 | 11.59 | 47 | 9.67 | 79 | 10.32 |
| Std. V | 18 | 13.05 | 26 | 18.82 | 44 | 15.94 | 109 | 22.43 | 153 | 20.09 |
| Std. VI | 20 | 14.50 | 25 | 18.10 | 45 | 16.31 | 182 | 37.45 | 227 | 29.79 |
| Std. VII | - | - | 4 | 2.88 | 4 | 1.45 | 49 | 10.09 | 53 | 6.96 |
| Std. VIII | - | - | - | - | - | - | 53 | 10.91 | 53 | 6.96 |
| Std. IX en X | 1 | 0.71 | - | - | 1 | 0.36 | 9 | 1.85 | 10 | 1.31 |
| Verdere opleiding. | 1 | 0.71 | 1 | 0.71 | 2 | 0.73 | 1 | 0.20 | 3 | 0.39 |
| Totaal: | 138 | 100.00 | 138 | 100.00 | 276 | 100.00 | 486 | 100.00 | 762 | 100.00 |
| Geen | 68 | 49.29 | 54 | 39.21 | 122 | 44.20 | 7 | 1.43 | 129 | 16.88 |
| Std. III en minder. | 14 | 10.15 | 12 | 8.69 | 26 | 9.42 | 29 | 5.97 | 55 | 7.30 |
| Std. IV-VI | 54 | 39.14 | 67 | 48.51 | 121 | 43.84 | 338 | 69.55 | 459 | 60.20 |
| Std. VII en meer. | 2 | 1.42 | 5 | 3.59 | 7 | 2.54 | 112 | 23.05 | 119 | 15.62 |
| **Totaal:** | 138 | 100.00 | 138 | 100.00 | 276 | 100.00 | 486 | 100.00 | 762 | 100.00 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drie gemeenskappe weergegee. Die gegewens vervat in tabel 57 dui daarop dat wat mans betref, 'n hoë persentasie geen skoolopleiding geniet het nie. Daar is naamlik 10.87% ongeletterd en 38.42% wat wel kan lees en skryf, maar nooit skoolonderrig gehad het nie. Die mans wat skoolonderrig gehad het, maak 'n klein persentasie van alle mans uit. So het 10.15% byvoorbeeld nog nie Std. IV gehaal nie, 11.59% Std. IV, 13.05% Std. V en 14.50% het Std. VI geslaag. Daar is slegs twee persone gevind wat verder as Std. VI gevorder het.

Vir vroue is die persentasies soos volg: 7.96% ongeletterd; 31.25% kan lees en skryf dog sonder skoolonderrig; 8.69% Std. II of laer; 11.59% Std. IV; 18.82% Std. V en 18.10% het Std.III geslaag. Vier vroue (2.88%) het Std.VII geslaag, terwyl slegs een na-skoolse opleiding geniet het.

Vir mans en vroue tesame is daar 9.42% gevind wat ongeletterd is, terwyl 34.78% kan lees en skryf dog sonder die hulp van skoolonderrig.

Die persentasies vir die ongetroude kinders is meer bemoedigend. Daar is byvoorbeeld slegs 1.23% wat ongeletterd is en .20% wat nie skool gegaan het nie, maar wat darem kan lees en skryf. Daar is 5.97% van hulle wat Std. III of 'n laer standerd geslaag het, 9.67% wat Std. IV geslaag het en 22.43% wat Std. V geslaag het. Die persone wat Std. VI geslaag het vorm die hoogste persentasie, naamlik 37.45%. Vir die daaropvolgende standerds daal die persentasie vinnig en wel 10.09% vir Std. VII, 10.91% Std. VIII en 1.85% vir Stds. IX en X. Slegs een kind (.20%) het na-skoolse opleiding geniet. Wat die groot totaal betref word die hoogste persentasie (29.79%) aangetref onder hulle wat Std. VI geslaag het. 'n Verdere

20.09% het/ ..

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



20.09% het Std. V geslaag.

Word die mans en vroue in die drie gemeenskappe met mekaar vergelyk, word gevind dat 49.29% mans teenoor 39.21% vroue geen skoolopleiding gehad het nie - 10% meer mans as vroue dus wat geen opleiding gehad het nie. Die persentasie wat Std. III en laer geslaag het, is 10.15% mans teenoor 8.69% vroue. Onder hulle wat Std. IV-VI geslaag het, word 39.14% mans teenoor 48.51% vroue gevind. Dit blyk dus dat minder mans en meer vroue aangetref word namate die skoolopleiding hoër styg. So is daar ook 1.42% mans teenoor 3.59% vroue wat verder as Std. VI gegaan het.

Die rede vir die laer onderwyspeil van die mans bestaan daarin dat onderwysgeriewe kort na 1900 nog baie ontoereikend was. Seuns moes op 'n vroeë leeftyd reeds met die boerdery help en die geleentheid vir verdere onderwys is aan die dogters gebied omdat hulle nie soveel verpligtings tuis gehad het nie.

Indien die ouers met hul ongetroude kinders vergelyk word, blyk dit dat 44.20% ouers teenoor slegs 1.43% kinders geen skoolopleiding gehad het nie. Hierdie kinders was almal só verstandelik agter, dat hulle nie by enige skoolonderrig sou baat nie. Onder diegene wat Std. III of laer geslaag het, is 9.42% ouers en 5.97% kinders - die persentasies is dus betreklik gelyk. Die ouers wat Std. IV-VI geslaag het vorm 43.84% teenoor 69.55% vir kinders - 23% meer kinders dus. Vir Std. VII en hoër is die persentasie by die ouers 2.54% teenoor 23.05% vir kinders. Die tendens is dus duidelik: hoe hoër die onderwyspeil, hoe minder ouers en hoe meer kinders word aangetref. Die feit dat die kinders op 'n betreklike hoër onderwyspeil as hul ouers verkeer en dat ongeletterd-

heid/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid feitlik nie voorkom nie, moet aan die verbeterde onderwysgeriewe en verpligte onderwys toegeskryf word.

Weereens word egter daarop gewys dat onderwysgeriewe voor 1900 baie karig was. Die ou-mense wat in daardie tyd kinders was, kon ook nie van die bietjie kanse wat daar was, gebruik maak nie, omdat hulle hoofsaaklik verplig was om skape en beeste op te pas en met die algemene boerderye te help. Vra 'n mens watter standerd hulle geslaag het, dan antwoord hulle dat hulle nie verder as die A, B, C en die lees van die Bybel gekom het nie. Die katkisasie is by hulle beskou as die hoogste vorm van „geleerdheid" - daarom is die benaming „Boerematriek" vir die katkisasie vandag nog vir die plattelander 'n bekende woord.

In 'n mate is die gegewens in tabel 57 tog bemoedigend naamlik die hoër onderwyspeil by die jongere geslag. Die feite dwing 'n mens om tot die gevolgtrekking te kom dat die rol wat die onderwys speel, aan die toeneem is. Die meeste van die huidige skoolgaande kinders het die geleentheid om standerd ses te behaal. Die swak onderwyspeil wat veral onder die ouer geslag aangetref word, moet in 'n mate aan die houding teenoor die onderwys gewyt word, terwyl die swak onderwysgeriewe van vroeër waarskynlik hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik is. Omgewingsfaktore het só 'n sterk rol gespeel dat die onderwys, toe verbeterde geriewe later beskikbaar gestel is, nie 'n houvas op die gemeenskapsbewoners kon kry nie en selfs vandag nog, is in talle gevalle die gebrek aan belangstelling teenoor onderwyssake opgemerk. Ons is dus verplig om tot die gevolgtrekking te kom dat, hoewel swak verstandsvermoë waarskynlik wel 'n rol speel, dit egter nie die enigste faktor is wat onderwys in die gemeenskappe teengewerk het

nie./ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie.

## 2. Die houding teenoor die onderwys.

In aldrie gemeenskappe bestaan daar voldoende onderwysgeriewe tot standerd ses. Tydens die ondersoek het die Departement van Onderwys die beleid sodanig gewysig dat alle Std. VI-leerlinge na die naaste hoërskool oorgeplaas sou word. Opleiding in die gemeenskappe kan dus voortaan net tot en met Std. V. verkry word.

Gedurende die dertiger jare van hierdie eeu het een skool in gemeenskap A só vooruitgegaan, dat dit gedurende 1934 tot 'n Junior Hoërplaasskool bevorder is. Gedurende daardie jaar het die kindertal 'n hoogtepunt bereik en in die daaropvolgende jare het die aantal leerlinge geleidelik gedaal. Tans voer die skool 'n sukkelbestaan en kan hy beswaarlik sy status as 'n drieman-skool regverdig. Die ander skole in die gemeenskappe is almal tweeman-skole en bestaan elk uit die minimum getal leerlinge. Die daling in die getalle moet aan die vermindering van die kindertal, wat in aldrie gemeenskappe opgemerk is, toegeskryf word.

Die houding wat sommige ouers teenoor die onderwys en onderwysers openbaar, moet weer as 'n belangrike oorsaak vir die swak skoolprestasies van die leerlinge beskou word. Dit is geen ongewone verskynsel om vandag nog mense daar aan te tref wat heeltemal skepties teenoor onderwyssake staan nie. Die kinders word vir die geringste rede tuis gehou en raak gevolglik al meer agter by die ander kinders in die klas. Waar iemand dan nog ook verstandelik vertraag is, is sy kanse om aan die einde van die jaar te slaag, uiters gering. Om die houdings duideliker te laat spreek, het die ondersoeker dit in syfers probeer uitdruk.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die gebreke van die vasstelling van die skatting van houdings moet ook hier nie uit die oog verloor word nie.

Tabel 58. Houding van ouers teenoor die onderwys.

| Aard van houding. | Gemeenskappe | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Noodsaaklik. | 40 | 43.96 | 22 | 57.90 | 4 | 36.36 | 66 | 47.14 |
| Heg nie veel waarde daaraan | 27 | 29.67 | 12 | 31.58 | 5 | 45.45 | 44 | 31.43 |
| Beskou dit as „tydmors". | 24 | 26.37 | 4 | 10.52 | 2 | 18.19 | 30 | 21.43 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Tabel 58 toon dat 43.96% van die ouers van gemeenskap A, onderwys as 'n noodsaaklike vereiste vir die opvoeding van hul kinders beskou. Daar is 29.67% van die ouers wat skepties teenoor onderwyssake staan, terwyl 26.37% dit as tydverkwisting beskou. In gemeenskap B is toestande effens beter: 57.9% van die ouers beskou dit as noodsaaklik, 31.58% heg nie veel waarde daaraan nie en 26.37% beskou dit as „tydmors". In C is toestande die swakste. Die persentasies is hier soos volg: 36.36% as noodsaaklik, 45.45% is skepties teenoor die onderwys, terwyl 18.19%dit as onnodig en tydverkwisting beskou.

Uit tabel 58 blyk verder dat nie eens die helfte van die gesinne (47.14%) onderwys as noodsaaklik vir die opgroeiende kind beskou nie. Daarbenewens heg 31.43% nie

veel/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veel waarde aan onderrig nie hoewel hulle nie juis die Staat se poging om hul kinders te onderrig, sal teengaan nie. Dan is daar dié groep (21.43%) wat onderwys slegs as tydverkwisting beskou. Volgens hul opvatting weet 'n kind genoeg wanneer hy kan lees en skryf - dit wil sê, ongeveer die peil van Std. II behaal het. Dit is ook die kinders van hierdie groep wat die meeste probleme aan die onderwyser besorg. Dié kinders word skool toe gestuur met die wete dat dit deur die wet vereis word.

Toe aan een van die ouers gevra is of hy nog kinders op skool het, was die antwoord: „Nee, gelukkig nie meer nie, want die skool het net 'n verpeslike invloed op die kind ....." En die rede sou dan wees dat die kinders daar net leer om te speel, met die gevolg dat hulle tuis nie met die werk wil help nie.

Die antipatie van sommige van die ouers teenoor die onderwys word ook baie duidelik weerspieël wanneer die swak skoolbesoek van die kinders nagespoor word. Daar is ouers wat hulle kinders tuishou omdat ander kinders hulle op pad skool toe afknou. Ander word tuis gehou omdat hulle „hier nodig is." Sommige bly tuis omdat die lug betrokke is en daar 'n moontlikheid van reën bestaan. 'n Paar van die ouers het gereeld hul kinders uit die skool gehou wanneer daar op 'n Saterdag skool gehou is sodat die kinders 'n weeksdag vry kon kry (gedurende die Paastyd). As verskoning bied die kinders dan aan dat hulle pa sê hy stuur nie sy kinders „soos 'n kaffer" op 'n Saterdag na die skool nie! Hierdie houdings gryp baie dieper as die ongereelde skoolbesoek in. Dit verraai verwronge en ongesonde maatskaplike opvattinge ten opsigte van die belangrikheid van onderwys.

Met/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die uitsondering van 'n paar verstandiger ouers wat daarop aandring dat hulle kinders geleerd moet wees (dit wil sê, Std. VI moet behaal), is hierdie onsimpatieke houding teenoor die onderwys 'n algemene verskynsel, al is daar 47% van hulle, volgens tabel 58, wat dit as noodsaaklik beskou. Hierdie verskynsel is waargeneem toe daar uitgevra is oor die verskillende houdings ten opsigte van geleerdheid. Hiervolgens was daar slegs 19% van die ouers wat daarop aangedring het dat hul kinders geleerd moet wees; 49% van die ouers het wel hoë agting vir geleerdheid gehad dog hulle was daarvan oortuig dat dit buite die bereik van hul kinders was en daarom was hulle ook nie verder geïnteresseerd nie.

Daar is gevind dat onderwysers deur die bewoners nog met hoë agting bejeën word en daar is selfs 'n klein groepie wat 'n ewige vrees vir hulle het. Tabel 59 toon die houding van die ouers teenoor die onderwysers aan.

Tabel 59. Houding van ouers teenoor die onderwysers.

| Aard van houding. | Gemeenskap. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Baie respek en ontsag. | 79 | 86.80 | 33 | 86.82 | 9 | 81.82 | 121 | 86.43 |
| Vrees. | 7 | 7.70 | 4 | 10.53 | - | - | 11 | 7.85 |
| Normale toedrag van sake. | 5 | 5.50 | 1 | 2.65 | 2 | 18.18 | 8 | 5.72 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Tabel 59/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 59 wat weereens 'n tendens ten opsigte van bepaalde houdings aantoon, dui duidelik daarop dat die onderwyser nog as dié geleerde beskou word (86.43%). Die onderwysers word daarom ook met die invul van vorms en die beantwoording van vrae oorlaai. Op die wyse kry hulle 'n buitengewone geleentheid om die ouers aangaande onderwyssake in te lig. Gewoonlik word dit gedoen en die besoekende ouers beloof dan met hart en mond hul volle ondersteuning. Ongelukkig word die beloftes selde of ooit nagekom. Hulle het net nie daardie belangstelling in hul kinders te skoolvordering nie.

Dit het al etlike kere gebeur dat ouers na die hoof kom om hul kind se Std. VI-sertifikaat te haal en dan tot die ontnugtering kom dat die kind slegs Std. V geslaag het en Std. VI nie deurgekom het nie. Dit lei tot harde woorde en onverskillige taal met die erkenning dat die kind hulle bedrieg het. Die skoolrapport is natuurlik stukkend geskeur voordat die ouers dit gesien het en die ouers is onder die indruk gebring dat dit met die eksamen goed gegaan het.

Die houding van antipatie van die ouers teenoor die skool (nie die onderwyser nie) ondermyn die gesag en prestige van die skool by die kind. Hulle ontwikkel ook 'n traak-my-nie-agtige houding ten opsigte van die skool wat as 'n belangrike oorsaak van vertraging in die skoolvordering beskou moet word. Die houding teenoor die onderwys is 'n nawerking van 'n maatskaplike ontwikkeling wat in die gemeenskappe met verloop van jare plaasgevind het.

Die lae verstandspeil wat onder die leerlinge aange-

tref/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



getref is (vergelyk hieronder) kan nie alleen aan 'n gebrek aan voldoende verstand toegeskryf word nie maar ook aan 'n negatiewe beskouing ten opsigte van die onderwys wat duidelik waarneembaar was by baie van die skoolkinders wat ondervra en getoets is. Die uiters ongunstige toestande waaronder kinders in hierdie gemeenskappe gebore is en groot geword het en die verwronge standpunt wat die ouer mense teenoor die onderwys huldig, beïnvloed die kind om self ook traag en lusteloos die skool te besoek. Hy gaan net omdat hy gedwing word, of omdat die wet dit vereis en hy wag net totdat hy sy Std. VI gemaak of die ouderdom van 16 jaar bereik het, om onmiddellik terug „plaas toe" te gaan vir die „boerdery".

By die genoemde probleme kom daar dan ook die ekonomiese beweegrede waarom kinders nie veel verdere skoolopleiding geniet nie. Vir hulle is dit om die ewe of hulle Std. III, VI of VIII gemaak het; om die waarheid te sê, pas dit hul beter om so gou en so vroeg moontlik die skool te verlaat.[1)]

Dit is opmerklik hoe die ouers, asook die kinders, daarna verlang dat die leerling die ouderdom van 16 jaar moet bereik. Dan weet hulle, is daar niks wat die kind kan verhoed om die skool te verlaat nie. Dit maak dan geen verskil in watter standerd hy is en watter maand van die jaar dit is nie. Op die kind sowel as die ouer se aandrang verlaat die leerling onmiddellik die skool. Dit was 'n vry algemene verskynsel voor die veertiger jare.

---

[1)] Malherbe, E.G.: Onderwys en die Armblanke: Carnegie Verslag, Deel III, p.155-220.

Verskeie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verskeie kinders was nog maar in hulle derde, vierde of vyfde standerds toe die ouderdom van 16 jaar bereik is. So het dit selfs na 1940 in gemeenskap A gebeur dat 'n leerling drie weke voordat hy sy Std. VII-eksamen moes aflê, 16 jaar oud geword en gevolglik die skool sumier verlaat het. Soortgelyke gevalle is ook deur die betrokke onderwysers van gemeenskappe B en C meegedeel. Met hierdie verloop van sake is die ouers blykbaar tevrede. „Ag, u weet mos hoe vandag se kinders is ...." is die enigste kommentaar.

## 3. Die verstandspeil.

(a) Inleiding :

Toestemming is goedgunstiglik van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry om die Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoetse en die Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige Navorsing (individuele toetse) by alle leerlinge van die betrokke skole af te neem.

Die groeptoetse is op leerlinge van standers III, IV, V en VI toegepas terwyl die individuele toetse op leerlinge laer as standerd drie toegepas is. Om te kontroleer of die twee toetse die prestasies min of meer dieselfde toets, is 'n aantal leerlinge individueel sowel as met die groeptoetse getoets. By die toepassing van hierdie twee toetse op dieselfde persoon het die toetsafnemer tot die ontnugtering gekom dat die toetsprestasies van mekaar verskil. Die toetsprestasies van die groeptoetse was aansienlik hoër as dié van die individuele toetse - 'n I.K. verskil van 6 tot 12. Toe die verskil by die eerste skool bemerk is, was die toetsafnemer van

mening/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mening dat 'n verkeerde metode van toetsafneming toegepas is. Toe soortgelyke resultate by die tweede skool egter gevind is, is verdere literatuur in die verband geraadpleeg. Die verskil in prestasies is ook bemerk by die groepe leerlinge wat individueel getoets is (leerlinge laer as Std.III) en leerlinge wat met die S.A.G.T. (Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoets) getoets is (dit wil sê leerlinge van Std.III en hoër.) Die vraag ontstaan nou of die individuele toetse te laag toets en of die groeptoetse te hoog toets. Watter toets kan as die betroubaarste toets beskou word, en wat is die verklaring vir hierdie verskille.

In soverre dit die verstandsprestasies van leerlinge aangaan, het Pratt Yule en R.C. Albino van die Universiteit van Natal op meer as 6,000 Rhodesiëse skoolgaande leerlinge gedurende 1948 en 1949 die S.A.G.T. toegepas. Hulle bevindings was soos volg: "The distribution of intelligence as measured by the S.A.G.T. in our sample was: below 90, 5%; below 100, 17%; below 110, 32%; below 120, 26%; below 130, 15%; and above 130, 5%. The mean I.Q. of our sample was 108.7".[2)]

Sommige dagblaaie het hierdie bevindings gebruik om te bewys dat die Engelssprekende kind (veral in Rhodesië) superieur teenoor die Afrikaanssprekende kind is, aangesien die gemiddelde I.K. van die Unie se blanke skoolleerlinge gedurende 1930, 100 was. Ons sien dus dat die Rhodesiëse leerlinge byna 9 I.K.-punte hoër as die verwagte 100 presteer het.

Professor J.A.J. van Rensburg wat op bogenoemde ondersoek geantwoord het, het aangetoon dat die norm van die

---

2) Pratt Yule, E.en R.C. Albino: A survey of the Intelligence of the Southern Rhodesian School Population - Verrigtings uit die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging, 1950, No. 1, p.13.

S.A.G.T./

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



S.A.G.T. te laag is en dus nie 'n betroubare weergawe van die leerlinge se verstandsprestasies gee nie: " ..... I then remembered that in 1946 and 1947 we had tested the I.Q.'s of about 1,300 pupils found in 86 schools of the Cape Province in connection with a language experiment conducted by the Cape Education Department. On looking up the figures I found that in 73 of the schools the average I.Q. was above 100 and in only 13 was it below 100. The average I.Q. for the group was 107. The group of schools represented an unfavourable rather than a favourable selection of schools in the Cape Provinces as they were unduly weighted with small country schools of two and three teachers - amongst others in the Knysna forest and several fishing villages. It therefore seemed to me that the norms for the S.A.G.T. were indeed too low.

Since then I got further information from Mr. P. van der Spuy, Inspector of special classes for the Cape Education Department who tested 480 pupils born in 1937. As he was dealing with special classes he had an unfavourable selection ..... In spite of this very unfavourable selection van der Spuy still found, for a group of 480 pupils, an average I.Q. of 101.7. These findings I think, prove conclusively that the norms of the S.A.G.T. are definitely too low and should be revised."[3)]

Met prof. van Rensburg as deskundige op hierdie gebied, aanvaar ons dus dat die S.A.G.T. se norm te laag is en gevolglik leerlinge se prestasies te hoog aantoon.

---

[3)] Van Rensburg, J.A.J.: South African Group Test Norms - Verrigtings van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging, 1950, No.1, p.15.

Wat/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat die individuele toetse betref, kon geen kritiek opgespoor word nie. Natuurlik hang die toetsprestasies van 'n leerling dikwels af van die wyse waarop 'n toetsafnemer die toets afneem - in watter mate hy die toetspersoon beïnvloed, ensovoorts.

Die enigste maatstaf wat die toetsafnemer gehad het, was om na afloop van die toetse die leerlinge met sy/haar betrokke onderwyser te bespreek. Uit hierdie besprekings het dit duidelik geword dat die onderwysers met die resultate van die individuele toetsprestasies saamgestem het en hierdie prestasies as verteenwoordigend van die betrokke leerling beskou het. Daarenteen was almal dit eens dat die S.A.G.T. die prestasies te hoog gestel het.

Uit bostaande bespreking kan nou die volgende samevattende gevolgtrekkings gemaak word :

(i) Volgens die Rhodesiëse opname is die gemiddelde I.K. van leerlinge 108.7; dit wil sê, 8.7 punte bo die verwagte gemiddelde van 100;

(ii) Volgens prof. van Rensburg het 'n aantal Kaaplandse skole (waaronder 'n aantal swak presterende skole) 'n gemiddelde I.K. van 107 getoon - 7 punte bo die verwagte 100;

(iii) Onder 'n aantal leerlinge wat vir spesiale klasse in aanmerking moes kom, was die gemiddelde I.K. 101.7, dit wil sê, 1.7 bo die verwagte 100. (Hou hier in gedagte dat net kinders met 'n I.K. van minder as 80 soos gemeet volgens individuele toetse, in spesiale klasse geplaas word.)

(iv) Besprekings/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iv) Besprekings met prof. B.J. Schlebusch het ook bevestig dat die S.A.G.T. gemiddeld agt tot tien I.K. punte te hoog toets.[4)]

(v) Volgens die onderwysers van die skole in gemeenskappe A, B en C is die prestasies van die individuele toetse redelik betroubaar en 'n goeie weerspieëling van die verstandsprestasies van die leerlinge. Daarenteen toets die S.A.G.T. volgens hulle mening te hoog.

Die behoefte aan 'n betroubare toets waarvan die norms vir die huidige toestande geldig is, is deur die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging só sterk aangevoel, dat daar op die daarstelling van 'n nuwe I.K. toets besluit is. Sodanige toets is opgestel en deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gestandardiseer. Hierdie „Nuwe Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoets" was tydens die ondersoek nog nie beskikbaar nie.

(b) <u>Bevindings</u> :

Uit die voorafgaande is dit duidelik wat die probleem van die ondersoeker was. Van die twee toetse wat toegepas is, was die een geldig terwyl die ander se norms verouderd was. Die gemiddelde I.K. tussen die twee toetse gee dus nie 'n verteenwoordigende beeld van die ware I.K. van die leerlinge nie. Daar is dus gepoog om 'n ontleding van die bevindings te gee (tabel 60).

---

[4)] Besprekings met prof. B.J. Schlebusch, Mei 1955 (Professor in Sielkunde, Universiteit van Pretoria).

Tabel 60/ ..

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 60.

'n Ontleding van die I.K. van seuns en meisies volgens die groeps- en individuele toetse in die gemeenskappe.

| | | Gemeenskappe. | | | Totaal I.K. | Aantal leerlinge. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | A | B | C | | |
| 1. | Gemiddelde I.K. van SEUNS volgens Individuele Toetse. | 86.7 | 87.5 | 82.5 | 86.4 | 49) |
| 2. | Gemiddelde I.K. van MEISIES volgens Individuele Toetse. | 91.7 | 93.0 | 88.1 | 91.2 | 45) |
| 3. | Gemiddelde I.K. van SEUNS volgens Groeptoetse. | 95.6 | 102.8 | 97.4 | 97.1 | 29) 152 |
| 4. | Gemiddelde I.K. van MEISIES volgens Groeptoetse. | 97.4 | 97.6 | 94.7 | 97.1 | 29) |
| 5. | Gemiddelde I.K. van SEUNS volgens albei Toetse. | 89.9 | 90.0 | 89.9 | 90.4 | 78) |
| 6. | Gemiddelde I.K. van MEISIES volgens albei Toetse. | 94.6 | 94.4 | 89.4 | 93.5 | 74) 152 |
| 7. | Gemiddelde I.K. van SEUNS en MEISIES volgens Individuele Toetse. | 88.6 | 90.6 | 86.5 | 88.7 | 94) |
| 8. | Gemiddelde I.K. van SEUNS en MEISIES volgens Groeptoetse. | 96.5 | 100.0 | 96.3 | 97.1 | 58) 152 |
| | Totale gemiddelde I.K. | 91.9 | 93.5 | 89.6 | 91.95 | 152 |

Volgens tabel 60 is daar 152 leerlinge getoets van wie 94 deur middel van individuele en 58 deur groepstoetse getoets is. (Vergelyk 7 en 8 in tabel 60). Verder blyk dat daar nie groot verskille tussen die drie gemeenskappe is sover dit die individuele en groeptoetse afsonderlik aangaan nie. Die gemiddelde I.K. van seuns en meisies tesame op wie die individuele toetse toegepas is, is 88.6 vir gemeenskap A, 90.6 vir B en 86.5 vir C. Vir die groeptoetse is die I.K. soos volg: 96.5 vir A, 100.0 vir B en 96.3 vir C. Die I.K.'s van leerlinge in die gemeenskappe is dus min of meer gelyk, wat 'n verdere weerspieëling is van die identiese toestande wat in die gemeenskappe heers. Die verskil in I.K. tussen B en C wat die hoogste en laagste gemiddelde I.I.'s, naamlik 93.5 en 89.6 onderskeidelik

toon/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toon, verskil slegs met vier I.K. punte.

Wanneer op die individuele en groeptoetse gelet word, merk ons die groot verskil in prestasies soos reeds in die vorige bespreking uiteengesit is. Volgens tabel 60 is die prestasies van seuns vir die individuele toetse 86.4 teenoor 97.1 vir die groeptoetse. 'n Verskil van 10.7 dus. By meisies is die verskil 'n bietjie kleiner, naamlik 88.1 vir die individuele toetse teenoor 94.7 vir die groeptoetse. 'n Verskil van 6.6. Tussen seuns en meisies gesamentlik, is die verskil 8.4.

Ons vind dus hier ook die verskynsel dat die groeptoetse die verstandsprestasies nagenoeg 8 tot 9 I.K.-punte hoër toets as die individuele toetse. Daar kan dus met veiligheid nege punte van die totale groep-gemiddeld (nr. 8) afgetrek word, wat die gemiddeld dan ook op ± 88 in plaas van die 97.1 te staan bring - dit wil sê, dieselfde gemiddeld as by die individuele toets naamlik 88.7 (nr. 7). Hiervolgens sou die totale gemiddelde I.K. van alle leerlinge dan ongeveer 88.5 in plaas van die aangegewe 91.95 wees.

Tabel 60 toon verder dat daar feitlik geen verskil in prestasies tussen seuns en dogters is sover dit die groeptoetse betref nie. Hoewel dit in die gemeenskappe afsonderlik effens wissel, is die totale gemiddeld vir albei egter 97.1. By die individuele toetse is daar wel 'n verskil van 4.8 I.K. punte (86.4 vir seuns en 91.2 vir dogters) in die dogters se guns. Of hierdie verskynsel bloot aan toeval toegeskryf moet word, is moeilik om te sê, maar dit kom ooreen met die bevindings van A. Anastasi wat beweer: "On the Binet test (bogenoemde individuele toetse) and its revisions, sex differences are slight but usually favour

the/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the girls up to the age of about 14."[5]

Baie duidelik is dit dat die gemiddelde I.K.'s heelwat onder dié van die bevolking is. Veronderstel dat daar 9 punte van die groepsgemiddelde afgetrek word, dan is die totale gemiddeld 88.5. Die prestasies van leerlinge in die gemeenskappe is dan 11.5 onder die gemiddelde I.K. na bevolking wat 100 is. (Vergelyk van Rensburg se gegewens Neem ons egter die gemiddelde van die groeptoetse naamlik 97.1 (nr. 8) en ons neem **aan** dat die gemiddelde bevolkings I.K. 109 is (volgens die jongste bevindings), dan is die I.K. verskil ook 11.9.

'n Gemiddelde I.K. van 88.5 vir drie verskillende groepe leerlinge is inderdaad baie laag as in ag geneem word dat die gemiddelde I.K. vir die bevolking 100 is. Die gemiddelde I.K. vir al die leerlinge in die gemeenskappe tesame is dus in die „dom-normale" kategorie.

Wanneer die individuele prestasies nagegaan word, is daar 21 leerlinge uit die 152 (13.8%) met I.K.'s van 80 en laer, dit wil sê, leerlinge wat spesiale onderrig behoort te geniet.[6] Die laagste prestasie wat getoets is, was 53 (individueel) terwyl die hoogste een 117 was. Daar was slegs 34 uit die 152 leerlinge (22.4%) wat 'n I.K. van hoër as 100 getoets het. Die leerlinge verkeer dus in 'n ongunstige posisie om enige hoërskoolopleiding te ontvang.

Die vraag ontstaan dan watter veroorsakende faktore hierdie swakkere verstandsprestasies teweeggebring het.

---

[5] Anastasi, A.: Differencial Psychology, p.425.

[6] Verslag van die Inter-departementele komitee oor Afwykende kinders. U.G. 30, 1945, p.157.

4. Swak/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Swak verstandsprestasie.

Aangesien dit 'n studie op sigself en buitendien van 'n sosiaal-sielkundige aard is, het die ondersoeker nie 'n verband tussen die I.K. enersyds, en beroepsomgewing, ekonomiese omgewing, gesondheidstoestande, lewensopvattings, ensovoorts, andersyds, probeer vind nie. Vir die invloed wat bogenoemde maatskaplike faktore op die individuele verstandsprestasie het, moes van reedsbestaande literatuur gebruik gemaak word. Weereens is daar twee hooffaktore wat die intelligensie beïnvloed, naamlik (i) die erflikheidsfaktor en (ii) omgewingsfaktor. Watter faktor die belangrikste aandeel in die intelligensiebepaling het, is nog geen uitgemaakte saak nie. Gestel dat daar wel 'n verskil tussen die I.K. van leerlinge wat uit swak sosiale omgewings en die wat uit goeie omgewings kom, gevind word, wil dit nog nie sê dat die omgewing die uitsluitende oorsaak van die verskil is nie.

Sommige voorstanders van die I.K.-bepaling beweer dat die intelligensie tot 'n hoë mate oorerflik is en dat 'n kind wat swak toets, nie sy swak omgewing as oorsaak het nie, maar wel sy voorouers wat intellektueel swak was en dat die swak omgewing hoogs waarskynlik aan die swak I.K. van die ouers toegeskryf moet word. " ...... the real problem is not whether intelligence is hereditary in general, but to what extent differences in intelligence from individuel to individuel are due to hereditary or to environmental differences ....."[7] Wat die geval ook al mag wees, is dit nie die plek en tyd om die hele aangeleentheid te bespreek en daaroor uitspraak te gee nie.

---

[7] Curti, M.W.: Child Psychology, p.183.

Wat/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat ons wel aanneem, is dat nóg oorerwing nóg omgewing alleen die I.K. kan bepaal.[8] Ons taak is enkel om daardie veroorsakende faktore soos deur ander navorsers bepaal, wat moontlik op hierdie gemeenskappe se leerlinge van toepassing is, te noem:

(a) Uit die voorafgaande hoofstukke moet dit duidelik wees dat die geestelike agterlikheid van die ouers en kinders gedeeltelik aan erflikheidsfaktore toegeskryf kan word. As gevolg van die ondertrouing is dit moeilik om te glo dat voortreflike geslagte daaruit voortgekom het. Daar is te veel liggaamlike gebreke aan talle mense wat in alle waarskynlikheid die gevolge is van die familiehuwelike en wat die opvallendste was by hulle wat as naby-bloedverwante in die huwelik getree het. So word daar onder andere liggaamsgebreke, swak gesondheidstoestande en abnormale liggaamsbou aangetref. Sonder twyfel het die erflikheidsfaktore hul negatiewe uitwerking sowel op die fisiese as op die intellektuele sy van die mense. Baie navorsers beskou hierdie erflikheidsfaktore as van die uiterste belang in die verstandsprestasies van leerlinge.[9]

Ondersoekers op die gebied van afwykende sosiale en sielkundige verskynsels beweer dat die maatskaplike veroorsaking nie deur een enkele faktor bepaal word nie, dog deur 'n veelvuldigheid van faktore. Hierdie beginsel word deur Burt "multiple determination" genoem.[10] In

---

8) Riemersma, R.T.: Sekere sielkundig-opvoedkundige en Maatskaplike Aspekte van die Intelligensie-Kwosiënt, p.66-67.

9) Woods, F.A.: Mental and Moral Heredity in Royalty, p.82. Vergelyk ook Hildreth, G.: The Resemblance of Siblings in Intelligence and Achievement, p. 85; en Pearson, Karel: On the laws of Inheritance in Man: On the Inheritance of Mental and Moral Characters in Man. Biometrika, 3, 1905-07.

10) Burt, Cyril: The Young Delinquent, p.559.

verband/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verband met opvoedkundige agterlikheid van 'n leerling sê hy: "Educational backwardness has no one specific cause. It is merely a superficial symptom, a complex resultant attributable to a variety, and usually to a multiplicity of alternative and converging influences."[11)]

(b) Vervolgens sal 'n paar maatskaplike omgewingsfaktore soos in vorige hoofstukke bespreek kortliks aangedui word wat op die leerlinge van die gemeenskappe van toepassing is en wat deur ander navorsers bewys is dat dit 'n noue verband met die verstandsprestasies hou. Die belangrikheid van die erflikheidsfaktor wat die basis van die intelligensie vorm, moet in die veroorsaking van die leerlinge se swak prestasies egter nie uit die oog verloor word nie.

(i) Sosiale status van die gesin:

Terman[12)] het 492 leerlinge volgens hul sosiale status ingedeel en 'n mediaan I.K. vir elke sosiale peil uitgewerk, naamlik :

| Sosiale Groep. | I.K. |
|---|---|
| Baie swak | 85 |
| Swak | 93 |
| Gemiddeld | 99.5 |
| Bevoorreg | 107 |
| Baie bevoorreg | 105 |

Ander ondersoekers stem met Terman saam en hul algemene gevolgtrekking is ook dat leerlinge met hoër I.K.'s uit

---

11) Burt Cyril: The Backward Child, p.109.

12) Terman, L.M.: The Stanford Revision of and Extension of the Binet-Simon Scale.

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die hoër sosiale groepe afkomstig is en dat namate die sosiale status daal, die gemiddelde intelligensie van die leerlinge ook op 'n laer peil is.

Sekere Suid-Afrikaanse navorsers wat 'n studie van die milieu-invloede gemaak het, stem met hierdie bevindings saam. So beweer Robbertse: „'n Onbetwisbare verhouding bestaan tussen die huislike milieus van kinders en hul skool prestasies, in die sin van hoe gunstiger die huislike milieu des te beter presteer die kind op skool en omgekeerd."[13] Riemersma kom in sy eie ondersoek ook tot dieselfde gevolgtrekkings.[14]

Hoewel daar in gemeenskappe A, B en C nie tussen verskillende sosiale status onderskei kan word nie, toon vorige gegewens duidelik dat, met die uitsondering van enkele gesinne, almal in Terman se sosiale status van „baie swak" gegroepeer sal moet word. Ook kan 'n mate van bevestiging vir ander ondersoekers se bevindings gegee word. Daar moet egter onthou word dat die sosiale status van die gesin nie die oorsaak van die swak prestasies is nie, maar dat dit eerder as die gevolg beskou moet word. Die sosiale status bepaal nie die I.K. nie, dog dit word daardeur beïnvloed.

(ii) <u>Voeding en kleding</u> :

Ondersoekers het sover gegaan om voeding en selfs kleding van leerlinge te korreleer met hul verstandsprestasies. Daar is dan ook 'n positiewe korrelasie gevind in dié sin dat hoe swakker die voedingstoestand en die

---

13) Robbertse, P.M.: <u>Die verhouding tussen die skoolprestasies en huislike milieu van laerskoolleerlinge in sover dit die ekonomiese, beroeps- en strukturele omstandighede van die gesinne betref</u>, p.93.

14) Riemersma, R.T.: a.w., p.172.

kleding/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kleding van leerlinge is, des te laer is hul verstandsprestasies. „Alhoewel daar kleinere verskilletjies voorkom lyk dit nogtans asof die resultate vir voeding heelwat ooreenstem met dié van huislike omstandighede."[15] So ook "..... in hooftrekke lyk dit dus asof die resultate met die kleding ook ooreenstem met dié van die huislike omstandighede en voeding."[16] Swak voeding en kleding kan die verstandsprestasies dus ook beïnvloed, hoewel dit nie die I.K. van 'n persoon alleen kan bepaal nie.

In hoofstuk VII is reeds aangetoon dat voedingstoestande in aldrie gemeenskappe baie onbevredigend en veral ongebalanseerd is. Hoewel geen toetse uitgevoer is nie, is tog 'n groot mate van wanvoeding vermoed. Die kleding van die leerlinge is nie besonder swak nie. Die materiaal waarvan die klere gemaak is, is wel duidelik van die goedkoopste, dog gewoonlik is dit heel en redelik skoon. Volgens die ondersoeker se oordeel het die swak voedingstoestande 'n belangrike aandeel aan die lae verstandsprestasies. Hoe kan verwag word dat 'n leerling goed moet presteer as hy gedurende skoolure van honger flou word? Dit is 'n verskynsel wat dikwels voorgekom het toe die skole nog nie van die skoolvoedingskema gebruik gemaak het nie.

(iii) Beroep van ouers :

Aangesien die gemeenskappe in landelike areas aangetref word, is feitlik die enigste beroep wat beoefen word, die boerdery. Hoewel die begrip „boer" duidelik die beroep aandui, moet daar tog tussen „boere" en boere onderskei word. Die hoogs gespesialiseerde boer kan tog

---

[15] Riemersma, R.T.: a.w., p.165.
[16] Riemersma, R.T.: a.w., p.168.

nie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie met die outydse, onkundige „boere" vergelyk word nie. Daarom kan ons vir hierdie doel boere in drie groepe verdeel, naamlik :

(a) Die hoogs gespesialiseerde boer wat van moderne boerderymetodes gebruik maak. Dit is, gewoonlik iemand wat opleiding in boerderymetodes gehad het.

(b) Dié boer wat wel nie hoogs gespesialiseerd boer nie, maar wat nogtans deur die moderne metodes beïnvloed is en boerdery as 'n ware beroep beoefen.

(c) Daardie groep „boere" wat eintlik nie boere in die ware sin van die woord is nie. Dit is hulle wat 'n stukkie grond besit of bywoners is maar vir wie die boerdery geen beroep is nie. Daar word geploeg en gesaai slegs om in die eie behoeftes te voorsien. Daar is geen sistematiese boerdery aanwesig nie en aan beplanning word nie gedink nie. Hulle kan as ongeskoolde arbeiders beskou word.

Dit is tot hierdie derde groep waartoe feitlik alle boere in die gemeenskappe behoort.

Oor die verband tussen die I.K. van leerlinge en die beroepe van hul vaders skyn daar by verskillende ondersoekers 'n groot mate van ooreenstemming te wees. Volgens die I.K. van hul kinders kan die beroepe van die vaders in dalende I.K.-volgorde, min of meer soos volg ingedeel word:

1. Professioneel;
2. Besturend;
3. Klerklik;
4. Geskoold;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Half-geskoold; en
6. Ongeskoold.[17)]

Robbertse kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n noue verband bestaan tussen die beroepsmilieus van die ouers en prestasies van leerlinge in die laerskool en wel in dié sin dat 'n gunstige beroepsmilieu van die ouer byvoorbeeld die prestasies van die kind ten goede beïnvloed terwyl 'n ongunstige beroepsmilieu 'n nadelige uitwerking op die prestasies het.[18)] Hierdie invloed geskied binne perke want 'n swak beroepsmilieu kan byvoorbeeld die leerling se I.K. met hoogstens 10 punte beïnvloed. Riemersma, voor Robbertse, het ook saamgestem met ander ondersoekers wat beweer dat dit skyn asof daar 'n direkte verband tussen die I.K. van 'n kind en die beroep van sy vader bestaan.[19)] Volgens bogenoemde ondersoekers blyk dit dus dat die swak verstandsprestasies van die leerlinge tog met hul vaders se beroep verband hou. Daar sal nie verder op die konsekwensies van hierdie aspek ingegaan word nie.

(iv) Gesinsgrootte :

'n Ander faktor wat die I.K. van leerlinge nadelig beïnvloed, waaroor verskeie ondersoekers eens is,

---

[17)] Ellis, Havelock: A Study of British Genius. Vergelyk ook Dexter, E.S.: Relation between Occupations of Parent and I.Q. of children. School and Society, Vol. 17, p.612. Vergelyk ook Haggerty, M.E. and H.B. Nash: Mental Capacity of Children and Parental Occupation. Journal of Ed. Psych. Vol. 15: 559.

[18)] Robbertse, P.M.: a.w., p.19.

[19)] Riemersma, R.T.: a.w., p.120.

is die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is die gesinsgrootte. Riemersma het byvoorbeeld uit sy ondersoek tot die slotsom gekom dat leerlinge wat in die laagste I.K.-groep (onder 80) val, uit huise kom met 'n gemiddelde kindertal van 5.4, terwyl kinders in die hoogste I.K.-groep (130-139) uit gesinne met 'n gemiddelde kindertal van slegs 2.8 per gesin kom. Hy toon byvoorbeeld aan dat die I.K. vanaf 111.47 vir huisgesinne met twee kinders daal tot by 98.0 vir huisgesinne met nege kinders. Hy vind ook dat die gemiddelde aantal kinders per gesin vir professionele persone om en by 3.3 is, terwyl dit vir ongeskooldes in die buurt van 5.7 is.[20] Daar is dus ook weer 'n negatiewe interkorrelasie tussen beroep en gesinsgrootte. Ander navorsers soos Sutherland,[21] Lentz[22] en Dawson[23] is ook van dieselfde mening, naamlik dat leerlinge uit groot gesinne gemiddeld laer in die I.K.-toetse presteer as kinders uit klein gesinne. Robbertse vereenselwig hom ook met bogenoemde bevindings en stel in sy ondersoek vas dat leerlinge met die laagste gemiddelde verstandspeil uit gesinne met gemiddeld die hoogste kindertal, naamlik 5.6, kom.[24]

Uit die ondersoek in die gemeenskappe is vasgestel dat die gemiddelde kindertal per gesin 6.4 is (sien tabel 10), wat dus tog 'n ooreenstemming toon met die bevindings van die ander ondersoekers. Die getal leerlinge vir die toets was te klein om 'n bepaalde rangordekorrelasie in die verband wat gesinsgrootte met die I.K.-prestasies hou, aan te toon.

---

20) Riemersma, R.T.: a.w., p.235.

21) Sutherland, H.F.: The relationship between I.Q. and Size of Family. J.Ed. Psy. Vol. 23: 42.

22) Lentz, T.: Relation of I.Q. to Size of Family, J.Ed. Psy. Vol. 18 : 486.

23) Dawson, S.: Intelligence and Fertility. Br.J.Psy.Vol.23:42

24) Robbertse, P.M.: a.w., p.53.

© University of Pretoria

Ons kan egter nie veralgemeen deur te sê dat daar in die gemeenskappe 'n verband tussen I.K. en gesinsgrootte bestaan nie, maar globaal gesien lyk dit tog so, aangesien die gemiddelde kindertal hoog is, wat, volgens ander ondersoekers met 'n laer I.K. gepaard gaan as in daardie gesinne waar 'n klein kindertal aanwesig is. Die groot gesinne beïnvloed die I.K. dus nadelig.

(v) Ekonomiese omstandighede:

Ekonomiese omstandighede is waarskynlik die primêr-veroorsakende faktor waaruit die ander omgewingsfaktore, soos sosiale status, voeding en kleding, beroep van ouers, ensovoorts, vloei. Ons vra ons dus af of die gesinsinkomste sodanige invloed op die kinders uitoefen dat dit eindelik in hul skoolprestasies weerspieël word, met ander woorde, presteer kinders uit arm gesinne dáárom swakker as kinders van meer welgestelde gesinne?

In elke hoofstuk tot dusver is klem gelê op die armoede en verwaarloosde toestande wat in die gemeenskappe heers. Oppervlakkig sou die bewering dus gemaak kon word dat armoede die I.K. van leerlinge ongunstig beïnvloed. As ons nagaan wat ander navorsers in die verband gevind het, kan bogenoemde bewering bevestig word. Daar is reeds aangetoon dat 'n aanduiding van 'n verband tussen leerlinge se skoolprestasies en die status van die ouerlike beroep bestaan. Ons kan dus a-priories die afleiding maak dat hoe hoër die ouerlike beroep, hoe groter is die gesinsinkomste, en omgekeerd. Verder kan a-priories gesê word dat dieselfde verhouding tussen kinders se skoolprestasies en die gesinsinkomste moet bestaan, as tussen skoolprestasies en ouerlike beroep.

Verskeie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verskeie ondersoekers het aan hierdie onderwerp aandag gegee en hul mening kom in 'n groot mate ooreen. So het Malherbe in sy bevindings aangaande die onderwys en die armblanke op die verband tussen ekonomiese status en skoolprestasies gewys en wel in dié sin dat hoe armer die omgewing en die gesin, hoe swakker is die kind se prestasie op skool en andersom.[25)]

Die bekende sielkundige, opvoedkundige en sosioloog, Cyril Burt, het in 'n ondersoek in London bevind dat die korrelasie tussen agterlikheid op skool en ekonomiese omstandighede die grootste rol speel in die geval van uiterste armoede [26)] (soos trouens ook in gemeenskappe A, B en C). Burt se bevindings is dat agterlikheid op skool met armoede verbind kan word en wel in die sin dat hoe groter die armoede, des te swakker presteer die kinders op skool. Die bevindings is egter nie dat armoede en skoolagterlikheid sinoniem is nie. Hy lê dan ook baie nadruk op hierdie feit.[27)] Volgens hom benadeel armoede die kind op tweërlei wyse, naamlik dit ondergrawe die kind se gesondheid en dit werk belemmerend in op sy algemene ontwikkeling. Deur die liggaamlike vitaliteit te belemmer, word tewens die leervermoë van die kind gekortwiek, en deur sy ontwikkelingshorison te beperk, word die geleentheid tot kulturele ontwikkeling hom ontneem. Ondervoeding speel 'n vername rol, maar ondervoeding is meer die gevolg van verkeerde as van te min voeding. Die styselhoudende voedsel is die

---

25) Malherbe, E.G.: <u>Onderwys en die Armblanke</u>. Carnegie-verslag, Deel III, a.w., p.81.

26) Burt, Cyril : <u>The Backward Child</u>, p.120.

27) Burt, C. : a.w., p.105.

goedkoopste/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goedkoopste en die fout lê eerder in die verkeerde samestelling as in die karigheid van die dieet.[28)]

Bogenoemde vyf faktore kan beskou word as die belangrikste moontlike maatskaplike milieu faktore wat die I.K. van die leerlinge ongunstig beïnvloed.

(vi) Ander:

Ander sekondêre faktore wat ook die verstandsprestasies kan beïnvloed, soos deur ondersoekers bepaal, is onder andere die swak gesondheid van die leerlinge, hul „arm" kultuur en hul houding teenoor die onderwys. Laasgenoemde is reeds bespreek.

---

28) Burt, C.: Geestelyke Onvolwaardigheid, p.158-160. Vergelyk ook Robbertse, P.M.: a.w., p.126-136.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk X.

## GODSDIENS.

### 1. Algemeen.

#### (a) Inleiding:

Die plek wat godsdiens in 'n mens se lewe vervul, kan nie in eksakte syfers uitgedruk word nie. Lang gebede in 'n biduur, vroom praatjies voor 'n geestelike of selfs die gereelde lees van die Bybel is nie noodwendig betroubare aanduidings van 'n mens se Christenskap nie. Dit mag soms bewuste metodes wees wat toegepas word juis om onchristelike dade te probeer verberg. So ook is gereelde kerkbesoek nog geen sekere teken van Christelikheid en die wegbly van die kerk of Christelike byeenkomste geen noodwendige aanduiding van onchristelikheid nie. Die mens se godsdienstige waardes word ooreenkomstig sy innerlike geloofsoortuigings bepaal: sy geestelike bron van krag van die Almagtige bo hom, en die gesag wat hy teenoor daardie Opperste wese erken. Die wyse waarop toewyding aan en erkentlikheid teenoor daardie Gesag openbaar word, is by elke mens verskillend. Die een toon dit deur middel van sy gereelde kerkbywoning, die ander deur die beteueling van sy tong, nog 'n ander deur die ondersteuning aan liefdadigheid of deur 'n kinderlike gebed in sy binnekamer. Daarom kan 'n buitestaander se mening oor 'n ander se godsdienstigheid dikwels misleidend wees. Voordat 'n mening uitgespreek kan word, is dit allereers nodig dat so 'n persoon intiem geken moet word want 'n grondige kennis van sy handel en wandel, van sy hele lewe en lewensopvatting gee 'n mens by benadering 'n skatting van sy godsdienssin. Maar ook dan is dit nog nie 'n absolute weergawe van sy Christelike oortuiging nie.
Die gevaar van 'n subjektiewe oordeel en van ongeoorloofde vooroordeel is altyd aanwesig en daarteen moet sterk

gewaak/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewaak word.

Eers na 'n verblyf van meer as ses maande in die gemeenskappe en na 'n noukeurige waarneming, onder andere ook van die bewoners se godsdienstige uitinge, kon min of meer 'n beeld gevorm word van hul godsdienstige ingesteldheid. Die ondersoeker het ook waardevolle inligting van die plaaslike leraars gekry betreffende individuele gesinne wat bespreek is. Ongelukkig het al die leraars nie hul samewerking verleen nie. 'n Aantal vraelyste is aan elke predikant gegee wat vir elke gesin in hul onderskeie gemeentes ingevul moes word. Na drie jaar was daar nog geen reaksie van sommige nie, hoewel briewe en persoonlike gesprekke hulle daaraan herinner het. Die ondersoeker het verder deur middel van onderhoude met die gesinne hul standpunt probeer bepaal ten opsigte van sekere godsdienstige aangeleenthede. Hoewel gepoog is om 'n getroue weergawe te kry, moet altyd in gedagte gehou word dat dit tog wel slegs tentatief is. Daar is egter ander gegewens wat meer konkreet van aard is en waar die feite as betroubaar aanvaar kan word, byvoorbeeld gegewens oor kerkverband, die voltrekking van kerklike of burgerlike huwelike, ensovoorts.

(b) <u>Kerklike verteenwoordiging in die gemeenskappe</u>:

Daar bestaan 'n neiging by die minder-gegoedes om makliker deur sektariese genootskappe beinvloed en meegesleur te word. Die rede hiervoor kan miskien daarin gesoek word dat hierdie „arm" groep weens hul stoflike en/of geestelike agterstand, minderwaardig teenoor die meer welgestelde deel van die bevolking voel. Die sektariese genootskappe benut dan die minderwaardigheids-

gevoel/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevoel ten volle, deur individuele bearbeiding, en met die mooi gedagte dat „die armes die Koninkryk sal be-erwe". Dit is trouens wat een van die gesinshoofde voorgegee het by ondervraging. Ten spyte van die feit dat ons met 'n hoogs geselekteerde „arm" groep (geestelik sowel as stoflik) te doen het, was dit opmerklik watter klein persentasie van die bewoners aan sektariese genootskappe behoort.

Tabel 61. Kerkverband van die gesinshoofde in die gemeenskappe.

| Kerk-verband. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Verenigde | 27 | 29.68 | 10 | 26.32 | 4 | 36.3 | 41 | 29.3 |
| Hervormde | 52 | 57.12 | 23 | 60.49 | 6 | 54.6 | 81 | 57.8 |
| Gereformeerde. | 6 | 6.60 | 5 | 13.19 | 1 | 9.1 | 12 | 8.6 |
| Sektaries. | 6 | 6.60 | - | - | - | - | 6 | 4.3 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Tabel 61 gee 'n ontleding van die kerkgenootskappe van alle gesinshoofde. Hiervolgens behoort slegs 4.3% van alle gesinne aan een van die talle sektes. Ons merk ook dat al hierdie gesinne uit gemeenskap A afkomstig is. Die gegewens toon verder dat 29.68% van die gesinshoofde in gemeenskap A aan die Verenigde Kerk, 57.12% aan die Hervormde Kerk en 6.6% aan die Gereformeerde Kerk behoort. In gemeenskap B behoort 26.32% aan eersgenoemde Kerk, terwyl 60.49% aan die Hervormde Kerk en 13.19% aan die Gereformeerde Kerk behoort. In gemeenskap C is die persentasie 36.3% vir eersgenoemde, 54.6% en 9.1% vir

laasgenoemde/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



laasgenoemde Kerk.

Met die uitsondering dus van 4.3% behoort alle gesinne tot een van die drie Afrikaanse kerke (95.7%). 'n Verdere opvallende verskynsel is dat die Hervormde Kerk wat betreklik klein in verhouding tot die Verenigde Kerk wat getalle betref is, nogtans in aldrie gemeenskappe oorheers. Hulle ledetal vorm in elke gemeenskap afsonderlik meer dan 50% van die gevalle. In die geheel behoort 57.8% van die gesinne aan laasgenoemde, terwyl die Verenigde Kerk slegs 29.3% van die gesinne in sy geledere het. Dit is 'n opvallende verskynsel waarvoor geen verklaring gevind kon word nie. Daar behoort slegs 8.6% van alle gesinne aan die Gereformeerde Kerk.

## 2. Die kerklike lewe in die gemeenskappe.

### (a) Die Doop :

Met enkele uitsonderings word die doop nog as 'n kerklike instelling beskou en elke ouer glo dat sy kind nie mag groot word sonder om gedoop te word nie. Soms word kinders onder baie moeilike omstandighede gedoop - veral omdat die Kerkrade verkies om dit in die kerk en nie tydens die buitedienste te doen nie. Dit vereis dikwels groot opoffering van die kant van die ouers. Vireers beskik die meeste nie oor behoorlike vervoermiddels nie en om 'n klein kindjie per donkiekar te vervoer, is nie gewens nie. Dan is daar die probleem van goeie klere. Die „Sondagklere" van die mans bestaan gewoonlik uit 'n ou verslete broek en baadjie. Daarby is die gesinne gewoonlik sku vir groot byeenkomste, veral waar hulle 'n aktiewe rol moet vervul. Hierdie aandrang van

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Kerkrade om die kindertjies in die kerk te doop enersyds, en die besware van die ouers andersyds, het al veroorsaak dat meer as een ouer sy kerk verlaat het om by die kerk wat bereid is om sy kindjie tuis of tydens die buitediens te doop, aan te sluit.

Wat die doop van die kindertjies betref, is tydens die opname gevind dat 8 kinders nie gedoop was nie. Hul ouderdom was soos volg :

| | | |
|---|---|---|
| Gemeenskap A | : | 1 kind van 1 jaar en 3 maande; 6 kinders van 17 jaar en ouer. |
| Gemeenskap B | : | - |
| Gemeenskap C | : | 1 kind van 1 jaar en 4 maande. |
| Totaal | : | 8 kinders. |

Slegs agt of 0.9% van alle kinders bo een jaar was nie gedoop nie. Hierdie syfer is laag, veral as die moeilikhede waarmee die gesinne in verband met die doop te kampe het, in gedagte gehou word.

(b) <u>Die aanneming</u> :

Die aanneming en toetreding tot die volwaardige lidmaatskap van die kerk is 'n belangrike stap in die lewe van die jong gemeenskapsbewoner. Dit is veral die ouers wat met trots vervul is wanneer hul seun of dogter vir die aanneming moet „ingaan" of wanneer hy of sy reeds die belangrike stadium deurloop het. Vir die jeugdige self is dit gewoonlik 'n berg en 'n nagmerrie wat voorlê en daarom word dikwels diegene gevind wat die aanneming elke jaar uitstel. Hulle voel nie opgewasse vir die geweldige taak wat voorlê nie en baie gou begeef hul moed hulle dan.

Die trots van die ouers wanneer hul seun of dogter

die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die ouderdom vir katkisasie bereik het, het dikwels daarop uitgeloop dat die betrokke kind in die geselskap ingeroep word sodat „die meneer kan sien hoe groot boet (of sus) al is." Die wete dat hul kind aangeneem is en 'n volle lidmaat van die Kerk geword het, gee aan die ouers 'n mate van sekuriteitsgevoel want nou weet hulle dat die kind maar kan trou en as daar uit die huwelik 'n kind gebore word, sal daar geen moeilikheid met die doop van die kind wees nie. En so besef die kind self ook dat hy nou groot en hubaar geword het.

Uit die beantwoording van die vraelys het dit geblyk dat al die ouers aangeneem en lidmate van die een of ander kerk of genootskap is - soos reeds in tabel 61 aangedui.

Die aantal kinders bo 21 jaar (die minimum ouderdom vir aanneming is 16 jaar) wat tydens die opname nog nie aangeneem was nie, is in tabel 62 ontleed.

Tabel 62. Persone ouer as 21 jaar wat nie lidmate van 'n kerk is nie.

| Gemeenskap. | Getal. | % |
|---|---|---|
| A | 33 | 67.5 |
| B | 14 | 28.3 |
| C | 2 | 4.2 |
| Totaal: | 49 | 100.0 |

Opmerking: Vier van die kinders in gemeenskap A is verstandelik subnormaal.

Volgens tabel 62 blyk dat 49 kinders ouer as 21 jaar in die drie gemeenskappe nog nie lidmate van 'n kerk is nie. Van hulle is 67.5% uit A, 28.3% uit B en 4.2% uit gemeenskap C afkomstig. Die aantal jeugdiges

wat/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat nog nie aangeneem is nie (volgens tabel 62) is dus hoër as die ongedooptes. Drie moontlike redes vir hierdie hoër getal kan miskien gevind word :

(i) Die vrees vir die katkisasie as gevolg van 'n gevoel van onbevoegdheid;

(ii) Die ongedooptes kan nie ten volle lidmate van die kerk word, tensy hulle gedoop word; en

(iii) 'n kwynende godsdienstige gevoel wat by die jonger geslag bespeur word.

(c) <u>Kerkbesoek</u> :

Daar is reeds op gewys dat gereelde kerkbesoek nie 'n aanduiding van godsdienstigheid is nie. Hier is dit egter ook nie die doel om die bewoners se godsdienstigheid of ongodsdienstigheid vas te stel nie. Die syfers in tabel 63 is slegs by benadering vasgestel. Buitendien sou dit vir talle gesinne onmoontlik wees om presies vas te stel hoeveel keer hulle per jaar die kerk besoek. Die indeling „gereeld", „soms", „nooit", is gemaak en daarvolgens is die gesinne geklassifiseer. Onder die term „gereeld" word verstaan gesinne wat min of meer twee of meer keer per maand die kerk besoek. „Soms" wil sê, hulle wat slegs met Nagmaaltye of tydens buitedienste die kerk besoek. Sommige van die gegewens is deur die plaaslike predikant verskaf, terwyl baie gegewens deur indirekte ondervraging van die gesinne self verkry is.

Tabel 63/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 63. Kerkbywoning in die gemeenskappe.

| Kerkbywoning. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal. | % |
| Gereeld | 1 | 1.10 | 1 | 2.64 | 1 | 9.10 | 3 | 2.14 |
| Soms | 42 | 46.16 | 19 | 50.00 | 5 | 45.45 | 66 | 47.14 |
| Nooit | 48 | 52.74 | 18 | 47.36 | 5 | 45.45 | 71 | 50.72 |
| Totaal: | 91 | 100.0 | 38 | 100.0 | 11 | 100.0 | 140 | 100.0 |

Volgens tabel 63 blyk dit dat die gegewens vir die drie gemeenskappe baie ooreenkom; die oorgrote meerderheid gaan baie ongereeld kerk toe. Daar is slegs drie gesinne (2.14%) wat as gereelde kerkgangers beskou kan word. Verder is daar nagenoeg 47% wat „soms" die kerk bywoon, terwyl meer as 50% feitlik nooit kerk toe gaan nie. Ongeveer die helfte kan dus as onkerklik beskou word, dog dis nog geen noodwendige aanduiding van onchristelikheid nie. Die redes vir hierdie groot syfer vir onkerklikheid is min of meer dieselfde as die redes waarom kinders nie of baie moeilik gedoop kom. Die armoede met die daaruit voortvloeiende probleme soos kleding, vervoermiddels, ensovoorts is van die hoofoorsake wat beklemtoon moet word. Die geringe verstandelike peil wat by baie gesinne opgemerk is, is verder ook geen prikkel om hulle tot 'n dieper geestelike lewe aan te spoor nie. Hul geestelike waardes strek tot die diepe geloof in God en aan die paar Goddelike wette wat aan hulle bekend is, soos onder andere die eerbiediging van Sy Naam, die heiliging van die Sondag en so meer. Of hierdie waarneming korrek is, is egter nie seker nie.

(d) Kerklike/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Kerklike ampte :

Indien die deelname van mans aan die kerklike ampte 'n aanduiding van godsdienstigheid was, kon tabel 64 van groot hulp gewees het. Ongelukkig gebeur dit egter dikwels dat 'n persoon wat die kerk en godsdiensoefeninge gereeld bywoon, tot kerkraadslid verkies word, met die voorbehoud egter dat hy 'n sober lewe lei. Baie ander werklike Christene wat miskien nie die geleenthede het om godsdiensoefeninge by te woon, kry dan nooit die geleentheid om in die kerkraad te dien nie.

Tabel 64. Lidmaatskap van die volwasse mans van die kerkraad.

| Lidmaatskap van kerkraad | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| Is tans lid | 5 | 5.50 | 4 | 10.52 | - | - | 9 | 6.43 |
| Was lid | 5 | 5.50 | 3 | 7.86 | 1 | 9.09 | 9 | 6.43 |
| Was nooit lid | 81 | 89.00 | 31 | 81.62 | 10 | 90.91 | 122 | 87.14 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Opmerking: Daar dien opgelet te word dat die totale aantal, 140 mans voorstel. Volgens vorige ontledings is daarop gewys dat uit die 140 gesinne, ook weduwees aanwesig is. In hierdie tabel egter, is hul laaste eggenoot ook ingesluit.

In gemeenskap A is, volgens tabel 64, vyf persone tans (5.50%) in die kerkraad, 5.5% het diens gedoen terwyl die oorgrote meerderheid, naamlik 89.0% nooit lid

van/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die kerkraad was nie. In gemeenskap B is 10.52% van die mans tans lid van die kerkraad, 7.86% was in die verlede terwyl 81.62% nooit diens gedoen het nie. In gemeenskap C was slegs 1 uit die 11 gesinshoofde lid van die kerkraad. Uit die 140 gesinne is daar slegs nege mans wat tydens die opname in een van die drie Afrikaanse kerke diens gedoen het as ouderling of diaken, terwyl ook nege (6.4%) voorheen in die kerkraad diens gedoen het. Hierdie persentasies is laag, veral as op die grootte van gemeenskappe A en B gelet word.

Uit tabel 64 blyk een feit ook duidelik, naamlik dat die gemeenskapbewoners nie 'n baie lewendige aandeel in kerklike aangeleenthede het nie. Die rede hiervoor moet miskien hoofsaaklik aan hul ongunstige ekonomiese toestand toegeskryf word.

(e) Kerklike bydrae :

Om ander aspekte van die kerklike lewe te behandel, moes die ondersoeker hom op veel moeiliker terrein begeef as byvoorbeeld in verband met die kerkbywoning of die deelname aan kerklike werksaamhede. 'n Poging moes aangewend word om die gesinne se materiële bydraes te bepaal. Om die bedrae vas te stel, was haas 'n onmoontlike taak, omdat daar vir so baie verskillende sake en ondernemings gegee moet word. Daar moet byvoorbeeld vir dankoffer, kerkbasaars, kollektelyste, kers- en paasseëls - om maar 'n paar te noem - gegee word. Selfs die pogings om volledige inligting van die plaaslike predikante te verkry, het misluk en dit was eers nadat die ondersoeker die vertroue van gesinne probeer wen het, dat meer lig op hierdie aspek gewerp kon word. Vireers moet daar tussen

drie/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drie groepe gesinne onderskei word, te wete (i) hulle (veral onder die ouer geslag) wat hul kerklike bydrae eenkant wegbêre sodra die pensioene uitbetaal word en dit dan gereed het as die predikant of diaken op besoek kom; (ii) hulle wat nie juis onwillig is om te gee nie, maar wat nooit juis daarvoor voorsiening maak en gevolglik nie altyd iets het om te gee wanneer gekollekteer word nie (gewoonlik sê hulle dan: „As daar 'n geldjie in die huis is, gee ons, anders kan ons mos nie gee nie..." of, „ag meneer, ons is maar arm, maar ons gee darem nou en dan....."; en (iii) hulle wat onwillig is om enige bydrae te maak (daar is onder hulle diegene wat behoeftig is en gevolglik self op liefdadigheidsondersteuning aanspraak kan maak. Hoewel die begeerte mag bestaan om iets by te dra, is dit eenvoudig so dat hulle niks het om te gee nie. Aan die ander kant is daar ook die onverskilliges en meer ongodsdienstiges wat botweg weier om enige bydraes te lewer. Daar is 'n paar gesinne wat beweer dat die kerk 'n mens net van die bietjie geld wat jy het, wil beroof. Ander is weer van mening dat die kerk ryk genoeg is en nie nog hul paar pennies nodig het nie).

Tabel 65 gee 'n weergawe van hierdie drie groepe.

Tabel 65. Gemeentelike bydraes in die gemeenskappe.

| Aard van bydrae | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Drae gereeld by. | 18 | 19.79 | 10 | 26.32 | 4 | 36.36 | 32 | 22.86 |
| Dra ongereeld by | 60 | 65.93 | 24 | 63.16 | 6 | 54.45 | 90 | 64.29 |
| Dra feitlik nooit by nie. | 13 | 14.28 | 4 | 10.52 | 1 | 9.09 | 18 | 12.85 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 65 behoort die grootste meerderheid (64.29%) van die gesinne tot die groep wat ongereeld bydraes lewer, terwyl byna 23% gereeld bydra. Hulle wat nooit of byna nooit 'n bydrae lewer nie, vorm slegs 12.85%. Ons sien dus dat, ten spyte van die groot armoede wat in die gemeenskappe bestaan, daar tog nog volgens omstandighede en vermoë vir die kerk bygedra word. Volgens die wyksdiakens en 'n paar predikante is hierdie bydraes egter gering.

(f) Kerklike en burgerlike huwelike :

Gedurende die vroeë jare van die tweede helfte van die 19de eeu, het die Wet nog bepaal dat 'n huwelik wat alleenlik in die Kerk voltrek is, nie geldig is nie tensy dit deur die landdros (magistraat) in die „kantoor" herbevestig word. Sommige ouers was baie gesteld daarop dat hul kinders in die kerk moes trou, met die gevolg dat so 'n bruidspaar eers na die magistraatskantoor moes gaan, terwyl daarna eers met die huwelikseremonie begin kon word. Hierdie aandrang van die ouers om 'n kerklike huwelik was nie slegs 'n begeerte nie maar ook 'n behoefte. Daar is geglo dat die seën van God op 'n huwelik sal rus indien dit in Sy huis en deur 'n predikant bevestig word. Gedurende die latere jare het die kerk ook volle reg verkry om 'n huwelik te bevestig en kon 'n huwelik dus deur enige van die twee instansies bevestig word. Aangesien die Voortrekkers baie Godvresend was, was die keuse in verreweg die meeste gevalle dat 'n huwelik, waar moontlik, in die kerk bevestig sou word. Waar daar kerklike geleenthede in die nabyheid was en 'n huwelik nogtans deur 'n magistraat voltrek is, is daar gewoonlik met agterdog na so 'n egpaar verwys as sou dit miskien 'n ver-

pligte/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pligte huwelik wees.

Burgerlike huwelike het egter die voordeel dat 'n huwelik binne enkele dae afgehandel kan word, terwyl die kerklike bevestiging eers kan geskied nadat die gebooie vir drie agtereenvolgende Sondae in die kerk afgelees is (tensy 'n spesiale lisensie teen £5 verkry word). Verder het 'n burgerlike huwelik die voordeel dat dit goedkoper is, deurdat 'n persoon gewoonlik nie veel geld aan 'n trou-uitrusting sal bestee soos wanneer dit in die kerk voltrek word nie.

Tabel 66. 'n Vergelyking van die voltrekking van kerklike en burgerlike huwelike in die gemeenskappe met dié van die Unie se blanke-bevolking. 1)

| Hoe voltrek. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal. | | Die Uniebevolking vir verskillende jare. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | | 1947. | 1948 | 1949 | 1950 |
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | % | % | % | % |
| Kerklik. | 20 | 22.0 | 12 | 31.6 | 5 | 45.4 | 37 | 26.3 | 64.3 | 65.3 | 65.9 | 67.0 |
| Burgerlik. | 69 | 75.8 | 24 | 63.1 | 6 | 54.6 | 99 | 70.7 | 35.7 | 34.7 | 34.1 | 33.0 |
| Albei. | 2 | 2.2 | - | - | - | - | 2 | 1.5 | - | - | - | - |
| Nie van toepassing. | - | - | 2 | 5.3 | - | - | 2 | 1.5 | - | - | - | - |
| Totaal: | 91 | 100.0 | 38 | 100.0 | 11 | 100.0 | 140 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

Volgens tabel 66 is 75.8% van alle eerste huwelike burgerlik voltrek. Daar is 22.0% van die huwelike wat in die kerk en 2.2% wat in albei voltrek is. In gemeenskap B is die persentasie kerklike huwelike effens meer as in A, naamlik 31.6% teenoor die 22.0% in A. Verder is in B 63.1% burgerlik en 5.3% deur albei instansies voltrek.

---

1) *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1950*, p.1218.

Nog/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nog 'n hoër persentasie huwelike in gemeenskap C, as in A of B, is kerklik voltrek, naamlik 45.4% teenoor 54.6% burgerlik. In die gemeenskappe tesame is 26.3% van die huwelike kerklik en 70.7% burgerlik voltrek.

Die persone (1.5%) in gemeenskap B wat nie by die gegewens van toepassing is nie, is die twee ongetroude mans.

Word die gegewens van die gemeenskappe met dié van die Unie-bevolking vergelyk, blyk dit dat daar wel 'n betreklik groot verskil ten opsigte van die wyse van huweliksvoltrekking is. Volgens syfers van die Unie-bevolking is 67.0% huwelike kerklik en 33.0% burgerlik gedurende 1950 voltrek. Die persentasies is dus byna die teenoorgestelde as vir die gemeenskappe. Verder toon die gegewens vir die Unie-bevolking dat jaarliks meer huwelike kerklik voltrek word.

Die enigste verklaring vir die merkwaardige verskynsel dat die meeste huwelike in die gemeenskappe burgerlik voltrek word, moet daarin gevind word dat burgerlike huwelike oënskynlik goedkoper en ook gouer as kerklike huwelike is.

Onder die jonger geslag was die toename in burgerlike huwelike merkwaardig - hulle verkies dit bo kerklike huwelike. Dit toon die teenoorgestelde neiging as by die Unie-bevolking.

Tabel 67Ø/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel 67. Die gemeenskappe se houding teenoor burgerlike huwelike.

| Aard van Houding. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Keur dit af | 12 | 13.19 | 8 | 21.08 | 4 | 36.36 | 24 | 17.15 |
| Onbeslis | 22 | 24.18 | 13 | 34.18 | 4 | 36.36 | 39 | 27.85 |
| Verkies dit (makliker en gouer) | 57 | 62.63 | 17 | 44.74 | 3 | 27.28 | 77 | 55.00 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Hoewel hier slegs 'n houding vasgestel is, kan daar tog 'n verdere beeld van die godsdienstige opvattings van die gesinne verkry word. Tabel 70 toon dat 13.19% van die gesinne in gemeenskap A burgerlike huwelike afkeur, terwyl 24% nie juis 'n besliste standpunt inneem nie, en 62.63% dit as verkieslik beskou of aan die ander kant 'n onverskillige houding inneem. In gemeenskap B keur 21.08% dit af, 34.18% is onbeslis en 44.74% neem 'n onverskillige houding in. Vir gemeenskap C is die persentasies soos volg: 36.36% keur dit af; 36.36% is onbeslis; en 27.28% verkies dit.

Daar is dus wel 'n verskil in houding tussen die gesinne van gemeenskappe A, B en C op te merk. In gemeenskap A keur slegs 13.19% van die gesinne burgerlike huwelike af, teenoor 21.08% van B en 36.36% van C se gesinne. Die gesinne wat sodanige huwelike verkies, is 62.63% in gemeenskap A teenoor 44.74% vir B en slegs

27.28%/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



27.28% vir C.

Uit tabel 66 kan die groot persentasie huwelike wat burgerlik voltrek is bepaal word en dit wil dus voorkom of daar wel 'n positiewe verband tussen die houding wat ingeneem word teenoor die voltrekking van burgerlike huwelike (tabel 67) enersyds en die plekke waar die huwelik wel voltrek is (tabel 66) andersyds beskou. Daar is slegs 17.15% van die totale aantal gesinne wat burgerlike huwelike beslis afkeur. Verder neem 27.85% van hulle 'n onbesliste houding in, terwyl die grootste meerderheid 55.0% so 'n huwelik goedkeur. Vir die goedkeuring daarvan word gewoonlik een van drie redes aangegee, te wete: (i) dit is gouer, dit wil sê daar is baie minder moeite en voorbereiding aan verbonde; (ii) dit is makliker, dit wil sê, daar is geen seremonies aan verbonde nie; en (iii) dit is goedkoper, dit wil sê, om voor die magistraat te trou kos min. (Dit sluit in dat geld wat gewoonlik aan trou-uitrusting bestee word by kerklike huwelike, by burgerlike huwelike nie nodig geag word nie.) Met die uitsondering dus van die 17.15% gesinne wat burgerlike huwelike afkeur, heg die ander 82.85% weinig of geen waarde aan die kerk as huweliksbevestiger nie.

## 3. Die kerk en die gesin.

### (a) Inleiding :

Die Woord van God ken aan die gesin 'n besonder belangrike plek toe. Dit vorm een van die fondamentstene waarop Kerk en Staat gebou is. Die skeppingsverhaal reeds loop uit op die vorming van 'n huisgesin. Die geskiedenis van die menslike geslag begin nie atomisties met 'n groep losstaande individue nie dog organies met 'n huwelik en 'n huisgesin. So lees ons die geskiedenis

van/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Noag en sy gesin in die ark, Jacob en sy huisgenote wat na Egipte deur nood gedryf word, Job en sy gesin wat beproef word, ensovoorts. Hierdie enkele gevalle uit die geskiedenis is genoeg om aan te dui watter belangrike plek die huisgesin in die woord van God inneem.

Die identiteit en eie lewenskragtigheid van die Afrikanervolk is, naas die beskermende hand van God, aan die Afrikanergesin te danke. Hierdie Afrikanergesin was vanaf die vroegste tyd 'n bron van geestelike krag en 'n rots van behoudenis vir die godsdienstige karakter van die volk en sy eie bestaan. Die boere wat altyd diep afhanklik van en in nou verband met die natuur met sy wind, reën, sonskyn, ensovoorts gelewe het, het vanselfsprekend ook gedurig die beskerming, leiding en seën van die Almagtige gesoek. Dit het die godsdiens vir die gesin nie net lewend gemaak nie, maar ook iets prakties. Die behoefte aan beskerming en veiligheid te midde van die eensame, afgesonderde toestande en onbeheerbare natuurelemente was ook 'n aansporing tot 'n vromer, opregter en dieper godsdienstige lewe.

(b) Huisgodsdiens :

Hierdie algemene onwrikbare vertroue en kinderlike geloof in God het ongelukkig langsamerhand begin kwyn. Dis 'n verskynsel wat nie net in die stede en op die platteland in die algemeen voorkom nie maar ook in hierdie gemeenskappe in die besonder. Meer as een leraar getuig dat die ou Afrikaanse gewoonte van huisgodsdiens kwynend is.[2] In die gemeenskappe is die hou van

---

2) Albertyn, J.R., P. du Toit en H.S. Theron: Kerk en Stad, p.114.

huisgodsdiens/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huisgodsdiens ook besig om in verval te raak. Die resultate van die ondersoek dui daarop dat daar weereens drie groepe onderskei kan word, te wete: (i) hulle wat beslis saans nog huisgodsdiens hou; (ii) hulle wat „soms" huisgodsdiens hou, dit wil sê nog op Sondae miskien „boekevat"; en (iii) hulle wat beweer dat hulle „amper nie huisgodsdiens hou nie omdat die tyd daarvoor ontbreek."

Tabel 68. Die waarneem van huisgodsdiens in die gemeenskappe.

| Huis-gods-diens. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Gereeld | 13 | 14.29 | 3 | 7.87 | - | - | 16 | 11.42 |
| Ongereeld (Soms) | 49 | 53.86 | 21 | 55.27 | 7 | 63.64 | 77 | 55.04 |
| Nooit | 29 | 31.85 | 14 | 36.86 | 4 | 36.36 | 47 | 34.74 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Volgens tabel 68 word huisgodsdiens deur baie min gesinne in die gemeenskappe gehou. In gemeenskap A vind dit by 14.29% van die gesinne plaas. By 53.86% word dit ongereeld gehou terwyl dit by 31.85% nie gehou word nie. In gemeenskap B neem slegs 7.87% dit nog gereeld waar, 55.27% ongereeld en 36.86% nooit meer nie. Nie een van die gesinne in gemeenskap C hou gereeld huisgodsdiens nie.

Dit blyk dat die persentasie van gesinne waar huisgodsdiens nie meer gehou word nie in gemeenskappe A, B en C betreklik gelyk is. In gemeenskap A word die meeste gesinne aangetref waar huisgodsdiens gereeld gehou word. Daar is slegs 11.42% van alle gesinne wat nog

gereeld/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gereeld huisgodsdiens hou. Meer as 55% van hulle hou „soms" (ongereeld) huisgodsdiens en dit is waarskynlik dat 'n verdere gedeelte van die 55% by die derde groep sou tuishoort wanneer daar 'n meer grondige studie van hierdie aspek gemaak word, aangesien daar nog altyd 'n getal sal wees wat voorgee dat hulle wel huisgodsdiens hou ter wille van die goeie indruk wat dit op die ondersoeker laat.

(c) Tafelgebed :

Dit is nie alleen die gewoonte van „boekevat" wat kwynend is nie, maar in sommige huise ook die goeie gebruik om aan tafel by maaltye te bid. Die gevolg is dat die kinders nooit meer hulle ouers sien boekevat of hoor bid nie. Tabel 69 gee 'n aanduiding van hoe die gebruik om oor die tafel te bid, nog eerbiedig word.

Tabel 69. Hoe dikwels by ete gebid word in die gemeenskappe.

| Aard | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Gereeld | 48 | 52.76 | 8 | 21.06 | 4 | 36.36 | 60 | 42.86 |
| Soms | 32 | 35.15 | 22 | 57.88 | 7 | 63.64 | 61 | 43.57 |
| Nooit | 11 | 12.09 | 8 | 21.06 | - | - | 19 | 13.57 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Die indeling van bogenoemde drie groepe is op soortgelyke wyse as tabel 68 verkry.

Tabel 69 toon dat die grootste persentasie gesinne in gemeenskap A gereeld oor tafel bid, naamlik 52.76%. Vyf-en-dertig persent doen dit ongereeld terwyl die gebruik

by/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by 12.09% uitgesterf het. In gemeenskap B word die hoogste persentasie gesinne aangetref onder hulle wat nie gereeld oor tafel bid nie (57.88%) terwyl hulle wat gereeld en nooit oor tafel bid nie 21.06% in elke groep is. In gemeenskap C, bid 36.36% van die gesinne gereeld oor tafel, terwyl 63.64% dit ongereeld doen. Dit blyk dat die bewoners van gemeenskap A nie alleen meer gereeld huisgodsdiens hou nie (tabel 68) maar dat hulle ook meer gereeld oor tafel bid in vergelyking met die gesinne van gemeenskappe B en C.

Uit die totale aantal gesinne bid 42.86% gereeld oor tafel, 43.57% ongereeld, terwyl 13.57% dit nie meer doen nie.

Dit is begryplik dat die tafelgebed meer dikwels as die hou van huisgodsdiens onder die gesinne aangetref sal word. Daar is naamlik 'n bestemde tyd vir eersgenoemde (voor en na ete), dit neem 'n korter tyd in beslag en dit is ook makliker.

Daar moet gewaak word teen die gevaar om hulle wat versuim om huisgodsdiens te hou of by etes te bid, van onverskilligheid te beskuldig. Die hele leefwyse van die gesinne is ongeorganiseerd - daar is nie altyd bepaalde etensure en dit gebeur nie dikwels dat alle lede van die gesin gelyktydig om die eettafel vergader nie. Die skade wat die gesin en veral die kinders op gebied van Skrifkennis, gebed en geestelike opvoeding ly, kan egter nie oorskat word nie. In die gesin moet die kind immers geleer word om met die geestelike en hoëre dinge vertroud te raak om dit later self in hulle eie huise te gaan beoefen.

(d) Christelike/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Christelike lektuur :

Geldelike oorwegings asook die swak geletterdheid van die ouers is die oorsaak dat die gesinne baie selde met enige lektuur in aanraking kom. Dit wat hulle wel ontvang, bestaan hoofsaaklik uit kerklike tydskrifte wat gratis versprei word. Tabel 70 gee 'n weergawe van die mate waarin die gesinne lektuur beskikbaar het of kry.

Tabel 70. Christelike lektuurverkryging in die gemeenskappe.

| Lektuur-verkry-ging. | Gemeenskappe. | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | | B | | C | | | |
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Nooit | 42 | 46.15 | 9 | 23.68 | 5 | 45.45 | 56 | 40.00 |
| Ongereeld | 43 | 47.25 | 28 | 73.68 | 5 | 45.45 | 76 | 54.29 |
| Gereeld | 6 | 6.60 | 1 | 2.64 | 1 | 9.10 | 8 | 5.71 |
| Totaal: | 91 | 100.00 | 38 | 100.00 | 11 | 100.00 | 140 | 100.00 |

Volgens tabel 70, kry die grootste persentasie van die gesinne in gemeenskap A óf nooit (46.15%) óf ongereeld (47.25%) enige Christelike lektuur. Slegs ses gesinne (6.6%) kry gereeld lektuur. In gemeenskap B is die posisie nie beter nie. Een gesin (2.64%) kry gereeld leesstof, terwyl 73.68% ongereeld en 23.68% nooit leesstof in die hande kry nie. Lektuurverkryging in C is ewe swak. Slegs een uit die elf gesinne kry gereeld Christelike lektuur terwyl daar vyf in elk van die ander twee groepe is.

Hier is nog 'n aanduiding dat die gemeenskapsbewoners nie alleen maatskaplik afgesonder is nie maar ook

geestelik/ .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geestelik en kultureel. Daar word ongeveer drie tot vier keer per jaar buitedienste gehou, die predikant besoek hulle een keer per jaar, die gesinne self kom selde in die kerk (soos in tabel 63 weerspieël) en die gesinne kom selde met enige Christelike lektuur in aanraking.

Daar is ongeveer 40% van die gesinne wat feitlik nooit enige lektuur kry nie, terwyl meer as 54% van die gesinne hul tydskrifte ongereeld kry. Hierdie tydskrifte is die volgende. (L.W. dit sluit ook lektuur van nie-Christelike aard in):

| | |
|---|---|
| <u>Die Voorligter</u> (N.H. of G. Kerk) | 24 |
| <u>Die Hervormer</u> (N.H. Kerk) | 35 |
| <u>Die Kerkblad</u> (Gereformeerde Kerk) | 5 |
| Ander (Sektaries) | 8 |
| Nie-Christelike lektuur (ongereeld) | 4 |
| | 76 |

Slegs agt van die gesinne ontvang gereeld tydskrifte (tabel 70) waarvan drie Christelike en vyf ander (sektaries) is.

Samevattend kan dus gekonstateer word dat die voorkom of die godsdienstige lewe ten opsigte van kerkbesoek, deelname aan kerklike lewe, bevestiging van huwelike, die hou van huisgodsdiens, ensovoorts, nie aan die beste verwagtings voldoen nie. Aan die ander kant moet egter daarop gewys word dat hierdie mense sekerlik nie as geheel ongodsdienstig bestempel kan word nie. Die maatskaplike veragtering en die swak ekonomiese omstandighede waaronder die mense moet lewe kan nie té gering geskat word in hul klaarblyklike ongodsdienstigheid nie.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die geheel-indruk waartoe die ondersoeker gekom het, is dat hierdie mense oor die algemeen nie onverskillig en ongelowig is nie, hoewel die kerk self nie 'n alte groot plek in hul lewe inneem nie. Byna almal glo in God en aan die paar algemene Goddelike wette wat aan hulle bekend is, soos o.a. Sabbatsontheiliging, probeer hulle gehoorsaam wees.

Dit wou tog voorkom of die gesag en plek wat godsdiens in die lewe van die vroeëre geslagte ingeneem het, by die jonger geslag aan die afneem is. Die toegewyde godsdienssin by die ouer geslag word nog vry algemeen aangetref. Meer as een het die ondersoeker verseker: „Al vreugde wat ek nou nog op my oudag kan geniet, vind ek in die lees van my Bybel." By die jonger geslag is daar 'n teenoorgestelde neiging merkbaar. Godsdiens word al meer op die agtergrond geskuif, sodat 'n losser en liberaler geslag besig is om op te groei. Erfenisse wat vir die voorgeslag nog heilig en eerbaar was, word deur die jonger geslag oorboord gegooi en gering geskat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk XI.

## DIE STAD EN SY INVLOED OP DIE GEMEENSKAPPE.

### 1. Die stadwaartse trek in die algemeen.

Om die verskynsel van verstedeliking in die gemeenskappe reg te begryp, is nodig om die ekonomies-kulturele agtergrond van die Afrikanerbevolking in dié verband kortliks te omlyn, en om 'n aanduiding van 'n paar van die belangrikste gemeenskaplike kenmerke van die verstedeliking van die Afrikaner en dié van die gemeenskappe onder beskouing, te gee.

Binne één geslag het feitlik die hele maatskaplike voorkoms van die Boerebevolking verander. Hierdie metamorfose is die gevolg van die toestroming na die stede. Die hele geaardheid van die landskap het ewe skielik verander; waar die pad in die verlede reguit en gelyk was, gaan dit nou met kronkelgange oor berge en deur dale, in soverre dit die Boerenasie aangaan. Of, om die beeld te verander: waar die individu se weg in die verlede veel gemeens met 'n stille private plaaspad gehad het, gebruik net deur sy eie mense, met oorvloedig tyd en geleentheid vir onderlinge ontmoeting en geselskap, loop die pad nou skielik uit in 'n breë, publieke verkeersweg waar met koorsagtige tempo heen en weer gejaag word en waar die reisiger met moeite en met lewensgevaar sy weg deur die menigte moet vind. Hoe anders as vandag was omstandighede 75 jaar gelede in Suid-Afrika. Dis 'n veelseggende feit dat daar tot ongeveer 1870 feitlik net een stad in Suid-Afrika was, naamlik Kaapstad - geleë in die suidelike hoek van die land en ver weg van die hart en lewe van die meeste Afrikaners - 'n stad wat veel eerder kosmopolities as

Afrikaans / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaans was. Vir meer as 200 jaar het die Afrikaner meesal op die boereplase of op die klein dorpies gewoon.

Die geografiese omgewing het in 'n groot mate die individu en die gesin se leef- en denkwyse bepaal. Daar was vir hom wat 'n Amerikaanse sosioloog noem "the humanising background of nature" - die opheffende agtergrond van die natuur. Omring deur groot vlaktes en oop ruimtes met die gesigseinder onbeperk, kon hy vryelik beweeg. Die uitgebreide omgewing het hom alle geleenthede gebied. Daar was onbeperkte weiding vir sy diere, volop bewerkbare grond, terwyl reën- en bronwater veel beter bewaar is deurdat gras en bos die snelle afloop gekeer het. Daarby was die maagdelike grond nog ryk en kon dit met weinig bewerking 'n goeie oes oplewer. Veel het in die omgewing meegewerk om aan elkeen 'n betreklik maklike bestaan te besorg. Rustig en onbekommerd oor sy eie toekoms, sowel as oor die van sy kinders, kon die boer saam met sy familie woon. Vir sy kinders en vir sy nageslag was daar bestaansekerheid.
Die dorp was vir die meeste slegs die plek waarheen hulle nou en dan gegaan het, om enkele benodigdhede aan te koop en om kerkdienste by te woon. Maar hierdie rustige toestand was nie blywend nie, veral nie met 'n groeiende bevolking wat na die ontdekking van diamante en goud aansienlik vergroot is deur 'n instromende vreemde element nie. Hierdie vreemde element het dadelik nuwe gewoontes, nuwe leefwyses, nuwe handels- en besigheidsmetodes en ook nuwe probleme geskep. Dit was juis in die dorpe en veral in die opkomende stede waar die plattelander nou met hierdie nuwe lewe in aanraking gekom het.

Die nuwe besigheids- en industriële lewe wat in elke stad en groot dorp ontstaan het, het mense getrek. Ver-

der/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



der het die dorp 'n welkome uitweg gebied vir hulle wat as gevolg van die onderverdeling van die plase, nie meer 'n bestaan kon maak op die klein stukkies grond nie. Plase is sodanig verdeel onder die nageslag dat hulle in vele gevalle só klein geword het dat kinders van groot families moes trek om elders 'n heenkome te vind. „Die lewenskragtigheid van die Afrikaner vergoed nie alleen vir die verlies aan mensemateriaal gedurende die oorlog (1899-1902) nie, maar besorg 'n aansienlike geboortesurplus op die platteland wat later - altans in die Noordelike provinsies - as die nucleus en begin van die stadwaartse trek beskou moet word", aldus J.R. Albertyn, e.a.[1)]

Die dorp en die stad was die enigste toevlugsoord vir die wat nie bywoners wou word nie. Goedkoop en oorvloedige naturelle-arbeid het nie boere aangemoedig om, soos in ander lande, blanke bywoners of dagloners in diens te neem nie.

Die lewensstryd op die platteland het veel moeiliker geword deurdat plase nie alleen kleiner, dog ook veel duurder geword het. Die stryd is verder bemoeilik deur oorbeweiding en oorbewerking wat op die kleinerwording van die grond gevolg het. Dit het weer grondverspoeling vererger en die bewaring van water bemoeilik. Hierdie aaneenskakeling van oorsake het gaandeweg vanself die lewensbestaan op die plase bemoeilik.

Die kredietstelsel wat vroeër byna onbekend was, het mense geleer om maklik skuld te maak en baie is in 'n maalstroom waaruit hulle nie kon kom nie, ingetrek. Gebrek aan besigheidskennis en -ervaring - wat voorheen nie so nodig was nie - het die boer dikwels 'n maklike prooi van die geslepe vreemdeling gemaak wat deur kredietver-

---

1) Albertyn, J.R., P.du Toit, H.S. Theron red.: Kerk en Stad, p.16.

lening/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lening sy plaas in hande wou kry. Hoeveel honderdduisende morge grond moes nie vir winkelskuld en borgstaan weggegee word nie!

Die verhoogde eise wat aan die boerdery gestel is, het ook meer as een kleinboer na die stede gedryf.

Daar bestaan 'n noue verband tussen die groei van stede en die eis van groter doeltreffendheid van boerderymetodes. Die verhoogde produktiwiteit van die boerdery stel na verhouding minder boere in staat om relatief meer ander persone van voedsel te voorsien.

Die ekonomiese ontwikkeling gaan gewoonlik ook gepaard met 'n daling in die persentasie van die bevolking wat in die boerdery betrokke is. Nie alleen 'n daling in die persentasie werkers word aldus veroorsaak nie, dog ook 'n daling in die persentasie van die volksinkome wat deur die boere ontvang word.[2] „Die wet van Engel bepaal dat die persentasie van die gesinsinkome wat aan voedsel bestee word, daal namate die gesinsinkome styg. Alle belangrike gesinsinkome-ondersoeke staaf hierdie bevinding."[3] As dit van gesinne waar is, moet dit ook op volke van toepassing wees. Na mate die welstand van 'n volk toeneem, bestee hy relatief 'n kleiner deel van sy inkome aan voedsel, wat die vernaamste produk van die boerdery is.[4]

Terwyl bogenoemde toestande die lewensbestaan op die platteland moeiliker gemaak het, het die dorpe en stede beter geleentheid gebied om daar 'n heenkome te vind. Die myne trek groot getalle teen bestendige en hoë lone.

---

2) Pauw, S.: <u>Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad</u>, p.140-141.

3) Pauw, S.: a.w., p.141.

4) Pauw, S.: a.w., p.141.

Fabrieke/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Fabrieke en industrieë bied werk vir oud en jonk. Die vooruitsigte op 'n vaste en gereelde inkomste word verkies bokant die wisselvalligheid van die platteland.

Waar die stad ook nuwe werkgeleenthede in kantoor, fabriek en myn bied, kom ook 'n nuwe behoefte aan geleerdheid en opleiding. Die seun of dogter met ambisie moet na die stad gaan vir verdere opleiding.

Verder bied die stad ongekende vorme van vermaaklikheid en ontspanning. Dit laat die plattelander dikwels voel dat sy lewe op die plaas te prosaïes en dood is en laat hom verlang om ook aan daardie nuwe lewe deel te hê.

So is die trek na die stad daadwerklik in die hand gewerk en toe die pad eers eenmaal oopgetrap is, het die stroom daarheen al groter geword, met die gedagte dat dit daar makliker as op die plaas gaan. Waar die boer as gevolg van plae, droogte en misoeste gedwing is om met die rug teen die muur te veg en te volhard, gaan daar vir hom nou 'n nuwe deur oop waarvan hy gretig gebruik gemaak het.

Die ontsettende ontwrigting wat die Tweede Vryheidsoorlog nagelaat het, moet ook nie as oorsaak van die trek na die stede onderskat word nie. Die lwensstryd wat vir talle boere te moeilik geword het, het oënskynlik in 'n groot mate in die dorpe en stede verdwyn. Die opvatting het begin bestaan dat as 'n beginner op die plaas swaarkry, hy net stadtoe moet trek. Daar kry hy soveel meer kanse om „gou op die been te kom". Die gevolg was: die stroom van armes na die stede het al sterker en breër begin vloei. Dit wil oor die algemeen voorkom asof die verarming van die boer een van die vernaamste oorsake van die trek na die stede was.[5)]

---

5) Pauw, S.: a.w., p.140. Vergelyk ook: Volkskongres te Johannesburg. 1-4 Julie 1947, Referate en Besluite: <u>Die Opkoms van die Arbeiderstand in Suid-Afrika</u> , deur J.R. Albertyn, p.6, en Volkskongres te Johannesburg ... a.w., <u>Die Afrikaner se landelike herkoms en sy verstedeliking</u>, deur T.C. de Villiers, p.17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Kerk en Stad[6] word vier hoofgroepe redes aangegee vir die stadwaartse trek, te wete :

1. Biologies, dit wil sê, die geboorte-oorskot op die platteland dwing die jonger gelsag om na die stede te trek;
2. Ekonomies, dit wil sê, die begeerte om hul ekonomiese toestand te verbeter;
3. Sosiaal, dit wil sê, beter geriewe vir opvoeding, onderwys en werkgeleenthede; en
4. Sielkundig, dit wil sê, die bekoring van die stadslewe.

## 2. Die stadwaartse trek in die gemeenskappe.

### (a) Inleiding:

In die voorgaande afdeling is 'n kort oorsig van die verstedeliking van die plattelander gedurende die afgelope 75 jaar gegee. Die stadwaartse trek het by al die ouderdomsgroepe van die bevolking voorgekom hoewel die neiging die sterkste by die jeug bespeur is.

In die onderhawige gemeenskappe is ook 'n trek-na-die-stad-neiging opgemerk, hoewel dit uitsluitend tot die jonger geslag beperk is, soos blyk uit die feit dat nie een gesinshoof ouer as 30 jaar aangetref kon word wat stadtoe getrek het nie. Die ouer geslag is nie daarin geinteresseerd om hul „plase" te verlaat en na die stad te trek nie. „Wie sal na die plaas kyk as ek wegtrek?" of „wat sal ek in die stad gaan maak - ek is tog te oud en te sieklik om

---

6) Albertyn, J.R. en ander: a.w., p.17 en 18.

te gaan/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te gaan werk", is algemene verskonings wat die ondersoeker moes aanhoor toe oor hierdie saak navraag gedoen is.

Die ouers is oor die algemeen ook heeltemal teen die gedagte dat hul kinders stadtoe moet trek, hoewel dit in baie gevalle vir die kinders tog as't ware verpligtend was as hul ouers voordeel uit staatstoelaes wou trek. Daar is egter 'n veelheid faktore wat die stadwaartse trek onder die jeug aangemoedig het en vervolgens sal 'n paar van die faktore kortliks bespreek word.

(b) Redes vir die stadwaartse trek:

(i) Oorbevolking in die gemeenskappe.

In vorige hoofstukke is reeds op die feit gewys dat die gemeenskappe heeltemal oorbevolk is, veral in soverre dit boerdery-aangeleenthede betref. Die potensiële boere het te veel geword in verhouding tot die hoeveelheid bewerkbare grond. Meer as een van die kinders wat in die stede besoek is, het hierdie feit beklemtoon. Die jonger skoolgaande broers en susters kon gewoonlik doeltreffend genoeg met die boerderytjie help.

(ii) Verarming van die gesinne.

Die snelle ekonomiese ontwikkeling van die afgelope jare het meegebring dat boerdery op meer gespesialiseerde grondslag gedryf moes word. Die mededinging op die produktemark het steeds sterker geword en so gou as wat iemand nie voldoende kon meeding nie, is hy met ondergang bedreig. Dit is iets wat in hierdie bepaalde gemeenskappe baie plaasgevind het.

Terwyl hierdie proses van ekonomiese agteruitgang

aan/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die gang is, lewe daar in die harte van die jongeres tog 'n begeerte na 'n groter ekonomiese welvaart en selfstandigheid. Dit gee by hulle aanleiding om ouerhuise te verlaat en 'n beter lewe in die stad te gaan soek.

(iii) Erfgewoonte.

Die erfgewoonte het indirek grootliks daartoe bygedra dat 'n aantal van die jeugdiges na die stede verhuis het. Met die uitsondering van vier gesinne het die grondeienaars almal dieselfde erfstelsel gevolg. Hierdie stelsel bepaal naamlik dat die grond na die dood van die eienaar of eienares gelykop onder die kinders verdeel sal word. Die testament van die ander vier gesinne bepaal dat die oudste seun die grond erf en hy moet dan die ander kinders in kontant uitbetaal vir die deel wat hulle aan grond sou geërf het. Omdat die oudste seun toe die grond erf, moes die ander kinders elders 'n heenkome vind. Gewoonlik is die stad gekies. Selfs die oudste seun moes dikwels die grond verkoop, sodat hy aan die testament-bepalings uitvoering kon gee. As hy sy broers en susters die vereiste bedrae betaal, is hyself ekonomies so swak dat hy ook maar 'n uitvlug in die stad gaan soek.

By die ander gesinne is die probleem weer dat die grond teen hierdie tyd al sodanig onderverdeel is, dat dit eintlik nie verder gevoer kon word nie. Die koste aan opmeting loop so hoog dat dit nie die klein stukkies grond regverdig nie (sien kaarte 1, 2 en 3 in die bylae). Erfgename van sulke stukkies grond is dikwels gedwing om óf as bywoner by ander te werk óf om na die stede toe te trek.

Daar is die geval waar vier gesinslede 'n stuk grond

van/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van ongeveer 35 morge moes erf waarop daar net een woonhuis gestaan het. Die oudste seun het aanspraak op die huis en die omliggende grond gemaak en geweier dat sy broers of susters op sy grond mag kom. Hulle weer het geweier om van die huis en grond afstand te doen. Die gevolg was 'n hewige rusie en twis, waarna toe besluit is dat alvier die broers en susters die plaas sou verlaat om elders 'n lewe te gaan maak.

(iv) Die bepalings van die pensioenewet.

Die bepaling van die pensioenewetgewing (dat geen nie-skoolgaande kind bo 16 jaar by 'n gesin wat ongeskiktheidstoelaag ontvang, mag inwoon nie) het ook baie tot die verstedeliking van die jeug meegewerk. In 'n vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat 'n groot aantal gesinne sodanige toelaes van die Staat ontvang. Hoewel sommige ouers dit wel reggekry het om hul kind tuis te hou, geld dit nie van almal nie. In die stad ondervind die kinders gewoonlik nie baie moeilikhede nie omdat werk betreklik volop is, al is dit in die meeste gevalle ongeskoolde arbeid.

(v) Werksgeleenthede in die stad.

'n Faktor wat in die voorgaande paragraaf genoem is wat die jeugdige aanmoedig om na die stede te trek, is die feit dat werk in die stad so maklik verkry kan word. 'n Familielid wat na die stad getrek het, laat baie gou huistoe weet hoe gunstig werktoestande is - veral as in gedagte gehou word dat hierdie persone selde of ooit £10 op die plaas in hul hande gehad het. Lone van £20 en meer per maand is dus 'n groot klomp geld en baie aantreklik. Die gesin tuis neem dan gewoonlik nie lank om te besluit

om/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om ook die plaas te verlaat en geld in die stad te gaan verdien nie. As voorbeeld dien 'n geval van 'n vader (27), 'n moeder (25) en 'n seuntjie (3) wat hoegenaamd niks besit het nie en van die gunste en gawes van ander moes lewe. Die moeder se suster het in Johannesburg gewerk en omdat die vader botweg geweier het om sy tuiste te verlaat, het die moeder alleen daar gaan werk soek. Toe sy aan die einde van die eerste maand van haar geld wat sy in die klerefabriek verdien het, aan haar man stuur, het hy haar gevolg en in die poskantoor 'n betrekking as arbeider aanvaar. 'n Paar maande later het die ondersoeker hulle in Vrededorp opgesoek. Hulle huis was 'n redelik bouvallige motorhuis wat hulle met 'n ander gesin gedeel het. Hulle was egter baie gelukkig en in 'n mate reeds verstedelik.

(vi) Bekoorlikheid van die stad.

Die sielkundige uitwerking wat die bekoorlikheid van die stad op die individu uitoefen, moet nie as té gering beskou word nie. In die drie gemeenskappe is dit miskien nie 'n direkte oorsaak nie, maar wel tog indirek. Briewe word van familie in die stad ontvang waarin die stad met al sy winkels en motors en plesieroorde beskryf word. Op dié wyse ontstaan daar 'n stille bewondering vir en waarskynlik ook 'n onderliggende begeerte en heimwee na die stad. Hierdie houding word hoofsaaklik net by die jonger geslag aangetref. Die ouer geslag koester egter geen begeerte om na die stad te verhuis nie. 'n Verslag van die Volkswelsynsbeampte oor gemeenskap C dui ook hierop: ".... Een van die vrouens is van mening dat 'n mens nie vir 'n oomblik in Pretoria seker is van jou lewe nie...."[7] Haar

---

[7] Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap C, p.6.

seun/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



seun is byna noodlottig beseer toe hy op die plaas van 'n donkie afgeval het. Dit was juis toe sy hom na die hospitaal in Pretoria geneem het dat sy tot bogenoemde gevolgtrekking gekom het.[8] Verder meen die volkswelsynbeampte dat dit verblydend is om te vind dat die jong mense nie meer huiwerig is om die wêreld in te gaan nie. Tydens sy besoek aan C het hy opgemerk dat daar drie seuns van ongeveer 18 jaar was. Een van hulle was reeds 'n betrekking as bode in Pretoria aangebied; die tweede was gewillig om te gaan werk indien hy werk kon kry; dog die derde (juis dié een wat beseer is) was onwillig om die gemeenskap te verlaat.[9]

(vii) Onderwysgeleenthede in die stad.

Die stad as opvoedkundige sentrum het vir die gemeenskapsbewoners geen aantrekkingskrag nie. Die feit dat nie een van die bewoners of hul kinders enige naskoolse opleiding geniet het nie, staaf hierdie bewering. Daar is slegs enkeles wat sover as standard X gekom het. Die stad met sy universiteite, normaalkolleges, tegniese kolleges, ensovoorts, het vir die gemeenskapsbewoner dus ongelukkig geen betekenis nie.

Daar is gevolglik 'n duidelike aanduiding dat daar, veral onder die jonger geslag in die gemeenskappe, 'n neiging tot die stadwaartse verhuising is. Die mate van verstedeliking kom egter in 'n geringer mate voor as onder die plattelandse bewoners van die Unie in die algemeen. Die redes vir die verhuising by die twee groepe kom egter in 'n groot mate ooreen.

---

8) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap C, a.w., p.6.

9) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap C, a.w., p.6.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Uniebevolking wat stadtoe trek, verskil van hulle in die gemeenskappe in die sin dat eersgenoemdes gewoonlik om twee redes trek. Eerstens, is daar hulle wat graag naby die opvoedkundige sentra in die stad ten behoewe van hulle kinders wil wees. Hulle is die meer intellektueles wat beslis 'n aanwins vir die stad is. Tweedens, is daar hulle wat ook vanweë moeilike omstandighede moet trek. In die gemeenskappe het ons egter net met dié groep te doen wat uit armoede of om verwante redes hul tuiste verlaat en so in die stad beland.

### 3. Beroepe en woonplekke van kinders wat hul ouerhuis verlaat het.

Die ondersoeker het probeer vasstel waar die kinders wat hul ouerhuis verlaat het, hulle in die stad bevind en watter beroepe hulle volg; met ander woorde, hul ekonomiese en maatskaplike peil.

Die woonplek het geen probleem opgelewer nie. Tydens die ondersoek in die gemeenskappe is hulle name, ouderdom, geslag en, op 'n paar uitsonderinge na, ook hul adresse in die stad verkry. Met die vasstelling van die beroepe wat hulle volg, het dit moeiliker gegaan. Hoofsaaklik is die gegewens bepaal net by die mans of die eggenotes van die vroue. (Daar moet onthou word dat hoewel beroepe en woonplekke van kinders behandel word, hierdie kinders in werklikheid volwassenes is). Die ouers was maar selde op hoogte met wat hul seun of skoonseun in die stad doen. Wanneer verklaar word dat die seun 'n bouer is, het dikwels by nadere ondersoek geblyk dat hy slegs 'n handlanger was.

Om hierdie gegewens so betroubaar moontlik te kry,

het/ ....

© University of Pretoria

Tabel 71. **Aard van die industrie en woongebied van kinders wat die ouerhuis verlaat het, soos op 31 Desember 1952.**

| Aard van Industrie. | Johannesburg. | | | | Pretoria. | | | | * Omliggende dorpe. | | | | Ander dorpe. | | | | In die gemeenskappe. | | | | Ander Plase. | | | | Ander Provinsies. | | | | Totaal. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. |
| Boerdery | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 33 | 19 | 3 | 55 | 14 | 7 | 1 | 22 | 3 | 1 | 1 | 5 | 50 | 27 | 5 | 82 |
| Poswese | 7 | 1 | - | 8 | 3 | 1 | 2 | 6 | - | - | - | - | 2 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 12 | 2 | 2 | 16 |
| Spoorweë | 73 | 8 | - | 81 | 7 | 10 | 3 | 20 | 9 | 1 | - | 10 | 4 | - | - | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 2 | 1 | 5 | 95 | 21 | 4 | 120 |
| Padwerke | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | - | - | 3 | 3 | - | - | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | - | - | 6 |
| Mynbedryf | 15 | 9 | 1 | 25 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | 2 | 18 | 9 | 2 | 29 |
| Boubedryf | 14 | 2 | - | 16 | - | 5 | 1 | 6 | 1 | - | - | 1 | 4 | 1 | 2 | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 19 | 8 | 3 | 30 |
| Polisiediens. | - | 2 | 1 | 3 | 2 | 1 | - | 3 | - | - | - | - | 2 | 4 | - | 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 | 5 | 7 | 2 | 14 |
| Yskorarbeiders | - | - | - | - | 2 | 3 | 1 | 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 3 | 1 | 6 |
| Fabrieke | 3 | 5 | - | 8 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 5 | - | 8 |
| Tiksters | - | - | - | - | 4 | - | - | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | - | - | 4 |
| Privaat Ondernemings. | 19 | 8 | - | 27 | 4 | 6 | - | 10 | - | 2 | - | 2 | 5 | 6 | - | 11 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | 29 | 22 | - | 51 |
| Los en ongeskoolde werk. | 7 | - | - | 7 | - | 2 | - | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 2 | - | 10 |
| Werkloos | 5 | - | - | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | 2 | 12 | 5 | 2 | 19 | - | - | - | - | - | - | - | - | 19 | 5 | 2 | 26 |
| Totaal: | 143 | 35 | 2 | 180 | 22 | 28 | 7 | 57 | 11 | 3 | - | 14 | 23 | 11 | 3 | 37 | 48 | 24 | 5 | 77 | 14 | 7 | 1 | 22 | 9 | 3 | 3 | 15 | 269 | 111 | 21 | 402 |
| Persentasie. | | | | 44.78 | | | | 14.18 | | | | 3.48 | | | | 19.15 | | | | 5.47 | | | | 9.20 | | | | 3.74 | | | | 100.00 |

* Onder "omliggende dorpe" word dorpe wat naby die gemeenskappe geleë is, verstaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die ondersoeker 'n aantal gesinne in Johannesburg en Pretoria gaan opsoek sodat 'n beeld van die betroubaarheid van die gegewens, soos dit deur die ouers verstrek is, verkry kon word. Daar is gevind dat die industrie waar 'n persoon werk, korrek deur die ouers aangegee is, maar die aard van die beroep was nie juis nie. Die indeling wat gemaak is, berus merendeels op die aard van die industrie. Hierdie indeling is heeltemal betroubaar.

Uit tabel 71 kan die volgende afgelei word: die aantal kinders wat hul ouerhuise reeds verlaat het, waar hulle woonagtig is en die aard van die werk wat hulle verrig. Om die tabel verder te verduidelik word 'n uittreksel (tabel 72) afsonderlik gemaak waarin 'n persentasieweergawe verkry word, sodat die gegewens meer vergelykbaar gestel kan word.

Die meeste van die kinders is getroud en hulle kan as gesinne gereken word. Kinders wat egter nog ongetroud is, is selfversorgend en hulle kan gevolglik ook as (potensieël) gesinne gereken word. Die aantal <u>kinders</u> word dus in terme van <u>gesinne</u> beskou.

Uit tabel 74 blyk dat die grootste trek dié na die stede (Johannesburg en Pretoria) is naamlik 58.96%. Van hierdie 58.96% bevind byna 45% hulle in Johannesburg, terwyl 14% in Pretoria is. Dit is opvallend dat volgens die tabel, gesinne uit gemeenskap A hoofsaaklik na Johannesburg gaan. Daar is byvoorbeeld 143 gesinne in Johannesburg, terwyl 22 in Pretoria gevind is. Van gemeenskap B geld dieselfde, hoewel die verskil in getalle tussen die twee stede nie so groot is nie. Daar is byvoorbeeld 35 gesinne wat na Johannesburg getrek het, teenoor 28 na Pretoria. In gemeenskap C word die teenoorgestelde gevind

naamlik/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naamlik 2 gesinne in Johannesburg teenoor 7 in Pretoria. Die verklaring is hierin geleë dat Pretoria die naaste aan gemeenskappe B en C is terwyl Johannesburg weer die naaste aan gemeenskap A is.

Negentien persent bevind hulle in ander dorpe of die omliggende dorpe, terwyl 'n baie klein persentasie hulle op plase, in die gemeenskappe, of naburige dorpe bevind.

Vyf-en-negentig persent van hierdie gesinne (kinders) wat in die stede woon, bevind hulle in die swakste buurte en die mindergegoede voorstede. 'n Eienaardige en interessante verskynsel wat die ondersoeker opgeval het, was dat die gesinne selfs hier in die stede 'n soort gemeenskap gevorm het. So is meer as 30 gesinne binne drie opeenvolgende strate in Johannesburg gevind. 'n Aantal het bymekaar in dieselfde huis gewoon en ander het probeer om so na moontlik 'n kamer te huur. Hulle hou gereeld met mekaar kontak en dit is ook feitlik hul enigste vriendekring.

Die maatskaplike toestande waaronder hierdie gesinne in die stede leef, is baie swak. Na verhouding is hul lewensstandaard miskien swakker as wat dit in die gemeenskappe was. Hul ekonomiese peil is nie veel beter nie want hoewel hul salaris of lone tot £40 per maand beloop, gaan die grootste deel vir behuising, voedsel, kleding, brandstof en ander bestaansbenodigdhede.

Sosioloë meen dat die skielike oorplasing van 'n persoon van 'n landelike na 'n stedelike omgewing, 'n kultuurskok veroorsaak wat, al is dit soms net tydelik, sy hele huislike, intellektuele, ekonomiese en godsdienstige lewe in verwarring bring.[10] Sy gevestigde en aan-

---

10) Albertyn, J.R. e.a.: a.w., p.5.

vaarde/ ...

© University of Pretoria

vaarde opvattings van die lewe kom in die stad in die gedrang; die lewensbeskouing is hier in baie opsigte net die teenoorgestelde van wat dit tuis was. Hy raak totaal ontwortel en hy leef gedurig in spanning en konflikte.

Tabel 72. Aard van die Industrie en woongebied van kinders wat die ouerhuis verlaat het, soos op 31 Desember 1952 in persentasies uitgedruk.

| Aard van die Industrie. | Johannesburg. | Pretoria. | Omliggende dorpe. | Ander dorpe. | In die gemeenskappe. | Ander plase. | Ander Provinsies. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % |
| Boerdery | - | - | - | - | 71.43 | 100.00 | 33.33 | 20.40 |
| Poswese | 4.44 | 10.53 | - | 5.41 | - | - | - | 3.99 |
| Spoorweë | 45.00 | 35.09 | 71.43 | 10.81 | - | - | 33.33 | 29.86 |
| Padwerke | - | - | - | 8.11 | 3.90 | - | - | 1.49 |
| Mynbedryf | 13.89 | - | - | 5.41 | - | - | 13.33 | 7.22 |
| Boubedryf | 8.89 | 10.53 | 7.14 | 18.92 | - | - | - | 7.47 |
| Polisiediens. | 1.67 | 5.26 | - | 16.21 | - | - | 13.33 | 3.48 |
| Yskor arbeiders. | - | 10.53 | - | - | - | - | - | 1.49 |
| Fabrieke. | 4.44 | - | - | - | - | - | - | 1.99 |
| Tiksters. | - | 7.02 | - | - | - | - | - | 0.96 |
| Private ondernemings. | 15.00 | 17.54 | 14.29 | 29.72 | - | - | 6.68 | 12.69 |
| Loswerk en ongeskoolde werk. | 3.89 | 3.50 | 7.14 | - | - | - | - | 2.49 |
| Werkloos. | 2.78 | - | - | 5.41 | 24.67 | - | - | 6.47 |
| Totaal : | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 |

Volgens tabel 72 werk 45.0% van die gesinne (kinders) wat die ouerhuis verlaat en na Johannesburg getrek het, op die spoorweë. 'n Geringer persentasie daar is aan private ondernemings (15.0%) en aan die mynbedryf (13.89%) verbonde. 'n Baie klein persentasie word in die poswese, boubedryf, polisiediens, ens. aangetref. Van die gesinne wat in Pretoria woonagtig is, word min of meer 'n soortgelyke beeld aangetref, met dié verskil dat die poswese beter verteenwoordig is. Ook is daar 10.53% van die

gesinne/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesinne by Yskor werksaam.

Wat geskoolde arbeid betref, word polisie-amptenare en tiksters as die hoogste en ook die enigste geskoolde beroepe gevind (4.44%). Die ander persone verrig almal ongeskoolde arbeid in die poswese, op die spoorweë, op die paaie, ens.

Tabel 72 toon verder dat 29.86% van alle kinders wat hul ouerhuis verlaat het, spoorwegwerkers van beroep is. Daar is 20.40% in boerdery terwyl 12.69% in private ondernemings werksaam is. Slegs 'n geringe persentasie word in die ander beroepe aangetref. Ses-en-negentig persent van die kinders verrig ongeskoolde arbeid in die een of ander vorm. As daar gedink word dat hulle jeugdiges is wat geen geskoolde arbeid kan verrig nie, stem dit tot nadenke. Die spoorweë wat sekerlik die werkverskaffer aan die grootste persentasie ongeskoolde arbeiders is, voorsien ook vir die grootste persentasie van hierdie groep persone hulle brood, naamlik vir 29.86%.

Samevattend blyk dit dat van die persone wat hul ouerhuise verlaat het, die grootste persentasie in die swak buurte van Johannesburg gevind kan word, terwyl die oorgrote meerderheid ongeskoolde arbeid verrig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk XI.

## DIE STAD EN SY INVLOED OP DIE GEMEENSKAPPE.

### 1. Die stadwaartse trek in die algemeen.

Om die verskynsel van verstedeliking in die gemeenskappe reg te begryp, is nodig om die ekonomies-kulturele agtergrond van die Afrikanerbevolking in dié verband kortliks te omlyn, en om 'n aanduiding van 'n paar van die belangrikste gemeenskaplike kenmerke van die verstedeliking van die Afrikaner en dié van die gemeenskappe onder beskouing, te gee.

Binne één geslag het feitlik die hele maatskaplike voorkoms van die Boerebevolking verander. Hierdie metamorfose is die gevolg van die toestroming na die stede. Die hele geaardheid van die landskap het ewe skielik verander; waar die pad in die verlede reguit en gelyk was, gaan dit nou met kronkelgange oor berge en deur dale, in soverre dit die Boerenasie aangaan. Of, om die beeld te verander: waar die individu se weg in die verlede veel gemeens met 'n stille private plaaspad gehad het, gebruik net deur sy eie mense, met oorvloedig tyd en geleentheid vir onderlinge ontmoeting en geselskap, loop die pad nou skielik uit in 'n breë, publieke verkeersweg waar met koorsagtige tempo heen en weer gejaag word en waar die reisiger met moeite en met lewensgevaar sy weg deur die menigte moet vind. Hoe anders as vandag was omstandighede 75 jaar gelede in Suid-Afrika. Dis 'n veelseggende feit dat daar tot ongeveer 1870 feitlik net een stad in Suid-Afrika was, naamlik Kaapstad - geleë in die suidelike hoek van die land en ver weg van die hart en lewe van die meeste Afrikaners - 'n stad wat veel eerder kosmopolities as

Afrikaans / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaans was. Vir meer as 200 jaar het die Afrikaner meesal op die boereplase of op die klein dorpies gewoon.

Die geografiese omgewing het in 'n groot mate die individu en die gesin se leef- en denkwyse bepaal. Daar was vir hom wat 'n Amerikaanse sosioloog noem "the humanising background of nature" - die opheffende agtergrond van die natuur. Omring deur groot vlaktes en oop ruimtes met die gesigseinder onbeperk, kon hy vryelik beweeg. Die uitgebreide omgewing het hom alle geleenthede gebied. Daar was onbeperkte weiding vir sy diere, volop bewerkbare grond, terwyl reën- en bronwater veel beter bewaar is deurdat gras en bos die snelle afloop gekeer het. Daarby was die maagdelike grond nog ryk en kon dit met weinig bewerking 'n goeie oes oplewer. Veel het in die omgewing meegewerk om aan elkeen 'n betreklik maklike bestaan te besorg. Rustig en onbekommerd oor sy eie toekoms, sowel as oor die van sy kinders, kon die boer saam met sy familie woon. Vir sy kinders en vir sy nageslag was daar bestaansekerheid.
Die dorp was vir die meeste slegs die plek waarheen hulle nou en dan gegaan het, om enkele benodigdhede aan te koop en om kerkdienste by te woon. Maar hierdie rustige toestand was nie blywend nie, veral nie met 'n groeiende bevolking wat na die ontdekking van diamante en goud aansienlik vergroot is deur 'n instromende vreemde element nie. Hierdie vreemde element het dadelik nuwe gewoontes, nuwe leefwyses, nuwe handels- en besigheidsmetodes en ook nuwe probleme geskep. Dit was juis in die dorpe en veral in die opkomende stede waar die plattelander nou met hierdie nuwe lewe in aanraking gekom het.

Die nuwe besigheids- en industriële lewe wat in elke stad en groot dorp ontstaan het, het mense getrek. Ver-

der/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



der het die dorp 'n welkome uitweg gebied vir hulle wat as gevolg van die onderverdeling van die plase, nie meer 'n bestaan kon maak op die klein stukkies grond nie. Plase is sodanig verdeel onder die nageslag dat hulle in vele gevalle só klein geword het dat kinders van groot families moes trek om elders 'n heenkome te vind. „Die lewenskragtigheid van die Afrikaner vergoed nie alleen vir die verlies aan mensemateriaal gedurende die oorlog (1899-1902) nie, maar besorg 'n aansienlike geboortesurplus op die platteland wat later - altans in die Noordelike provinsies - as die nucleus en begin van die stadwaartse trek beskou moet word", aldus J.R. Albertyn, e.a.[1)]

Die dorp en die stad was die enigste toevlugsoord vir die wat nie bywoners wou word nie. Goedkoop en oorvloedige naturelle-arbeid het nie boere aangemoedig om, soos in ander lande, blanke bywoners of dagloners in diens te neem nie.

Die lewensstryd op die platteland het veel moeiliker geword deurdat plase nie alleen kleiner, dog ook veel duurder geword het. Die stryd is verder bemoeilik deur oorbeweiding en oorbewerking wat op die kleinerwording van die grond gevolg het. Dit het weer grondverspoeling vererger en die bewaring van water bemoeilik. Hierdie aaneenskakeling van oorsake het gaandeweg vanself die lewensbestaan op die plase bemoeilik.

Die kredietstelsel wat vroeër byna onbekend was, het mense geleer om maklik skuld te maak en baie is in 'n maalstroom waaruit hulle nie kon kom nie, ingetrek. Gebrek aan besigheidskennis en -ervaring - wat voorheen nie so nodig was nie - het die boer dikwels 'n maklike prooi van die geslepe vreemdeling gemaak wat deur kredietver-

---

1) Albertyn, J.R., P.du Toit, H.S. Theron <u>red.</u>: <u>Kerk en Stad</u>, p.16.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lening sy plaas in hande wou kry. Hoeveel honderdduisende morge grond moes nie vir winkelskuld en borgstaan weggegee word nie!

Die verhoogde eise wat aan die boerdery gestel is, het ook meer as een kleinboer na die stede gedryf.

Daar bestaan 'n noue verband tussen die groei van stede en die eis van groter doeltreffendheid van boerderymetodes. Die verhoogde produktiwiteit van die boerdery stel na verhouding minder boere in staat om relatief meer ander persone van voedsel te voorsien.

Die ekonomiese ontwikkeling gaan gewoonlik ook gepaard met 'n daling in die persentasie van die bevolking wat in die boerdery betrokke is. Nie alleen 'n daling in die persentasie werkers word aldus veroorsaak nie, dog ook 'n daling in die persentasie van die volksinkome wat deur die boere ontvang word.[2] „Die wet van Engel bepaal dat die persentasie van die gesinsinkome wat aan voedsel bestee word, daal namate die gesinsinkome styg. Alle belangrike gesinsinkome-ondersoeke staaf hierdie bevinding."[3] As dit van gesinne waar is, moet dit ook op volke van toepassing wees. Na mate die welstand van 'n volk toeneem, bestee hy relatief 'n kleiner deel van sy inkome aan voedsel, wat die vernaamste produk van die boerdery is.[4]

Terwyl bogenoemde toestande die lewensbestaan op die platteland moeiliker gemaak het, het die dorpe en stede beter geleentheid gebied om daar 'n heenkome te vind. Die myne trek groot getalle teen bestendige en hoë lone.

---

2) Pauw, S.: Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad, p.140-141.

3) Pauw, S.: a.w., p.141.

4) Pauw, S.: a.w., p.141.

Fabrieke/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Fabrieke en industrieë bied werk vir oud en jonk. Die vooruitsigte op 'n vaste en gereelde inkomste word verkies bokant die wisselvalligheid van die platteland.

Waar die stad ook nuwe werkgeleenthede in kantoor, fabriek en myn bied, kom ook 'n nuwe behoefte aan geleerdheid en opleiding. Die seun of dogter met ambisie moet na die stad gaan vir verdere opleiding.

Verder bied die stad ongekende vorme van vermaaklikheid en ontspanning. Dit laat die plattelander dikwels voel dat sy lewe op die plaas te prosaïes en dood is en laat hom verlang om ook aan daardie nuwe lewe deel te hê.

So is die trek na die stad daadwerklik in die hand gewerk en toe die pad eers eenmaal oopgetrap is, het die stroom daarheen al groter geword, met die gedagte dat dit daar makliker as op die plaas gaan. Waar die boer as gevolg van plae, droogte en misoeste gedwing is om met die rug teen die muur te veg en te volhard, gaan daar vir hom nou 'n nuwe deur oop waarvan hy gretig gebruik gemaak het.

Die ontsettende ontwrigting wat die Tweede Vryheidsoorlog nagelaat het, moet ook nie as oorsaak van die trek na die stede onderskat word nie. Die lwensstryd wat vir talle boere te moeilik geword het, het oënskynlik in 'n groot mate in die dorpe en stede verdwyn. Die opvatting het begin bestaan dat as 'n beginner op die plaas swaarkry, hy net stadtoe moet trek. Daar kry hy soveel meer kanse om „gou op die been te kom". Die gevolg was: die stroom van armes na die stede het al sterker en breër begin vloei. Dit wil oor die algemeen voorkom asof die verarming van die boer een van die vernaamste oorsake van die trek na die stede was.[5)]

---

5) Pauw, S.: a.w., p.140. Vergelyk ook: Volkskongres te Johannesburg. 1-4 Julie 1947, Referate en Besluite: Die Opkoms van die Arbeiderstand in Suid-Afrika, deur J.R. Albertyn, p.6, en Volkskongres te Johannesburg ... a.w., Die Afrikaner se landelike herkoms en sy verstedeliking, deur T.C. de Villiers, p.17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In _Kerk en Stad_[6)] word vier hoofgroepe redes aangegee vir die stadwaartse trek, te wete :

1. Biologies, dit wil sê, die geboorte-oorskot op die platteland dwing die jonger gelsag om na die stede te trek;
2. Ekonomies, dit wil sê, die begeerte om hul ekonomiese toestand te verbeter;
3. Sosiaal, dit wil sê, beter geriewe vir opvoeding, onderwys en werkgeleenthede; en
4. Sielkundig, dit wil sê, die bekoring van die stadslewe.

## 2. Die stadwaartse trek in die gemeenskappe.

### (a) Inleiding:

In die voorgaande afdeling is 'n kort oorsig van die verstedeliking van die plattelander gedurende die afgelope 75 jaar gegee. Die stadwaartse trek het by al die ouderdomsgroepe van die bevolking voorgekom hoewel die neiging die sterkste by die jeug bespeur is.

In die onderhawige gemeenskappe is ook 'n trek-na-die-stad-neiging opgemerk, hoewel dit uitsluitend tot die jonger geslag beperk is, soos blyk uit die feit dat nie een gesinshoof ouer as 30 jaar aangetref kon word wat stadtoe getrek het nie. Die ouer geslag is nie daarin geinteresseerd om hul „plase" te verlaat en na die stad te trek nie. „Wie sal na die plaas kyk as ek wegtrek?" of „wat sal ek in die stad gaan maak - ek is tog te oud en te sieklik om

---

6) Albertyn, J.R. en ander: a.w., p.17 en 18.

te gaan/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te gaan werk", is algemene verskonings wat die ondersoeker moes aanhoor toe oor hierdie saak navraag gedoen is.

Die ouers is oor die algemeen ook heeltemal teen die gedagte dat hul kinders stadtoe moet trek, hoewel dit in baie gevalle vir die kinders tog as't ware verpligtend was as hul ouers voordeel uit staatstoelaes wou trek. Daar is egter 'n veelheid faktore wat die stadwaartse trek onder die jeug aangemoedig het en vervolgens sal 'n paar van die faktore kortliks bespreek word.

(b) Redes vir die stadwaartse trek:

(i) Oorbevolking in die gemeenskappe.

In vorige hoofstukke is reeds op die feit gewys dat die gemeenskappe heeltemal oorbevolk is, veral in soverre dit boerdery-aangeleenthede betref. Die potensiële boere het te veel geword in verhouding tot die hoeveelheid bewerkbare grond. Meer as een van die kinders wat in die stede besoek is, het hierdie feit beklemtoon. Die jonger skoolgaande broers en susters kon gewoonlik doeltreffend genoeg met die boerderytjie help.

(ii) Verarming van die gesinne.

Die snelle ekonomiese ontwikkeling van die afgelope jare het meegebring dat boerdery op meer gespesialiseerde grondslag gedryf moes word. Die mededinging op die produktemark het steeds sterker geword en so gou as wat iemand nie voldoende kon meeding nie, is hy met ondergang bedreig. Dit is iets wat in hierdie bepaalde gemeenskappe baie plaasgevind het.

Terwyl hierdie proses van ekonomiese agteruitgang

aan/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die gang is, lewe daar in die harte van die jongeres tog 'n begeerte na 'n groter ekonomiese welvaart en selfstandigheid. Dit gee by hulle aanleiding om ouerhuise te verlaat en 'n beter lewe in die stad te gaan soek.

(iii) Erfgewoonte.

Die erfgewoonte het indirek grootliks daartoe bygedra dat 'n aantal van die jeugdiges na die stede verhuis het. Met die uitsondering van vier gesinne het die grondeienaars almal dieselfde erfstelsel gevolg. Hierdie stelsel bepaal naamlik dat die grond na die dood van die eienaar of eienares gelykop onder die kinders verdeel sal word. Die testament van die ander vier gesinne bepaal dat die oudste seun die grond erf en hy moet dan die ander kinders in kontant uitbetaal vir die deel wat hulle aan grond sou geërf het. Omdat die oudste seun toe die grond erf, moes die ander kinders elders 'n heenkome vind. Gewoonlik is die stad gekies. Selfs die oudste seun moes dikwels die grond verkoop, sodat hy aan die testament-bepalings uitvoering kon gee. As hy sy broers en susters die vereiste bedrae betaal, is hyself ekonomies so swak dat hy ook maar 'n uitvlug in die stad gaan soek.

By die ander gesinne is die probleem weer dat die grond teen hierdie tyd al sodanig onderverdeel is, dat dit eintlik nie verder gevoer kon word nie. Die koste aan opmeting loop so hoog dat dit nie die klein stukkies grond regverdig nie (sien kaarte 1, 2 en 3 in die bylae). Erfgename van sulke stukkies grond is dikwels gedwing om óf as bywoner by ander te werk óf om na die stede toe te trek.

Daar is die geval waar vier gesinslede 'n stuk grond

van/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van ongeveer 35 morge moes erf waarop daar net een woonhuis gestaan het. Die oudste seun het aanspraak op die huis en die omliggende grond gemaak en geweier dat sy broers of susters op sy grond mag kom. Hulle weer het geweier om van die huis en grond afstand te doen. Die gevolg was 'n hewige rusie en twis, waarna toe besluit is dat alvier die broers en susters die plaas sou verlaat om elders 'n lewe te gaan maak.

(iv) Die bepalings van die pensioenewet.

Die bepaling van die pensioenewetgewing (dat geen nie-skoolgaande kind bo 16 jaar by 'n gesin wat ongeskiktheidstoelaag ontvang, mag inwoon nie) het ook baie tot die verstedeliking van die jeug meegewerk. In 'n vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat 'n groot aantal gesinne sodanige toelaes van die Staat ontvang. Hoewel sommige ouers dit wel reggekry het om hul kind tuis te hou, geld dit nie van almal nie. In die stad ondervind die kinders gewoonlik nie baie moeilikhede nie omdat werk betreklik volop is, al is dit in die meeste gevalle ongeskoolde arbeid.

(v) Werksgeleenthede in die stad.

'n Faktor wat in die voorgaande paragraaf genoem is wat die jeugdige aanmoedig om na die stede te trek, is die feit dat werk in die stad so maklik verkry kan word. 'n Familielid wat na die stad getrek het, laat baie gou huistoe weet hoe gunstig werktoestande is - veral as in gedagte gehou word dat hierdie persone selde of ooit £10 op die plaas in hul hande gehad het. Lone van £20 en meer per maand is dus 'n groot klomp geld en baie aantreklik. Die gesin tuis neem dan gewoonlik nie lank om te besluit

om/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om ook die plaas te verlaat en geld in die stad te gaan verdien nie. As voorbeeld dien 'n geval van 'n vader (27), 'n moeder (25) en 'n seuntjie (3) wat hoegenaamd niks besit het nie en van die gunste en gawes van ander moes lewe. Die moeder se suster het in Johannesburg gewerk en omdat die vader botweg geweier het om sy tuiste te verlaat, het die moeder alleen daar gaan werk soek. Toe sy aan die einde van die eerste maand van haar geld wat sy in die klerefabriek verdien het, aan haar man stuur, het hy haar gevolg en in die poskantoor 'n betrekking as arbeider aanvaar. 'n Paar maande later het die ondersoeker hulle in Vrededorp opgesoek. Hulle huis was 'n redelik bouvallige motorhuis wat hulle met 'n ander gesin gedeel het. Hulle was egter baie gelukkig en in 'n mate reeds verstedelik.

(vi) Bekoorlikheid van die stad.

Die sielkundige uitwerking wat die bekoorlikheid van die stad op die individu uitoefen, moet nie as té gering beskou word nie. In die drie gemeenskappe is dit miskien nie 'n direkte oorsaak nie, maar wel tog indirek. Briewe word van familie in die stad ontvang waarin die stad met al sy winkels en motors en plesieroorde beskryf word. Op dié wyse ontstaan daar 'n stille bewondering vir en waarskynlik ook 'n onderliggende begeerte en heimwee na die stad. Hierdie houding word hoofsaaklik net by die jonger geslag aangetref. Die ouer geslag koester egter geen begeerte om na die stad te verhuis nie. 'n Verslag van die Volkswelsynsbeampte oor gemeenskap C dui ook hierop: ".... Een van die vrouens is van mening dat 'n mens nie vir 'n oomblik in Pretoria seker is van jou lewe nie...."[7] Haar

---

[7] Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap C, p.6.

seun/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



seun is byna noodlottig beseer toe hy op die plaas van 'n donkie afgeval het. Dit was juis toe sy hom na die hospitaal in Pretoria geneem het dat sy tot bogenoemde gevolgtrekking gekom het.[8] Verder meen die volkswelsynbeampte dat dit verblydend is om te vind dat die jong mense nie meer huiwerig is om die wêreld in te gaan nie. Tydens sy besoek aan C het hy opgemerk dat daar drie seuns van ongeveer 18 jaar was. Een van hulle was reeds 'n betrekking as bode in Pretoria aangebied; die tweede was gewillig om te gaan werk indien hy werk kon kry; dog die derde (juis dié een wat beseer is) was onwillig om die gemeenskap te verlaat.[9]

(vii) Onderwysgeleenthede in die stad.

Die stad as opvoedkundige sentrum het vir die gemeenskapsbewoners geen aantrekkingskrag nie. Die feit dat nie een van die bewoners of hul kinders enige naskoolse opleiding geniet het nie, staaf hierdie bewering. Daar is slegs enkeles wat sover as standard X gekom het. Die stad met sy universiteite, normaalkolleges, tegniese kolleges, ensovoorts, het vir die gemeenskapsbewoner dus ongelukkig geen betekenis nie.

Daar is gevolglik 'n duidelike aanduiding dat daar, veral onder die jonger geslag in die gemeenskappe, 'n neiging tot die stadwaartse verhuising is. Die mate van verstedeliking kom egter in 'n geringer mate voor as onder die plattelandse bewoners van die Unie in die algemeen. Die redes vir die verhuising by die twee groepe kom egter in 'n groot mate ooreen.

---

8) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap C, a.w., p.6.

9) Ongepubliseerde verslag oor gemeenskap C, a.w., p.6.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Uniebevolking wat stadtoe trek, verskil van hulle in die gemeenskappe in die sin dat eersgenoemdes gewoonlik om twee redes trek. Eerstens, is daar hulle wat graag naby die opvoedkundige sentra in die stad ten behoewe van hulle kinders wil wees. Hulle is die meer intellektueles wat beslis 'n aanwins vir die stad is. Tweedens, is daar hulle wat ook vanweë moeilike omstandighede moet trek. In die gemeenskappe het ons egter net met dié groep te doen wat uit armoede of om verwante redes hul tuiste verlaat en so in die stad beland.

### 3. Beroepe en woonplekke van kinders wat hul ouerhuis verlaat het.

Die ondersoeker het probeer vasstel waar die kinders wat hul ouerhuis verlaat het, hulle in die stad bevind en watter beroepe hulle volg; met ander woorde, hul ekonomiese en maatskaplike peil.

Die woonplek het geen probleem opgelewer nie. Tydens die ondersoek in die gemeenskappe is hulle name, ouderdom, geslag en, op 'n paar uitsonderinge na, ook hul adresse in die stad verkry. Met die vasstelling van die beroepe wat hulle volg, het dit moeiliker gegaan. Hoofsaaklik is die gegewens bepaal net by die mans of die eggenotes van die vroue. (Daar moet onthou word dat hoewel beroepe en woonplekke van kinders behandel word, hierdie kinders in werklikheid volwassenes is). Die ouers was maar selde op hoogte met wat hul seun of skoonseun in die stad doen. Wanneer verklaar word dat die seun 'n bouer is, het dikwels by nadere ondersoek geblyk dat hy slegs 'n handlanger was.

Om hierdie gegewens so betroubaar moontlik te kry,

het/ ....

© University of Pretoria

Tabel 71. Aard van die industrie en woongebied van kinders wat die ouerhuis verlaat het, soos op 31 Desember 1952.

| Aard van Industrie. | Johannesburg. | | | | Pretoria. | | | | * Omliggende dorpe. | | | | Ander dorpe. | | | | In die gemeenskappe. | | | | Ander Plase. | | | | Ander Provinsies. | | | | Totaal. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. | A | B | C | Totaal. |
| Boerdery | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 33 | 19 | 3 | 55 | 14 | 7 | 1 | 22 | 3 | 1 | 1 | 5 | 50 | 27 | 5 | 82 |
| Poswese | 7 | 1 | - | 8 | 3 | 1 | 2 | 6 | - | - | - | - | 2 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 12 | 2 | 2 | 16 |
| Spoorweë | 73 | 8 | - | 81 | 7 | 10 | 3 | 20 | 9 | 1 | - | 10 | 4 | - | - | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 2 | 1 | 5 | 95 | 21 | 4 | 120 |
| Padwerke | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | - | - | 3 | 3 | - | - | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | - | - | 6 |
| Mynbedryf | 15 | 9 | 1 | 25 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | 2 | 18 | 9 | 2 | 29 |
| Boubedryf | 14 | 2 | - | 16 | - | 5 | 1 | 6 | 1 | - | - | 1 | 4 | 1 | 2 | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 19 | 8 | 3 | 30 |
| Polisiediens. | - | 2 | 1 | 3 | 2 | 1 | - | 3 | - | - | - | - | 2 | 4 | - | 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 | 5 | 7 | 2 | 14 |
| Yskorarbeiders | - | - | - | - | 2 | 3 | 1 | 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 3 | 1 | 6 |
| Fabrieke | 3 | 5 | - | 8 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 5 | - | 8 |
| Tiksters | - | - | - | - | 4 | - | - | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | - | - | 4 |
| Privaat Ondernemings. | 19 | 8 | - | 27 | 4 | 6 | - | 10 | - | 2 | - | 2 | 5 | 6 | - | 11 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | 29 | 22 | - | 51 |
| Los en ongeskoolde werk. | 7 | - | - | 7 | - | 2 | - | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 2 | - | 10 |
| Werkloos | 5 | - | - | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | 2 | 12 | 5 | 2 | 19 | - | - | - | - | - | - | - | - | 19 | 5 | 2 | 26 |
| Totaal: | 143 | 35 | 2 | 180 | 22 | 28 | 7 | 57 | 11 | 3 | - | 14 | 23 | 11 | 3 | 37 | 48 | 24 | 5 | 77 | 14 | 7 | 1 | 22 | 9 | 3 | 3 | 15 | 269 | 111 | 21 | 402 |
| Persentasie. | | | | 44.78 | | | | 14.18 | | | | 3.48 | | | | 19.15 | | | | 5.47 | | | | 9.20 | | | | 3.74 | | | | 100.00 |

* Onder "omliggende dorpe" word dorpe wat naby die gemeenskappe geleë is, verstaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die ondersoeker 'n aantal gesinne in Johannesburg en Pretoria gaan opsoek sodat 'n beeld van die betroubaarheid van die gegewens, soos dit deur die ouers verstrek is, verkry kon word. Daar is gevind dat die industrie waar 'n persoon werk, korrek deur die ouers aangegee is, maar die aard van die beroep was nie juis nie. Die indeling wat gemaak is, berus merendeels op die aard van die industrie. Hierdie indeling is heeltemal betroubaar.

Uit tabel 71 kan die volgende afgelei word: die aantal kinders wat hul ouerhuise reeds verlaat het, waar hulle woonagtig is en die aard van die werk wat hulle verrig. Om die tabel verder te verduidelik word 'n uittreksel (tabel 72) afsonderlik gemaak waarin 'n persentasieweergawe verkry word, sodat die gegewens meer vergelykbaar gestel kan word.

Die meeste van die kinders is getroud en hulle kan as gesinne gereken word. Kinders wat egter nog ongetroud is, is selfversorgend en hulle kan gevolglik ook as (potensieël) gesinne gereken word. Die aantal <u>kinders</u> word dus in terme van <u>gesinne</u> beskou.

Uit tabel 74 blyk dat die grootste trek dié na die stede (Johannesburg en Pretoria) is naamlik 58.96%. Van hierdie 58.96% bevind byna 45% hulle in Johannesburg, terwyl 14% in Pretoria is. Dit is opvallend dat volgens die tabel, gesinne uit gemeenskap A hoofsaaklik na Johannesburg gaan. Daar is byvoorbeeld 143 gesinne in Johannesburg, terwyl 22 in Pretoria gevind is. Van gemeenskap B geld dieselfde, hoewel die verskil in getalle tussen die twee stede nie so groot is nie. Daar is byvoorbeeld 35 gesinne wat na Johannesburg getrek het, teenoor 28 na Pretoria. In gemeenskap C word die teenoorgestelde gevind

naamlik/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naamlik 2 gesinne in Johannesburg teenoor 7 in Pretoria. Die verklaring is hierin geleë dat Pretoria die naaste aan gemeenskappe B en C is terwyl Johannesburg weer die naaste aan gemeenskap A is.

Negentien persent bevind hulle in ander dorpe of die omliggende dorpe, terwyl 'n baie klein persentasie hulle op plase, in die gemeenskappe, of naburige dorpe bevind.

Vyf-en-negentig persent van hierdie gesinne (kinders) wat in die stede woon, bevind hulle in die swakste buurte en die mindergegoede voorstede. 'n Eienaardige en interessante verskynsel wat die ondersoeker opgeval het, was dat die gesinne selfs hier in die stede 'n soort gemeenskap gevorm het. So is meer as 30 gesinne binne drie opeenvolgende strate in Johannesburg gevind. 'n Aantal het bymekaar in dieselfde huis gewoon en ander het probeer om so na moontlik 'n kamer te huur. Hulle hou gereeld met mekaar kontak en dit is ook feitlik hul enigste vriendekring.

Die maatskaplike toestande waaronder hierdie gesinne in die stede leef, is baie swak. Na verhouding is hul lewensstandaard miskien swakker as wat dit in die gemeenskappe was. Hul ekonomiese peil is nie veel beter nie want hoewel hul salaris of lone tot £40 per maand beloop, gaan die grootste deel vir behuising, voedsel, kleding, brandstof en ander bestaansbenodigdhede.

Sosioloë meen dat die skielike oorplasing van 'n persoon van 'n landelike na 'n stedelike omgewing, 'n kultuurskok veroorsaak wat, al is dit soms net tydelik, sy hele huislike, intellektuele, ekonomiese en godsdienstige lewe in verwarring bring.[10] Sy gevestigde en aan-

---

[10] Albertyn, J.R. e.a.: a.w., p.5.

vaarde/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vaarde opvattings van die lewe kom in die stad in die gedrang; die lewensbeskouing is hier in baie opsigte net die teenoorgestelde van wat dit tuis was. Hy raak totaal ontwortel en hy leef gedurig in spanning en konflikte.

Tabel 72. Aard van die Industrie en woongebied van kinders wat die ouerhuis verlaat het, soos op 31 Desember 1952 in persentasies uitgedruk.

| Aard van die Industrie. | Johannesburg. | Pretoria. | Omliggende dorpe. | Ander dorpe | In die gemeenskappe. | Ander plase. | Ander Provinsies. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % |
| Boerdery | - | - | - | - | 71.43 | 100.00 | 33.33 | 20.40 |
| Poswese | 4.44 | 10.53 | - | 5.41 | - | - | - | 3.99 |
| Spoorweë | 45.00 | 35.09 | 71.43 | 10.81 | - | - | 33.33 | 29.86 |
| Padwerke | - | - | - | 8.11 | 3.90 | - | - | 1.49 |
| Mynbedryf | 13.89 | - | - | 5.41 | - | - | 13.33 | 7.22 |
| Boubedryf | 8.89 | 10.53 | 7.14 | 18.92 | - | - | - | 7.47 |
| Polisiediens. | 1.67 | 5.26 | - | 16.21 | - | - | 13.33 | 3.48 |
| Yskor arbeiders. | - | 10.53 | - | - | - | - | - | 1.49 |
| Fabrieke. | 4.44 | - | - | - | - | - | - | 1.99 |
| Tiksters. | - | 7.02 | - | - | - | - | - | 0.96 |
| Private ondernemings. | 15.00 | 17.54 | 14.29 | 29.72 | - | - | 6.68 | 12.69 |
| Loswerk en ongeskoolde werk. | 3.89 | 3.50 | 7.14 | - | - | - | - | 2.49 |
| Werkloos. | 2.78 | - | - | 5.41 | 24.67 | - | - | 6.47 |
| Totaal : | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 |

Volgens tabel 72 werk 45.0% van die gesinne (kinders) wat die ouerhuis verlaat en na Johannesburg getrek het, op die spoorweë. 'n Geringer persentasie daar is aan private ondernemings (15.0%) en aan die mynbedryf (13.89%) verbonde. 'n Baie klein persentasie word in die poswese, boubedryf, polisiediens, ens. aangetref. Van die gesinne wat in Pretoria woonagtig is, word min of meer 'n soortgelyke beeld aangetref, met dié verskil dat die poswese beter verteenwoordig is. Ook is daar 10.53% van die

gesinne/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesinne by Yskor werksaam.

Wat geskoolde arbeid betref, word polisie-amptenare en tiksters as die hoogste en ook die enigste geskoolde beroepe gevind (4.44%). Die ander persone verrig almal ongeskoolde arbeid in die poswese, op die spoorweë, op die paaie, ens.

Tabel 72 toon verder dat 29.86% van alle kinders wat hul ouerhuis verlaat het, spoorwegwerkers van beroep is. Daar is 20.40% in boerdery terwyl 12.69% in private ondernemings werksaam is. Slegs 'n geringe persentasie word in die ander beroepe aangetref. Ses-en-negentig persent van die kinders verrig ongeskoolde arbeid in die een of ander vorm. As daar gedink word dat hulle jeugdiges is wat geen geskoolde arbeid kan verrig nie, stem dit tot nadenke. Die spoorweë wat sekerlik die werkverskaffer aan die grootste persentasie ongeskoolde arbeiders is, voorsien ook vir die grootste persentasie van hierdie groep persone hulle brood, naamlik vir 29.86%.

Samevattend blyk dit dat van die persone wat hul ouerhuise verlaat het, die grootste persentasie in die swak buurte van Johannesburg gevind kan word, terwyl die oorgrote meerderheid ongeskoolde arbeid verrig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk XII.

## SAMEVATTENDE BEVINDINGS.

### 1. Die aardrykskundige kenmerke van die gemeenskappe.

Dit blyk uit die ondersoek dat die geografiese faktore, hoewel nie die enigste oorsaak nie, tog 'n belangrike aandeel in die ekonomiese agteruitgang van die gesinne in die gemeenskappe A, B en C gehad het. Ander sosiografiese werke wat in Suid-Afrika verskyn het, beklemtoon ook die geografiese faktore in hierdie verband.

Gemeenskap A is geografies nie afgesonder nie. Inteendeel, dit vorm eintlik die middelpunt tussen 'n aantal Wes-Transvaalse dorpe. Omdat die gemeenskap op die Hoëveld geleë is, word die aandag hoofsaaklik aan saai-boerdery gegee. Daar is tot die bevinding gekom dat slegs 'n klein gedeelte van die gemeenskapsplase werklik vir saaiboerdery geskik is. Op dié gemeenskapsplase word wel standhoudende water aangetref wat groot ekonomiese voordele inhou, dog weens 'n gebrek aan geld asook aan inisiatief by die boere, word hierdie potensiële voordeel nie benut nie.

Gemeenskap B is geografies ook nie afgesonder nie. Hierdie gemeenskapsplase word ook aan hul eertydse waterrykheid gekenmerk. Daarom was die grondverdeling so bewerkstellig dat elke erfgenaam 'n gedeelte van die fontein of vlei moes kry. Kaarte 1, 2 en 3 in die bylae weerspieël dit duidelik. Hierdie gemeenskap is meer in die Laeveld geleë sodat beeste die vernaamste boerdery uitmaak.

Gemeenskap/ ....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gemeenskap C is 'n staatsnedersetting waar geen grondverdeling aangetref word nie. Hoewel dit geografies ver van die ander dorpe geleë is, is dit nogtans nie afgesonderd nie, aangesien 'n gereelde spoorwegbusdiens ingestel is. Hierdie gemeenskap is in die hartjie van die Bosveld geleë, nie ver van die grens van Betsjoeanaland nie. Water is en was hier altyd skaars sodat die boere hulle hoofsaaklik op beesboerdery toespits. Katoen en grondboontjies word ook in 'n geringe mate verbou. Waar die reënvalsyfer in hierdie gebiede die laagste van die drie gemeenskappe is, is die boere vir hul behoefte aan water hoofsaaklik op putte aangewese. Die geaardheid van die grond is egter goed. Die oorspronklike doel waarvoor die nedersetting deur die Staat geproklameer is, naamlik soutproduksie, is tans uitgedien. Die soutpan is byna uitgewerk en die soutbewerkery word slegs nog by enkele gesinne aangetref.

Aldrie gemeenskappe is in die somerreënvalstreek geleë. Daar is gevind dat hoewel die reënval baie wisselvallig is, dit tog wil voorkom asof dit die neiging toon om geleidelik af te neem. In gemeenskap A, byvoorbeeld, lê boere hul nie meer baie op saaiboerdery toe nie, aangesien die gebied deur 'n langdurige droogte geteister word. Hoewel daar 'n natuurlike ligging vir die bou van 'n dam is, word niks gedoen nie omdat dit die bewoners aan geld en die nodige inisiatief ontbreek. Naas die bietjie saaiery, vind 'n mens ook nog 'n bietjie tabak, koljander, hawer, vrugte en groente. Aangesien gemeenskap B in die Laeveld geleë is, word 'n laer reënvalsyfer as by A verwag. Gegewens verkry van die Weerkundige Buro te Pretoria dui egter op die teenoorgestelde. Hier is ook 'n

daling/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daling in die jaarlikse reënvalsyfer opgemerk. Hoewel hierdie gemeenskap uit die aard van die saak meer geskik vir beeste is, maar die inkomste uit hierdie boerdery gering en wisselvallig is, tref 'n mens ook 'n bietjie saaiery aan. Allerlei veesiektes eis jaarliks groot offers uit die klompie beeste wat in die gemeenskap aangehou word.

## 2. Die ontstaan van die gemeenskappe en die onderverdeling daarvan.

Om vas te stel hoe hierdie gemeenskappe ontstaan het, is dit nodig om in die geskiedenis van die Afrikanervolk terug te gaan. Sedert die dae van die Groot Trek bewys die geskiedenis duidelik dat die trekgedagte diep in die bloed van die Afrikanervolk sit. Sedert 1836 en die paar jaar wat daarop gevolg het, het duisende van die beste mense uit die Kaapkolonie weggetrek, die binneland in, hoofsaaklik om van die Britse bewind vry te kom. Vanuit die staanspoor het dit met die Trekkers moeilik gegaan weens al die ontberings, siektes, vyande en gevare waaraan hulle blootgestel was.

Gedurende die jare na 1860 het die Trekkers tot stilstand gekom en die boere het hul op groot plase gevestig. Hier het die boere 'n afgesonderde lewensbestaan gevoer, wat tog nie deur wetteloosheid gekenmerk is nie. Elke gesin het geleer om in sy eie behoeftes te voorsien en het gevolglik maatskaplik al meer afgesonder geraak.

Hoewel die ontdekking van diamante in 1867 en goud 1886 'n groot omwenteling in die rustige bestaan van die boerebevolking gebring het, het dit nogtans nie 'n onmiddellike invloed op gesinne gehad wat ver van die diamant en goudvelde gevestig was nie.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die gemeenskappe A en B is ongeveer dieselfde tyd aangelê.

Gemeenskappe $A_1$ en $A_2$ is naby mekaar geleë en in albei gebiede woon mense wat van mekaar familie is. Hulle kon daarom as 'n eenheid behandel word. Tydens die aanleg was albei plase groot, waterryk en met byna onbeperkte moontlikhede vir die toekoms. Ongelukkig het die opvatting dat elke kind gelykop moet erf, die weg gebaan dat hierdie plase as't ware versnipper is. Die ondersoek het aan die lig gebring dat $A_1$ byvoorbeeld in 108 wettige dele verdeel is. Die 108 dele is in die besit van 84 eienaars. $A_2$ is in 39 dele verdeel, wat aan 28 eienaars behoort.

Gemeenskap B aan die ander kant, wat bestaan uit drie plase is, soos reeds gesê, min of meer dieselfde tyd as A aangelê en is ook opgesny in talle kleiner plasies wat almal onder erfgename verdeel is. Gemeenskap C verskil egter van A en B in die sin dat hier nie sprake van „familieplase" is nie, maar eerder van 'n „familienedersetting."

Samevattend kan dus gesê word dat hoewel A en B geografies verskillend en ver van mekaar geleë is, hulle tog onder min of meer soortgelyke omstandighede tot stand gekom het. Gemeenskap C verskil egter radikaal met betrekking tot sy oorsprong.

### 3. Die demografiese gesteldheid van die gemeenskappe.

Om vas te stel of die bevolking in die gemeenskappe steeds uitbrei of kwyn, is 'n ontleding van die demografiese gesteldheid van die gemeenskappe van groot waarde.

Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die ouderdomsverdeling van die gemeenskappe in vergelyking met dié van die Uniebevolking verskil grootliks van mekaar (vergelyk figuur 1). Die piramiede vir die Uniebevolking spreek van 'n konstant groeiende gemeenskap, terwyl dié vir die gemeenskappe op 'n onstabiele en kwynende gemeenskap dui. So byvoorbeeld is die leeftydsgroep onder 4 jaar kleiner as die daaropvolgende twee leeftydsgroepe, terwyl die groep van 60 jaar en ouer, alle ander ouderdomsgroepe oorheers. Bogenoemde verskynsels is tipies van 'n „kwynende" of „ou" gemeenskap.

'n Ouderdomsverdeling volgens huwelikstaat, van elke gemeenskap afsonderlik, toon dat daar baie ooreenstemmende demografiese tendense in die drie gemeenskappe gevind is. Die jonger getroude pare byvoorbeeld vorm slegs 'n klein persentasie (12.16%) van die totale aantal gesinne in die gemeenskappe. Die persentasies vir die daaropvolgende leeftydsgroepe styg dan geleidelik om die hoogste persentasie (31.76%) in die leeftyd 61 jaar en ouer te vorm. Daar is ook gevind dat vroue relatief jonger as mans is. Verdere syfers toon dat hoewel die gemeenskappe as „oud" bestempel kan word, daar nogtans 78.24% van alle getroude persone in die arbeidsproduktiewe leeftyd (16 tot 60 jaar) verkeer.

Uit die ontleding wat van die kindertal per gesin gemaak is, blyk dat die oorgrote meerderheid kinders nie meer by die ouers inwoon nie. Die gemiddelde kindertal per gesin tuis, staan op 2.14, terwyl die totale gemiddelde kindertal per gesin 6.4 is. Word die afsonderlike leeftydsgroepe vergelyk, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die aantal geboortes in die gemeenskappe steeds af-

neem/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



neem. Hierdie daling moet aan die stadwaartse trek van die jonger gesinne toegeskryf word. Daar is ook gevind dat sterftes van kinders onder drie jaar baie voorkom. Hierdie sterftes beïnvloed die gemiddelde kindertal per gesin sodanig dat die gemiddelde kindertal per gesin van 6.4 na 5.8 daal indien dit in aanmerking geneem word. Sterftes bo 3 jaar is minder as onder 3 jaar, naamlik 69.57% vir laasgenoemde teenoor 30.43% vir eersgenoemde. Finansiële probleme, onkunde en onhigiëniese toestande is hoofsaaklik die oorsake vir die besonder hoë persentasie van 69.57.

Wat die geboorteplekke van die inwoners van die gemeenskappe betref, is gevind dat ook in hierdie opsig verbasende ooreenkoms bestaan. Daar is vasgestel dat 79.86% van die persone in die gemeenskappe self of in die betrokke distrikte gebore is. 'n Groter persentasie vroue as mans kom egter van buite die betrokke gebiede self.

## 4. Ekonomiese toestande in die gemeenskappe.

(a) 'n Beroepsverdeling van die manlike gesinshoofde in die gemeenskappe het getoon dat daar 'n beperkte verskeidenheid beroepe is. Daar kan onderskei word tussen hulle wat 'n bestaan voer hoofsaaklik uit :

(i) Boerdery;
(ii) Pensioene en toelaes;
(iii) Loswerk;
(iv) Padwerk; en
(v) Spoorwegwerk.

Van hierdie beroepsgroepe vorm die „boere" 50.0%, terwyl die pensioentrekkers 38.5% uitmaak en die ander beroepe tesame 11.5% is.

(b) Wat/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Wat die grondeienaars, bywoners en huurders betref, is gevind dat 50.01% in die eerste groep val, terwyl 30.18% bywoners en 20.01% huurders is. Alle gesinne in gemeenskap C is huurders en wel van die Staat.

(c) Met betrekking tot die ekonomiese posisie van die gesinne in die algemeen kan gesê word dat boerdery nie wetenskaplik en intensief beplan word nie. Die swak ekonomiese posisie waarin die gesinne verkeer, is waarskynlik die rede waarom gemengde boerdery beoefen word. Hoewel „rykdom" en „armoede" rekbare en moeilik bepaalbare begrippe is, kan oor die algemeen gesê word dat die gesinne besonder arm is. Daar is gevind dat 84.3% van hulle 'n gemiddelde maandelikse inkomste van minder as £20 het, terwyl 'n skrale 15.7% 'n gemiddelde maandelikse inkomste van meer as £20 het. Gemeenskappe A, B en C verskil feitlik nie van mekaar wat hierdie bevinding betref nie. Daar is ook geen verband tussen gesinsgrootte enersyds en gesinsinkome andersyds nie.

(d) 'n Nadere ontleding van die ekonomiese posisie van die gesinne in die groepe grondeienaars, bywoners en huurders het getoon dat grondeienaars in 'n geringe mate geldelik beter daaraan toe is as die ander twee groepe. Teenoor 50.00% bywoners en huurders wat in die laagste inkomstegroep (£0-£10) val, staan 40% grondeienaars in hierdie groep. In die volgende groep (£11-£20) is die grondeienaars weer in die meerderheid, naamlik 42.9%, teenoor 35.7% vir sowel die bywoners as die huurders. Verdere ontledings in A, B en C het aan die lig gebring dat die verskille tussen grondeienaars aan die een en bywoners en huurders aan die ander kant of tussen die drie groepe

onderling/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderling so onbeduidend is, dat die drie soorte gesinne as gelyke eenhede behandel kan word.

(e) Staatstoelaes in die algemeen oefen beslis 'n stremmende faktor op die ekonomiese vooruitgang in die gemeenskappe uit. Gegewens in dié verband toon dat 115 persone of 80 gesinne met toelaes begunstig word. Daar word maandeliks £993 of £11,916 per jaar, aan toelaes en pensioene uitbetaal. Volgens 'n berekening wat gemaak is, is die gesinne se totale gemiddelde maandelikse inkomste £1920. Hiervan vorm toelaes £993, terwyl ander bronne £927 bedra. Die Staat sorg dus vir ongeveer 51.7% van al die gesinne se inkomste. Staatstoelaes neem dus 'n belangrike plek in die ekonomiese lewe van die gesinne in.

(f) Op die vraag of die gesinne hul inkomste as voldoende beskou, het 59.3% bevestigend geantwoord en 40.7% ontkennend. Volgens 'n berekening wat die ondersoeker gemaak het, kon die inkomste van slegs 16.4% van die gesinne as voldoende beskou word.

(g) Die gebruik van meer intensiewe boerderymetodes asook van moderne landbougereedskap sou die heersende armoede beslis verlig het.

## 5. Behuisingstoestande.

(a) Daar is tot die slotsom geraak dat die meeste van die huise in aldrie gemeenskappe volgens min of meer dieselfde plan gebou is. Die twee-slaapvertrekwonings is die gewildste en word die meeste aangetref. In 50.77% van die geboue is die mure met roustene gemessel; 37.69% gebakte stene en 11.54% met klip. Die goedkoopste materiaal kom dus die meeste voor.

Wat/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat die dakke van die wonings betref, is die meeste van sink, naamlik 61.54%, terwyl 38.46% van die wonings grasdakke het. In min huise (17.96%) is plafonne gevind. Die vloere van die wonings is hoofsaaklik van mis en grond (59.23%). Plankvloere word byna nie aangetref nie, terwyl klip- (13.86%) en sementvloere (25.38%) ook aangetref is. Volgens die ondersoeker se persoonlike oordeel is dagligbeligting (vensters) by 73.07% van die wonings onbevredigend.

(b) 'n Ontleding van die woonvertrekke het getoon dat 96.92% van die wonings kombuise het; 85.38% het sogenaamde „voorhuise", terwyl 10.00% afsonderlike sit- en eetkamers het. In 8.46% van die wonings was daar 'n spens en in slegs 6.15% 'n badkamer.

(c) Daar is vasgestel dat 43.57% van die wonings twee slaapvertrekke het; 26.43% het een en 25.72% het drie slaapvertrekke. Volgens 'n konserwatiewe berekening is vasgestel dat oorbewoning by 26.4% van die wonings aangetref word. Dit kom by gemeenskap B die meeste voor, naamlik in 31.6% van die gevalle.

(d) Die vernaamste bron van watervoorsiening is die fonteine (36.92%) terwyl putte (26.15%) ook 'n belangrike bron van waterverkryging vir huisgebruik uitmaak. Hoewel daar nie 'n nypende watertekort heers nie, kan baie gesinne nogtans nie op standhoudende waterbronne staat maak nie. Weens 'n gebrek aan kapitaal is daar geringe kanse vir die sink van boorgate.

Ligverskaffing is in aldrie gemeenskappe primitief. In 30% van die wonings word hoofsaaklik bliklampies gebruik. Dit is 'n baie goedkoop en uiters primitiewe metode van ligvoorsiening. Gewone lampe en kerse word in die meeste

wonings/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wonings (60%) gebruik.

Sanitasie in die gemeenskappe is ook primitief en onhigiënies. 'n Ontleding van die sanitêre geriewe toon dat by 66.92% van die wonings geen voorsiening gemaak is nie. By die 33.08% waar wel voorsiening bestaan, is dit uiters ondoelmatig.

(e) Volgens die eie oordeel van die ondersoeker is gevind dat die meubilering van die wonings vir 76.15% onbevredigend is. Die meubels is nie alleen baie karig nie, maar ook baie verwaarloos. Die algemene toestand van 70% van die wonings kom baie onnet voor.

(f) Toestande rondom die huise op die werf verskil nie veel van toestande binne die huise nie. Die werf toon alle tekens van verwaarlosing. Die bewoners doen baie min aan tuinbou. By 14.61% van die wonings is 'n blomtuintjie aangetref en by 13.86% 'n groenetuin. Met enkele uitsonderings word tuinbou onder hierdie gesinne op 'n klein skaal teëgekom. 'n Gebrek aan water kan gedeeltelik as rede hiervoor aangevoer word. Vrugtebome (hoofsaaklik perskes) vir eie gebruik word by verskeie wonings aangetref, naamlik by 60.77%. Daar is egter nie van vrugteboorde sprake nie.

## 6. Gesondheidstoestande.

(a) Die algemene voorkoms van die bewoners is onbevredigend. Daar word oor die algemeen min aandag aan die versorging van die liggaam en die klere bestee. Verslae wat deur Volkswelsynbeamptes oor die gemeenskappe geskryf is, bevestig dit.

(b) Die voedingstoestande in die gemeenskappe is

ook/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook swak. Die vernaamste voedselsoorte is pap en brood. Groente (by slegs 14% van die wonings word groentetuine aangetref) is uiters skaars, terwyl vleis deur baie gesinne net een keer per week genuttig word. Die posisie wat melk betref is ietwat gunstiger, hoewel dit nie by al die gesinne in voldoende hoeveelhede aangetref word nie. Daar is byvoorbeeld gevind dat 67% van die gesinne in gemeenskap A, 58% in B en 91% in C melkkoeie het. Die hoofdrank is koffie.

Uit 'n vergelyking wat tussen 'n gesonde dieet en die eetgewoontes van die gesinne gemaak is, is gevind dat die bewoners baie ongebalanseerd eet - daar is 'n gebrek aan proteïne en vette, terwyl die dieet 'n oormaat styselkosse bevat. Met betrekking tot etenstye is gevind dat 65.0% van die gesinne drie maaltye per dag nuttig, terwyl die ander òf twee (12.86%) òf op ongereelde tye (22.14%) eet.

(c) Daar is geen algemene noemenswaardige siektes in die gemeenskappe aangetref nie. Malaria wat jare gelede in gemeenskap C vry algemeen voorgekom het, is doeltreffend bestry. Die bewoners self kla egter baie oor hartkwale, kanker, maagswere, jig, ensovoorts dog die mediese beamptes meen dat dit grootliks versindsels is. Boererate word deur die ouer geslag nog redelik veel aangewend, dog die jonger geslag maak meer op mediese hulp staat.

(d) Daar is gevind dat die skoolgaande kind minder aan wanvoeding ly as die nie-skoolgaande kind, wat hoofsaaklik aan goeie skoolvoeding toegeskryf moet word. Die kinders van die gemeenskappe is ten opsigte van hul lengte

en/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en gewig met skoolgaande kinders in Transvaal, asook met kinders van Karatara nedersetting vergelyk. Daar is tussen die drie groepe kinders geringe verskille gevind.

## 7. Die huisgesin en armoede.

(a) Met betrekking tot die gesinslewe is baie gewoontes van die voorouers ge-erf. Afgesien van die man-vrou-verhoudings, is die gesin ook 'n ekonomiese eenheid. Die gesinne word nog deur 'n patriargale karakter gekenmerk. Gesinsvolledigheid is 'n voortreflike kenmerk van die gemeenskappe.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat eerste huwelike van mans en vroue op 'n betreklik vroeë leeftyd voltrek is, veral wanneer die vergelykende syfers met die Uniebevolking s'n van 1916 bestudeer word.

Dit blyk dat mans in die gemeenskappe gewoonlik ongeveer 4 tot 5 jaar ouer as hul vroue by huweliksvoltrekking is. Daar is vasgestel dat 6.2 kinders per vrou vir alle vroue in die gemeenskappe lewendig gebore word. Die gemiddelde kindertal per vrou vir vroue bo 45 jaar (voltooide gesinne) is 7.2. Die redes vir die groot kindertal moet by die vroeë huweliksvoltrekking van die ouers en die afwesigheid van geboortereëling gesoek word. Die meeste gesinne, naamlik 75.7%, is ten gunste van groot gesinne, terwyl 11% weer aan die klein gesin voorkeur gee. Egskeiding in die gemeenskappe is onbekend. Slegs enkele gevalle van buite-egtelike verhoudings het onder die aandag gekom, terwyl een geval van gesinsverlating aangetref is. Die meeste gesinne is sterk teen hierdie euwel gekant.

(b) Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Die faktore in die veroorsaking van armoede, soos deur die hele ondersoek heen vasgestel, kan onder die volgende hoofde geklassifiseer word :

(i) Klimaatstoestande;

(ii) Natuurrampe;

(iii) Die aanleg as veroorsakende faktor;

(iv) Die pionierslewe van die voorgeslagte;

(v) Die gevolge van die Driejarige Oorlog;

(vi) Die onvoordelige verdeling van grond;

(vii) Ondertrouing;

(viii) Die afgesonderde leefwyse van die gesinne;

(ix) Traagheid;

(x) Gebrek aan kapitaal;

(xi) Staatstoelaes; en

(xii) Die bywonerstelsel.

8. <u>Onderwyspeil en verstandsprestasies.</u>

(a) Die onderwys vervul 'n belangrike taak in die ekonomiese lewe van 'n gemeenskap. 'n Hoë onderwyspeil gaan gewoonlik met gunstige ekonomiese toestande gepaard, en anders om. In gemeenskappe A, B en C was onderwys-toestande voor 1900 baie swak. Gevolglik het ongeveer 44.2% van die ouer geslag geen skoolonderrig geniet nie, hoewel die meeste van hulle tog kan lees en skryf. Daar is ongeveer 9.3% wat in Std. III of minder geslaag het. 'n Verdere 43.8% van die ouers het Std. IV-VI geslaag. Slegs 2.7% het dit verder as Std. VI gebring. Die kinders van die ouers geniet beter onderwysgeriewe en gevolglik het 69.6% van hulle Std. IV-VI geslaag. 'n Verdere 23.05% het verder as Std. VI gevorder, hoewel slegs 0.20%

naskoolse/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naskoolse opleiding ontvang het. Verbeterde onderwysgeriewe en verpligte onderwys moet as rede vir die hoër onderwyspeil van die jonger geslag dien.

(b) Wat die ouers se houding teenoor die onderwys betref, beskou 47.14% dit as noodsaaklik vir hul kinders. Daar is 31.4% wat betreklik skepties teenoor onderwyssake staan, terwyl 21.43% dit as tydverkwistend beskou. Die antipatie by sommige ouers teenoor die onderwys het 'n nadelige invloed op die opgroeiende kind. Hoewel onderwysaangeleenthede met 'n mate van onverskilligheid behandel word, openbaar die meeste ouers (bykans 86%) nog 'n groot ontsag en respek vir die onderwysers.

(c) Individuele sowel as groeptoetse is by die verskillende skole afgeneem. Daar is gevind dat die Suid-Afrikaanse Groeptoets, ongeveer 8-9 punte hoër as die individuele toetse meet. Uit bestudeerde literatuur is vasgestel dat ander ondersoekers ook tot die gevolgtrekking gekom het. Die resultate van die individuele toetse het betroubaar geblyk te wees.

Uit 'n ontleding van die resultate van die toetse is tot die volgende gevolgtrekkings gekom :

(i) Daar is nie beduidende verskille tussen kinders van die onderskeie gemeenskappe gevind nie;

(ii) Die gemiddelde I.K. vir seuns en dogters tesame volgens die individuele toetse is 88.7;

(iii) Die gemiddelde I.K. vir seuns en dogters tesame volgens die groeptoetse is 97.1;

(iv) Die verskil in prestasies tussen die groep- en individuele toetse is 8.4;

(v) Die/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(v) Die gemiddelde I.K. van leerlinge in die gemeenskappe is ongeveer 11 punte laer as dié vir skoolkinders van die Unie se bevolking; en

(vi) Ongeveer 13.8% van die leerlinge behoort spesiale onderrig te geniet.

(d) Literatuurstudie het aan die lig gebring dat sowel erflikheids- as omgewingsfaktore die verstandsprestasies van 'n persoon beïnvloed. Behalwe die erflikheidsfaktor, kan die volgende faktore vir die swak prestasies van die leerlinge in die gemeenskappe gevind word :

(i) Die sosiale status van die gesin;
(ii) Swak voeding en kleding;
(iii) Beroepe van ouers;
(iv) Gesinsgrootte; en
(v) Swak ekonomiese toestande.

## 9. Godsdiens.

(a) Godsdienstigheid kan nie volgens die uiterlike openbaringe, soos by kerkbesoek of gesprekke, vasgestel word nie. Dit word ooreenkomstig sy innerlike geloofoortuigings bepaal en slegs wanneer 'n persoon intiem geken word, kan by benadering 'n skatting van sy godsdienssin gegee word.

Daar is gevind dat slegs 'n klein persentasie van die gesinne in die gemeenskappe (4.3%) aan sektariese genootskappe behoort. Die ander gesinne (95.7%) is almal lidmate van een van die drie Afrikaanse kerke. 'n Ander opvallende verskynsel in verband met die kerkverband

is/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is dat die meerderheid van gesinne aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort, wat nie die grootste van die Afrikaanse kerke is nie.

(b) Hoewel dit soms onder moeilike omstandighede gebeur, is alle kinders onder 1 jaar, behalwe agt, gedoop. Daar is 49 jongmense ouer as 21 jaar wat nog nie lidmate van een van die Afrikaanse kerke is nie. Gereelde kerkbesoek kom baie min onder die gesinne voor. Daar is slegs 2.14% van alle gesinne wat gereeld (ongeveer twee keer per maand) die kerk besoek. Daar was 9 gesinshoofde (6.43%) tydens die ondersoek, wat lede van die kerkraad was, terwyl 'n ooreenstemmende persentasie die amp vroeër beklee het. Daar is 22.86% van die gesinne wat gereeld bydraes aan die kerk gee, terwyl die meerderheid (64.29%) dit ongereeld doen. Die ander 12.85% gee geen bydraes nie.

'n Ontleding van die aantal kerklike en burgerlike huwelike het getoon dat die meeste huwelike (70.7%) burgerlik voltrek word. Vir die blanke Uniebevolking is dit andersom en word 67.0% kerklik voltrek. Dit is 'n merkwaardige verskynsel. Die meerderheid gesinne in die gemeenskappe verkies egter burgerlike huweliksbevestiging, aangesien dit vir hulle makliker, gouer en goedkoper is.

(c) Die gebruik van die hou van huisgodsdiens in die gemeenskappe word grootliks verwaarloos. By slegs 11.42% van die gesinne word dit nog gereeld nagekom. Die tafelgebed kom meer dikwels voor, en word by 42.86% aangetref.

Die gesinne kom baie selde met Christelike lektuur (selfs met enige lektuur) in aanraking. Die aanwesige

lektuur/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lektuur wat hoofsaaklik deur die kerk gratis versprei word, bestaan gewoonlik uit kerklike tydskrifte. Die meeste gesinne kry die leesstof ongereeld (54.29%), terwyl slegs 5.71% dit gereeld ontvang. Die ander gesinne (40.0%) kry geen lektuur nie.

Oor die algemeen kan gesê word dat die gesinne nie onverskillig en ongelowig is nie, hoewel die kerk self nie meer 'n vername plek in hul lewe inneem nie. Die jonger geslag egter is besig om die godsdiens steeds meer op die agtergrond te skuif.

## 10. Die stad en sy invloed op die gemeenskappe.

(a) Die vinnige groei van die stede het die maatskaplike voorkoms van die boerebevolking sterk beïnvloed. Daar was nie alleen 'n groot uittog van die platteland na die stad nie, maar ook het die stad die rustige landelike leefwyse van die plattelander versteur. Die sneller verkeer, beter kommunikasiemiddels, soos die radio en die telefoon, asook die vreemde kultuur van die uitlanders wat die land binnegestroom het, het almal bygedra tot die ontwrigting van die gevestigde landelike lewe.

In hoofsaak kan die redes vir die stadwaartse trek as volg opgesom word :

(i) Biologies, dit wil sê, geboorte-oorskot op die platteland;

(ii) Ekonomies, dit wil sê, die strewe na 'n meer bestendige en 'n beter stoflike posisie;

(iii) Sosiaal/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Sosiaal, dit wil sê, beter geriewe vir opvoeding, onderwys en werkgeleenthede; en

(iv) Sielkundig, dit wil sê, die aanloklikheid van die stadslewe.

(b) Wat die onderhawige gemeenskappe betref, is die stadwaartse trek uitsluitend onder die jonger geslag aangetref. Daar is bevind dat die redes vir die verhuising na die stad onder húlle hoofsaaklik op die volgende neerkom:

(i) Oorbevolking in die gemeenskappe;

(ii) Verarming van hul ouers en die begeerte om 'n selfstandige en beter bestaan te voer;

(iii) Die erfgewoonte wat die grond al kleiner laat krimp en die stryd om die bestaan al swaarder gemaak het;

(iv) Die bepalings van die pensioenewetgewing;

(v) Die groot arbeidsaanvraag in die stad; en

(vi) Die bekoorlikheid van die stad.

Die geleentheid wat die stad ten opsigte van onderwysgeleenthede bied, was nie 'n sterk oorweging vir die trek na die stad nie.

(c) Ten opsigte van die woonplekke van die kinders wat hul ouerhuis verlaat het, is daar 58.96% wat na Johannesburg en Pretoria getrek het. Die ander, dit wil sê 41.14% bevind hul in dorpe of plase in of naby die gemeenskappe. Vyf-en-negentig persent van hulle wat stad toe getrek het, word in die swakste woonbuurte aangetref waar hulle onder uiters swak maatskaplike en ekonomiese toestande lewe.

Van/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van die kinders wat die ouerhuis verlaat het, word 4.44% in die polisiediens of die tikstersberoep aangetref. Niemand het dit hoër of verder as dit gebring nie. 'n Hoë persentasie (95.56) verrig ongeskoolde arbeid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE.


Albertyn, J.R. sekr. — Referate en Besluite: Volkskongres te Johannesburg, 1-4 Julie 1947. Minerva Drukkery, Pretoria, 1947.

Albertyn, J.R. en M.E. Rothman. — Die Armblanke en die Maatskappy, deur J.R. Albertyn; en Die Moeder en Dogter van die Armblanke Huisgesin deur M.E. Rothman. Verslag van die Carnegie Kommissie, deel V. Pro-Ecclesia drukkery, Stellenbosch, 1932.

Albertyn, J.R., P. du Toit en H.S. Theron. red. — Kerk en Stad. Pro-Ecclesia drukkery, Stellenbosch, 1947.

Anastasi, A. — Differencial Psychology. The MacMillan Company, New York, 1937.

Arensberg, C.M. and S.T. Kimball. — Family and Community in Ireland. Harvard Univ. Press, Cambridge/ Massachusets, 1940.

Barrow, M.L. — People who intermarry: Intermarriage in a New England Industrial Community. Syracuse Univ. Press, Syracuse, 1946.

Bouman, P.J. en Bouman, W.H. — De Groei van de Grote Werkstad: Een studie over de Bevolking van Rotterdam. Van Gorcum & Comp. N.V., Assen, 1952.

Brand, W. — Eindhoven: Sociografie van de Lichtstad. N.V.I. Emmerings uitg. mij., Amsterdam, 1937.

Brinkman, E.F.W. — Muntendam en de Muntendammers. Van Gorcum & Comp., Assen, 1948.

Brouwer, D.A. — Ameland: Een Sociaal Geografische Studie van Waddeneiland. Proefskrif. H.J. Paris, Amsterdam, 1936.

Burt, C. — Geestelijke Onvolwaardigheid. Uitg. mij. Haga, 's Gravenhage, 1936.

Burt, C. — The Backward Child. Univ. of London. Press, London, 1937.

Burt, C. — The Young Delinquent. Univ. of London. Press, London, 1927.

Carnegie Kommissie. — Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, dele I tot V, Pro-Ecclesia drukkery, Stellenbosch, 1932.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Carr-Saunders, A.M. and D. Carudag-Jones. *A Survey of the Social Structure of England and Wales* (second ed.) Clarendon Press, Oxford, 1937.

Coetzee, A.J. *Die Afrikaanse Volksgeloof.* N.V.-Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1938.

Coetzee, J.H. *Verarming en Oorheersing.* Tweede Trekreeks. Nasionale Pers Bpk. 1942.

Cronjé, G. „*Die Huisgesin in die Afrikaanse Kultuurgemeenskap*", *Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, deel I, deur C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar, *red.* Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.

Cronjé, G. *Egskeiding en Huweliks- en Gesinsontbinding: 'n Sociologiese studie.* N.V. Swets & Zeitlinger uitg. mij., Amsterdam, 1934.

Cuber, J.F. and R.A. Harper. *Problems of American Society: Values in Conflict.* Henry Holt & Co., New York, 1948.

Curti, M.W. *Child Psychology.* Longmans Green, New York, 1940.

De Bruijne, F.H. *De Ronde Venen: Een Sociaal Geografishe Studie van een Gedeelte van het Hollandsch-Utrechtsch Weidelandschap.* Proefschrift. Libertas Drukkerijen, Rotterdam-Utrecht, 1939.

De Vries Reilingh, H.D. *Denemarken: Oase in Europa.* J.A. Boom en Zoon, Meppel, 1948.

De Vries Reilingh, H.D. *Sociografiën van Plattelandsgemeenten II Weerselo.* 'sGravenhage, Verslag van Landboukundige onderzoek No. 55, 15, 1949.

Den Hollander, A.N.J. *Nederzettingsvormen en -Problemen in de Groote Hongaarsche Laagvlakte.* J.M. Meulenhof, Amsterdam, 1947.

Elmer, M.C. *The Sociology of the Family.* Ginn and Co., Bonston/New York, 1945.

Ellis, Havelock. *A Study of British Genius.* Constable, London, 19--.

Enno van Gelder, J.P. Kruijt en J.R.M. van den Brink, *red.* *Eerste Nederlandse Systematisch Ingerichte Encyclopaedie* (E.N.S.I.E.) Deel III, Amsterdam, 1947.

Fairchild, H.P. *ed.* *Dictionary of Sociology.* The Philosophical Library, New York, 1944.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gee, W. — Social Science Research Methods. Appleton Century-Crafts, Inc., New York, 1950.

Gie, S.F.N. — Geskiedenis van Suid-Afrika; of Ons Verlede, Deel I. Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1928.

Greyling, P.F. — Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armsorg. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1939.

Groenman, Sj. — Methoden der Sociografie; Een Inleiding tot de Praktijk van het Sociale Onderzoek in Nederland. Van Gorcum, Assen, 1950.

Grosskopf, J.F.W. — Plattelandsverarming en Plaasverlating. Verslag van die Carnegie Kommissie, deel I. Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Hendriks, G. — Een Stad en Haar Boeren. J.H. Kok N.V., Kampen, 1953.

Outeur onbekend. — Het Maatschapelijk Leven der Suid-Afrikaansche Gezin.

Hildereth, G. — The Resemblance of Siblings in Intelligence and Achievement.

Hofstee, E.W. — Het Oldambt: Een Sociografie, Deel I: Vormende karackter. J.B. Walters' Uitg. mij., Groningen/Batavia, 1937.

Hulsebosch, J. — De Groep en het Groepsgesprek. Boekencentrum N.V., 'sGravenhage, 1952.

Interim Report of the Main Committee on Minimum Standards of Accommodation. National Building Research Institute, Series D.S. 9, 1949.

Jennings, J.E. — Housing for the Urban Bantu: A Problem in Whole Engineering. National Building Research Institute. Horters Limited, Johannesburg, 1954.

Kok, J. — Grepen uit het Verleden van de Landbouw in de Groningen Veenkolonien. H. Veenman & Zonen, Wegeningen, 1948.

Kolb, J.H. and E. de S. Brunner. — A Study of Rural Society. (Third edition). Houghton Mifflin Co., Boston, 1946.

Kotze, P.W. — Namakwaland: 'n Sosiologiese studie van 'n Geïsoleerde Gemeenskap. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1943.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kuiper, G. — Opklimmen en Dalen in Beroep en Samenleving: Een Sociografisch Onderzoek te Zwolle. Van Gorcum & Comp. N.V., Assen, 1954.

Malherbe, E.G. — Onderwys en die Armblanke. Verslag van die Carnegie Kommissie, deel III. Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Marais, B.J. — Die Kleurkrisis en die Weste. Die Goeie Hoop Uitgewers, Johannesburg, 1952.

McClaskey, B.R. — A Social and Economic Survey of Beadle County, South Dakota. Chicago/Illinois, 1940.

McLachlan, R. — Ongeskoolde Arbeid en die Invloed daarvan op die Lewenswyse van Hulpbehoewende Blanke Huisgesinne in Pretoria. Ongepubliseerd, Verhandeling, Pretoria, 1951.

Minnaar, P.J. — Die Plattelander in die Stad. Ongepubliseerd, Proefskrif, Stellenbosch, 1940.

Munnik, G.G. — Kronieke van Noordelike Transvaal. Suid-Afrikaanse Boekwinkel, Pretoria, S.j.

Murray, W.A. — Die Fysieke Toestand van die Armblanke. Verslag van die Carnegie Kommissie, deel IV. Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Nepgen, C.C. — Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes. C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1938.

Oedin, S. — De Gemeente Huissen: Proeve eener Sociaal-Geografische Analyse. Proefschrift. Imperator N.V., Lisse, 1946.

\- — Official Year book of the Union of South Africa, No. 1, 1916. The Government Printing and Stationary Office, Pretoria, 1917.

\- — Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 24, 1948. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1949.

Pauw, S. — Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad. Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1946.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pearson, K. — On the Laws of Inheritance in Man. Biometrika, 3, 1905-1907.

Pelzer, A.N. — Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I: Wordingsjare. A.A. Balkema, Kaapstad/Amsterdam, 1950.

Plomp, Chr. — Sociografie van een Eiland Bevolking. N. Samsom, N.V., Alphen aan den Rijn, 1940.

Potgieter, J.F. — 'n Sosiografiese Studie van 'n Afgesonderde Gemeenskap in die Distrik Marico. Ongepubliseerd, Verhandeling. Pretoria, 1951.

Proudfit, F.T. and C.H. Robinson. — Nutrition and Diet Therapy. The MacMillan Co., New York, 1951.

Pratt Yule E. and R.C. Albino. — A Survey of the Intelligence of the Southern Rhodesian School Population. Verrigtings van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging, 1950, No. 1. Minerva drukkery, Pretoria, 1950.

Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908. Pretoria, The Government Printing and Stationary Office, 1908.

Richmond, M.E. — Social Diagnosis. Russel Sage Foundation, New York, 1917.

Riemersma, R.T. — Sekere Sielkundig-Opvoedkundige en Maatskaplike aspekte van die Intellegensie Kwosiënt. Ongepubliseerd, Proefskrif, Pretoria, 1944.

Robbertse, P.M. — Die Verhouding tussen die Skoolprestasies en Huislike Milieu van Laerskoolleerlinge in sover dit die Ekonomiese, Beroeps- en Strukturele Omstandighede van die Gesinne betref. Ongepubliseerd, Proefskrif, Pretoria, 1946.

Rothman, M.E. — Die Moeder en Dogter van die Armblanke Huisgesin. Verslag van die Carnegie Kommissie, deel V. Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Sadie, J.L. — Westerse Bevolkingsneiginge. Die Uitgewers, Stellenbosch, 1949.

Schönhage, H.A. — Groot Brittanië: Land van Stille Revoluties. J.A. Boom & Zoon, Meppel, 1950.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Schönhage, H.A. — Sociografie van Etten-Leur: Rapport Samengesteld in Opdracht van de Stichting Maatschappelijk Werk ten Plattelande. Instituut voor Sociaal onderzoek van het Nederlandse Volk, 'sGravenhage, 1949.

Schreurs, A.F.A. — Het Kerkdorp St. Willebrord. N.V. Dekker & van de Vecht, Utrecht, 1947.

Scholtz, G.D. — Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. N.G. Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1956.

Schumann, C.G. — Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner. Tweede Trek-reeks, No. VI. Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1940.

Sleumer, W. — Elementen van het Groepsleven. N.V. Uitgevers mij., 'sGravenhage, 1948.

Smuts, J.C. — „Die Daad Groter as die Plan", Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe, 1938. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.

Sorokin, P. and C.C. Zimmerman. — Principles of Rural Urban Sociology. Henry Holt & Co., New York, 1931.

Sorokin, P. — Contemporary Sociological Theories. Harper & Brothers, New York and London, 1928.

Steinmetz, S.R. — Inleiding tot de Sociologie, Hersien door J.P. Kruijt. De Erven F. Bohn N.V. Haarlem, 1952.

Terman, L.M. — The Stanford Revision of, and Extensions of the Binet-Simon Scale, 1917.

Theal, G.M. — Geschiedenis van Zuid-Afrika. (Vierde uitgave) Maskew Miller, Kaapstad, 1910.

Van den Berg, P.W.J. — Het Karakter der Plattelands Samenleving. Van Gorcum & Comp., Assen N.V., 1944.

Van den Heever, C.M. en P. de V. Pienaar, red. — Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Deel I. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1945.

Van der Merwe, P.J. — Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842). Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.

Van der Merwe, P.J. — Pioniers van die Dorsland. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1941.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van der Merwe, P.J. „Wie was die Voortrekkers?" Die Huisgenoot, gedenkuitgawe, 1938. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.

Van der Poel, D.C. Inleiding tot de Sociologie van Nederland. Uitgeverij Albani, Den Haag, 1949.

Van der Walt, A.J.H. J.A. Wiid en A.L. Geyer. Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1951.

Van Doorn, J.A.A. The Development of Sociology and Social Research in the Netherlands. Mens en Maatschappij, Vol. 31, No. 4, 1956.

Van Hinte, E. Sociale en Economische Geografie van Harlingen. Academisch Proefschrift. Nico Poort, Harlingen, 1936.

Van Hinte, E. Stad en Land (tweede druk). Wêreld-biblioteek N.V., Amsterdam, 1946.

Van Paassen, Chr. De Haarlemmermeer: Plattelands-problemen in de Randstad Holland; onder leiding van Chr. Van Paassen, uitgebracht door P.F.W. Kouwe en G.A. Wissink. Van Gorcum & Comp., Assen, 1955.

Van Rensburg, J.A.J. "South African Group Test Norms". Verrigtings van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging, 1950, No. 1. Minverva drukkery, Pretoria, 1950.

Van Rensburg, P.F.S.J. Oud-Boswerkers en die Nakomelinge van Boswerkers in die Middellandse Bos-streek, met besondere verwysing na Knysna. Ongepubliseerd, Proefskrif, Pretoria, 1949.

Venter, H.J. Residivisme: 'n Vergelykende Krimi-nologiese Ondersoek van 200 Residi-viste en 100 Eerste-Oortreders. J.H. de Bussy, Kaapstad, 1955.

Venter, P.W. Onkerksheid: 'n Sosiaal-Historiese en Godsdiens-Sosiologiese Ondersoek. Ongepubliseerd, Proefskrif, Pretoria, 1953.

Verslag van die Inter-Departementele Komitee oor Afwykende kinders. U.G. 30, 1945.

Wessel, B.B. An Ethnic Survey of Woodsocket, Rhode Island. The Univ. of Chicago Press, Illinois, Chicago, 1931.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Wilcocks, R.W. | Die Armblanke. Verslag van die Carnegie Kommissie, deel II. Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1932. |
| Woods, F.A. | Mental and Moral Heredity in Royalty. New York, 1906. |
| Woodworth, R.S. | Heredity and Environment. Social Science Research Council, New York, n.d. |
| Zimmerman, C.C. and Frampton. | Family and Society. A Study of the Sociology of Reconstruction. Williams and Norgate, London, 1936. |

## LYS VAN GERAADPLEEGDE TYDSKRIFTE.

Biometrika, 3, 1905-1907.

British Journal of Psychology. Vol. 23: 42, 1932.

Die Huisgenoot: Gedenkuitgawe, 1938.

Journal of Educational Psychology. Vol. 15: 559, 1924.

Journal of Educational Psychology. Vol. 18: 486, 1927.

Journal of Educational Psychology. Vol. 23: 42, 1932.

Mens en Maatschappij. Vol. 31: No. 2.

Mens en Maatschappij. Vol. 31: No. 4.

School and Society. Vol. 17: 612, 1923.

South African Journal of Science. Vol. 49: No. 3-4, 1952.

The American Journal of Sociology. Vol. LVII: No. 3, 1951.

The American Journal of Sociology. Vol. LVIII: No. 3, 1952.

Verrigtings van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging, 1950, No. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LYS VAN ONGEPUBLISEERDE VERSLAE.

Inspeksieverslag gedateer 20 Desember 1944, van 'n Inspekteur van die Departement van Volkswelsyn oor "........................" (gemeenskap C).

Konfidensiële Rapport oor die Ekonomiese en Maatskaplike toestande wat heersend is op die plase "......................." en "..................." (gemeenskap $A_1$) in die Distrik Marico, deur M.C. Botha, (oud-skoolhoof). Maart 1950.

Ondersoek op die plaas "....................." (gemeenskap $A_1$), Marico Distrik, deur 'n Volkswelsynsbeampte van die Departement van Volkswelsyn, Mei 1938.

Verslag gedateer 24 November 1947 van die Volkswelsynbeampte te Rustenburg oor " ........................" (gemeenskap C).

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# B Y L A E 1.

## KAARTE VAN GEMEENSKAPPE A, B EN C.

© University of Pretoria

© University of Pretoria





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# KAART 2.

Gemeenskap A2.





© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# KAART 3

Gemeenskap B.





Grootte van grond in morge aangegee.

Skaal: 1 duim = 4000 voet.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# B Y L A E 2.

## VRAELYSTE.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VORM C. DIE ALGEMENE LEWENSHOUDING VAN DIE GESINNE. GESIN NO..

A. Huweliks- en gesinslewe:

I. Houding teenoor familie-huwelike:

2. Huwelike m.b.t. grootte van grond:

3. Houding teenoor Burgerlike huwelike:

4. Houding teenoor Kerklike huwelike:

5. Houding teenoor verlating:

6. Houding teenoor egskeiding:

7. Huislike samelewing - opvatting t.o.v. hul omgewing:

8. Gesinsverhoudings - ouers teenoor kinders en andersom:

9. Die groot kindertal:

IO. Familie en skoonfamilie moeilikhede:

B. Sedelike en Godsdienstige opvattings. Houding teenoor die Kerk

I. Houding teenoor buite-egtelikheid:
2
2. Houding teenoor dronkenskap:

3. Houding teenoor die godsdiens:

4. Houding teenoor die predikant:

5. Die waarde van huisbesoek:

C. Houding teenoor opvoeding en onderwys.

I. Houding teenoor die onderwys:
2.

2. Houding teenoor die onderwysers:

3. Opvatting van geleerdheid:

4. Lektuur:

5 Belangstelling daarin:
(a) Koerante:

(b) Ander tydskrifte:

6. Die huislike opvoeding:

7. Tug en die toepassing daarvan:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vorm I.

SOSIOLOGIES - GODSDIENSTIGE ONDERSOEK.

Datum......... Gesin No. ......

(I) Is die ouers in die Kerk getroud? Ja / Nee.

(2) (a) Is die man lidmaat ? Ja / Nee.

(b) Is die vrou lidmaat? Ja / Nee.

(3) (a) Hoeveel kinders van die gesin is gedoop? ................

(b) Hoeveel kinders is nie gedoop nie? .....................

(c) Ouderdomme van die nie-gedoopte kinders.................

(4) Woon die kinders van skoolgaande ouderdom:

(a) Die Sondagskool by? Gereeld / Soms / Nooit.

(b) Die Kerk by? Gereeld / Soms / Nooit.

(5) Woon die ouers die Kerk by? Gereeld / Soms / Nooit.

(6) Gebruik die ouers Nagmaal? Gereeld / Soms / Nooit.

(7) Hoeveel kinders in die gesin oor die ouderdom van 2I jaar is nog nie lidmaat nie? ...............................................

(8) Aan watter gemeentelike bedrywighede neem gesinslede aktief deel?

Man: ...........................................................

Vrou: ..........................................................

Kinders: .......................................................

................................................................

(9) Dra die gesin by tot gemeentelike fondse? Gereeld / Soms / Nooit.

(IO) Is of was die man Kerkraadslid? Is tans / Was / Was nooit.

(II) Word die Bybel by Huisgodsdiens gelees? Gereeld / Soms / Nooit.

(I2) Word daar gebid oor tafel? Gereeld / Soms / Nooit.

(I3) (a) Word daar op Sondae na die ere-diens oor die Radio geluister

Gereeld / Soms / Nooit.

(b) Word daar op weeksdae na die oggendgodsdiens geluister?

Gereeld / Soms / Nooit.

(I4) Lees die gesin:

(a) Kerklike tydskrifte? Gereeld / Soms / Nooit.

(b) Ander Christelike leesstof? Gereeld / Soms / Nooit.

(c) Spesifiseer wat gelees word ..............................

................................................................

................................................................

(I5) Aan watter Kerk behoort die ouers? ...........................

................................................................

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VORM A.

Familienaam: ........................ Datum van Ondersoek: ........................ Gesin No: ...........
Voorname: ........................

(A) GESINSAMESTELLING | (B) BEROEP | (C) INKOMSTE

| 1. | Geboorte datum. 2. | Geslag 3. | Geboorte plek 4. | Huwelikstaat & datum 5. | Duur van Huwelik. 6. | Wyse van Ontbinding D 7. | E 8. | Oud. by skool verl. 9. | Skool Std. behaal 10. | I.K. van kind 11. | Rede vir skool verl. 12. | Inw. by ouers 13. | Persl. Beroep 14. | Boerdery a. Lande b. Vee | Staats Bedrag | toel. Aard | Salaris Bedrag p.m. | & ander Aard | Totaal | Dra kinders tot huishouding by? |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Man | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vrou | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1ste kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 8ste kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 9de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 11de kind | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

WONING

(1) Tipe Woning
Rou kleistene (afgepleister).
-do- (onafgepleister)
Gaarstene (onafgepleister)....
-do- (afgepleister)......
Klipgebou

(2) Dak.
Sink platdak ................
Sink staandak ..............
Grasdak ....................
Plafon .....................

(3) Vloere.
Mis en Grond ................
Klip .......................
Sement .....................
Plank ......................

(4) Vensters
Plank luike ......
Glas onbevr.......
Glas bevredig.....

(5) Vertrekke.
Aantal slaapvertrekke
Kombuis ............
Sitkamer............
Eetkamer ...........
Spens ..............
Badkamer ...........

(6) Meubilering.
.......
Baie swak .......
Swak ...........
Bevredigend .....

7. Versorging van wonings.
Baie slordig ..
Onnet .........
Netjies........

(8) Lig voorsiening.
Kers .......
Lamp .......

(9) Water voorsiening.
Put .......
Boorgat ....
Ander

(10) Sanitasie
Put .......
Emmer ....
Veld .....

(11) Werf:
Blomtuin...
Groentetuin
Vrugtetuin.

(F) EIENDOM

Grondeienaars ...
Bywoners ........
Huurders ........
Grootte van grond ...........
Saaibare grond ...
Waterlei-lande ...
Wat gesaai word:
Mielies ......
Koring .......
Ander ........

(G) LEWENDE HAWE.

1. Koeie
2. Verse
3. Kalwers
4. Osse
5. Donkies
6. Perde
7. Muile
8. Varke
9. Skape
10. Pluimvee
Hoenders
Eende
Ganse
Ander

ADRES EN BEROEP VAN FAMILIE WAT WEGGETREK HET.

..................
..................
..................

D. OUERS VAN EGPAAR.

| Hoeveel kinders het egpaar se ouers gehad. 1. | Persoonlike Beroep van Vaders van Die Egpaar 2. |
|---|---|
| | |
| | |

Vervoergeriewe.
Motor
Motorvragwa
Perdekar
Donkiekar
Fiets
Geen

H. VOEDINGSTOESTANDE:
1. Waaruit bestaan maaltye:
i. Môre .................
ii. Middag ...............
iii. Aand .................

2. Tye van maaltye:
i. Môre ....................
ii. Middag ..................
iii. Aand ....................

In besit van 'n stookketel — Ja: ......... Nee:.........

Plekke deur ouers besoek:
........................
........................
........................

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



D. Vryetydsbesteding en die deelname aan gemeenskapslewe.

I. Verandering van omgewing:

2. Hoe dikwels word aangrensende dorpe besoek:

3. Kennis van die buite-wêreld:

4. Vryetydsbesteding:

5. Besondere stokperdjies:

6. Belangstelling en deelname aan organisasies:
(a) Landbou-unie.
(b) Vroue werkklas.
(c) Ander.

E. Boerdery- en ekonomiese opvattings.

I. Onderverdeling van die grond:

2. Idees omtrent landbou produksie:

3. Wisselbou:

4. Oorbeweiding:

5. Insig in boerdery en boerderymetodes:

6. Verandering van beroep terwille van inkomste:

7. Is inkomste voldoende?

8. Houding teenoor rykdom:

9. Houding teenoor armoede:

IO. Houding teenoor luukse artikel - radio, motor ens.:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



F. Selfstandigheids- en afhanklikheidsgevoel.

I. Houding teenoor pensioene en toelaes:

2. Houding teenoor pensioentrekkers:

3. Houding teenoor nie-pensioentrekkers:

4. Drang tot selfstandigheid - grondbesit:

5. Houding teenoor skoolvoeding:

G. Volks- en politieke opvattings.

I. Aandeel van die Drie-jarige oorlog:

2. Gevoelens teenoor die Driejarige-oorlog:

3. Huidige politieke gevoelens:

4. Verhouding tot die nie-blankes:

5. Hul indruk van die naturelleprobleem:

H. Gevoel van selfwaardering.

I. Idees aangaande huislike voeding:

2. Idees omtrent huislike higiëne:

3. Kleding - gesteldheid daarop:

© University of Pretoria